# 5 LEWENSVERLOOP IN SUID-AFRIKA (1949-2007)

## 5.1 Aankoms en vestiging

Op sy vlug na Suid-Afrika het Kálmán II toevallig 'n sitplek gekry langs dokter N A Stutterheim, 'n oftalmoloog van Johannesburg. Stutterheim was die oudste seun van 'n predikant van die Nederlandse Hervormde Kerk en het aanvanklik teologie aan die Rijksuniversiteit van Utrecht, maar later genees-kunde aan die Universiteit van Leiden studeer. Hy is 'n oom van doktor J F Stutterheim wat vanaf 1954 tot 1972 predikant in verskeie gemeentes van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika was. Stutterheim het tydens die vlug twee foto's van Kálmán II geneem wat hy later aan hom gepos het (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3).

Kálmán II land op 4 Oktober 1949 te Palmietfontein, die destydse internasionale lughawe by Germiston. Hy is op die lughawe ingewag en in Suid-Afrika verwelkom deur finalejaar teologiestudent H M J Kramer. Die KLM lugredery het gereël dat Van Vuuren's Huurmotors van Alberton hulle na Pretoria neem. Kálmán II het aanvaar dat die koste van hierdie rit deur KLM gedra sou word, maar dit het later geblyk dat hy self vir die £4/10 sou moes instaan (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3).

Professor doktor S P Engelbrecht, dekaan van die Fakulteit Teologie (Afdeling A) aan die Universiteit Pretoria, het homself as voog oor Kálmán II aangestel. Hy het vir hom 'n kamer gereël by 'n weduwee Uys te Brookstraat 130, Brooklyn, en gereël dat hy by die manskoshuis van die kerk, Voortrekker Tehuis, sy etes kon geniet. Op 14 Oktober 1949, skaars tien dae na sy aan-koms in die land, het hy die jaarlikse afsluitingsdinee van Voortrekker Tehuis bygewoon (vgl dineeprogram in NHK Argief K2 5/4 Deel 3). Engelbrecht het ook 'n rekening vir hom geopen by die HAUM boekwinkel en 'n fonds vir hom gestig waaruit hy onder andere £4/10 sakgeld per maand ontvang het.

Kálmán II het homself op 15 Oktober 1949, met sy tydelike permit (no 16531) om die land binne te kom, by die Vreemdelinge Registrasiekantoor van die Suid-Afrikaanse Polisie in Pretoria as vreemdeling laat registreer en 'n registrasiesertifikaat (no 83360) is later, op 22 November 1949, aan hom uitgereik (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3).

Op 20 Oktober 1949 word Kálmán II verwelkom in ‘n vergadering van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering om, soos die notule dit stel " ... sy dank te betuig aan die Alg.Kom. vir die aandeel wat die Kom. gehad het om sy koms na S.A. moontlik te maak". Hierdie besoek het waarskynlik ook ‘n kennismaking met die Kommissie, aan wie hy tot op daardie stadium nog onbekend was, ten doel gehad (vgl NHK Argief K1/1 1/1/8).

Aangesien die akademiese jaar reeds aan sy einde was het Kálmán II eers aan die begin van 1950 by die Universiteit van Pretoria ingeskryf. Hy het dadelik by die gemeente Pretoria ingeskakel en die vakansietyd benut deur soveel moontlik mense te leer ken. Uit die aard van die saak het hy eerste aansluiting by die Nederlanders gevind en goed bekend geraak met finalejaarstudent H M J Kramer, wat ook in Nederland studeer het; die gesin Spruyt, latere skoonouers van dominee C J Labuschagne; en die gesin Pont, ouers van proponent A D Pont en die gesin Bruins, by wie Mieke later ingewoon het. Hierbenewens het hy gereeld by professore S P Engelbrecht, B Gemser, A S Geyser en A van Selms en hulle gesinne aan huis gekom. Hy het ook goed bevriend geraak met professor C K Oberholzer van die Departement Wysbegeerte aan die Universiteit van Pretoria en sy gesin, by wie hy dikwels gekuier en musiek gemaak het saam met sy dogter Roelien. Sy was ‘n uitstekende pianis en hy onthou nog die stuk van Schumann wat sy dikwels vir hom voorgespeel het.

Aangesien die koshuis vir die Desembervakansie gesluit het en hy dus nie meer daar kon eet nie, het Kálmán II by ds E S Mulder, predikant van die gemeente Pretoria, gaan bly. Hulle seuns Egges en Chris was nog in die huis en Kálmán II onthou nog goed hoedat hy saam met hulle ‘n skeikunde-eksperiment in die pastorie gedoen het waartydens ‘n proefbuis ontplof en een van die seuns se broek in die slag gebly het.

Kálmán II se eerste kennismaking met die volksfeeste van die Afrikaner het in dieselfde vakansie plaasgevind toe hy teenwoordig was by die inwyding van die Voortrekkermonument tydens die Geloftefees op 16 Desember 1949. Hy het die NHSV-tak van gemeente Pretoria gehelp met die opslaan van tente en bediening van koffie, tee en koeksisters. Gedurende die vakansie het hy ook ‘n aantal pastel- en olieverfskilderye gemaak wat hy

verkoop het om 'n geldjie mee te verdien.

In Nederland het Baron van Tuyll van Serooskerken (voormalige Sekretaris van die Nederlandse Hervormde Kerk) intussen voorsitter geword van die Nederlandse Bybelgenootskap en na Brabant verhuis. Mieke, wat in Den Haag moes bly met die oog op die voorbereidings vir haar emigrasie na Suid-Afrika, moes toe noodgedwonge ander werk kry. Sy het toe op 'n koerantadvertensie gereageer en huishoudster geword by 'n gesin Heering. Mnr P Heering was direkteur van *De Nederlanden van 1845 Versekerings-maatschappij*. In hierdie tyd het sy ook in die Waalgemeente van die Nederlandse Hervormde Kerk belydenis van geloof afgelê. Sy kon dit eers op een-en-twintigjarige ouderdom doen, omdat die oorlog en stormagtige jare daarna haar kategetiese onderrig onderbreek het. Haar moeder en Eduard Schaank, die man van haar moeder se niggie, Lili, met wie Mieke altyd 'n besondere verhouding gehad het, het spesiaal vanaf Arnhem vir die geleentheid oorgekom. Lili was voorheen getroud met 'n Switser, Hermann Polzer, en hulle het ses kinders gehad: Ulrich, Hilde, Helmuth, Heinz, Roland en Dietrich. Schaank, 'n ingenieur van beroep en 'n gesiene en welgestelde man, het later hoofingenieur van die *Nederlandse Waterstaat* geword.

## 5.2 Teologiese beeld van die Nederduitsch Hervormde Kerk

Die teologiese beeld van die Nederduitsch Hervormde Kerk en die opleiding van die Kerk aan die Universiteit van Pretoria in die jare wat gevolg het op die Tweede Wêreldoorlog, toe Kálmán II na Suid-Afrika gekom het en daarmee in aanraking gekom het, was soos dié van enige kerk en opleiding nie eenduidig nie. Tog kan sekere aanduidings waargeneem word. Die Hervormde Kerk het nooit volledig na een of ander uiterste beweeg nie, en het dus in die algemeen geneem afwysend gestaan teenoor sowel die *Liberale en Modernistiese* invloede aan die een uiterste, en die *Ortodoks-Piëtisties* invloede aan die ander uiterste. Hierdie benadering het inderdaad 'n lang pad in die Hervormde Kerk gekom. Reeds dominee M J Goddefroy (1848-1920) het gewaarsku: "*Geen kerk zonder belijdenis*" enersyds, maar ook andersyds "... *geen belijdenisschrift of formulier boven of nevens het onbedrieglijke Woord des Heeren*" (Breytenbach 1999:174). Teoloë in die

Hervormde Kerk wat kennis geneem het van die resultate van die *historiese kritiek*, het in die *Nederlandse Etiese Teologie* of in die *Dialektiese Teologie* van veral Karl Barth hulle antwoorde gevind, om daarmee te sê dat die waarheid oor God nie 'n menslik-subjektiewe en rasioneel-bepaalde waarheid in Modernistiese sin of in die sin van die Liberale Teologie is nie, maar 'n geloofswaarheid vanuit die ontmoeting met God in Jesus Christus (vgl Breytenbach 1999:173-176). Dit was veral B Gemser, professor in Ou Testamentiese Wetenskap (vanaf 1926 tot 1955), wat vanuit die oriëntasie van die *Nederlandse Etiese Teologie* die *historiese kritiek* beoordeel het (Breytenbach 1999:174). C H Rautenbach, wat indringend ingegaan het op die wortels van die *Etiese Teologie* in die opleiding van B Gemser, J H J A Greyvenstein en S P Engelbrecht, kom tot die gevolgtrekking dat die hoofstroming in die opleiding aan die Universiteit van Pretoria nogtans meer in lyn met Hoedemaker se *Konfessionele Rigting* was (Van Wyk 1999: 190,191). Verder was dit veral H P Wolmarans, professor in Godsdiens en Sendingwetenskap (vanaf 1934 tot 1959), wat die *Dialektiese Teologie* van Barth in die Hervormde Kerk en opleiding bekend gestel het (vgl Breytenbach 1999:174,175). Wolmarans het verder aansluiting gevind by die insigte van Th L Haitjema, vooraanstaande Nederlandse konfessionele teoloog en eksponent van Hoedemaker, wat sy studente ook bekendgestel het aan die werke van S Kierkegaard, H F Kohlbrugge, Emil Brunner en Karl Barth (Van Wyk 1999:191-192).

Vir Karl Barth kon die kerklike leerstellings en belydenis, belangrik soos dit is, alleen tekens wees wat gewys het na die waarheid van God se Openbaring. God het alleen beheer oor sy waarheid. Sy waarheid kan nie in menslike formules vasgelê word nie, dus verobjektiveer word nie. Dit is net die Heilige Gees wat die waarheid van God in Christus in die harte van mense kan inbring. Die kerklike leerstellings en konfessies is tekens van die ooreenstemming van die kerklike verkondiging met die waarheid van God se Woord, in relasie tot die Openbaring van God in Jesus Christus (vgl Lohse 1985:11). Jesus Christus is die mensgeworde Woord van God. En die Skrif is God se Woord, in relasie tot Jesus Christus (vgl Labuschagne 2009:74). Die Openbaring van God in Christus word nooit aan die mens as 'n eenvoudige

feit gegee nie; die Woord van God is altyd met ons in die sin van 'n "komende presensie". Vanuit die ontmoeting met God in Jesus Christus, deur sy Gees, *is* 'n mens ook nooit 'n Christen nie, maar jy *word* 'n Christen, en jy bly altyd in die proses van *wording* (vgl Labuschagne 2009:67- 68). In die interpretasie van die Skrif gaan dit nou eenmaal nie allesoorwegend oor die verborge intensie van die outeur nie, maar juis en veral om iets te probeer begryp van dit waarop die outeur reageer. Die uitdaging is om so na as moontlik daaraan te kom (vgl Labuschagne 2009:67).

Die *Etiese Teologie* se waarheidsbekouing, wat verbandhou met die erkenning dat God se selfstandige Openbaring die basis vorm van die mens se ontmoeting met God, het dit moontlik gemaak om historiese kritiek na te vors en te beoefen terwyl tegelyk vasgehou word aan die Bybel as God se Woord. Teoloë uit die Nederlandse *Etiese Rigting*, soos J H Gunning (1829-1905) en D Chantepie de la Saussaye (1818-1874), het nie Skrifkritiek en gesubstansieerde resultate van die historiese kritiek verwerp nie, maar, anders as die vrysinniges uit die dampkring van die Modernisme, het hulle met oortuiging bly vashou aan die Openbaring van 'n transendente God. Die waarheid van God is vir hulle nie uitgelewer aan die menslike rede (Modernisme) of geheel vasgevang binne die subjektiewe menslike bewussyn (Liberale Teologie) nie. Die waarheid van God is vir hulle daarin geleë dat God Hom in sy soewereine mag in Christus aan die mens openbaar en met die mens in ontmoeting tree. J A Loader verduidelik die waarheidsbeskouing van die Nederlandse *Etiese Teologie* soos volg:

> Dit beteken... dat die wese van die waarheid nie objektiveerbaar en rasionaliseerbaar is nie, maar dat die mens wel in aanraking daarmee kan kom. Die waarheid kan nie in 'n leer vasgevat en eties toegepas word nie, want dit transendeer per definisie alle konsepte en proposisies wat gebruik kan word om dit uit te dra.
>
> (Breytenbach 1999:174)

Vir die *Etiese Teologie* is die kruis van Jesus Christus beide historiese feit en supra-historiese beginsel. Die boodskap van die kruis het daarmee sy oorsprong *buite die bewussyn* van die mens, en dit deurbreek die idees van die mens (Van de Beek 2006:65). Die Christelike geloof is nie 'n vorm van filosofie wat uit die mens self voortkom nie. Die wonderbare geboorte van die Here Jesus Christus word gesien as 'n eis van die geloof, en die wonderbare geboorte is die *voorportaal* van opstanding en hemelvaart (Rasker 1986:147). Vandaar is die gemeente 'n eskatologiese gemeenskap wat lewe in die verwagting van die wederkoms van die Here Jesus Christus (Rasker 1986:150). Dit verbaas daarom nie wanneer die woorde van A van Selms, wat ook binne die *Etiese Teologie-kring* gesien word, oor die liggaamlike opstanding van Jesus Christus gelees word nie:

> 'n God wat Christus nie sou opgewek het nie was miskien 'n meewarige, maar in elk geval magtelose toeskouer gewees by die 'tragedie van die mens'... Die vraag word dus: glo ons in die werklikheid, die werklikheid van die liefde van God? Die vraag moet nie ontduik word deur 'n gepraat oor 'n 'geestelike opstanding' nie. Niemand kan sê wat dit is nie - ten minste solank woorde hulle betekenis behou... Hoe hard dit ookal klink, dit moet tog gesê word: Wie nie aan die opstanding glo nie, glo nie werklik aan God nie. So 'n persoon... ken nie die God wat leef, handelend optree en ingryp nie. Wie in God glo sal leer om aan die opstanding te glo.
>
> (Van Selms 1952:88)

Kálmán II het deurgaans, met sy teologiese agtergrond vanuit die Hervormde opleidings in Hongarye, Nederland en nou ook Suid-Afrika, getoon dat hy eweneens beslis die twee uiterstes wou vermy van enersyds *Liberale en Modernistiese* invloede en andersyds *Ortodoks-Piëtisties* invloede. Sy lewe lank sou die teologiese invloed van veral Karl Barth by hom deurskemer. Daar is egter in beide Barth se teologie en in die *Etiese Teologie* reeds

tekens van 'n post-fondamentalistiese teologie wat teruggedeins het van enige finale woord by die mens of 'n gearriveerde leerstelligheid. Waar dit miskien nie duidelik by Kálmán II deurskemer nie, is daar by hom nietemin ook steeds die ingesteldheid teenwoordig van die basiese insigte van die *Reformatoriese Teologie* soos dit in die algemeen deur predikante in Suid-Afrika verstaan is. In Suid-Afrika het Kálmán II groot bewondering vir Gemser en veral Van Selms gehad, vir hulle buitengewone intellektualiteit en vir die besondere mense wat hy in hulle gevind het.

### 5.3 Studentetyd

Ná die Desembervakansie het Kálmán II aan die einde van Januarie 1950 weer in Brookstraat 130 ingetrek en aan die Universiteit van Pretoria ingeskryf as doktorale student in Godsdienswetenskap. Hy is egter eers op 26 Mei 1950 skriftelik daarvan in kennis gestel dat hy " ... tot die status van Baccalaureus aan hierdie Universiteit toegelaat is.... " op grond van sy Kandidaatseksamen in Teologie aan die Universiteit van Debrecen (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 1). Professor H P Wolmarans was op daardie stadium hoof van die Departement Godsdienswetenskap en Kálmán II het sy studieplanne met hom gaan bespreek. Hy het Wolmarans op hoogte gebring van die studiewerk wat hy reeds in Nederland agter die rug gehad het en meegedeel dat hy graag daarmee sou wou voortgaan. Hy wou in Godsdiensgeskiedenis spesialiseer met die klem op die Islam en Egiptiese godsdienste. Vir hierdie doel sou hy onder leiding van professor A van Selms ook Arabies en Egipties wou bestudeer. Wolmarans was egter nie baie ingenome met Kálmán II se studieplanne nie. Hy het ruiterlik erken dat hy maar bitter min van Godsdiensgeskiedenis weet en nie eers die boeke wat in Nederland vir Kálmán II voorgeskryf was, geken het nie. Die biblioteek van die Universiteit het ook nie daaroor beskik nie. Kálmán II het toe aan die hand gedoen dat hy die boeke aan sy professor sou leen sodat hy dit kon deurwerk voordat hy hom daaroor sou eksamineer. Só is daar dan ooreengekom. In Ou Testamentiese Wetenskap het professor B Gemser ses profeteboeke en in Nuwe Testamentiese Wetenskap het professor A S Geyser die hele Markus-Evangelie voorgeskryf. Professor S P Engelbrecht het Kálmán II ook versoek

om die finalejaars se lesings in Dogmatiek en Kerkgeskiedenis by te woon. Sy medestudente was J I de Wet, J M Labuschagne, J P Oberholzer, B J van der Merwe, C J van Schalkwyk en J A Viljoen (vgl *Almanak* 1951:137).

In hierdie tyd het Kálmán II ook die pen opgeneem en die eerste van talle artikels vir *Die Hervormer* geskryf. Vanaf April 1950 verskyn die eerste van 'n reeks van vyf omvangryke artikels oor die Hervormde Kerk van Hongarye (vgl *Die Hervormer* 1950:4, 1950:6, 1951:1, 1951:4 en 1951:10). Hy het hierdie artikels in die eerste plek geskryf om die kerk van sy voorgeslagte aan die lesers van *Die Hervormer* bekend te stel. Sy tweede oogmerk daarmee was om die aandag te vestig op 'n aantal brandende teologiese vrae van die dag, soos die verhouding tussen kerk en staat; die kerk in 'n kommunistiese staat; welwillende samewerking met 'n kommunistiese owerheid of die radikale verwerping van die kommunisme soos in die vroeëre Nazistaat van Hitler, ensovoorts. 'n Aantal Hervormde teoloë in Hongarye het in daardie dae 'n poging aangewend om 'n samewerkingsooreenkoms met die kommunistiese owerheid aan te gaan, maar die Roomskatolieke Kerk het veral by monde van Kardinaal József Mindszenty, radikale weerstand hierteen gebied, waarna Mindszenty gearresteer en lewenslank tronk toe gestuur is (vgl Cornwell 1999:333-335). Nie net die kerke van Hongarye nie, maar ook 'n aantal teoloë van naam en invloed is deur hierdie gebeure tot optrede geaktiveer. Karl Barth het Hongarye kort daarna besoek en in sy lesings by verskeie Hervormde teologiese akademies 'n akkommoderende houding teenoor die kommunisme gepropageer, waarna Emil Brunner hom in 'n ope brief met die titel *Wie soll man das verstehen?* gevra het: "Kann die Kirche diesem Totalstaat gegenüber etwas anderes als leidenschaftlich und unbedingt nein sagen?" (Barth 1948:63). Alhoewel Kálmán II se artikels waarskynlik buite die begripsveld van die gewone lesers van *Die Hervormer* was, was dit vir die teoloë van die dag baie insiggewend.

In *Die Hervormer* van Januarie en Maart 1951 word daar ook twee artikels van Kálmán II gepubliseer oor die voorstelling wat verskillende volke en religieë het oor die siel (vgl *Die Hervormer* Januarie 1951:1 en 1951:3). Dit het hy op versoek van dominee J G M Dreyer, redakteur van *Die Hervormer*, geskryf. Professor A S Geyser, wat ook in Brookstraat gewoon het, het

telkens die taalgebruik in Kálmán II se artikels en korrespondensie nagegaan. Hy het hom ook gereeld genooi vir voorleeswerk ter wille van sy uitspraak.

*Die Hervormer* het eers in Junie 1950 (vgl *Die Hervormer* 1950:6) iets oor Kálmán II self berig. Hy word verkeerdelik "Student S Papp" genoem en die verwagting word uitgespreek dat hy in die toekoms ‘n goeie skakel tussen die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Hervormde Kerk in die buiteland sal kan vorm. Dit is hieruit duidelik dat die skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, dominee T F J Dreyer, die versoek van die sekretaris van die Nederlandse Hervormde Kerk eerbiedig het, naamlik dat daar met niemand gepraat moes word oor Kálmán II se oorlogservarings, behalwe die persone wat met die reëlings van sy koms na Suid-Afrika gemoeid was. Selfs sy tweelingbroer dominee J G M Dreyer, die redakteur van *Die Hervormer*, het baie duidelik op daardie stadium geen kennis daarvan gedra nie.

Kálmán II het in Voortrekker Tehuis onder andere bevriend geraak met student Gerhard Jacobs, deur wie hy meermale genooi is om saam met hom ‘n naweek op sy ouers se plaas Leeuwfontein, in die distrik Nigel, deur te bring. Aan Kálmán III (die skrywer van hierdie proefskrif), wat later predikant te Nigel was, is daar breedvoerig deur Jacobs se moeder vertel hoedat Kálmán II vir hulle tydens een van sy besoeke blomkool-en-tarentaal-sop gekook het. Die tarentale het hy self op die plaas gejag. Kálmán II het vir nog baie jare kontak met Jacobs behou en onder andere sy mondigwordings-geselligheid op 10 Januarie 1953 op die familieplaas bygewoon (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3). Jacobs is op 6 September 1993 oorlede en op 10 September deur Kálmán III in die familiebegraafplaas op Leeuwfontein begrawe. Die band met die familie Jacobs het dus vir baie dekades behoue gebly. Dit word bevestig toe die *Vryheid van Leeuwfontein* op 28 November 1993 tydens ‘n familiesaamtrek van die Jacobse aan Kálmán III toegeken is.

## 5.4 Toelating tot die evangeliebediening

### 5.4.1 Stryd om toelating

Na ‘n paar maande se studie het Kálmán II besluit om aansoek te doen om

toelating tot die proponentseksamen sodat hy preekondervinding kon opdoen en van nader met die kerklike lewe in die praktyk kennis kon maak. Op 8 Junie 1950 het hy soos volg by die skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aansoek gedoen om toegelaat te word:

> Hoogeerwaarde Heer,
>
> Graag wil ek my tot U kommissie wend met die versoek om toegelaat te word as 'n kandidaat vir die proponents-eksamen, wat gehou word aan die einde van hierdie jaar.
>
> Soos U miskien bewus is, is ek van Hongaarse herkoms en 'n gewese lidmaat van die Hongaarse Hervormde Kerk. Die afgelope ses maande is ek lid van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika, gemeente Pretoria. In Hongarye het ek reeds die ekwivalent van die B.D. afgelê, as gevolg waarvan ek ook in 1947 aan die Rijksuniversiteit van Utrecht toegelaat is tot die doktorale studie in die teologie. Die Universiteit van Pretoria het ook aan my die status van B.D. verleen en ek is tans besig met voortgesette doktorale studie in Afd.A. van die Teologiese Fakulteit.
>
> Ek meen dat ek dan voldoen aan die voorwaardes vir die toelating tot die proponentseksamen en stel vriendelik die versoek daartoe aan U.
>
> Met die meeste hoogagting,
>
> U dienswillige dienaar,
> Kálmán Papp
>
> (HK Argief K2 5/4 Deel 1)

Hierdie aansoek is tydens die Kommissie se vergadering van 13 Junie 1950 behandel. Die Kommissie besluit " ... om die aandag van die Kuratorium en

die Teol. Fakulteit daarop te vestig dat daar nog nie voldoen is aan art. 223:1, 2 & 3 en dat dit gedoen moet word voor 1 Augustus a.s." (vgl NHKA Argief K1/2 1/1/8). Die artikels van die *Wet van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika*, waarna daar verwys word, bepaal die volgende:

> Vir toelating tot die Teologiese Opleiding word vereis dat die student:
>
> (1) die matriekeksamen of daarmee gelykstaande eksamen met goeie uitslag afgelê het;
>
> (2) lidmaat is van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika;
>
> (3) op sy versoek tot toelating die goedkeuring van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering verkry het. Die goedkeuring moet skriftelik aan die Skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aangevra word.
>
> (Kerkwet 1937:67-68)

Dominee A J G Oosthuizen, voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, het intussen ook aan proponent P J T Koekemoer, wat op daardie tydstip besig was met verdere studie aan die Rijksuniversiteit van Utrecht, geskryf om by professor H W Obbink navraag te doen oor Kálmán II met die oog op sy moontlike toelating as student van die kerk. Koekemoer se terugvoer was positief.

Op 31 Julie 1950 ontvang Kálmán II sy Suid-Afrikaanse Identifikasie-kaart vir Vreemdelinge van die Departement van Binnelandse Sake (no 4380). Die kaart is geëndosseer met die voorwaarde dat hy nie toegelaat word " ... om enige ander beroep te volg as Assistent Huisvader & Student & Predikant vir ‘n tydperk van drie jaar vanaf 31 Julie 1950" nie (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3).

Kálmán II het intussen besluit dat Mieke na Suid-Afrika moes kom en hy het met die hulp van mnr A B van N Herbst, wat op daardie stadium

Besturende Direkteur van die Nederduitsch Hervormde Weeshuis was, vir haar ‘n betrekking by die Andries Hendrik Potgieter weeshuis in Pretoria gebied. ‘n Vaste werk was een van die voorwaardes waaraan voldoen moes word voordat ‘n immigrasiepermit deur die Suid-Afrikaanse Regering aan iemand toegestaan kon word.

Op 11 Augustus 1950, op haar 22 ste verjaardag, ontvang Mieke ‘n telegram van Kálmán II waarin hy haar versoek om die reëlings vir haar emigrasie uit Nederland af te handel en meedeel dat hy £40, wat dominee J G M Dreyer aan hom geleen het, in haar bankrekening laat deponeer het om by te dra tot haar reiskoste na Suid-Afrika. Dreyer was, op grond van sy gereelde kontak met Kálmán II weens die artikels wat hy vir *Die Hervormer* geskryf het, waarskynlik deeglik bewus van Kálmán II se behoeftes. Op dieselfde dag verneem Mieke dat haar immigrasie-aansoek toegestaan is en dat die immigrasiebeampte, mnr Dickerson, vir haar plek bespreek het vir haar bootvaart na Suid-Afrika. Die vreugde was egter van korte duur omdat sy verneem dat die vaart £90 sou kos - £10 tot in Engeland en £80 vanaf Engeland na Suid-Afrika. Haar tikmasjien en Kálmán II se trapfiets was op daardie stadium reeds verkoop sodat sy met die opbrengs daarvan ‘n klere-tas kon aanskaf en haar treinrit vanaf Kaapstad na Johannesburg kon bekostig. Heering, by wie Mieke huishoudster was, het toe aangebied om vir haar £50 te leen. Sy het dit met groot huiwering op sy aandrang aanvaar. Daarna het sy haar moeder gaan meedeel dat sy na Suid-Afrika gaan emigreer. Ten spyte van haar teëstand teen Mieke se verhouding met Kálmán II, het sy besef dat sy nie langer teen die prikkels kon skop nie en dit so aanvaar. Sy het selfs vir Mieke ‘n linnestel aangekoop en haar studie-lening oorgeneem.

Op 11 Augustus 1950 skryf Piet Hogendoorn, die goedgesinde agent van die Nederlandse Departement van Staatsveiligheid, ‘n brief aan Kálmán II waarin hy ontvangs erken van ‘n brief wat hy van hom ontvang het en dan navraag doen na sy welstand. Hy meld verder dat hy nog gereeld kontak met Ádám Sebestyén het en namens die polisie ‘n bewys van goeie gedrag ten opsigte van Mieke aan Van Tuyll van Serooskerken besorg het met die oog op haar emigrasie (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3).

Op 28 Augustus 1950 skryf die Registrateur van die Universiteit van Pretoria aan Kálmán II dat sy " ... doktorale skema met Godsdienswetenskap (Geskiedenis, Fenomenologie, Sielkunde van die Godsdiens en Dogmatiek) as hoofvak en Ou- en Nu-testamentiese Eksegese as byvakke, deur die Raad van die Fakulteit van Godgeleerdheid goedgekeur is" (NHK Argief K2 5/4 Deel 3).

Dit is onbekend of die skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering Kálmán II se skrywe van 8 Junie 1950 beantwoord het, aangesien 'n antwoord nie opgespoor kon word nie en Kálmán II op 29 Augustus 1950 die volgende tweede aansoek ingedien het:

> Hoogeerwaarde Heer,
>
> Andermaal neem ek die vrymoedigheid om aan u Hoogeerwaarde Kommissie te skrywe i.s. my proponentseksamen, en die volgende punte onder u aandag te bring:
>
> Aangesien ek onder die indruk verkeer dat u my eerste aansoek tot toelating tot die eksamen uitgestel het omdat u van mening is dat my kennis van die afrikaanse taal en kerklike lewe alhier nog nie voldoende is nie en terwyl ek met my eerste aansoek nagelaat het om u mee te deel dat ek nie dadelik na die proponents-eksamen beroepbaar gestel wil word nie, daarom verklaar ek nou skriftelik dat ek eers na voltooing van my doktorale studie beroepbaar gestel wil word. Die datum van beroepbaarstelling laat ek met vertroue in die hande van u Kommissie.
>
> Juis om die geleentheid te hê om die afrikaanse taal prakties op die kansel te beoefen en beter kennis te maak met die kerklike lewe, versoek ek u andermaal beleefd en dringend om my aan die einde van hierdie jaar toe te laat tot die proponentseksamen.
>
> Tenslotte wens ek beleefd onder u aandag te bring dat u in die jongste verlede ook ten opsigte van Dr. B.J.

> Engelbrecht en Drs. P. Koekemoer dieselfde standpunt ingeneem het toe u hulle eers geruime tyd na die proponentseksamen beroepbaar gestel het.
>
> Daarom vertrou ek dat u my aansoek gunstig sal oorweeg.
>
> Hoogagtend,
> u dienswillige dienaar en broeder
> Kálmán Papp
>
> (NHK Argief K2 5/4 Deel 1)

Hierdie aansoek is op 19 September 1950 deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering behandel en die notule berig soos volg daaroor:

> Voor die vergadering kom ‘n skrywe van Br. K. Papp waarin hy weer vra om toegelaat te word tot die proponentseksamen. Besluit word om te antwoord dat die Kommissie nog geen kennis dra van die feit dat hy student van die kerk is nie. Hy moet hom eers rig tot die Kuratorium en erkenning verkry. Die vergadering sien nie kans om van sy vorige besluit af te wyk nie. As berig van die Kuratorium ontvang is en mededeling verkry is dat hy opgeneem is as student, dan sal drie lede van die Moderamen mag reël dat hy ‘n proefpreek hou en dat hy mag preek tot tyd en wyl die Algemene Kerkvergadering beslis het oor sy toelating tot die proponentseksamen.
>
> (NHK Argief K1/2 1/1/8)

Uit die notule kan dus afgelei word dat die Kommissie slegs bereid was om Kálmán II ‘n proefpreek te laat hou met die oog op preekvergunning. In werklikheid was dit in stryd met die artikels van die *Wet van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika*, want Artikel 226 het bepaal dat die proefpreek tot

die proponentseksamen behoort (vgl Kerkwet 1937:69). Met sy toelating tot die hou van 'n proefpreek het die Kommissie dus in wese toelating tot die proponentseksamen verleen. Maar as gevolg van die uitsonderlikheid van die geval was die Kommissie waarskynlik huiwerig om toelating tot die volle eksamen te verleen sonder om die Algemene Kerkvergadering te raadpleeg.

Die aansoek van Kálmán II is gevolglik op 25 September 1950 soos volg deur die vise-skriba, dominee E S Mulder, beantwoord:

> Waarde Heer en Broeder,
>
> In antwoord op u skrywe van 29 Augustus j.l. om aan die einde van hierdie jaar die proponentseksamen te mag aflê wens ek u in antwoord daarop die volgende te berig.
>
> U indruk dat u eerste aansoek om toelating tot die eksamen uitgestel is omdat die Alg.Kommissie van mening sou wees dat u kennis van Afrikaans en die kerklike lewe alhier nog nie voldoende is, is beslis onjuis. By die oorweging van u aansoek is hierop deur die Kommissie nie ingegaan nie. Verder wil ek u daarop wys dat die gevalle van Dr. B.J. Engelbrecht en Drs. P. Koekemoer, waarna in u brief verwys word, heeltemal verskillend is van u geval. Beide was reeds op die datum van die proponentseksamen ses jaar lank ingeskryf en erken as studente van die Kerk. By u is dit nie die geval nie. Die Kommissie van die Alg.Kerkvergadering dra nie daarvan kennis dat u student van die Kerk is nie. Op 'n brief gerig aan die Kuratorium, op 22 Junie j.l. waarin gevra is of u ingeskrewe student is van ons Kerk, het die Kommissie geen berig ontvang nie. Op die lys van studente wat deur die Kuratorium verstrek is aan die Kommissie verskyn u naam nie. Die Kommissie van die Alg.Kerkvergadering wil u aanraai om u eers te wend tot die Kuratorium, om aansoek te doen om opgeneem te word as student van die Kerk. Eers dan sou die Kommissie oor die saak verder kan handel.

Derhalwe het die Kommissie besluit om sy vorige besluit te bevestig, dat u aansoek om proponentseksamen af te lê eers voor die komende Alg.Kerkvergadering gelê sal word om sy uitspraak oor die aangeleentheid te verneem.

Met broederlike groete,
Vice-scriba v.d.Kom.v.d.Alg.Kerkverg.

(NHK Argief K2 5/4 Deel 1)

Uit die bogenoemde skrywes blyk dit dat Kálmán II nie op hoogte was van die vereiste dat hy eers as student van die Kerk toegelaat moes word alvorens hy aansoek kon doen om tot die proponentseksamen toegelaat te word nie. Dit is ook duidelik dat hy nie daarvan bewus was dat die Kommissie gewag het op ‘n antwoord van die Kuratorium oor sy status as student van die Kerk nie.

Volgens ‘n aantekening in Kálmán II se registrasiesertifikaat (no 83360) is sy tydelike permit om Suid-Afrika binne te kom op 27 September gekanselleer en ‘n permanente verblyfpermit aan hom uitgereik met die voorwaarde dat hy hom by adresverandering telkens by die Suid-Afrikaanse Polisie sal aanmeld (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3).

Mieke is intussen op die hawe van Rotterdam deur haar moeder en Eduard Schaank (haar moeder se niggie se man) afgesien. Sy het met ‘n veerboot na Engeland gereis en van daar, via Madeira, met die Winchester Castle na Suid-Afrika gevaar. Die vaart het sestien dae geduur en Mieke het aan die einde van September in Kaapstad aangekom. Heering het gereël dat ‘n werknemer van *De Nederlanden van 1845 Versekeringsmaatschappij* in Kaapstad haar by die hawe ontmoet het. Hy en sy vrou het Mieke toe vir ‘n rit om die Skiereiland geneem en haar dieselfde aand na die spoorwegstasie geneem om ‘n trein na Johannesburg te haal.

Kálmán II is die volgende dag per trein Johannesburg toe om Mieke daar te ontmoet. Hy het egter uit onkunde op ‘n trein wat net vir nie-blankes bedoel was, beland en moes toe by die eerste stasie afklim en vir ‘n volgende trein wag. Gelukkig was Mieke se trein laat en kon hy haar op die

Johannesburg Stasie inwag. Hulle is toe saam per trein terug na Pretoria.

Die gesin Bruins, van die gemeente Pretoria, het Mieke vir die eerste twee weke in hulle huis in Arcadia gehuisves. Daarna het Mieke haar intrek by die Andries Hendrik Potgieter weeshuis geneem waar sy verantwoordelik was vir die versorging van vyf-en-veertig laerskoolseuns. Sy moes onder omstandighede waaraan sy glad nie gewoond was nie, baie hard werk en het slegs £7/10 per maand verdien. Na ongeveer ‘n maand het meneer Albert Herbst haar gevra om tydelik by professor M Bokhorst te gaan uithelp met die versorging van sy twee seuntjies aangesien sy vrou op daardie stadium baie siek was. Bokhorst was destyds hoof van die Departement Nederlandse Kultuurgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria. Na enkele weke het mevrou Bokhorst sodanig herstel dat Mieke kon terugkeer na die weeshuis. Mevrou Bokhorst het egter kort daarna weer siek geword en Mieke het vir ‘n tweede keer gaan uithelp - hierdie keer tot aan die begin van 1951 toe die gesin op mediese advies Kaap toe verhuis het. Hulle het in Muizenberg gaan woon. Mevrou Bokhorst het daar volkome herstel. Bokhorst het redakteur van die Nederlandse Post en direkteur van die Michaelis Kunsmuseum in Kaapstad geword.

Kálmán II en Mieke het reeds in Nederland besluit om te trou. Hulle het egter nooit amptelik verloof geraak nie aangesien daar nog te veel onsekerhede was wat opgeklaar moes word. Daar was bowendien nie geld vir ringe of ‘n geselligheid nie. Omdat die studente van Voortrekker Tehuis telkens vir haar gefluit het wanneer sy saam met Kálmán II daar gaan eet het, het Mieke toe van haar eerste salaris twee ringe gekoop wat hulle dadelik begin dra het om die indruk te wek dat hulle verloof is. Die gebruik in Nederland was dat dieselfde ring vir die verlowing én huwelik gebruik is. Dit word tydens die verlowingstydperk deur beide partye aan die linkerhand en ná die huwelik aan die regterhand gedra. Nodeloos om te sê dat die gefluit van die studente nie opgehou het nie.

Op 3 November 1950 skryf die skriba van die Kuratorium, dominee J J Prinsloo, onder andere soos volg aan die skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering:

HoogEerw. Heer,

Die H.E. Kuratorium het op sy vergadering van 26/10/50 besluit:

1. (a) Aangesien die H.E.Kommissie van die Algemene Kerkvergadering meegewerk het tot die koms van die heer Kálmán Papp na S.A. op versoek van professore uit Holland,

(b) aangesien die heer Papp reeds die B.D.-status het en 'n jaar lank ingeskryf is by die Teologiese Fakulteit, aan die U.P. afd. A,

(c) aangesien hy lidmaat is van die Ned. Herv. Gemeente, Pretoria en 'n aanbeveling van die teologiese professore het,

beveel die H.E. Kuratorium aan by die H.E. Kommissie van die Algemene Kerkvergadering dat die heer Papp op sy versoek toegelaat word as student van die Ned. Herv. Kerk.

(NHK Argief K2 5/4 Deel 3)

Hierdie skrywe is op 5 Desember 1950 deur die Kommissie behandel en die skriba notuleer soos volg: "Kennis word geneem van 'n skrywe van die Kuratorium dat Br. K. Papp toegelaat is as student van die kerk. Die vergadering besluit dat die lede van die Moderamen sal reël om Br. Papp sy proefpreek te laat hou" (NHK Argief K1/2 1/1/8).

Mieke het vanaf begin 1951 by die Talma's, wat kennisse van die Bruinse en ook lidmate van die gemeente Pretoria was, gaan woon. Sy het gratis by hulle ingewoon op voorwaarde dat sy hulle vier kinders na skool sal versorg. Professor Gemser het intussen vir haar werk by Van Schaik's Boekhandel gekry waar sy £12/10 per maand verdien het. Gedurende haar verblyf by die Talma's het sy eiehandig vir Kálmán II sy eerste toga gemaak van 'n patroon wat sy van die vrou van professor Geyser ontvang het.

Met sy toelating as student van die Kerk en die hou van sy proef-

preek het Kálmán II die eerste twee struikelblokke op die weg tot sy uiteindelike toelating tot die predikantsamp in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika oorkom. Op Sondag 4 Februarie 1951 kon hy sy proefpreek hou in die kerkgebou van die gemeente Pretoria. Hierdie erediens is deur verskeie medestudente en vriende bygewoon. Die volledige preek lui soos volg:

Teks: Die Evangelie van Johannes 1:10-12

'Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie.
Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie.
Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo.'

Hierdie woorde van die Johannes Evangelie vertel ons die grootste vreugde, maar tegelykertyd ook die grootste tragedie van die geskiedenis. In sy tweeledigheid gee hy treffend weer die geweldige kontras: Gods liefde en genade, wat vir die verlore mens die enigste Redder in sy Seun gegee het, en die bedorwenheid en blindheid van die mens, wat die goddelike Redder nie wil aanneem nie.

Allereers klink dus die blye boodskap tot ons: 'Hy was in die wêreld'. Hierdie woorde vertel ons die grootste en wonderlikste gebeurtenis van die wêreldgeskiedenis. Die Woord het vlees geword. Gods skeppende Woord waardeur alles ontstaan het, die tweede Persoon van die drieënige God, het self in die wêreld gekom. Die volheid van die tyd het aangebreek, die eienaar van die wêreld kom tot sy eiendom.

Want die wêreld is die eiendom van Christus. Ons dink vandag so selde aan die diep betekenis van hierdie woorde. Daar is vandag 'n geweldige krags-inspanning om

die wêreld in besit te neem. Die magtiges is nou besig om uit te veg, wie nou eintlik die baas is oor die hele wêreld. Die wêreld moet mos iemand hê wie se mag en gesag oral op die aarde geld, wie die goeie orde kan handhaaf, wie die belange van die swakkes teenoor die magtiges kan beskerm. Oor dergelike konferensies hoor ons elke dag. Daar word honderde planne gemaak en weer honderde verwerp. Maar daar is niemand wat Gods wêreldplan voorstel nie, en iedereen vergeet dat daar Iemand is wat al hierdie probleme kan oplos, omdat Hy alle mag verkry het oor hemel en aarde. Ons tekswoord vertel ons juis hierdie aktuele troos vandag. Hierdie wêreld is nie sonder 'n Heer nie, want hy het 'n eienaar, Jesus Christus, ons Heer en Heiland. Nou kan iemand sê: ja, ja, maar wat het ons aan 'n eienaar wat so baie ver van sy eiendom is, ons moet so 'n iemand hê, wat in hierdie wêreld is, wat daadwerklik kontak met die wêreld het. So 'n beswaar wil ons teks juis wegneem. Christus is nie vreemd vir hierdie wêreld nie en Hy ken dit beter as die mense almal saam. Hy, die Skeppings-middelaar, ken sy eie wêreld met al sy angste en probleme. Hy is nie iemand, wat uit sy goddelike troon die wêreld aankyk, maar Hy het met hierdie wêreld één geword toe Hy op die aarde neergedaal het en ons liggaam aangeneem het. Hy Gods eniggebore Seun het met die mense gelyk geword, uitgenome die sonde, om sy eiendom uit die mag van die Satan te red.

Daarom is die Kersfees vir die Christen die grootste vreugde. Toe by die eerste Kersfees verskyn Gods geregtigheid in genade. Hy wil die mens nie met die ewige dood en verdoemenis - wat hy verdien het - straf nie, maar stuur Sy eniggebore Seun as Redder vir die wêreld. Die mens het self geen krag om uit die mag van die sonde los te kom nie, daarom het God vir ons Iemand gestuur, wat alle mag verkry het oor hemel en aarde, om vir ons die oorwinning te behaal.

Die wêreld is aan Hom oorgegee, dit is Sy eiendom. Het tot nou toe die duistere magte oor die wêreld regeer - nou het die waaragtige lig die duisternis deurgebreek en sy magte verdryf. Hierdie ligstraal het ons die weg verlig wat na God lei. By hierdie lig kan ons lees Gods volle Openbaring wat vir ons oë verborge was. By hierdie lig kan ons sien Gods eindelose erbarming, wat Sy Seun nie gespaar het nie, maar as ‘n losprys gegee het vir ons sondes.

'Hy was in die wêreld'. Hierdie paar woorde deel ons mee, dat daar is toekoms, lewe en redding vir ons. Sy koms op die aarde het ons die poort van die hemel geopen en ons verkondig, dat God ons nie verlore laat gaan nie. Christus ons Redder het gekom. Hy het betaal vir al ons sondes, sodat ons regverdig kan wees voor God, wat ons as sy kinders aanneem in Jesus Christus. Juig Christen 'Hy was op die aarde', en vir u het Hy ook die weg geopen na die Vader.

Uit die oogpunt van die Kersvreugde lyk dan die tweede helft van ons tekswoord 'n bietjie vreemd. As Christus se koms werklik die enigste redding van die wêreld was, sou ons verwag, dat die wêreld Hom met die grootste vreugde sou verwelkom. Maar dit het juis andersom gebeur. 'Hy was in die wêreld en die wêreld het Hom nie geken nie. Hy het na sy eiendom gekom en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie'. In hierdie verse vind ons uitgedruk die grootste tragedie van die mensdom. Toe die tweede Persoon van die drieënige God self tot die mense as Redder gekom het, het die mense afwysend teenoor Hom gestaan. Het die mense hulle ellende dan nie genoegsaam besef nie? Of het hulle geen Redder nodig gehad nie? Of wat was die oorsaak van hulle waansinnige houding, dat hulle nie as Gods verlore kindere voor die voete van die Heiland neergeval en Sy redding afgesmeek het nie, maar Gods Seun op 'n gruwelike wyse aan die kruis gespyker het?

Hierdie houding kan ons nog minder verstaan as ons bedink dat Christus nie na 'n vreemde volk gekom het, wat nooit van Hom gehoor het nie, maar na Gods uitverkore volk Israel, wat Gods Woord geken het en wat die beloofde Messias verwag het. Dit was Sy eie volk as die draer van Gods Openbaring. Dit was die volk van Gods verbond, wat God so baie gehelp het in sy geskiedenis en wat so baie goed geweet het, dat hy sonder Gods hulp alleen die prooi van die duiwel kan wees. Hulle het wel baie keer van God afgedwaal en na valse redders geloop, maar tog steeds verlang na die waaragtige God, van Wie die sonde hulle verwyder het. Maar hulle kon uit hul eie krag nie meer na Hom terugkeer nie, want die gevalle mens is nie meer in staat om God te vind nie. Alleen God kan na die mens toe kom en hom die verlossing bring.

Die profete verkondig en verwag hierdie verlossing. Die duisternis duur nie ewig nie, God sal die lig stuur vir die wêreld, wat sterker sal wees as die krag van die duisternis. 'Die volk wat in duisternis wandel, het 'n groot lig gesien; die wat woon in die land van die doodskaduwee, oor hulle het 'n lig geskyn' (Jes. 9 : 1).

'Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op Sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors - tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die Here van die Leërskare sal dit doen' (Jes. 9:5-7).

En hierdie verwagting groei in Israel steeds. Hoe moeiliker tye die volk belewe des te sekerder klink die profetiese woord: Hy kom. Die vyande sal nie altyd oor Gods uitverkore volk seëvier nie. Die Messias-Koning kom. Hy sal

die vyande onderwerp en sy heerskappy sal tot in ewigheid duur. Die kleine volk Israel, wat die een politieke ramp na die ander moes beleef, kan die komende heil nie anders verwag, as die herstelling van sy politieke mag nie.

'Die septer sal van Juda nie wyk nie, nog die veldheerstaf tussen sy voete uit totdat Silo kom en Hom sal die volke gehoorsaam wees' (Gen. 49:10).

' 'n Ster kom tevoorskyn uit Jakob en 'n septer kom uit Israel op en Hy verbrysel die slape van Moab en gooi die oorlogssugtiges omver' (Num. 24:17).

Die Heer van die leërskare wat soos ’n krygsman stry vir sy volk, sal 'n sterke held, 'n Koning uit die huis van Dawid laat kom, wat die redding vir Sy volk sal bring. By die heidene is die koning dikwels soos God verheerlik, Israel verwag God, wat as sterke en regverdige Koning sal kom om oor die volke te regeer.

En Hy het gekom. Sy geboorte is aangekondig uit die hemele en die wyse van die Ooste gaan natuurlik na Herodes, die koning om te vra: 'Waar is die koning van die Jode wat gebore is?' Herodes is ontsteld. Wat? 'n Ander koning as hy? Dan is sy heerskappy in gevaar. Dit is seker iemand wat van hom die septer wil wegneem. Nee, dit sal hy nie verdra nie. Daardie Kindjie, wat verwelkom is as die koning, moet van die toneel verdwyn. Vir Hom is geen plaas in die ryk van Herodes nie.

Maar Hy bly in lewe. Daar gaan baie jare verby en niks wys daarop, dat Hy na die kroon verlang nie. Hy is wel eenmaal verwelkom in Jerusalem as koning, maar dit is juis 'n teleurstelling vir die volk. Want Hy gaan nie die paleis in besit neem nie, maar loop na die tempel, jaag die duiwe-verkopers en geldwisselaars uit en gooi hulle tafels om. Wat ‘n optrede in die tempel! Die skrifgeleerdes en owerpriesters soek na Hom. Hy wat die bestaande gebruike so durf te

steur, moet gedood word. Hy het mos geen mag nie. Hy is nie die koning nie, selfs nie eers 'n priester of 'n skrifgeleerde nie. Miskien wel 'n profeet, wat met die veragte sondaars en tollenaars vriendskap hou. Hy moet maar liewer na 'n ander plek vertrek, hier maak Hy alleen moeilikhede. Was Hy die Messias, die Koning, wat die Romeinse oorheersers wegjaag, en die troon van Dawid weer sterk maak, dan sou dit wat anders wees. Maar dit doen Hy nie. Hy sê selfs dat ons aan hulle moet gehoorsaam wees en die belastings betaal. Nee, Hy is seker nie die een wat ons verwag nie. So kan Johannes sê: 'Hy het na Sy eiendom gekom en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie'. En Johannes sê dit heeltemal nie so skerp nie, want daar het baie meer gebeur. Sy volk het Hom nie alleen nie aangeneem nie, maar hulle het Hom selfs verstoot. 'Die jakkalse het gate en die voëls van die hemel neste, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy sy hoof kan neerlê nie'. Hier is die tragiek van Christus se lewe. Hy pas nie in Sy eie wêreld nie. Die Jode het 'n ander Verlosser verwag. 'n Verlosser, wat hulle veiligheid kan gee in die wêreld. 'n Verlosser, wat hulle belange kan beskerm teen die vreemde magte. 'n Verlosser wat triomfeer oor sy vyande en die ryk groot maak, waar sekerheid is van lewe en goedere, waar regverdigheid heers in plek van onderdrukking. So ‘n Verlosser as Christus kon hulle nie verstaan nie. Hy, die lydende Kneg, die Man van Smarte, die Stille Kruisdraer is geen ideaal in hulle oë nie. En omdat daar tog mense is wat na Hom luister, moet Hy verdwyn uit die wêreld. As Hy so baie hou van sondaars, dan is daar nog 'n plek vir Hom op die kruis, tussen twee rowers. En as Hy werklik Gods Seun is, dan moet Hy Homself verlos. 'Sy eie volk het Hom nie aangeneem nie'. Nee, Sy eie volk het Hom doodgemaak met die gruwelikste dood. 'Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en stenig die wat na jou gestuur is'.

So het dit gebeur 2000 jaar gelede. So was die ontvangs van Jesus Christus op die aarde. Maar Christus is nie iemand wat aan die verlede behoort nie. Hy kom steeds tot Sy eiendom, tot u en my en Sy woord wat tot bekering roep, klink vandag ook en verwag ook ons antwoord. Ons moet dus die vraag stel: wat doen ons met Jesus Christus wat vir ons gebore is? Hierdie vraag stel ons gewoonlik nie graag nie. Dit is baie makliker om die verloëning en kruisiging van Christus op die skuldlys van die Jode te plaas en bly te wees, dat nie ons daardie mense was, wat op hierdie vraag moes antwoord nie.

Bowe twyfel is ons tyd ook vol met allerlei probleme. Liefdeloosheid, kwaadwilligheid, onregverdigheid, onderdrukking, vervolging en allerhande duiwelse praktyke van die Satan seëvier ook in ons wêreld. Iedereen probeer die oplossing op die beangstigende vrae te vind. Die meeste mense soek dit onder die vlag van een of ander politieke beweging, ons Christene verkondig egter, dat ons geen ander Verlosser ken as Gods eniggebore Seun, Jesus Christus. Maar ons gee ook baie selde rekenskap van ons verwagtinge oor Hom. Wat verwag u van Christus wat gebore is? Voorspoed, 'n gelukkige en maklike lewe, die versekering van u posisie in die maatskappy, die oplossing van die probleme in ons land en volk? Dit kan ons as 'n bykomstig saak verkry, maar as ons alleen dit verwag, ek vrees dat ons netso teleurgestel sal wees in Hom as die Jode toe. Want Sy koninkryk is nie van hierdie wêreld nie. Die eise van Sy koninkryk is totaal anders as die van ons. Sy woord ontnugter elke mens, wat van Hom 'n maklike en vreedsame lewe verlang.

'Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard'. Hierdie swaard kan stukkend sny die mees vreedsame kring, die gesin, want Hy het gekom 'om tweedrag

te verwek tussen 'n man en sy vader, en tussen 'n dogter en haar moeder'. Hy eis Sy eiendom geheel op. Daar kan alleen een Heer en een eienaar oor u lewe wees en Hy kan nie op die tweede of derde plek kom nie. 'Wie vader of moeder bo My liefhet, is My nie werd nie', hoor ons sy woord. Dit is seker nie maklik om Hom te volg nie, want ons het almal die wêreld lief. Ons as kinders van die wêreld, wil nie die waaragtige lig aanneem nie. Ons wil nie die totale eienaarskap van Christus oor ons lewe aanvaar nie, want ons wil ons eie lewe en eie gemak vashou. Ons verwag 'n vreedsame en maklike lewe van Hom en hoor nie graag Sy antwoord: 'As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg'.

Daar is ook baie mense vandag wat die rol van Herodes speel. Wat wil daardie Kindjie doen? Heers oor my en my koninkryk? Nee, dit wil ons nie graag nie. Dan is ons ons mag kwyt, dan word ons in plek van heersers die onderworpenes. Waar bly ons mooi posisie, wat ons so moeilik verkry het en wat ons met so baie egoïsme en kwaadwilligheid teenoor ons medemens handhaaf?

Kan u dit alles prysgee of wil u Hom, soos Herodes gedoen het, totaal verwyder uit u lewe?

Ons kan ons oordenking van vanaand nie beëindig met die vraag of ons Christus aanneem of verstoot nie. Ons moet nog 'n bietjie aandag gee aan die volgende vers van ons voorgelese teks: 'Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in Sy naam glo'. Hierin sit 'n groot troos vir ons. Christus maak ons weer tot Gods kinders as ons Hom aanneem. Ons noem God dikwels in ons gebed *Onse Vader* en neem as die mees natuurlike aan, dat ons God as ons Vader kan aanroep. Maar Gods vaderskap het die eerste mensepaar genegeer toe hulle aan hul Skepper ongehoorsaam

geword het en kinders geword het van die duiwel. Maar Christus het gekom om die originele houding tussen God en mens te herstel. Hy sal ons mag gee om Gods kinders te word. Hy is die enige wat dit kan doen, want niemand kan na God gaan behalwe deur Hom nie. Hy is die enige Middelaar tussen God en mens. Ons moet nou nie dink, dat ons deur Christus almal outomaties Gods kindere word, soos ons almal deur Adam hierdie kindskap verloor het nie. Ons teks spreek baie duidelik: 'Almal wat Hom aanneem en in sy Naam glo'. Ons moet eers Christus aanneem en in Hom glo, alleen dan kan ons Sy weldade deelagtig word. Die Griekse teks gebruik hier 'n ander woord vir aanneem as in die vorige vers. Dit beteken aanneem in sy huis, opneem in die mees intieme en vertroulike gebied. Ons kan nie Christus aanneem, in Hom glo en Hom op 'n afstand hou nie. Dit is nie genoeg om alleen op Sondae na Hom te luister nie, maar Hy moet opgeneem word in ons huis, waar ook elke dag sy woord tot ons moet klink. Hy moet seggenskap kry in al ons lewensuitinge, sy woord moet die laaste woord wees in al ons lewensprobleme, sodat ons eie wil en strewe gedood word, ja, die ou mens wat Hom kruisig, moet verdwyn en Christus leef in ons.

Ons is die kinders van 'n rustelose angsvolle wêreld. U kan vandag die gevoel kry dat oor u lewe die donkere magte van die Satan baas geword het, wat u regs en links slinger, soos die wind die blare. Maar vergeet nooit: daar kan geen haar van u hoof afval sonder die wil van God nie. U het gelyk as u meen, dat die aardse lewe amper onverdraaglik geword het deur die sonde, maar u het beslis geen gelyk nie as u dink dat die Satan die eienaar geword het oor die wêreld en sy magte sal hier triomfeer. Want Christus was op die wêreld. Hy het sy wêreld uitgeruk uit die mag van die Satan en van die dood en tot sy eiendom gemaak. Ons is nie meer

die slawe van die Satan nie, maar die eiendom van Christus, omdat ons weet, dat ons nie deur verganklike dinge, silwer of goud losgekoop is uit ons nietige lewenswandel, maar deur die kosbare bloed van Christus. Dit is ons enige troos sowel in lewe as in sterwe, nl. dat ons met liggaam en siel, sowel in lewe as in sterwe, nie aan onsself nie, maar aan ons getroue Saligmaker Jesus Christus toebehoort. Hy het tot Sy eiendom, tot u en my gekom en verwag ons antwoord. Wat sal ons met Hom doen? Sal ons Hom aanneem of verstoot soos Herodes en die Jode? Sy koms tot sy eiendom was tragiek - sy eie mense het Hom nie aangeneem nie. Maar Sy koms was troos vir 'n wêreld wat onder die heerskappy van Satan gesug het. Wat beteken die Christus, die Here van hemel en aarde, vir u? Is Sy koms vir u veroordeling, tragedie - of verlossing, troos?

Laat ons ons vandag nog rekenskap gee oor hierdie vraag en mag God ons krag en geloof gee om Christus met dankbaarheid aan te neem van die Vader, wat Hom vir ons redding gestuur het. Hy sal ons opneem in sy koninkryk, waar Hy met regverdigheid regeer tot in ewigheid. Onder sy septer sal ons veilig woon. Geen sonde of dood kan daar oor ons heers nie, want ons Koning is Christus, wat alle mag verkry het oor hemel en aarde. Daar is geen ander Redder as Hy nie. Amen.

(NHK Argief K2 5/4 Deel 3)

‘n Maand later berig *Die Hervormer* "Student Kalman Papp word hartlik gelukgewens met sy proefpreek op 4 Februarie l.l. op Pretoria gehou, natuurlik nie in sy Hongaarse taal nie, maar in goeie Afrikaans" (*Die Hervormer* 1951:3).

Die volgende opmerkings kan in hierdie stadium oor Kálmán II se teologiese denke gemaak word na aanleiding van sy proefpreek:

Dit is in die eerste plek baie duidelik dat hy nie terugdeins vir ‘n

ontologiese uitspraak oor die wese van Christus en die Triniteit nie (soos dit die geval is by die teologieë wat met 'n filosofiese metodologie werk - die Eksistensialisme en Kant se Praktiese Rede – teoloë soos Schleiermacher, Bultmann, Tillich ens.) Hy dink dus meer in lyn met die Reformasie en die vroeë kerk soos by Nicea-Konstantinopel (325 & 381).

Wanneer Kálmán II in die tweede plek verwys na "God se wêreld-plan", vereenselwig hy homself volledig met Barth se siening naamlik dat beide kerk en staat (samelewing) in relasie staan met die koninkryk van God – wat uiteindelik albei oorkoepel word en waarin albei tot voleinding kom onder die gesag van Christus (vgl Barth 1968:166-169). Die voorlaaste sin van sy preek sluit ook hierby aan: "Geen sonde of dood kan daar [in sy ewige koninkryk] oor ons heers nie, want ons Koning is Christus, wat alle mag verkry het oor hemel en aarde."

Dit is verder duidelik dat Kálmán II ook binne die raamwerk van die regverdigingsleer van die Reformasie dink, en sy woorde "... en vir u [die gemeente] het Hy ook die weg geopen na die Vader" herinner aan Luther se vraag: "*Wie kriege ich einen gnädigen Gott*?" (Lohse 1985:160) - Hoe vind ek 'n genadige God? Vir Luther (en so baie ander na hom) word dit duidelik dat daar geen pad, menslik gesproke, van ons na God is nie, want daar is alleen 'n pad van God na ons toe - in Jesus Christus. Barth beklemtoon hierdie teologie verder wanneer hy praat van die Self-openbaring van God in Jesus Christus in ons menslike geskiedenis (vgl Lohse 1985:160). Wanneer Kálmán II later in die preek sê "... want die gevalle mens is nie meer in staat om God te vind nie. Alleen God kan na die mens toe kom en hom die verlossing bring" is hy volledig in ooreenstemming met Luther en Barth.

Wanneer Kálmán II van die volk Israel sê dat hulle "... Gods Woord geken het ...." sou dit byna vertolk kon word as fundamentalisme - as 'n vereenselwiging van Gods Woord en mensewoord in die Bybel, as *identies* aan mekaar. Dit word egter later uit Kálmán II se teologiese ontwikkeling duidelik dat hy nie gedink het aan 'n identiteit nie, maar eerder aan 'n *relasie* in Christus en deur die Heilige Gees. Waarskynlik is dit te verstaan uit die manier waarop predikante dikwels praat van God se Woord in relasie tot die gelowige. Later in die preek trek hy duidelik die *relasie* met die Woord van

Christus en die werk van Christus. Hy sien verlossing in elk geval nie as iets wat gestol is in die aanhoor van die Woord nie, maar in *relasie* tot Jesus Christus.

Uit sy proefpreek is dit ook duidelik dat Kálmán II nie sy geloofsinsig en teologie uitlewer aan die *ideologie* nie. Dit word bevestig wanneer hy sê "Die meeste mense soek dit [die oplossing vir die probleme van die dag] onder die vlag van een of ander politieke beweging, ons Christene verkondig egter, dat ons geen ander Verlosser ken as Gods eniggebore Seun, Jesus Christus."

Die eksistensiële appèl wat Kálmán II aan die einde van sy proefpreek rig, is baie goed, maar dit bly duidelik 'n beslissing wat volledig binne die raamwerk val van die "aan Christus behoort". Die krag, die geloof van die mens, kom van God alleen. Die verlossing kom volledig van Christus alleen. Daarom: om aan Christus te behoort, is die belangrikste.

Samevattend kan daar gesê word dat Kálmán II se proefpreek aanvanklik die hermeneutiese invloed toon van die Reformasie, veral van Calvyn, in die noue verband wat bestaan tussen Skrif en Woord van God. Die Post-Reformasie het hierdie verband soms in fundamentalisme laat verval wat uitgaan van 'n identiteit tussen Woord van God en woord van die mens in die Bybel. Daar is dus nie kennis geneem dat Calvyn laat in die Institusie die Woord van God identifiseer met Christus nie. Kálmán II hanteer die Reformatoriese invloed wat hy reeds vanaf sy opleiding in Hongarye sy eie gemaak het, baie duidelik ook in noue verband met die Barthiaanse teologie waarin die Woord van God baie sterk in *relasie* gebring word met die Self-openbaring van God in Jesus Christus in die geskiedenis. Barth onderskei 'n drievoudige vorm van die Woord van God: die verkondigde Woord, die Skrifgeworde Woord en die Mensgeworde Woord (vgl Barth 2008:88-125). Daar sal opgemerk word dat Kálmán II se teologie binne hierdie verstaanshorison beweeg.

Op uitnodiging het Kálmán II in die tydperk tussen sy proefpreek en die hantering van sy toelating deur die Algemene Kerkvergadering, 'n aantal eredienste gelei in verskeie gemeentes aan die Witwatersrand en sodoende waardevolle preekervaring opgedoen. Hy en Mieke het meestal per trein gereis en gewoonlik na afloop van die erediens by 'n kerkraadslid middagete

geniet. So is daar nader kennis gemaak met die tipiese van die Afrikaner se huislike lewe en gewoontes.

Die rapport van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering oor sy hantering van Kálmán II se saak is volledig in die agenda vir die 49 ste Algemene Kerkvergadering, wat vanaf 8 Maart 1951 in die kerkgebou van die Gemeente Pretoria vergader het, opgeneem. Dit het op Dinsdag 13 Maart aan die orde gekom en lui soos volg:

> U kommissie het gedurende 1949 briewe ontvang van vooraanstaande persone in Holland waarin gevra is of ons nie behulpsaam kan wees om die heer Kalman Papp, 'n Hongaarse student in die teologie, na die Unie kan laat kom nie, aangesien die Kommunistiese regering van Hongarye sy uitlewering geëis het, en Nederland verplig sou wees om aan die eis te voldoen. Daar die saak volgens die briewe uit Holland spoedeisend was, kon nie op 'n vergadering van u kommissie daaroor besluit word nie, en het die Voorsitter en scriba van u kommissie na raadpleging met soveel lede van die kommissie as wat moontlik was, vertoë tot die owerheid gerig om die heer Papp as tydelike immigrant toe te laat. Dit is egter duidelik gestel dat die kerk hierdeur geen verpligting op hom geneem het om die heer Papp as predikant van ons kerk te aanvaar nie. Die bedoeling was alleen om hom uit die kloue van die kommuniste te red omdat hy in lewensgevaar verkeer het. Van die heer Papp is later 'n aansoek ontvang om proponents-eksamen af te lê. U kommissie het egter besluit om die saak na u te verwys om 'n beslissing te neem.
>
> (Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Agenda 1951)

Die notule gee die vergadering se handelinge soos volg weer:

> Punt 24 van die Rapport van die H.E. Algemene Kommissie,

> betreffende student Papp, word vir bespreking oopgesit. Die Vergadering keur die handelswyse van die H.E. Alg. Kommissie goed, en besluit om die heer Papp tot ons ~~Kerk~~ toe te laat. Die heer Papp spreek sy dank en waardering uit dat die H.E. Alg. Vergadering hom op so 'n hartlike en gulle wyse hier ontvang het.
>
> (Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Notule 1951)

Kálmán II, wat hierdie gedeelte Algemene Kerkvergadering bygewoon het, onthou dat daar nie 'n baie lang bespreking oor die aangeleentheid gevoer is nie. Professor B Gemser het aan die hand van 'n Skrifgedeelte (Die gelykenis van die barmhartige Samaritaan) wat hy aan die vergadering voorgelees het, 'n sterk pleidooi ten gunste van sy toelating gelewer en daarna só voorgestel. Die notule vermeld nie dat daar enige teenstemme was nie.

### 5.4.2 Preekwerk in Kaapstad

Volgens die notule van die kerkraadsvergadering van 11 Februarie 1951 van die gemeente Kaapstad (vgl NHK Argief G111 1/1/1), is daar verlof aan dominee A Brandt toegestaan vir die drie weke direk na afloop van die Algemene Kerkvergadering. Die notule lees verder: "Aangesien geen Predikant of Proponent gedurende dié tyd beskikbaar is nie sal daar geen diens gehou word tussen 11 Maart en 8 April, albei datums ingesluit nie". Dominee Brandt het Kálmán II egter tydens die Algemene Kerkvergadering ontmoet en hom genader om die eredienste op 18 en 25 Maart en 1 en 8 April in Kaapstad waar te neem en hy het ingestem. Hy is per trein Kaap toe en het in die huis van die Brandts tuisgegaan waar Brandt se moeder, die bekende skrywer mevrou Johanna Brandt, weduwee van dominee L E Brandt en dogter van dominee N J van Warmelo, vir hom gesorg het. Kálmán II en Tant Hansie, soos sy bekend was, het gereeld smiddae in Claremont gaan stap en oor onder andere die oosterse filosofie gedebatteer. Die notule van die kerkraadsvergadering van 26 April 1951 bevestig dat Kálmán II gedurende die afwesigheid van dominee Brandt die eredienste waargeneem het (vgl

NHK Argief G111 1/1/1). Dominee en mevrou Brandt het na sy aftrede in 1968 in Vishoek gaan woon. Kálmán III het in 1979, toe hy sy nasionale diensplig as kapelaan in die Suid-Afrikaanse Vloot te Simonstad verrig het en aan die gemeente Wynberg gekoppel was, nog by hulle huisbesoek gedoen. Die Brandts het later na Kanada geëmigreer.

Die gemeente van Kaapstad het grotendeels uit Nederlanders bestaan en hulle het Kálmán II hartlik ontvang. Die bekende joernalis, skrywer en politikus, Harm Oost, wat in daardie stadium lid van die Volksraad was, het Kálmán II na afloop van sy eerste optrede in die gemeente genooi om ‘n parlementsitting by te woon en saam met hom middagete in die eetsaal van die Parlement te kom geniet. Kálmán II het op uitnodiging ook by meer as een geleentheid by ‘n ene ouderling M A van Noorden en sy gesin besoek afgelê waartydens daar heerlik gekuier en musiek gemaak is.

### 5.4.3 Proponentseksamen

By sy terugkoms in Pretoria ontvang Kálmán II ‘n brief van die skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering waarin hy opgeroep word vir die proponentseksamen wat om 10:00 op 18 April 1951 in die saal van die gemeente Pretoria afgeneem sal word. Hy word na artikel 226 van die Kerkwet verwys waarin die stof waaroor hy geëksamineer sal word uiteengesit word en meegedeel dat dominees Mulder en Van Rensburg aan hom die hoofstukke wat hy in die Ou- en Nuwe Testament moet voorberei, sal gee. Die dokumente, soos deur die Kerkwet vereis, moet dadelik aangestuur word en hy moet in swart geklee wees vir die eksamen en ‘n wit strikdas aanhê (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 1).

Een van die dokumente wat Kálmán II volgens Artikel 227 van die *Wet van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika* moes indien, was ‘n "... bewys dat hy met goeie resultaat ‘n kursus in spreekles gevolg het by ‘n erkende deskundige" (Kerkwet 1937:69). In ‘n skrywe van die Departement Spraakterapie van die Universiteit van Pretoria, gedateer 5 Februarie 1951, verklaar die lektrise " ... dat Mnr. K. PAPP deeltyds die kursus *Stemvorming en Spraakverbetering* meegemaak het. Hy moes stry teen byna onoorkomelike moeilikhede, en sy uitspraak en tongval bly soms nog vreemd, tog het hy

met goeie gevolg die toets afgelê" (NHK Argief K2 5/4 Deel 1). Hierdie vreemde uitspraak, wat in die meeste gevalle as Nederlands beskryf is, sou Kálmán II sy lewe lank bybly.

Kálmán II moes ook " ... 'n bewys van goeie sedelike gedrag tot bevrediging van die Kommissie" indien (Kerkwet 1937:70). Hierdie bewys is op 17 April 1951 gesamentlik uitgereik en onderteken deur professore S P Engelbrecht, B Gemser, A S Geyser, A van Selms en H P Wolmarans en lui soos volg: "L.S. Die ondergetekendes verklaar hiermee dat sover hulle bekend die heer K. Papp onbesproke in leer en lewe is, en gee hom daarom met vrymoedigheid hierdie getuigskrif" (NHK Argief K2 5/4 Deel 3).

Volgens Kálmán II was die eksamen nie baie intensief nie. Daar is baie gekonsentreer op die Kerkgeskiedenis en die ouderlinglede van die Kommissie het 'n paar strikvrae uit die Bybel gevra. Die notule van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering berig dat Kálmán II na afloop van die eksamen eenparig toegelaat is en dat 'n Akte van Toelating tot die Evangeliebediening aan hom oorhandig is (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3). Daarna het dominee A J G Oosthuizen, namens die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, en professor S P Engelbrecht, namens die Fakulteit Teologie (Afd A), hom gelukgewens (NHK Argief K1/2 1/1/8).

Op 25 April 1951 doen dominee T F J Dreyer, skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, by die Departement van Binnelandse Sake aansoek dat Kálmán II as huweliksbevestiger vir die Unie aangestel word en word hy as sodanig met ingang 10 Mei 1951 benoem (NHK Argief K2 5/4 Dele 1 en 3).

## 5.5 Afloswerk as proponent

### 5.5.1 Gemeente Potchefstroom

Tydens die kerkraadsvergadering van 3 Maart 1951 vra dominee J G M Dreyer die kerkraad van die gemeente Potchefstroom " ... om hom drie maande verlof te gee om na Europa te gaan. Hy het vir sewe jaar lank, tydens die werk aan die vertaling van die Psalms en Gesange in Afrikaans, nie rus gehad nie en sal dit op prys stel indien die Kerkraad hom die verlof wil

gee. Indien goedgekeur sal Mnr. Papp gedurende sy afwesigheid die dienste waarneem". Nadat die kerkraad die verlof toegestaan het word daar besluit "... dat Mnr. Papp voltyds aangestel word teen £50.0.0 per maand terwyl hy die dienste waarneem" (NHK Argief G1 1/2/5). Alhoewel die tydperk van Dreyer se verlof nie genotuleer is nie, word daar aanvaar dat die verlof aan hom toegestaan is vanaf die begin van Mei tot aan die einde van Julie. In *Die Hervormer* van Julie 1951 word onder die offisiële berigte deur die skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering soos volg berig:

> Die Eerwaarde Heer K. Papp het met goeie gevolg die Proponentseksamen afgelê en is deur die Hoog-eerw. Kommissie van die Algemene Kerkvergadering beroepbaar verklaar in die gemeentes. Prop. Papp is tot Aug. '51 werksaam in die gemeente Potchefstroom. Sy adres is: P/a Bergstraat 77, Potchefstroom.
>
> (*Die Hervormer* 1951:7)

In dieselfde uitgawe verskyn daar 'n uitvoerige berig oor Kálmán II waarin hy aan die lesers bekend gestel word. Daarin word onder andere soos volg berig: " ... sedert 1 Mei ageer hy op Potchefstroom as plaasvervanger van Ds. Dreyer, wat vir drie maande op verlof is" (*Die Hervormer* 1951:7).

Die drie maande se bearbeiding van Potchefstroom word egter onderbreek deur Kálmán II en Mieke se huweliksbevestiging. Op Saterdag 2 Junie 1951 word hulle deur professor B Gemser in die kerkgebou van die gemeente Pretoria in die huwelik bevestig. Die uitnodiging, preek en huweliksertifikaat kan in die Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3). Die teksvers vir die prediking was Johannes 2:2: "En Jesus ... was ook na die bruilof genooi". Professor en mevrou Gemser, wat kinderloos was, het Kálmán II en Mieke kort na Mieke se aankoms in Suid-Afrika as hulle kinders *aangeneem* en vir baie jare 'n hegte band met hulle gehandhaaf. Hulle het ook met Mieke se moeder in Nederland gekorrespondeer. Dit was vir Kálmán en Mieke dus vanself-

sprekend dat professor Gemser hulle in die huwelik sou bevestig. Die huweliksbevestiging is bygewoon deur 'n aantal professore, predikante, medestudente en vriende, veral Nederlanders. Dirk Bruins en Dirk Talma het as getuies opgetree. 'n Beskeie onthaal is daarna deur die NHSV-tak in die kerksaal aangebied waartydens professor Gemser 'n brief van gelukwense van Mieke se moeder voorgelees het. Die familie in Hongarye is langs omweë van die huwelik in kennis gestel. Daarna het Kálmán II en Mieke per trein na Vereeniging gereis vir hulle wittebrood van 'n paar dae in die Riviera Hotel langs die Vaalrivier.

Volgens die *Origineel Huweliksregister* van die gemeente Potchefstroom, waarin sy baie sierlike en kenmerkende handskrif vasgelê is, bevestig Kálmán II op Saterdag 9 Junie, skaars 'n week na sy eie huweliksbevestiging, sy eerste van drie huwelike in Potchefstroom, naamlik dié tussen Jan Philippus Carl Nicolaas Bezuidenhout, 'n 23-jarige onderwyser van Blyvooruitzicht, en Gezina Maria Johanna Appelgrein, 'n 20-jarige klerk van Johannesburg. Die ander twee huwelike is onderskeidelik op 21 Julie en 4 Augustus bevestig (vgl NHK Argief G1 3/3/12).

Kálmán II, en later ook Mieke, het in die pastorie van die gemeente gewoon. Dominee en mevrou Dreyer se enigste seun Nic (N), was al uit die huis en André (A J G), 'n broerskind van dominee Dreyer en broer van dominees T F, H M E en die latere dominees J G M (jr) en T F J (jr), wat deur dominee en mevrou Dreyer grootgemaak is en later ook predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika geword het, was in sy laaste skooljaar. Hy het Kálmán II en Mieke met sy vader se motor soos nodig vervoer.

In Potchefstroom het Kálmán II en Mieke deeglik kennis gemaak met die boeregemeenskap. Die familie Grimbeek het veral toegesien dat hulle iets van die Afrikaner se lewe op die platteland en die boerderybedryf in Suid-Afrika te wete gekom het. By hulle het Kálmán II vir die eerste keer mampoer gedrink en sy eerste springbok geskiet. Sy vermoë om die skoon mampoer te kon sluk en sy vernuf met die geweer het vir hom groot bewondering ingeoes.

Die bekende verhaal van *dominee Pap en dominee Wors* het hier sy oorsprong gehad. Dominee Dreyer en dominee Worst van die Nederduitse Gereformeerde Kerk het naamlik albei melkkoeie gehad wat bedags op die

kerkplein van die Hervormde Kerk gewei het. Die swartman wat vir dominee Dreyer gewerk het en waarskynlik effens onder die invloed was, het op 'n dag teen skemer by die huis aangekom en gekla dat dominee Dreyer se koei nie huis toe wil kom om gemelk te word nie. Kálmán II en André het toe gaan help en die koei met groot moeite in die erf en stal ingedwing. Die swartman het egter die volgende oggend tot sy groot ontsteltenis agtergekom dat dit dominee Worst se koei was wat hulle by die woonerf en stal ingeforseer en gemelk het. Hierdie insident het baie gou in die gemeenskap bekend geword en daar is lank daarna nog met Kálmán II gespot omdat 'dominee Pap dominee Wors se koei gesteel het'.

Omdat Kálmán II slegs verantwoordelik was vir die waarneem van eredienste, begrafnisse, huweliksbevestigings en die hantering van nood-gevalle, het hy genoeg tyd tot sy beskikking gehad om ook 'n bietjie te skilder en sodoende iets vir die versiering van 'n toekomstige pastorie te hê. Sonder dat hulle daarvan bewus was, het Kálmán II twee van die Dreyers se skilderye nagemaak - iets waarmee mevrou Dreyer glad nie ingenome was nie. Hierdie skilderye het vir jare Kálmán II en Mieke se pastorieë en aftree-huis versier.

Terwyl Kálmán II in Potchefstroom was, is hy gevra om 'n roudiens te hou vir 'n Hongaar wat daar oorlede is. Die diens is egter in Johannesburg gehou aangesien die oorledene veras moes word en daar nie 'n krematorium in Potchefstroom was nie. By hierdie geleentheid het hy kennis gemaak met 'n aantal Hongare, onder andere József de Szabó, 'n landbou-ingenieur wat in Vereeniging gewoon het. De Szabó het reeds in die laat dertigerjare na Suid-Afrika geëmigreer. Hy is uit die dorpie Tiszaföldvár in die suid-ooste van Hongarye afkomstig, waar sy voorouers vooraanstaande lidmate van die plaaslike gemeente van die Hongaarse Hervormde Kerk was. De Szabó het lewenslank kontak met sy tuisdorp en gemeente in Hongarye behou en gereeld sy maandelikse offergawe aan hulle bly stuur. Tydens die Tweede Wêreldoorlog is hy in Baviaanskloof geïnterneer. Gedurende hierdie tyd het hy van naderby kennis gemaak en homself vereenselwig met die geskiedenis en taal van die Afrikaners. De Szabó het Kálmán II tydens die roudiens ver-soek om vir die Hongaarse gemeenskap in Johannesburg maandeliks 'n ere-

diens te hou. Hy het kort daarna daarmee begin en tot lank na sy aftrede in 1991 daarmee volgehou. Die kerkrade van die gemeente Johannesburg en later ook dié van die Nederlandssprekende gemeente het hulle kerkgeboue daarvoor beskikbaar gestel. Kálmán II het tydens die roudiens ook kennis gemaak met Lájos Szöke, die latere peetpa van De Szabó se dogter Mária. Hy het tydens Szöke se egskeiding as tolk opgetree en hom in 1954 weer met ‘n welgestelde weduwee van Potchefstroom in die huwelik bevestig (vgl Papp, W 1951-1979:3).

Aangesien dominee J G M Dreyer op 4 Augustus, die dag waarop Kálmán II sy derde huwelik op Potchefstroom bevestig het, ook ‘n huwelik daar bevestig het, het Kálmán II se dienste te Potchefstroom waarskynlik op hierdie naweek ten einde geloop (vgl NHK Argief G1 3/3/12).

### 5.5.2 Gemeente Witbank

*Die Hervormer* van September 1951 berig onder die offisiële berigte die volgende: "Proponent Kalman Papp bearbei tydelik die gemeente van Witbank wat vakant geword het weëns die vertrek van ds. le Roux na Hartebeestspruit" (*Die Hervormer* 1951:9) Volgens die notule van die vergadering van 4 Augustus 1951 van die kerkraad van die gemeente Witbank het dominee L M le Roux op Sondag 4 Augustus sy *Akte van Ontslag* ontvang met die oog op sy vertrek na die gemeente Hartebeestpoort (vgl NHK Argief G62 1/1/2). Daar word aanvaar dat Kálmán II kort daarna met die bearbeiding van die gemeente begin het.

Op 30 Augustus 1951 het Kálmán II op versoek van professor A S Geyser ‘n boekresensie vir die *Hervormde Teologiese Studies* (HTS) oor die werk *Omgang met zieken* van A J C van Seters (*HTS* 8/2, 1952:89-90) aan professor S P Engelbrecht gestuur. In die begeleidende skrywe deel hy die professor onder andere soos volg mee:

> Die mense is besonder vriendelik en lief. Gister het ek die vergadering van die jongeliede toegespreek. Vandag moet ek by die armsorg se vergadering aanwesig wees. Saterdag kom die kerkraad saam om te beroep en ook om miskien af

> te stig. Dus werk is hier genoeg, maar ons is gelukkig albei gesond.
>
> (NHK Argief P1 2/1)

Op 1 September beroep die kerkraad dominee C S van H Steenekamp van Rustenburg, maar hy aanvaar nie die beroep nie (vgl NHK Argief G62 1/1/2).

Kálmán II en Mieke het in die pastorie van die gemeente gewoon. Omdat hulle geen meubels gehad het nie, moes die noodsaaklike meubelstukke by goedgesinde lidmate geleen word. Die ouderlinge van die gemeente het gehelp met vervoer wanneer dit nodig was, onder andere na Ogies vir die buitedienste wat dáár gehou is. ‘n Nederlandse lidmaat van die gemeente, mnr C G (Cor) de Groot, wat later ‘n belangrike medewerker was aan die Kerk se kategesehandleidings en Inspekteur van Onderwys geword het, het Kálmán II en Mieke op ‘n uitstappie geneem na die nabygeleë Botshabelo Sendingstasie waarvan hy die hoof was. ‘n Ander lidmaat het hulle weer vir ‘n besoek aan een van die steenkoolmyne geneem (vgl Papp, W 1951-1979:3).

Uit Mieke se dagboek van hierdie tyd word afgelei dat hulle aanpassing in Witbank maar moeilik was. Die rook van die myne en fabrieke en die rooi stof wat deur die Augustuswinde rondgewaai is, het hulle glad nie beïndruk nie. Wat veral vir hulle vreemd was, was die oninspirerende boustyl van die geboue en woonhuise en die verbeeldinglose versiering van die binnekant van die huise. Tog het die mense hulle hartlik ontvang en goed behandel. Hier het hulle ook kennis gemaak met die gesin van Cor Vermaas, ‘n musiekonderwyser en ook orrelis van die gemeente, by wie hulle gereeld aan huis gekom het en met wie hulle dikwels saam musiek gemaak het. Die gedenkblad wat uitgegee is tydens die viering van die gemeente se dertigste bestaansjaar, berig soos volg hieroor:

> Vir ‘n tydperk van tien maande was die Gemeente vakant. Dit was egter ‘n voorreg om gedurende hierdie tyd ‘n prediker in die persoon van Ds. Kalmann Papp hier te hê. Saam met ons orrelis, mnr. Cor Vermaas, wat toe ook as immigrant in Suid-

> Afrika uit Nederland aangekom het, het Ds. en Mev. Papp gesorg vir menige aangename musiekaande wat nie lig deur ons Gemeente vergeet sal word nie.
>
> (Nederduitsch Hervormde Gemeente Witbank 1957:15)

Gedurende September is Kálmán II en Mieke genooi vir ‘n besoek aan die gemeente Krugersdorp wat in die proses was om ‘n medeleraar vir dominee W F H Huyzers te beroep. Kálmán II en Mieke het per trein gereis en by die gesin Bolton tuisgegaan. Hierdie besoek het later uitgeloop op Kálmán II se eerste beroep.

Tussen 24 September en 9 Oktober het Kálmán II en Mieke ‘n jeugkamp by die Vaalrivier in Vereeniging bygewoon en ook ‘n besoek aan die De Szabó’s gebring. De Szabó het Kálmán II in hierdie tyd op aanbeveling van professor Gemser ook na ‘n hartspesialis in Pretoria geneem, omdat daar vermoed is dat daar dalk iets met sy hart verkeerd was. Gelukkig was alles in orde en die dokter het terselfdertyd ook bevestig dat Mieke swanger was. Tydens hulle besoek aan Vereeniging het Kálmán II en Mieke ook hulle eerste van vele gesamentlike optredes met die viool en klavier by ‘n byeenkoms van die Vroue Moedersbond gehou (vgl Papp, W 1951-1979:3).

Die notules van die kerkraadsvergaderings van Witbank maak geen melding van die tydperk van sy diens in Witbank nie en sy naam word in slegs een notule vermeld naamlik in dié van die vergadering van 27 Oktober 1951 (vgl NHK Argief G62 1/1/2). Daarin word genotuleer: "Prop. Papp spreek sy teleurstelling uit in die onbekwaamheid van Katkisante by die aanneme en hoop dat in die toekoms strenger opgetree sal word". Volgens die *Origineel Huweliksregister* van die gemeente Witbank het Kálmán II ook drie huwelike te Witbank bevestig naamlik een op 8 September en twee op 6 Oktober 1951 (vgl NHK Argief G62 3/3/4). Gedurende Oktober het Kálmán II en Mieke hulle eerste Predikante- en Predikantsvrouevergaderings in Pretoria bygewoon (vgl Papp, W 1951-1979:3).

## 5.6 Bedieningstyd in die gemeente Krugersdorp

### 5.6.1 Die eerste dekade

#### 5.6.1.1 Die skepping van 'n tweede predikantstandplaas

Sedert 1949 het drie sake die besprekings tydens die kerkraadsvergaderings van die gemeente Krugersdorp oorheers: die oprigting van 'n tweede pastorie, opknapping van die kerkgebou en afstigting van 'n nuwe gemeente.

Oor die oprigting van 'n tweede pastorie berig die notule van die kerkraadsvergadering van 5 Februarie 1949 soos volg: "Na 'n lang, lewendige en belangrike bespreking waarin verskillende voorstelle bespreek en verwerp is word besluit dat die Fin. Kom. opdrag kry om uit te sien na 'n standplaas waarop 'n behoorlike pastorie gebou kan word en dan aan die eerste Kerkraadsvergadering te rapporteer" (NHK Argief G18 1/1/3). By hierdie vergadering, wat op 2 April 1949 plaasgevind het, het die Finansiële Komitee egter aanbeveel dat die bestaande pastorie in de Wetstraat eerder vergroot moet word. Die kerkraad het toe besluit dat die saak na die gemeente-vergadering, wat op dieselfde dag gehou is, verwys moet word (vgl NHK Argief G18 1/1/3). Die gemeentevergadering het soos volg besluit : "Die voorstel om grond te koop en die Pastorie saak in die hande van die Kerkraad te laat word met meerderheid van stemme aangeneem" (NHK Argief G18 1/1/6). Op 30 April 1949 besluit die kerkraad "om eers die perseel op die hoek van Begin en Bodenstein Strate te besien en dan te besluit. Na besigtiging word eenparig besluit om die Fin. Kom. opdrag te gee om dadelik die perseel en die aangrensende perseel van Br. Grobler aan te koop en planne te laat optrek vir 'n pastorie vir voorlegging by die nagmaalviering in Junie a.s." (NHK Argief G18 1/1/3). Op 17 September besluit die kerkraad om die planne na 'n boukoummissie te verwys (vgl NHK Argief G18 1/1/3). Op 1 Oktober van dieselfde jaar word die gemeente tydens 'n gemeentevergadering op die hoogte van verwikkelinge gebring (vgl NHK Argief G18 1/1/6).

Op 14 Januarie 1950 besluit die kerkraad egter dat die kerkgebou eers opgeknap moet word voordat daar met die oprigting van die nuwe pastorie begin word en op 17 Junie 1950, nadat die kerkraad daarvan kennis

geneem het dat die aankoop van die erwe vir die nuwe pastorie asook die opknapping van die kerkgebou afgehandel en betaal is, word 'n nuwe bou-kommissie aangewys om met die oprigting van die pastorie voort te gaan. Die oprigting van 'n dubbelverdieping pastorie word tydens die volgende kerk-raadsvergadering op 16 September 1950 goedgekeur. Die firma *Bosman en Neethling* word as argitekte aangestel (vgl NHK Argief G18 1/1/3).

Tydens dieselfde vergadering besluit die kerkraad ook om by die gemeentevergadering aan te beveel dat daar nie afgestig word nie maar 'n tweede predikantstandplaas geskep word (vgl NHK Argief G18 1/1/3). Op 30 September 1950 keur die gemeentevergadering die aanbeveling van die kerkraad goed en "gee opdrag aan die Kerkraad om onmiddellik voort te gaan met die beroep van 'n tweede leeraar" (NHK Argief G18 1/1/6). Beide proponent J M Labuschagne én dominee J A P Van Tonder van Cathcart-Dordrecht, wat onderskeidelik op 10 Desember 1950 en 10 Februarie 1951 beroep is, het egter hulle beroepe bedank. Tydens die vergadering van 10 Februarie ontvang die boukommissie ook opdrag om tenders vir die nuwe pastorie aan te vra, die erwe gelyk te maak en drie terrasse te laat aanbring. Afstigting is weer tydens die vergadering van 31 Maart 1951 oorweeg, maar daar is tog oorgegaan tot die beroep van dominee S E Young van Zeerust (vgl NHK Argief G18 1/1/3). Hy het egter ook die beroep bedank en die tweede standplaas van die gemeente Krugersdorp was dus nog nie gevul toe die eerste vergadering van die Ring van Krugersdorp op 15 Mei 1951 in die kerkgebou van Krugersdorp gehou is nie (vgl NHK Argief R18 1/1/1). Die gemeente het intussen met die bouwerk aan die nuwe pastorie begin:

> As bouaannemers is aangestel die pasgestigte Weeshuis-bouers, wat net soos die Weeshuispers (N.H.W.-Pers) 'n ekonomiese onderneming van die Weeshuis was en ge-spesialiseer het in die oprigting van kerkgeboue en pastorieë. Die eerste kerkgebou wat hulle opgerig het was die kerk van Vliegepoort (Thabazimbi) en die eerste pastorie was dié van Krugersdorp in Bodensteinstraat.
>
> (Papp, K 1991:51)

Die Weeshuisbouers en Weeshuispers was ondernemings wat deur mnr A B van N Herbst, destydse hoof van die Jac Van Belkum Kinderhuis en kassier van die gemeente Krugersdorp, op die been gebring is om die kinderhuis op ‘n ekonomiese grondslag te plaas en vir kinders van die tehuis werk te skep. Die Weeshuisbouers het die pastorie van Krugersdorp op die basis van koste plus 10% gebou. Die kerkraad het egter aanvanklik nie geweet wat die presiese oprigtingskoste sou wees nie. Dit het later geblyk dat dit baie meer was as wat verwag is en dit het tot groot spanning in die gemeente gelei.

#### 5.6.1.2 Beroep, ontvangs en ordening

Op 22 September 1951 word Kálmán II na die gemeente Krugersdorp beroep as medeleraar vir dominee Huyzers teen ‘n traktement van £600, ‘n lewens-kostetoelae van £208 en ‘n reistoelae van £250 per jaar (vgl NHK Argief G18 1/1/3). Volgens die notule van die kerkraadsvergadering het hy onder die voorgestelde kandidate, wat nie vermeld word nie, " ’n baie groot meerder-heid behaal" (NHK Argief G18 1/1/3). Aangesien dit sy eerste beroep was, het hy dit uit die aard van die saak aangeneem.

Nadat daar op 1 November van die gemeente Witbank afskeid geneem is, is Kálmán II en Mieke deur mnr Herbst met sy Buick motor na Krugersdorp gebring. Aangesien die gemeente op daardie stadium oor slegs een pastorie beskik het, is hulle tydelik in die Windsor Privaat Hotel ge-huisves. Kálmán II het die moederskamer van die kerkgebou voorlopig as studeerkamer gebruik (vgl Papp, W 1951-1979:3).

Die uitnodiging van die kerkraad van die gemeente Krugersdorp, waarvan ‘n eksemplaar in Kálmán II se persoonlike lêer gevind kan word, bevestig dat Kálmán II en Mieke op Vrydagaand 2 November 1951 om 19:30 in die gemeente ontvang is (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3). Die Sondagskool het aan Kálmán II en Mieke Bybels en Psalm- en Gesangboeke geskenk (vgl Papp, W 1951-1979:3). Volgens die uitnodiging is Kálmán II op Saterdag-middag 3 November 1951 om 15:00 deur professor S P Engelbrecht georden en bevestig en nie op Sondag 4 November 1951, soos wat dit in die *Akte van Bevestiging* aangedui word nie. Dit is ook nie duidelik waarom daar nie ‘n *Akte van Ordening* uitgereik is nie. Beide is waarskynlik bona fide foute aan

die kant van die skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Kálmán II het op Sondag 4 November sy *intreerede* gelewer (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3). Professor A van Selms en vier ander predikante was teenwoordig. Die volledige intreepreek lui soos volg:

Lees: Handelinge 17:1-9
Teks: Handelinge 17:6b

'Die mense wat die wêreld in opstand bring, hulle het ook hier gekom'.

Hierdie opmerking is een van die mees brutale uitsprake van die mens. Brutaal nie alleen omdat dit 'n valse beskuldiging is nie, maar veral omdat hierdie beskuldiging veel meer op hulle pas wat dit skreeu as op hulle wat daarmee beskuldig word. Maar so is nou eenmaal die mens. Hy is gou-gou bereid om iemand te beskuldig en hy denk nie daaraan, dat hyself baie erger is as die beskuldigde. Dit is die houding van die Fariseër, wat die splinter uit die oog van ‘n ander wil uithaal, maar die balk wat in sy eie oog is nie eers opmerk nie.

So handel nou die ongelowige Jode in die Sinagoge van Tessalonika. Die ongeloof en hulle eie sonde verblind hulle oë en so gaan hulle die Apostels uitskel as mense wat die wêreld in opstand bring. Maar wie is nou eigenlik in opstand, die Apostels of die Jode? En teen wie is die opstand gerig waaroor hier gepraat word? Op hierdie vrae sal ons probeer in hierdie uur 'n antwoord te gee.

Na die voltooing van die skepping het daar 'n volkome vrede geheers oor die aarde. God en die hele geskape wêreld het in 'n harmonie geleef, sonder probleme, sonder botsings en oneenighede. En daar het rus geheers oor die aarde. Maar hierdie salige rus en vrede is plotseling verbreek toe daar 'n opstand gekom het teen God. Die Satan het op-

gestaan teen die wil van God en die harmonie van die heelal verbreek. En daarmee het die ellende in die wêreld gekom. Want die groot oproermaker, die Satan, was nie daarmee tevrede dat hy tussen Gods engele 'n suksesvolle opstand gemaak het nie, maar hy wou hierdie opstand uitbrei en die hele wêreld ophits teen Gods gesag. En dit het hom ook geluk, want die eerste mensepaar het na sy eerste poging ongehoorsaam geword aan Sy Heer en Skepper. En die werk van die ou oproermaker was so grondig, en die gif van die verderf was so diep in die eerste mens deurgedring, dat daardeur die hele mensdom besmet geword het en die opstand hoe langer hoe groter geword het teen God. Hy word nie meer erken as die eenigste God nie, en teenoor Hom rys ooral die afgode op.

Maar die ergste is, dat die volk sy eie toestand heeltemaal nie besef nie. Hulle is heeltemaal nie bewus van hul eie oproermakery nie en hulle weet nie, dat hulle betrokke is in 'n wêreldwye opstand wat die Satan teen die ewige God organiseer. Hulle meen, dat hulle lewe heeltemal normaal is. Hulle het mos hulle georganiseerde kerk, waar alles netjies verloop, waar Gods Woord verkondig word. Elkeen erken daar die gesag van die hoëpriesters, elkeen loop op die weg van die tradiesie en daar is geen opstandelinge nie. Wat sou ook nou oproermakers in die gemeente soek en hoe sou 'n mens durf opstaan teen die goeie orde wat al so baie eeue bestaan en wat (soos hulle gedink het) God self ingestel het. Nee, van oproermakers en opstandelinge moet hulle niks hê nie, daardie mense moet goddelose mense wees, want in die kerk van die onveranderlike God mag ook niks verander word nie. Hierdie versteende joodse sinagoge voel homself rustig, versekerd en vreedsaam op die pad van die voorvaders. Niemand denk daaraan, dat hierdie pad is juis die pad van die ou oproermakers, van die geslag van die ou Adam.

Niemand denk daaraan, dat hierdie vrede is maar net 'n skyn, dat dit 'n buiging is voor Satan se mag, en veel eerder 'n vrede met hom is as met God.

Maar God kan hierdie vrede nie aansien nie, want dit is oorlog en opstand teen Hom, dit is die pad van die ewige verderf. En Hy stuur sy Eeniggebore Seun op die aarde, wat die regte vrede moet bring. Vrede op aarde, want hierdie oorlog teen God sal die mensdom in die verderf stort.

Vrede op aarde. Ja, maar dit kan nie eerder kom as wanneer Satan se mag verwoes is nie. Sy mag moet gebreek word en sy invloed moet uitgewis word. Hierdie vrede moet met 'n oorlogsverklaring aan die duiwelse magte begin. En hierdie heilige oorlog is met succes deur Jesus Christus gevoer. Sy Goddelyke mag was sterker as die van Satan en daarom kon Hy die regte vrede op die aarde bring. Maar hierdie boodskap van die regte vrede moet verkondig word. Die mense moet weet dat die Satan wat hulle oorweldig het, nie meer 'n onoorwinlike heer is nie. Hulle moet weet dat die groot opstand teen God schipbreuk gely het deur die krag van Gods Seun. Daarom gaan die Apostels van die Here uit en verkondig orals die groot bevryding en die koms van die ware vrede.

Maar nou gebeur daar iets eienaardigs. Die Apostels van vrede word deur die Jode (wat self opstandelinge was teen God) as oproermakers bestempel, - hulle wat die verlossing verkondig, word beskou as mense wat die wêreld in opstand bring. En as hulle êrens verskyn, klink daar die waarskuwende woord: 'pas op, want die mense wat die wêreld in opstand bring, hulle het ook hier aangekom'. Pas op, want hulle is revolusionêre elemente, vir hulle is niks heilig nie, hulle durf selfs hul stem te verhef teen die ongetwyfelde en heilige leer van die hoëpriesters en skrifgeleerdes. Hulle leer almal vreemde en ketterse leerstukke oor God en hul eie leier

- Jesus - was selfs so onbeskaam, dat Hy Homself uitgegee het as die Seun van die heilige en skrikwekkende God wie se aangesig geen sterweling kan aanskou nie en wat so heilig is, dat selfs sy Naam nie uitgespreek mag word nie. En hierdie Jesus neem nou die vryheid om oor Hom as My Vader te spreek. Nee, dit is vreeslik - dink die Jode - dit is Godslastering, dit is opstand. Daardie mense wat in sy naam preek is gevaarlike oproermakers. Hulle wil Gods gemeente verwoes. Hulle wil 'n nuwe kerk stig en alles omvergooi wat so veel eeue lank goed was en die leiding gegee het. Wie is hulle, dat hulle die gesag van die owerpriesters en skrifgeleerdes in twyfel durf te trek? In die gevangenis met hulle, want hulle is nie net godslasteraars en oproermakers nie, maar ook staatsgevaarlike elemente.

U sien nou hoe verskriklik gevaarlik hierdie redenasie is. Gevaarlik, want dit lyk heeltemal waar uit die oogpunt van die mense, wat hulle godsdiens tot 'n onveranderlike systeem gemaak het, en wat alle verandering as modernisme en kettery beskou.

Want ons moet aan die ander kant erken, dat Gods Woord, wat Paulus en Silas daar in Tessalonika verkondig het, werklik 'n onrusbarende boodskap is. Hierdie boodskap sit vol met gevaarlike springstowwe, wat ons hele ou wêreld met ons self kan opblaas. Daarin sit geweldige verborge kragte wat opbouend is vir hulle, wat hul bekeer, maar verpletterend is vir hulle wat oor God en Sy genade nie wil hoor nie. Ja, seker, hierdie boodskap bring opskudding en opstand, maar geensins teen God of teen ons medemense nie, maar teen die Duiwel en sy verleidelike praktyke. By die lig van hierdie boodskap moet elke mens sy ware portret aanskou, en dit is 'n groot opskudding en teleurstelling. Hierdie boodskap plaas ons onder die ewige heerskappy van God, daarom sal ons dan opstaan teen die heerskappy van die

Satan en van alle kwaad. Dit verwyder die groot kloof wat tussen ons en ons Skepper ontstaan het en bring ons deur die eenigste Middelaar in 'n direkte kontak met God. Daarom is ons religie 'n opstand teen die middelaarskap van mense en heiliges, daarom het ons ook die amp van die hoëpriesters opgeruim, want daar is maar een hoëpriester en dit is Christus self. Maar die Christendom in daardie tyd was ook in opstand teen die wrede here en slawehandelaars, want deur Christus het die afstand tussen heer en slaaf verdwyn. En ons is almal broeders in Hom. Christus se koms was 'n opstand teen die hoogmoedige houding van die sogenoemde nette en godsdienstige mense, wat hulle heeltemal geïsoleer het van die sondaars (ofskoon hulle self ook sondaars was). Want Christus het juis vir die ergste sondaars gekom om ook hulle te red. En toe Hy in die huis van 'n tollenaar ingegaan het of toe Hy met die Samaritaanse vrou gespreek het, was dit almal opstande teen die bestaande sosiale orde.

Gods Woord het dus 'n veelvuldige uitwerking in die wêreld. Vir Gods vyande is dit 'n oordeel, 'n verterende vuur. Vir hulle wat na Hom luister is dit 'n opskuddende opwekkende krag, wat 'n opstand maak teen die kwaad. En die selfde Woord is vir hom wat hom bekeer en Christus as sy eenigste Heer en Meester erken het, 'n troostende, 'n rusgewende boodskap, 'n opbouende krag, die lied van Gods liefde.

Maar Gods Woord was nie net in die tyd van die Apostels 'n opskuddende krag en bestempel as 'n opstand teen die bestaande orde nie. Want Gods Woord het vandag ook dieselfde krag en as ons dit nie voel nie, is dit 'n gevaarlike teken. 'n Baie gevaarlike teken, want dit beteken dat ons dalk in dieselfde toestand verkeer as die Jode toe tydens die geboorte van Christus. Ons hedendaagse kerke is ook nie vry van die proses van versteening en styfwording nie. Daar is baie mense vandag wat uit die christendom 'n onveilbare

leersysteem wil maak, omring met heilige mure en beskerm deur die gesag van sy leraars en doktore. Hierdie godsdienstige konserwatisme sleep 'n groot hoeveelheid onbruikbare rommel en antibybelse gebruike deur die eeue saam. En wie dit nou durf aan te raak, word dadelik as ’n oproermaker bestempel. Dink maar net aan die Hervorming. Toe die eerste Hervormers die juisheid van die bestaande gebruike in die Roomse kerk in twyfel getrek het, was hulle ook dadelik as opstandelinge bestempel en oorals in die wêreld het dieselfde waarskuwende woord geklink : 'pas op, want die mense wat die wêreld in opstand bring, hulle het hier ook gekom'.

God het my ook geroep vir die verkondiging van dieselfde boodskap en tussen U gestuur. As ek hierdie boodskap reg sal verkondig, dan moet dit vandag netsoos in die tyd van die Apostels 'n oproermakery beteken. Want Gods Woord is vandag ook in opstand teen die mag van die sonde, teen al die liefdeloosheid en haat, teen al die goddeloosheid, onregverdigheid, ongehoorsaamheid en menslike hoogmoed. Gods Woord is nie 'n dooie en kragtelose boodskap nie, of behoort dit altans in die Herv. Kerk nie so te wees nie. Want 'semper reformare debet', dit is altyd nodig om te hervorm. Met ander woorde hierdie opstand teen die Satan moet steeds weer met nuwe krag onvervals verkondig word, want in die diepte van ons wese hou ons nie van 'n opstand nie. Veel eerder wil ons 'n besadigde lewe lei. Daarom soek ons maar liewer die vrede. En omdat ons God nie so maklik tevrede kan stel nie, leef ons maar liewer in vrede met die Satan. Sy invloed en werking kan ons elke dag in ons lewe opmerk en ons doen maar liewer wat hy wil, omdat dit tog veel te swaar sou wees om teen hom te stry. Ons moet hom elke terrein toegee in die staat netsoos in die kerk. Maar so word ons vrede met hom staadig aan 'n vanselfsprekende

houding, 'n tradisie. 'n Tradisie wat ons as 'n deel of as ’n kenmerkende karakteristiek van ons kerk beskou en sonder kritiek aanneem. Maar die vaders van die hervorming het ons geleer, hoe ons met Gods Woord moet omgaan. Dat ons dit nie uit die tradisie of bestaande gebruike mag verklaar nie, maar dat ons terug moet gaan tot die oorspronklike tale, omstandighede en tye toe hierdie Woord as lewende Woord uitgespreek was. Hulle het ons geleer om te drink uit die bron van die lewende water wat nog nie vertroebel is deur duisende mensehande nie. Maar hierdie onvervalste Woord is nie altyd aangenaam nie. Want dit bots ook met ons ongelowigheid, ongehoorsaamheid en liefdeloosheid. As ons hierdie Woord verkondig, dan word ons ook met Paulus en Silas tussen die opstandelinge gereken.

En tog moet ek dit en sal ek dit doen. Ek is seker daarvan, dat daar mense sal wees wat nie daarvan sal hou nie, wat die waarskuwende woord sal spreek: 'Pas op want hierdie mens, wat nuwe dinge doen en leer en daardeur oproer maak, het hier ook gekom'.

Maar as ek sooiets sal hoor, sal ek dit nie as 'n belediging beskou nie, maar veel eerder as 'n eer. Want hiertoe is ek geroep, nl. om opstand te maak, natuurlik nie teen U nie, maar teen die slegte in die mens. En daarom hoop ek, dat my prediking vir U nie 'n slaapliedjie sal wees nie, maar 'n opwekkende boodskap. En daarom vra ek u om tog maar die aktuele en lewende prediking van Gods Woord nooit as 'n opstand teen God self en teen die kerk op te vat nie. Ons moet dit sien as 'n opstand teen die sonde en die Satan, wat herhaaldelik sy gedaante verander. Ons kan nie altyd met dieselfde wapens veg nie, want hy is slim genoeg om gou-gou die teenwapen uit te vind. Maar ons Christendom moet altyd 'n beweeglike, kragtige en vindingryke christendom wees, Hy moet ons wêreld steeds tot 'n nuwe

opstand en verset prikkel en ons moet nie bang wees van die opskudding wat Gods Woord in die wêreld en in ons maatskappy bring nie.

Ontvang dus Gods Woord met liefde en verlange, want die opskudding wat dit saambring sal Gods gemeente nooit skaad nie. Selfs dan, as hierdie opskudding U eie persoon tref, of oneenigheid veroorsaak in U gesin wees nie bang nie, maar neem dan weer u Bybel en lees dit met nuwe oë. Probeer U eie mening oor Gods Woord vergeet en lees net wat God self wil sê. Laat Gods Woord ongehinderd aan die werk gaan en maak dit nie kragteloos deur u eie redenasies nie.

'Die mense wat die wêreld in opstand bring, hulle het ook hier gekom'. Hierdie sin mag vir u nie soos 'n waarskuwing klink nie, want uit hierdie opstand is die christendom gebore. Uit hierdie opstand het die Hervorming ontstaan. Wees liewer bly as U ook tussen daardie mense gereken word, wat hierdie wêreld in opskudding bring en wees waaksaam, dat hierdie opstand, wat teen alle kwaad gerig is nooit tussen U kan uitsterwe nie, maar kan werk, lewendig maak, ververs en steeds nuwe lewe bring ook in ons gemeente.

In die diens van hierdie Woord het ek by U gekom met die vertroue, dat ek tussen U baie medewerkers sal vind, wat saam met my die blye boodskap in die wêreld sal uitdra. Die boodskap wat werk soos suurdeeg, wat die slapende lede in beweging bring en laat groei, wat opstand maak, waar luiheid is, maar wat die ware vrede en rus gee vir hulle wat hul beywer vir Gods koninkryk.

Laat ons tot God bid, dat Hy ons krag gesondheid en geloof sal gee om sy heerlike werk te doen. Amen.

(NHK Argief K2 5/4 Deel 3)

Uit hierdie treffende en aktuele preek van Kálmán II, blyk dit duidelik dat hy ‘n uiters nugterdenkende en byderwetse mens was wat nie geskroom het om sy oortuigings uit te spreek nie - eienskappe wat hom sy lewe lank sou bybly. Alhoewel die Nederlandse invloed ten opsigte van taalgebruik en spelling duidelik in die preek sigbaar is, is dit net so duidelik dat Kálmán II op daardie stadium reeds die Afrikaanse taal binne 'n relatief kort periode baasgeraak het.

Tydens ‘n spesiale kerkraadsvergadering wat op dieselfde dag gehou is, besluit die kerkraad "dat ‘n lening, vir die bedrag wat ‘n ligte kar sal kos aan Ds Papp (geleen) toegestaan word. Die kar waarna navraag gedoen is sal iets oor die £700 kos. Die lening moet in maandelikse paaiemente terug betaal word. Die Fin Komitee word opgedra om die saak op die beste manier te reël" (NHK Argief G18 1/1/3). Met die hulp van mnr Herbst het Kálmán II toe sy eerste motor, ‘n Opel Kapitan, by Tommy Martin Motors aangeskaf. Sy bestuurderslisensie, waarvan ‘n duplikaat in sy persoonlike lêer in die Argief-bewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind kan word, het hy eers op 30 November 1951, na die derde poging gekry (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3). In dieselfde tyd het hy ook ‘n 35mm Minolta kamera aangekoop, die eerste van vele wat hy met verloop van jare aangeskaf het, en begin met sy eerste en belangrikste stokperdjie naamlik fotografie. Die kombuis van die kerkgebou is as tydelike donkerkamer ingerig en daarin het Kálmán II sy eerste films ontwikkel en sy eerste foto-afdrukke gemaak (vgl Papp, W 1951-1979:4).

#### 5.6.1.3 Die eerste twee maande

Op die Sondag ná sy ordening en bevestiging, bedien Kálmán II vir die eerste keer nagmaal in Suid-Afrika - nie in sy eie gemeente nie, maar in die gemeente Roodepoort. Die volledige preek kan in sy persoonlike lêer gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3). Volgens die *Origineel Huweliksregister* van gemeente Krugersdorp bevestig hy op die Saterdag daarna, op 17 November 1951, sy eerste huwelik in Krugersdorp naamlik dié tussen Marthinus Jacobus Lubbe (24) en Anna Elizabeth Erasmus (19) (vgl NHK Argief G18 3/3/11) en op die volgende dag hou hy sy eerste buitediens te

Boons. Die gemeente het in daardie dae elke Sondag drie eredienste gehad - oggend- en aanddienste in die kerkgebou in die dorp en smiddags 'n buitediens iewers in die distrik. Kálmán II het aanvanklik die meeste buite-dienste waargeneem sodat hy ook met die boeregemeenskap kennis kon maak (vgl Papp, W 1951-1979:5).

Volgens die doopregister bedien Kálmán II vir die eerste keer die doop in Krugersdorp op Sondag 2 Desember 1951 aan nege kinders: Gesina Maria Botha, Hendrina Johanna Botha, George Ward Marais, Yvonne Louisa Marais, Petronella Maria Olivier, Gideon Andries Jacobus Swanepoel, Aletta Elizabeth van der Merwe, Susara Johanna Catharina van der Merwe en Jacobus Cornelius van Dyk (vgl NHK Argief G18 3/1/2).

In dieselfde maand het Kálmán II en Mieke ook die eerste Gelofte-fees te Paardekraal bygewoon. Dominee Huyzers was in daardie jaar voor-sitter van die Geloftefeeskomitee en Frank Joubert, eienaar van die Windsor Privaat Hotel en lidmaat van die Gereformeerde Kerk, was die laerkomman-dant. Hulle, asook Herbst, het toegesien dat Kálmán II en Mieke van meet af aan by die Geloftefeeste betrek word. Hulle het daarna elke jaar getrou die vroeë oggenderediens om 05:00 op 1 Desember te Pretoriuskraal asook die feesvieringe gedurende die week van 16 Desember te Paardekraal byge-woon en Kálmán II het in die volgende jaar die erediens gelei. Hy sou ook later lid en voorsitter van die Geloftefeeskomitee word en selfs as hoof-spreker by die fees optree (vgl Papp, W 1951-1979:5).

Kálmán II het homself, in teenstelling tot baie ander immigrante, van die begin af volledig met die lotgevalle van die Afrikaner vereenselwig en homself met hart en siel in dié volk se wel en wee ingegrawe. Hy het homself gou met die geskiedenis van die Afrikaner vertroud gemaak en baie na-vorsing daaroor gedoen, veral oor die gelofte van Paardekraal. Oor die oorsprong van hierdie gelofte het hy later 'n insiggewende artikel vir die *Hervormde Teologiese Studies* geskryf. Hy was sy lewe lank baie trots daarop dat hy vir menige Afrikaner iets oor hulle eie geskiedenis kon leer.

Aangesien Kálmán II en Mieke met niks behalwe enkele persoonlike besittings in die land aangekom het nie, het hy uit noodsaak baie gou met sy tweede stokperdjie, naamlik houtwerk, begin. Hiermee het hy reeds in sy

kinderjare kennis gemaak en hy het homself oor die jare heen bekwaam as 'n uitstekende meubelmaker. In Desember 1951 het hy reeds sy eerste meubelstukke vervaardig in die motorhuis van een van sy diakens, Boet Zietsman, terwyl dié met vakansie was - 'n soliede koffietafel vir die sitkamer van hulle toekomstige pastorie en 'n pragtige lampstaander (vgl Papp, W 1951-1979:5). In sy eie aftreehuis en in die huise van al sy kinders en talle vriende en kennisse pryk daar vandag steeds talle meubelstukke en ander items wat deur hom vervaardig is.

Op Kersdag van 1951, na afloop van die oggenddiens wat destyds om 05:00 in Krugersdorp gehou is, het Kálmán II vir die eerste keer nagmaal bedien aan die Hongaarse gemeenskap van die Witwatersrand in die kerkgebou van die gemeente Johannesburg. Kersaand is by die Gemsers in Pretoria deurgebring. Tydens die erediens op oujaarsaand, wat om 23:00 gehou is, neem Mieke, ten spyte van die feit dat sy slegs klavieropleiding gehad het, as orrelis waar vir mnr Sarel Holtzhausen wat met verlof was. Holtzhausen, wat lidmaat van die Nederduitse Gereformeerde Kerk was, was 'n onderwyser by die plaaslike Hoërskool Monument. Mieke sou haarself later bekwaam as orrelis en die amptelike orrelis van die gemeente word (vgl Papp, W 1951-1979:6).

Aan die begin van 1952 ontvang Kálmán II en Mieke 'n briefie van professor H W Obbink, een van sy leermeesters in Utrecht, in antwoord op 'n kerskaartjie wat Mieke aan hom gestuur het. Obbink dra daarin sy goeie wense vir 1952 aan hulle oor en spreek die vertroue uit dat Kálmán II sy doktorale studie sal deurvoer (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3).

#### 5.6.1.4 Werksverdeling tussen die predikante

Op 5 Januarie 1952 word Kálmán II vir die eerste keer in die kerkraadsvergadering verwelkom. Tydens hierdie vergadering word 'n werksverdeling tussen die predikante goedgekeur waarvolgens dominee Huyzers die buitewyke sal bearbei en Kálmán II die dorpswyke. Kálmán II kry ook die verantwoordelikheid vir die *Jongeliede Vereniging* (vgl NHK Argief G18 1/1/3). Aan hierdie opdrag het hy hom met hart en siel toegewy. Hy het reeds op 21 Februarie 1952 'n musiek- en sangaand by die Jac van Belkum Kinderhuis

gereël waartydens hy 'n vioolsolo gelewer het en daar heerlik uit die FAK Sangbundel saamgesing is. Tydens verdere byeenkomste in 1952 is daar Bybelstudie gedoen, skyfies vertoon oor Bybelse en verwante onderwerpe en 'n lesing gehou oor kerkmusiek en -sang. In die jare daarna is daar toneel-opvoerings op die planke gebring, verskeidenheidskonserte, volkspele- en debatsaande, piekniek en braaivleis gehou en verskeie lesings aangebied. Kálmán II het die jeug ook geleer hoe om boog te skiet, te skerm, foto's te maak en skaak te speel. Hy het oor die loop van dekades oneindig baie moeite gedoen om die jeug kerklik en kultureel op te hef, die soms powere belangstelling van jongmense ten spyt.

#### 5.6.1.5 'n Lesing in pleks van 'n preek

Kálmán II het 'n lewenslange liefde en belangstelling vir die kerkmusiek gehad, en groot kennis daaroor versamel. Dit blyk duidelik uit 'n lesing wat hy op Sondag 16 Maart 1952 tydens die aanddiens van die gemeente Krugersdorp in die plek van die gebruiklike preek gelewer het. Die feit dat hy dit gewaag het om in daardie tyd 'n erediens te hou sonder om te preek, getuig van sy wyer denke en waagmoed. Kálmán II en Herbst het hierdie geleentheid geskep om mnr Willem Mathlener, wat enkele jare gelede vanuit Breda in Nederland na Suid-Afrika geëmigreer het, en op daardie stadium orrelis van die gemeente Vereeniging was, aan die kerkraad en gemeente bekend te stel. Hulle het gedink aan sy moontlike aanstelling as orrelis van die gemeente Krugersdorp, omdat Mathlener reeds daardie jare groot bekwaamheid geopenbaar het. Herbst het dit ook as 'n geleentheid gesien om kinders van die Weeshuis op te lei in musiek en sodoende die status van die Weeshuis te verhoog. Die trekpleister vir Mathlener sou nie net wees om orrelis van een van die grootste gemeentes van die Nederduitsch Hervormde Kerk met een van die beste pyporrels te word nie, maar ook om 'n goeie bykomende inkomste te verdien met musieklesse. Mathlener en drie van sy leerlinge, te wete Leen Croukamp, Gideon de Bruyn en Ina Raubenheimer, is gevolglik genooi om 'n musiekuitvoering in Krugersdorp te kom gee. Hierdie optrede sou lei tot sy aanstelling as orrelis vanaf April 1952. Kálmán II se *'n Lesing in pleks van 'n preek* lui soos volg:

Broeders en susters !

Ek het vir vandag geen tekswoord nie, nie omdat ek dit nie ernstig gesoek het nie, maar omdat ek nie so een kon vind wat my genoeg ruimte sou gee om vandag al my gedagtes uit te spreek nie.

Want hierdie aand is 'n besondere aand, wat ons wil wy aan sang en musiek. Daar is nou miskien iemand tussen u wat dink: watter ding is dit nou? Hierdie uur moet ons wy aan Gods woord en nie aan een of ander onderwerp nie. Daarom wil ek u dadelik gerusstel, dat ek dit ook weet en daarvoor sal sorg dat ons vanaand ons gedagtes deur Gods woord sal laat lei en deur sang en musiek aan Hom die eer wil gee.

Sang en musiek is in ons Hervormde gemeentes - behalwe etlike uitsonderings - baie verwaarloos. Deur 'n verkeerde reaksie het dit amper tradisie geword dat ons geen interesse vir goeie orrelmusiek, gemeentelike- en koorsang in die Kerk het nie. Ons kerkdienste is verarm en word dikwels uitgevoer sonder enige skoonheidsgevoel. Ja, op baie plekke bepaald smakeloos, vol met onstigtelike wanklanke. Die kuns is verban uit die Kerk, baie goeie Hervormers meen dat dit in die Kerk nie tuishoort nie, ja, dat dit bepaald anti-bybels en anti-hervormd is om soiets te bevorder. Wie na skoonheid en kuns verlang moet dit êrens in die wêreld soek, maar nie in die Kerk nie.

Maar het nou hierdie gedagtes enige Bybelse grondslag of word dit maar net slaafs herhaal omdat ons voorvaders dit toevallig uitgespreek het? Wat dink die Bybel self oor sang en musiek en watter plek het dit gekry in die christelike Kerk vanaf die tyd van die Apostels tot nou toe? Oor hierdie dinge wil ek vandag etlike dinge vertel.

As ons teruggaan tot die oeroue tye, dan sien ons dat

die verhouding van al die kunste tot die religie totaal anders was. Of nog beter gesê: daar was nie eers 'n verhouding nie, maar 'n eenheid. Want wat is nou eintlik kuns? Niks anders as die uitdrukkings van die diepste gedagtes en gevoelens van die mens. Hierdie gedagtes en gevoelens kan op baie maniere tot uitdrukking gebring word en dit is die oorsaak van die veelsydigheid van die kunste. Die beeldhouer probeer dit in die klei te vorm of in brons te giet, die skilder deur die kleur weer te gee, die musikus deur die klank. In wese doen almal dieselfde, nl. die onuitspreeklike tot uitdrukking te bring. Want in die diepte van die siel is daar baie verborgenheid en geheim, baie skuilende kragte, wat dikwels tot uitdrukking wil kom. Bomenslike en boaardse gevoelens wat die mens in spanning hou en hom tot dade prikkel. Die een om te spreek, die ander om te sing en te speel, sodat die innerlike drang, die skeppende krag bevredig kan word.

Nou weet ons dat die mense van duisende jare gelede veel meer godsdienstig was as ons, of beter gesê, sy hele lewe veel meer deur die godsdiens beheer was as ons lewe. Hierdie godsdiens was natuurlik 'n primitiewe, onvolmaakte godsdiens, maar sy mag was besonder groot. Die godsdiens het die hele geestelike lewe volkome beheers, sodat daar geen ander selfstandige strominge was nie. Die kuns was ook volkome ondergeskik aan die religie, of ons kan ook anders sê: dit was die religieuse mens wat deur die kuns sy idee tot uitdrukking gebring het. Daarom was godsdiens en kuns in die ou tyd een.

Soiets as wêreldse kuns het feitlik nie bestaan nie. Dink nou aan die kuns van Egipte, Assyrië, Babylonië, Israel, maar ook nog Griekeland en Rome. Die boukuns is totaal beheers deur die tempelbou. Die beeldhou- en skilderkuns produseer amper alleen godebeelde. Die gedigte is aan die godheid gewy, netsoos die lied en die musiek. Die godsdiens

beheers alles. Selfs die wetenskappe is ook onderworpe dienaars van die godsdiens. Die skryfkuns is in die oudheid feitlik net deur die priesters beoefen en ons weet dat in Europa nog in die middeleeue dieselfde toestande geheers het. Al die kunste en wetenskappe was in diens van die teologie.

In die Bybel en in die bybelse tyd was die presies dieselfde. Die godsdienstige Israeliet gebruik al die kunste om daardeur sy Heer te verheerlik. Die skone woord, die rede, die gedagte, die menslike stem en die musiekinstrumente. Alles spreek oor een ding, alles wil een ding in die verskillende vorms tot uitdrukking bring en dit is die heerlikheid, grootheid en goedheid van die Here. So lees ons dit die eerste in Eksodus, waar Mirjam en die vroue God met musiek, sang en dans verheerlik na die wonderlike bevryding uit Egipte: 'en Mirjam, die profetes, die suster van Aäron, het 'n tamboeryn in haar hand geneem en al die vroue het uitgegaan agter haar aan, met tamboeryne en in koordanse. En Mirjam het hulle al singende geantwoord: sing tot die eer van die Here, want Hy is hoog verhewe. Hy het die perd met sy ruiter in die see gewerp!'

Met musiek, sang en dans word hier die Here verheerlik en dit is ook heeltemal natuurlik. Want wat kan nou beter oor die wonderlike geheimsinnige en onbegryplike God praat as die kuns met sy wonderlike taal ?

Maar sien nou die groot kunstenaar van die Bybel, koning Dawid. Het hy nie in sy hele lewe sy God juis deur gedig, sang en musiek, geëer nie? Dink aan die geskiedenis, toe hy die ark uit die land van die Filistyne teruggebring het, hoe hy en die volk in hulle spontane vreugde God verheerlik het deur dans, musiek en sang. Ons hoor nie dat daar eindelose toesprake gehou was nie, maar wel 'Dawid en die hele huis van Israel het voor die aangesig van die Here gespeel

met allerhande instrumente van sipreshout, naamlik met siters en harpe, tamboeryne, bekkens en simbale. Daarby het Dawid met alle mag gedans voor die aangesig van die Here. So het Dawid en die hele huis van Israel dan die ark van die Here opgebring met gejuig en basuingeklank'.

Hier sit nou lewe en 'n vurige geesdrif vir die saak van die Here. So het Israel feesgevier, Israel het alles gegee wat sy kon en niks teruggehou nie.

Maar in dieselfde gees was ook die tempel deur Salomo ingewy: II Kronieke 5:11-14.

Dit was nou seker genoeg voorbeelde om te laat sien hoe die uitverkore volk oor musiek, sang en ook ander kunste gedink het. Ons vind nêrens 'n spoor dat hierdie dinge nie by die verheerliking van God pas nie. Maar ons sien juis die teenoorgestelde, nl. dat die musiek die aardse gedagtes stilmaak en tot God lei en sodoende dan die regte atmosfeer skep vir die openbaring. Ons lees dit in die geskiedenis wat vertel hoe Elisa (wat baie kwaad was op die koning van Israel) 'n openbaring van God kry vir die oplossing van die moeilikhede: 'en Elisa sê, sowaar as die Here van die leërskare leef, voor wie se aangesig ek staan, as ek nie agting gehad het vir die persoon van Josafat, die koning van Juda nie, ek sou nie na u kyk nie en u nie aansien nie. Maar bring nou vir my 'n musiekspeler. En toe die musiekspeler op die snare speel, het die hand van die Here op hom gekom en hy het gesê nou kom die goddelike openbaring wat die regte pad in die stryd gewys het'.

Maar die mag van die musiek is op 'n ander plek ook besonder hoog geskat. Hier word beskrywe dat die musiek selfs in staat is om 'n bose gees te verdryf: 1 Sam. 16:14 vlg.

Wat die Nuwe Testamentiese tyd betref weet ons nie veel oor die sang en musiek nie. Maar dit maak geen verskil nie, want in die Nuwe Testamentiese tyd vorm die Ou

Testament nog die Bybel. Die diens in die sinagoge was dieselfde as in die ou tyd, musiek en sang het hulle plek altyd behou. Naas die psalms sien ons ook nuwe liedere ontstaan soos die lofsang van Sagaria en die lofsang van Simeon. Paulus vermaan die Efesiërs met hierdie woorde: 'Spreek onder mekaar met psalms en lofgesange en geestelike liedere, sing en psalmsing in julle hart tot eer van die Here'.

In die tyd van die eerste christene bespeur ons nie veel vooruitgang in die kerkmusiek en sang nie. Die tye was daarvoor ook nie gunstig nie. Tydens die onrustige lewe van die vervolgde christene was daar geen tyd en geleentheid vir so'n ontwikkeling nie. Maar vanaf die derde eeu na Christus, toe die hele toestand so anders geword het, begin ook 'n vinnige ontwikkeling van kerksang en kerkmusiek. Daar ontstaan tallose nuwe wysies, wat dan eintlik die bekende pous Gregorius die eerste versamel en georden het.

Vanaf hierdie tyd is 'n ontsaglike ontwikkeling en verryking van die kerksang en -musiek sigbaar. Maar jammer genoeg moet ons hierdie tydperk buite beskouing laat, want die tyd is daarvoor veel te kort. Maar ons moet wel iets sê oor die tyd van die Hervorming. Luther en Calvyn moes met die tradisie van die Roomse Kerk resoluut breek. Ook in die erediens het hulle 'n ander vorm gebring. Wat het nou gebeur met die sang en musiek, wat 'n deel van die Roomse erediens was?

Die Hervorming het die Kerk tot 'n volkskerk gemaak. Die offisiële taal, die Latyn, is verander in die volkstaal en orals word hard gewerk met die vertaling van Gods woord in die lewende tale. Dit is vanselfsprekend dat die kerksang ook nie Latyn kon bly nie. Die gemeente moet sing in die moedertaal. Hierdie verandering bring nog 'n groter verandering mee, nl. dat nie net die taal nie, maar ook die musikale skat van die Kerk, dus die volkslied in die erediens 'n plek gekry het.

Wêreldse volksliedere word met 'n godsdienstige teks voorsien, want soos Luther dit uitgedruk het: 'die duiwel hoef nie al die mooi wysies alleen te besit nie'.

Hy het besonder hoë waardering gehad vir die musiek. Dit is volgens hom ' ’n skone en heerlike gawe van God en nie 'n menslike produk nie, dit verdryf die duiwel en maak die mens vrolik, 'n mens vergeet dan alle toorn, onkuisheid, hoogmoed en ander kwaad. Ek gee na die teologie die musiek die eerste plek en die hoogste eer'. Hy sien die musikale onderrig as een van die onmisbare dele van die opleiding van predikante en onderwysers.

Die invloed van Calvyn op die kerkmusiek en sang is minder belangrik as die van Luther. Hy het ook 'n groot waardering vir die musiek gehad, maar hy het tegelykertyd ook die gevare gesien. Die musikale aktiwiteite van die Switserse Hervorming is nie so breed as die van Luther nie en beperk hom feitlik alleen tot die psalms. Maar op hierdie gebied het hy wel deur sy voortreflike medewerkers soos Marot, Beza, Bourgeois en Pierre 'n onskatbare diens bewys en groot verdieping en verryking gebring.

As ons meer tyd gehad het kon ons die verdere ontwikkeling van die kerksang - en musiek in die protestantse kerke nog volg. Maar dit is van minder belang. Die belangrikste het ons wel gesê en dit is dat musiek en sang vanaf die oertyd af altyd 'n belangrike deel van die erediens was. Daar was meermale stromings wat die goeie reg van musiek en sang in die Kerk betwyfel het, maar ons het gesien dat 'n mens hiervoor in die Bybel geen grondslag vind nie. Maar daar was natuurlik ook mense wat ontdek het watter geweldige krag die musiek het. Jammer genoeg was dit meesal nie die offisiële Kerk nie, maar die sektes wat hiervan gebruik gemaak het en deur die mag van musiek en sang groot skares vir hulle doel gewen het.

Dit word langsamerhand tyd vir ons dat ons die belang van musiek en sang in ons gemeentes gaan besef en die wêreld tot God sal roep, nie net deur die gepredikte woord nie, maar ook deur die gesonge woord en deur die stemme van die musiekinstrumente. Waarom alleen deur die gesproke woord? Die ganse heelal verkondig mos die Here. Die mens moet ook deur die volle rykdom van sy vermoë Hom verheerlik, deur al die kunste waardeur hy sy diepste gedagtes, innigste gevoelens en hoogste ideale wil uitdruk. Alles alleen vir God. Soos in die gryse ou tyd, deur kuns en kennis alleen God dien. Behoort al die skoonheid tot die wêreld? Of, soos Luther gesê het: 'moet die duiwel al die mooi liedere vir homself behou?' Of is die kuns eerder Gods gawe waarmee Hy verheerlik moet word?

Ek hoop dat ek vir u in hierdie uur die verhouding tussen godsdiens en kuns, in die besonder die sang en musiek, genoeg duidelik gemaak het.

Ons wil nou vanuit hierdie plek mnr. Mathlener en sy drie leerlinge, Ina Raubenheimer, Gideon de Bruyn en Leen Craukamp van harte verwelkom in ons midde. Hulle sal die res van die aand die verkondigers van Gods woord wees. Nie deur woorde nie, maar deur die taal van die musiek. Luister na hulle, maar nie soos na mense nie, maar soos na instrumente waardeur God self tot ons wil spreek.

(NHK Argief K2 5/4 Deel 3)

Wat deur Kálmán II in die bostaande lesing aangemoedig is, naamlik die groter aanwending van veral sang en musiek in die erediens, het helaas eers dekades later in die kerk beslag gekry. Hy was sy tyd in hierdie opsig ver vooruit.

#### 5.6.1.6 Eerste kerkraadsvergadering

Op 22 Maart 1952 sit Kálmán II vir die eerste keer voor in ‘n kerkraads-vergadering van die gemeente Krugersdorp. Hierdie vergadering was vir hom ‘n vuurdoop. Herbst, wat kassier van die gemeente was, kon die vergadering nie bywoon nie en het Kálmán II vooraf versoek om die kerkraad te versoek om ‘n bykomende bankoortrekking goed te keur sodat die laaste rekeninge vir die oprigting van die nuwe pastorie betaal kan word. Kerkraadslede het toe een na die ander hulle verbasing en ontsteltenis uitgespreek oor die hoë oprigtingskoste van die pastorie en beskuldigings, onder andere dat Herbst en dominee Huyzers dinge vir die kerkraad weggesteek het, is heen en weer geslinger. Kálmán II het die kerkraad egter daarop gewys dat die bou-kommissie, wat ‘n kommissie van die kerkraad was, die liggaam is wat verantwoording moet doen en nie die predikant en kassier nie. Dit het die kerkraad toe laat bedaar en hulle het die bykomende bankoortrekking asook herstelwerk aan die ou pastorie goedgekeur. Toestemming is ook tydens hierdie vergadering aan Mathlener verleen om die moederskamer en orrel te gebruik vir musiekonderrig (vgl NHK Argief G18 1/1/3).

Dominee Huyzers en sy gesin het die nuwe pastorie aan die einde van April 1952 betrek en tydens die gemeentevergadering van 5 April word die gemeente uitgenooi om die pastorie te besoek. Mathlener word in dieselfde vergadering verwelkom as nuwe orrelis van die gemeente (vgl NHK Argief G18 1/1/6).

Kálmán II en Mieke betrek die ou pastorie, wat intussen uitgeverf en van ‘n nuwe stoof voorsien is, op 16 April 1952. ‘n Eetkamerstel en klavier, wat met ‘n lening aangekoop is, is met ‘n vragmotor wat deur die bemiddeling van De Szabo geleen is, vanaf Pretoria aangery. Kálmán II en ‘n span bandiete het dadelik begin tuinmaak (vgl Papp, W 1951-1979:6). Tuinbou sou vir die res van sy lewe een van sy groot passies wees. Hy het by die kerk-gebou, al die pastorieë waar hulle gewoon het en ook later by hulle aftree-woning talle bome en struike aangeplant en die huishouding deurlopend voorsien van vrugte en veral uitheemse groentesoorte wat nie geredelik in die winkels beskikbaar was nie. Kort daarna het die eerste maatskaplike werker van die Ondersteuningsraad aan die Wesrand, mejuffrou J W van Bochove,

as die eerste van 'n aantal loseerders by hulle ingetrek. Oor haar word daar meer vertel op bladsye 53 en 54 in Kálmán II se publikasie *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Krugersdorp 1891-1991*.

Die eerste taak wat Kálmán II homself opgelê het nadat hulle in die pastorie ingetrek het, was om die gemeentelike maandblad *Christus en Gemeente*, wat lanklaas verskyn het, weer die lig te laat sien. Dominee Huyzers het met hierdie publikasie begin en Kálmán II het daarmee voortgegaan vir sy hele dienstermyn in Krugersdorp. *Christus en Gemeente* is aanvanklik deur die Weeshuispers gedruk maar Kálmán II het die kerkraad later oorreed om 'n tik- en afrolmasjien aan te koop en dit ter wille van die besparing self te druk. Hy en Mieke, en later ook hulle kinders, het die meeste van die werk self in die pastorie gedoen. Kálmán II was sensitief daarvoor om die bestaande gebruike in die gemeente te handhaaf sodat hy nie daarvan beskuldig kon word dat hy as uitlander sake in die gemeente deurmekaar kom krap het nie.

**5.6.1.7 Geboorte van die eerste kind**

Op Sondag 27 April 1952, terwyl Kálmán II op die kansel was, het Mieke besef dat die tyd daar was vir hulle eersteling om gebore te word. Sy het 'n ambulans laat kom om haar na die hospitaal te neem en op dieselfde dag is Kálmán II en Mieke se oudste seun, Kálmán III, gebore (vgl Papp, W 1951-1979:6). In Kálmán II se publikasie, *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Krugersdorp 1891-1991*, word daar verkeerdelik aangedui dat hy op 28 April gebore is. Kálmán III word, volgens die Nederlandse gebruik van daardie tyd, vernoem na beide sy grootvaders, Kálmán (Papp) en Diederik (Schilling).

**5.6.1.8 Eerste ringsvergadering**

Op 9 Mei 1952 word Kálmán II verwelkom by sy eerste ringsvergadering, die tweede vergadering van die ring van Krugersdorp, in die kerkgebou van die gemeente Wonderfontein. Kálmán II word aangewys as die eerste konsulent van die gemeente Krugersdorp-Wes en tweede konsulent van die gemeente Louis Brandt (vandag Randburg). Hy word ook verkies tot Superintendent vir Sondagskole (vgl NHK Argief R18 1/1/1) en sou hierdie verantwoordelikheid

in die ring onafgebroke tot in 1975 beklee (vgl NHK Argief R18 1/1/3).

Gedurende dieselfde maand het Kálmán II sy eerste vuurwapen in Suid-Afrika - ‘n Astra 6,35 pistool - aangeskaf, 'n aantal foto’s van die kerk-gebou van die gemeente gemaak om by die basaar verkoop te word, en van hout ‘n raam vir ‘n spieël en ‘n sambreelhouer vir die pastorie vervaardig (vgl Papp, W 1951-1979:7).

Op 2 Junie 1952 vier Kálmán II en Mieke hulle eerste huweliks-herdenking en Mieke ontvang die bladmusiek van die volledige orrelwerke van J S Bach as ‘n geskenk van Kálmán II nadat hy dit eers self op die orrel beproef het. Intussen het hy sy eerste van vele skyfskietkompetisies gewen, hierdie keer by die basaar van die wyk Jukskeirivier. Die skaap wat hy gewen het, is in die motorhuis van die pastorie afgeslag. Daarna sou hy nog vele skape, varke, hoenders, ganse ensovoorts, huis toe bring.

Soos reeds vroeër gemeld is, was Kálmán II tydens sy studentedae die nasionale skyfskietkampioen van Hongarye. Alhoewel hy as gevolg van ‘n gebrek aan tyd nie professionele deelname aan hierdie sport in Suid-Afrika voortgesit het nie, het hy tog gereeld deelgeneem aan skyfskietkompetisies tydens kerkbasaars. Dit was vir hom telkens ‘n geweldige uitdaging om vir die boere te wys dat hy as jong predikantjie uit Europa darem ‘n geweer kon hanteer en dit het vir hom groot bewondering ingeoes. Met verloop van tyd het sy sukses by hierdie kompetisies veroorsaak dat hy versoek is om nie daaraan deel te neem nie, sodat ander ook die kans kon kry om ‘n prys te wen. By geleentheid het hy net vir die pret met behulp van ‘n spieël oor sy skouer na die teiken geskiet om darem te kan deelneem.

Op Sondag 21 Junie 1952 hou Kálmán II en Mieke hulle eersteling ten doop in ‘n dooprok wat van die De Szabo’s geleen is. Dominee Huyzers het die doop aan Kálmán III bedien en professor en mevrou Gemser was die getuies (vgl Papp, W 1951-1979:8 en NHK Argief G18 3/1/2).

Die gemeentevergadering van dieselfde dag het met ontsteltenis van die hoë koste van die nuwe pastorie kennis geneem (vgl NHK Argief G18 1/1/6). Daar dien gemeld te word dat die pastorie uiteindelik £10 800 gekos het terwyl ‘n gemiddelde woonhuis destyds ongeveer £4 000 gekos het. Die gemeente se ontsteltenis was ook nie sonder meer ongegrond nie, want die

finansiële state van die vorige jaar het uitgewys dat die traktemente en reistoelaes van die twee predikante skaars bekostig kon word. Die skuldlas van die nuwe pastorie sou nog vir 'n geruime tyd groot spanning in die gemeente tot gevolg hê.

#### 5.6.1.9 Afstigting word oorweeg

Tydens die kerkraadsvergadering van 27 Junie 1952 word daar verskeie moontlikhede oorweeg rondom die verkleining van die gemeente. Die moontlike stigting van nuwe gemeentes in Burgershoop en Magaliesburg, asook grenswysigings met Rustenburg en Koster, is onder andere bespreek. Die aankoop van grond vir 'n pastorie en kerkgebou in Magaliesburg het ook die aandag van die vergadering geniet, en daar is kennis geneem dat daar reeds begin is met die oprigting van 'n saal te Tarlton. Kálmán II het die kerkraad tydens hierdie vergadering ook meegedeel dat hy van voorneme is om met 'n *Bybelstudievereniging* te begin (vgl NHK Argief G18 1/1/3).

In Augustus 1952 het Kálmán II en Mieke as egpaar met hulle eerste vakansie gegaan. Hulle het met die tuinroete langs tot in Kaapstad gereis waar hulle by die Brandts tuisgegaan het (vgl Papp, W 1951-1979:8). Met verloop van jare het Kálmán II en Mieke 'n besondere liefde vir die Kaap ontwikkel en gereeld daar vakansie gaan hou. Met hulle terugkoms moes hulle egter verneem dat die gesin Frey die slaapkamerstel wat hulle aan Kálmán II en Mieke geleen het, terug wil hê. 'n Nuwe stel moes toe inderhaas aangekoop word. Lede van die Finansiële Komitee het borg gestaan vir die persoonlike lening wat vir hierdie doel aangegaan is, onder andere ouderling M J Redelinghuys, vader van die latere dominee M J J Redelinghuys (vgl Papp, W 1951-1979:8).

Gedurende Oktober 1952 neem Kálmán II as orrelis waar tydens die huweliksbevestiging van Peet van Zyl en Anna Pretorius deur dominee Huyzers. Blykbaar was Mathlener op dié dag nie beskikbaar nie. 'n Jaar later het hy ook die eggenote van dominee G J J Roos begelei toe sy 'n sangsolo by die Predikantevergadering gelewer het (vgl Predikantevergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Notule 1953). Kálmán II neem in 1952 ook die prediking tydens die Hervormingsdiens van die ring van

Krugersdorp waar. Die eerste gedeelte van dié preek kan in sy persoonlike lêer gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3). Daar word afgelei dat hy te min tyd gehad het om die volledige preek uit te tik.

### 5.6.1.10 Die vertrek van dominee W F H Huyzers

Tydens die kerkraadsvergadering van 8 November 1952 maak dominee Huyzers bekend dat hy besluit het om die beroep wat hy intussen na die gemeente Brixton ontvang het, te aanvaar, en aan die einde van dieselfde maand van Krugersdorp afskeid sal neem. Tydens dieselfde vergadering keur die kerkraad in beginsel die stigting van 'n gemeente te Magaliesburg goed en word daar besluit om voorlopig nie verder te beroep nie (vgl NHK Argief G18 1/1/3).

Die skielike en onverwagte vertrek van 'n geliefde dominee Huyzers, na slegs ses en 'n halwe jaar, het die verslegtende finansiële posisie van die gemeente verlig. Die finansiële posisie was as gevolg van die skulde, wat met die oprigting van die tweede pastorie aangegaan is, sodanig verswak dat die gemeente nie die versorging van twee predikante op die lang duur sou kon volhou nie. In die lig hiervan, én die moontlike afstigtings in die nabye toekoms en die kostes wat daarmee gepaard sou gaan, het Kálmán II die gemeente voor die keuse gestel om die verpligtinge ten opsigte van die boukoste van die nuwe pastorie na te kom, of om die nuwe pastorie te verkoop indien die skuldlas nie verder gedra kon word nie. Dit spreek byna vanself dat Herbst hierdie laaste gedagte heftig teengestaan het, want dit sou 'n groot verleentheid wees indien die eerste pastorie wat deur die Weeshuisbouers opgerig is, verkoop moes word.

In Februarie 1953 verskyn daar 'n artikel van Kálmán II op die voorblad van *Die Hervormer* met die opskrif *Die Kerklike lewe in Finland* (Die Hervormer 1953:2). Die Olimpiese Spele, wat kort daarvoor in Helsinki in Finland gehou is, het daartoe aanleiding gegee dat die redakteur iets oor die kerklike lewe in dié land aan sy lesers wou deurgee. Kálmán II is vir hierdie doel genader omdat die Finse en Hongaarse tale uit dieselfde oertaal stam.

Gedurende die laaste twee weke van Februarie en die eerste week van Maart 1953 hou Kálmán II en Mieke vir die eerste keer vakansie in die

Oos-Transvaalse Laeveld en bring hulle ook vir die eerste keer besoek aan die Nasionale Krugerwildtuin. Kálmán II sou later nog talle besoeke aan dié wildtuin bring, veral met die oog op wildfotografie. Hy het ook dikwels gaste vanuit die buiteland daarheen geneem (vgl Papp, W 1951-1979:9).

Tydens hulle vakansie verneem hulle van die geweldige oorstromings wat Nederland geteister het en waarin meer as 1800 mense verdrink het toe talle dyke in Zeeland gebreek het. By hulle terugkeer in Krugersdorp het Mieke dadelik aangebied om te help met ’n noodlenigingsfonds wat intussen vir die slagoffers in die lewe geroep is. By ‘n konsert wat deur Suid-Afrikaanse Nederlanders ten bate van hierdie fonds gereël is, ontmoet sy die Wetter-egpaar, Chris en Greet, wat in dieselfde straat in Krugersdorp gewoon het, en Mieke en Greet het dadelik aanklank gevind en ‘n hegte vriendskap gesluit wat vir jare sou voortduur. Chris was in Nederland ‘n argitek van beroep, maar kon nie as sodanig in Suid-Afrika praktiseer nie aangesien hy nie die Engelse eksamens kon slaag nie. Hy het toe as assistent by ‘n argiteksfirma in Krugersdorp gewerk (vgl Papp, W 1951-1979:9).

Mieke het in hierdie tyd ook by die kerkkoor wat Mathlener in die lewe geroep het aangesluit en kort daarna ook met klavieronderrig by hom begin. Sy sou later, vanaf 1957, ook formele orrelopleiding van hom ontvang (vgl Papp, W 1951-1979:9).

Gedurende April 1953 vind daar ‘n orrelkongres in die kerkgebou van gemeente Krugersdorp onder die leiding van Mathlener plaas. Alhoewel dit min aftrek van die gewone lidmate gekry het, is dit tog deur prominente persone in die kerk bygewoon, onder andere dominee A J G Oosthuizen, voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en professor A van Selms. Die Vermaase van Witbank het dit ook bygewoon en by Kálmán II en Mieke tuisgegaan. Kálmán II het pragtige foto’s van hierdie geleentheid geneem, waarvan een ook in sy publikasie, *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Krugersdorp 1891-1991*, verskyn. Hy het in hierdie tyd, om bykomende inkomste daarmee te verdien, begin om groepfoto’s van kerkrade en katkisante van talle gemeentes te neem, asook van die meeste huwelike wat hy bevestig het. Dit het egter later soveel tyd in beslag geneem dat sy gemeentewerk en gesin soms as gevolg daarvan afgeskeep is.

Kálmán II het hy in hierdie tyd weer begin om viool te speel op ‘n viool wat deur die bemiddeling van professor Geyser van iemand geleen is. Daarmee het hy oral op die Witwatersrand by talle byeenkomste van veral NHSV-takke en jeugverenigings opgetree. Mathlener, en later Mieke, het gewoonlik die klavierbegeleiding waargeneem. Kálmán II het selfs by geleentheid tydens ‘n volkskonsert, wat deur die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie oor die radio uitgesaai is, met die viool opgetree (vgl Papp, W 1951-1979:10).

Tydens die gemeentevergadering van 12 April 1953 word daar ‘n kommissie benoem om die moontlike verkoop van een van die pastorieë te ondersoek en daaroor verslag te doen by die volgende vergadering. Tydens ‘n spesiale gemeentevergadering op 7 Junie 1953 besluit die gemeente dat die ou pastorie verkoop moet word (vgl NHK Argief G18 1/1/6). Herbst het met hierdie besluit dus sy sin gekry.

Op Sondag 3 Mei 1953 bedien Kálmán II onder andere die doop aan die De Szabó’s se dogter, Mária Reneé. Die getuies was doktor L de Szöke en M Zander (vgl NHK Argief G 18 3/1/2). Later sou hy die doop nog aan talle Hongaarse kinders bedien tydens eredienste van die gemeente Krugersdorp. Die vrae aan die ouers is by hierdie geleenthede in Afrikaans én Hongaars gestel. Die Hongaarse dopelinge se name is in die doopregister van die gemeente Krugersdorp ingeskryf aangesien daar nie ‘n afsonderlike register vir die Hongare bestaan het nie. In dieselfde maand verneem Mieke dat haar weduweemoeder sewe jaar ná haar man se dood, in die huwelik gaan tree met Piet de Haas, wat nie aan Mieke bekend was nie (vgl Papp, W 1951-1979:11).

### 5.6.1.11 Afstigting van die gemeente Magaliesburg

Verwikkelinge rondom die beoogde afstigtings van die gemeente het intussen voortgegaan. Kálmán II berig soos volg daaroor in sy publikasie, *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Krugersdorp 1891-1991*:

> Nog voordat ds Huysers die beroep aangeneem het, was daar ‘n vergadering in Magaliesburg waar albei predikante teenwoordig was. Daar is deur 100 lidmate eenparig besluit

> om afstigting van Krugersdorp aan te vra. Dit het die kerkraad laat besluit om nie die tweede predikantstandplaas te vul nie, maar eerder volle aandag aan afstigting te gee. Omdat die lidmatetal in daardie stadium 1 720 was, is planne gemaak om meer as een gemeente af te stig en daar is gedink aan Burgershoop, Tarlton en Magaliesburg. In Januarie 1953 het verteenwoordigers van Burgershoop en Magaliesburg samesprekings gevoer en besluit om twee jaar lank 'n kombinasie te sluit. Die ringskommissie het egter dié plan verwerp, en op 6 Junie 1953 is net Magaliesburg afgestig … Daar is aan Magaliesburg 'n bruidskat van £3 000 (R6 000) beloof, maar bepaal dat dit eers later betaal sou word ....
>
> Die afstigting van Tarlton het baie probleme opgelewer omdat hy te klein was om 'n selfstandige gemeente te word maar ook nie bereid was om met Burgershoop of Magaliesburg te kombineer nie. Die ringskommissie het uiteindelik in opdrag van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering op 'n vergadering van 29 Oktober 1953 voorgestel dat Tarlton by Krugersdorp-Wes ingelyf word. Die kerkraad het die voorstel aanvaar en as geskenk aan Tarlton sy uitstaande rekening vir boumateriaal vir sy saal betaal. As gevolg daarvan het Burgershoop besluit om nie af te stig nie.
>
> (Papp, K 1991:55)

Volgens die notule van die kerkaadsvergadering van die gemeente Krugersdorp van 15 Augustus 1953, het die lidmate van Burgershoop daarop aangedring dat 'n kerksaal in Burgershoop opgerig moet word en die kerkraad het ingestem (vgl NHK Argief G18 1/1/3). Die saal is egter nooit gebou nie.

Aan die einde van Junie berig Mieke in haar dagboek dat hulle in die nuwe pastorie ingetrek het (vgl Papp, W 1951-1979:11). Van Bochove, hulle eerste loseerder, het intussen ander verblyf gevind. Kálmán II het dus as jong predikant van die kerk, sonder sy eie toedoen, in seker een van die modern-

ste pastorieë van die kerk beland. Hy het die linnekas dadelik ingerig as 'n donkerkamer. Kort daarna het hulle 'n tweede loseerder, Sannie Pienaar, wat by die Paardekraal Hospitaal verpleeg het, in huis geneem (vgl Papp, W 1951-1979:11).

#### 5.6.1.12 Kassiersbedrog

Steeds onder groot finansiële druk as gevolg van veral die bouskuld, tref 'n tweede ramp die gemeente Krugersdorp in Augustus 1953. Daar word naamlik ontdek dat die kassier in vyf maande nie 'n enkele sent in die gemeente se bankrekening gedeponeer het nie. Tydens 'n spesiale kerkraadsvergadering op 22 Augustus erken die kassier dat hy nalatig was en word hy versoek om die geouditeerde finansiële state en boeke van die gemeente op 30 September aan 'n spesiale kommissie voor te lê. Sy tekenmagte op die tjekrekening van die gemeente word hom ontneem en 'n tydelike kassier word aangewys. Tydens 'n spesiale kerkraadsvergadering op 29 Oktober verneem die kerkraad dat die kassier die gemeente se geld vir persoonlike doeleindes gebruik het. Die kerkraad besluit dat 'n klag by die ringskommissie ingedien moet word en die skriba kry opdrag om hom in kennis te stel dat stappe teen hom geneem sal word indien die verskuldigde gelde, wat na beraming meer as £2000 beloop, nie teen 3 November aangesuiwer is nie. Die moontlikheid van 'n verhoging op die verband van sy huis en die moontlike oorname van sy motorkar, is tydens die vergadering genoem. Tydens die kerkraadsvergadering van 11 Desember 1953 word die rapport van die spesiale kommissie deur die kerkraad in behandeling geneem en daar word kennis geneem dat daar 'n tekort van £2 188-15-9 in die boeke van die gemeente is, dat 'n tweede verband ten bedrae van £1 000 op die voormalige kassier se huis en 'n woonerf uitgeneem is, dat hy onderneem het om die res van die skuld teen £40 per maand terug te betaal, en dat hy 'n polis van £1 000 aan die gemeente gesedeer het (vgl NHK Argief G18 1/1/3). Die ou pastorie van die gemeente is intussen vir 'n bedrag van £3 500 verkoop (vgl NHK Argief G18 1/1/6).

#### 5.6.1.13 Klagtes oor huisbesoek

Tydens die kerkraadsvergadering van 29 Oktober 1953 word daar vir die eerste keer klagtes teenoor Kálmán II uitgespreek omdat hy nie genoeg huisbesoek sou doen nie. Die bewering word gemaak dat hy in te veel kommissies dien en hy word versoek om soggens in die plattelandse wyke en smiddae in die dorpswyke huisbesoek te doen. Kálmán II se verweer was dat hy alles in sy vermoë doen om by alles uit te kom, maar dat die gemeente met tussen 1 300 en 1 400 lidmate vir hom te groot is. Daarbenewens is hy ook Superintendent van Sondagskole en sekretaris van die Randse Predikantevergadering (vgl NHK Argief G18 1/1/3). Daar moet hier in gedagte gehou word dat die vertrek van dominee Huyzers vir Kálmán II ‘n aansienlike bykomende werkslas beteken het en dat hy, ten spyte van die afstigting van die gemeente Magaliesburg, wat wel ‘n effense verligting gebring het, baie meer verantwoordelikhede gehad het as voorheen. ‘n Idee van die omvang kan verkry word wanneer daar besef word dat hy in 1953 honderd-en-veertig kinders gedoop en agt-en-dertig huwelike bevestig het (vgl NHK Argief G18 3/1/2 en 3/3/11). Dit was ook hoofsaaklik as gevolg van sy geweldige werkslas dat hy nie met sy doktorale studies kon voortgaan nie.

#### 5.6.1.14 Geboorte van die tweede kind

Op 24 Desember 1953, twintig maande ná die geboorte van hulle eerste seun, word Kálmán II en Mieke se tweede seun gebore. Hy word vernoem na Kálmán II se jonger broer Zoltán en kry as tweede naam die naam Ernolf - ‘n naam wat deur Mieke self uitgedink is. Kálmán II het ‘n netjiese Hongaarse wieg vir die nuweling gemaak. Sannie Pienaar, die tweede loseerder, het intussen ‘n ander heenkome gevind en haar plek is ingeneem deur die 26-jarige Jaap Coetzee, wat by Volkskas Bank in diens was (vgl Papp, W 1951-1979:12).

Aan die begin van Januarie 1954 kom die Hongaarse vlugteling, János Álló, in die land aan. Hy het reeds tydens die kommunistiese oorname van Hongarye na Duitsland gevlug en daar in ‘n vlugtelingkamp beland. Kálmán II het ‘n jaar vantevore ‘n brief van hom ontvang met ‘n versoek om vir hom werk in Suid-Afrika te kry. Waar hy aan Kálmán II se naam en adres

gekom het, is onbekend. Kálmán II het hom laat weet dat die land slegs gekwalifiseerde persone toelaat en hom aangeraai om homself eers te bekwaam in een of ander rigting. Álló het dié raad toe gevolg en as sweiser gekwalifiseer en na Suid-Afrika gekom. Kálmán II en Mieke het hom toe tydelik in die pastorie geneem (hulle loseerder, Jaap Coetzee, is intussen deur sy werkgewer verplaas). Met die hulp van Philip-Jan van Beeck Calkoen, 'n meganiese ingenieur wat uit die Nederlanse adelstand afkomstig was en lidmaat van die gemeente Krugersdorp was, is daar vir János Álló werk gekry by die staalvensterfabriek Webblers. Álló het vroeër tydens 'n besoek aan Nederland bevriend geraak met 'n geskeide vrou, Irma Albertina Tóth (gebore Boelstra). Sy was voorheen met 'n Hongaar getroud en hulle enigste kind, Jolán, het na hulle egskeiding eers by Tóth se suster en later in 'n kinderhuis grootgeword. Irma se ouers, Bouke en Jenny Boelstra, wat in Den Haag in Nederland gewoon het, was die bure van die ouers van professor M Bokhorst (vgl Papp, W 1951-1979:12). Irma sou later ook na Suid-Afrika kom en geboorte gee aan Irma Anastasia - Kálmán II en Mieke se aangenome dogter.

**5.6.1.15 Opening van Kerkmusiekskool**

Die kerkraad van die gemeente Krugersdorp keur tydens sy vergadering van 9 Januarie 1954 die opening van 'n Kerkmusiekskool in die kerkgebou van die gemeente goed (vgl NHK Argief G18 1/1/3). Kálmán II beskryf die opening van hierdie skool soos volg in sy publikasie *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Krugersdorp 1891-1991*:

> 'n Gebeurtenis van groot belang vir die Nederduitsch Hervormde kerk het 23 Januarie 1954 in die kerkgebou van Krugersdorp plaasgevind: die amptelike opening van die eerste kerkmusiekskool van sy soort in ons land vir die opleiding van orreliste. Die inisiatief het uitgegaan van die Raad vir kerkmusiek onder voorsitterskap van prof. A. van Selms. Mnr. Mathlener het dié pionierswerk as hoof van die kerkmusiekskool met groot kundigheid en besieling aangepak, en

> die eerste sewe gekeurde leerlinge het begin. Daar was ‘n dringende vraag na goed opgeleide orreliste in die Nederduitsch Hervormde Kerk. Ons gemeente was besonder bevoorreg om so ’n uitstekende orrelmeester as orrelis te hê en tewens te beskik oor ‘n pragtige orrel wat ‘n vereiste vir sulke opleiding is. Die kursus het die volgende vakke behels: praktiese orrelspel, harmonieleer, musiekgeskiedenis, orrelbou en liturgie.
>
> (Papp, K 1991:52)

Volgens *Die Hervormer* van Maart 1954 het professor A van Selms, dominees A J G Oosthuizen, D F Erasmus en meneer W Mathlener by hierdie geleentheid opgetree. Die burgemeester van Krugersdorp en verskeie predikante en verteenwoordigers van orrelfirmas was ook teenwoordig. Kálmán II het die verrigtinge afgesluit (vgl *Die Hervormer* 1954:3).

Kálmán II en Mieke se tweede seun, Zoltán Ernolf, word op 7 Februarie 1954 te Krugersdorp gedoop deur professor A S Geyser. Professor en mevrou Gemser was weer eens die getuies (vgl NHK Argief G18 3/1/2). Die bande wat vroeër tydens Kálmán II se studentedae in Pretoria met die Gemsers en Geysers aangeknoop is, het dus voortgeduur. Omdat Zoltán deur die mense *Solly* genoem is, het Kálmán II en Mieke besluit om hom eerder op sy tweede naam Ernolf aan te spreek (vgl Papp, W 1951-1979:18).

Dit was nie net die gemeente wat in 1953/4 groot finansiële druk ervaar het nie, maar ook hulle predikant. Kálmán II en Mieke se aanvanklike gebrek aan basiese toerusting vir hulle huis en die aankoop van duur items soos ‘n motorkar, klavier en fotografiese en ander toerusting vir sy vele stokperdjies, asook die feit dat Kálmán II oral in aanvraag was vir optredes met sy viool en praatjies oor verskeie onderwerpe, en gevolglik baie moes reis, het veroorsaak dat hulle met verloop van tyd baie skuld aangegaan het. Die kerkraad het hiervan verneem in sy vergadering van 6 Maart 1954 en Kálmán II se reistoelae met £180 per jaar verhoog (vgl NHK Argief G18 1/1/3).

#### 5.6.1.16 Eerste Algemene Kerkvergadering

Gedurende Maart 1954 het Kálmán II sy eerste Algemene Kerkvergadering as predikant van die kerk bygewoon. Hy het by die Gemsers tuisgegaan. Tydens die kerkraadsvergadering van 10 April het Kálmán II verslag gedoen oor die Algemene Kerkvergadering. Tydens dieselfde vergadering het hy 'n lening by die kerkraad aangevra om hom in staat te stel om 'n Chev motorkar van doktor K H E Gravemeyer oor te neem en ontslae te raak van die Opel wat enjinskade opgedoen het nadat die motorhawe tydens 'n versiening nagelaat het om olie in te gooi. Die kerkraad het 'n lening van £450 vir een maand aan hom toegestaan (vgl NHK Argief G18 1/1/3).

#### 5.6.1.17 Betrokkenheid by Nederlandse immigrantebearbeiding

Doktor Gravemeyer, wat in 1945 verkies is tot sekretaris van die Generale Synode van die Nederlandsche Hervormde Kerk (vgl Rasker 1974:297), het Suid-Afrika reeds in 1947 in opdrag van die Nederlandsche Hervormde Kerk besoek om homself te vergewis van die kerklike bearbeiding van die Nederlandse immigrante in Suid-Afrika. Sy vrou het tydens die bombardement van Rotterdam omgekom. Volgens die notule van die gemeente Krugersdorp se kerkraadsvergadering van 22 Maart 1947 het Gravemeyer op 23 Maart 1947 'n gesamentlike erediens van al die gemeentes aan die Wesrand in die kerkgebou van die gemeente Krugersdorp gelei (vgl NHK Argief G18 1/1/3). Hy het ook later saam met die Gemsers besoek gebring aan Krugersdorp tydens die oprigting van die nuwe pastorie (vgl Papp, K 1991:50) en dikwels by Kálmán II en Mieke kom kuier. Tydens sy tweede besoek het hy net minder as twee jaar in Suid-Afrika vertoef en daadwerklik aandag begin gee aan die moontlike toekomstige stigting van 'n Nederlandssprekende gemeente in Johannesburg en Kálmán II dikwels daaroor geraadpleeg. Gedurende hierdie tyd het hy in 'n rondawel of *veredelde kafferhut*, soos hy dit genoem het, in Randburg gewoon. Met sy terugkeer na Nederland aan die einde van April 1954, het Kálmán II toe sy motor oorgeneem (vgl Papp, W 1951-1979:14).

Die gemeentevergadering van 24 April 1954 verneem dat die gemeente se inkomste gestyg het en dat Krugersdorp, met ongeveer 1 500 belydende lidmate, toe die grootste gemeente in die kerk was. Kálmán II vra

dat lidmate in die lig hiervan met minder huisbesoek tevrede moet wees, anders sal daar weer afgestig moet word (vgl NHK Argief G18 1/1/3). Daar is destyds van predikante verwag om hulle gemeentes jaarliks met huisbesoek deur te gaan. In Kálmán II se geval was dit as gevolg van die grootte van die gemeente op daardie stadium nie moontlik nie. Volgens Mieke se dagboek het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering kort daarna druk op die gemeente begin plaas om af te stig (vgl Papp, W 1951-1979:15).

#### 5.6.1.18 Spanning met die orrelis

Tydens die kerkraadsvergadering van 8 Mei 1954 word daar gekla oor orrelstudente van Mathlener wat nie die kerkdeure sluit nie en nalaat om die kerkligte af te skakel. Hierdie klagtes het daartoe gelei dat die kerkraad besluit het om Mathlener na die volgende kerkraadsvergadering op te roep en hom een maand kennis te gee om vir sy eie *musieksalon* voorsiening te maak (vgl NHK Argief G18 1/1/3). Mathlener reageer hierop met 'n skrywe wat tydens die kerkraadsvergadering van 24 Junie 1954, waar hy ook teenwoordig was, behandel is. Daarvolgens beweer hy dat dominee Huyzers en meneer Herbst hom voor sy koms na Krugersdorp 'n woonhuis asook drie vertrekke in die kerkgebou belowe het en dat hy jaarliks by minstens negentig huweliksbevestigings as orrelis sou optree. Hy wys die kerkraad ook op 'n vorige besluit naamlik dat hy die moederskamer en orrel vir musieklesse mag gebruik. Nadat hy die vergadering verlaat het, besluit die kerkraad dat die musiekskool onder die volgende voorwaardes in die kerkgebou kan voortgaan: geen klavier- of sanglesse mag gegee word nie, die orrelis moet self by alle lesse teenwoordig wees, slegs lidmate van die gemeente mag op die orrel oefen, daar mag nie in die moederskamer of kerkgebou gerook word nie en die privaatpraktyk van die orrelis moet met ingang 1955 na 'n ander perseel verskuif word (vgl NHK Argief G18 1/1/3). Hierdie was een van vele konfrontasies tussen die kerkraad en Mathlener.

Tydens sy vergadering van 8 Junie 1954 word Kálmán II deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering benoem in die Raad vir Kerkmusiek (vgl NHK Argief K1/2 1/1/9). Uit die statistiese gegewens van die 1956 *Almanak* word daar afgelei dat hy vir slegs een jaar lid van hierdie raad

was (vgl *Almanak* 1956:140). Vanaf 1955 tot 1960 was hy ook lid van die Raad vir Jeugwerk en die Filmkomitee van hierdie Raad.

### 5.6.1.19 Afstigting van die gemeente Krugersdorp-Oos

Die kerkraad van die gemeente Krugersdorp het tydens sy vergadering van 24 Junie 1954 ook ‘n versoek van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vir afstigting behandel en besluit dat daar afgestig sal word (vgl NHK Argief G18 1/1/3). Die grense van ‘n nuwe gemeente in die ooste van Krugersdorp is tydens die vergadering van 14 Augustus bepaal en ‘n kommissie is benoem om tydens ‘n volgende vergadering verslag te doen oor die finansiële aspekte van die beoogde afstigting (vgl NHK Argief G18 1/2/1). Hierdie verslag is tydens die vergadering van 11 September ter tafel geneem en na aanleiding daarvan is daar onder andere besluit dat die nuwe gemeente direk na afstigting ‘n bruidskat van £4 500 sal ontvang en die kerkgebou van Krugersdorp gemeente vir eredienste mag gebruik (vgl NHK Argief G18 1/2/1). In Augustus skaf Kálmán II ook sy tweede pistool aan - ‘n Walther .22.

By die Augustusvergadering verneem die kerkraad ook dat daar nie daarin geslaag kon word om ‘n tweede verband op die voormalige kassier se huis te laat registreer nie. ‘n Besluit dat die gemeente die geld wat hy aan die gemeente verskuldig was aan hom geleen het, was daarvoor nodig. Die kerkraad het toe besluit om die saak na die gemeentevergadering te verwys (vgl NHK Argief G18 1/2/1). Dié het op 12 September 1954 besluit dat die geld as ‘n lening beskou word en terselfdertyd ook die kerkraad se voorstelle oor afstigting aanvaar (vgl NHK Argief G18 1/1/7).

Die afstigting van ‘n nuwe gemeente is op 8 Oktober 1954 tydens ‘n spesiale vergadering van die ring van Krugersdorp in die kerkgebou van die gemeente Krugersdorp goedgekeur en die nuwe gemeente Krugersdorp-Oos is amptelik op 6 November gestig. Nadat ampsdraers vir die nuwe gemeente verkies en in hulle ampte bevestig is, is daar dadelik oorgegaan tot die beroep van ‘n predikant. Dominee J H van Staden is beroep en hy het die beroep aanvaar (vgl NHK Argief R18 1/1/1). Tydens die kerkraadsvergadering van die gemeente Krugersdorp van 30 Oktober 1954 word goedkeuring verleen vir die verhoging van die gemeente se bankoortrekking tot ‘n bedrag van

£17 000 sodat die bruidskat aan die nuwe gemeente betaal en ander verpligtinge, onder andere die uitstaande bruidskat aan die gemeente Magaliesburg, nagekom kan word. Daar word ook kennis geneem dat die voormalige kassier nie sy £40 vir Oktober betaal het nie en die skriba kry opdrag om 'n skrywe in hierdie verband aan hom te stuur. Kálmán II het by dié vergadering ook 'n groepfoto van die kerkraad geneem (vgl NHK Argief G18 1/2/1).

Intussen het Irma Tóth, die vriendin van János Álló, op 24 Oktober 1954 vanuit Nederland in Suid-Afrika aangekom. Kálmán II bevestig hulle in die huwelik op 15 November in die pastorie met die Van Beeck Calkoens as getuies. Die pasgetroudes het in 'n woonstel in Johannesburg ingetrek (vgl Papp, W 1951-1979:16).

### 5.6.1.20 Voorsiening vir toekomstige uitbreidings

Die afstigting van die gemeente Krugersdorp-Oos het vir Kálmán II 'n aansienlike verligting van sy werkslas beteken. Aangesien die gemeente egter steeds bly groei het, sou dit nie die laaste afstigting gedurende sy dienstermyn wees nie.

> Na die afstigting van Krugersdorp-Oos het die kerkraad besluit om vroegtydig voorsiening te maak vir verdere uitbreidings. Daar is veral gedink aan die nuwe dorpsgebied Quellerie Park. Die stadsraad wou in dié tyd graag volle seggenskap hê oor 'n stuk grond agter die kerkgebou, wat in die ou tyd deur lidmate as uitspanning by Nagmaalsvierings gebruik is. Die gemeente het geen eiendomsreg daarop gehad nie en alle vorige pogings om dit te bekom, het misluk. Maar die uitspanningsregte, wat deur die regering van die Z.A.R. geskenk is, het vasgestaan. Die oplossing was vir die gemeente besonder voordelig: die stadsraad het in ruil vir dié regte ses standplase in Quellerie Park en vier in die nuwe deel van Burgershoop aangebied, en die kerkraad het dit aanvaar. Verder het die kerkraad twee leë standplase met sakeregte op die hoek van President- en Monumentstraat vir

R440.00 aangekoop om te voorkom dat sake-ondernemings daarop gevestig word.

(Papp, K 1991:56)

Kálmán II en Mieke tree gedurende die Desembervakansie van 1954 as vakansie-ouers op vir Johannes Appelgryn, een van die kinders van die Jac van Belkum kinderhuis. Die Gemsers besoek hulle op Oukersaand en Kálmán II lei die volgende oggend om 05:00 die Kersdiens in Krugersdorp en daarna, om 08:00 en 10:00, onderskeidelik vir die Hongare en Nederlanders in Johannesburg. Die Nederlandssprekende gemeente is eers in 1958 gestig (vgl Papp, W 1951-1979:17).

Tydens die eerste kerkraadsvergadering van 1955, wat op 21 Januarie gehou is en waar proponent M J J Redelinghuys, seun van ouderling M J Redelinghuys, ook teenwoordig was, praat die kerkraad indringend oor geestelike sake. 'n Jeugouderling word verkies en daar word besluit om een keer per maand 'n erediens vir die jeug te hou. Toestemming word ook aan Mathlener verleen om die moederskamer van die kerkgebou vir musiek-lesse te gebruik totdat hy sy eie huis betrek het, en daar word besluit dat die instandhoudingskoste van die kerkorrel voortaan op 'n pond-vir-pond-basis deur die kerkraad en kerkmusiekskool gedeel sal word. Daar word ook besluit om 'n afrolmasjien vir die gemeente aan te koop (vgl NHK Argief G18 1/2/1).

### 5.6.1.21 Beroep na die gemeente Oos-London

Gedurende die laaste week van Januarie en eerste week van Februarie 1955 hou Kálmán II en Mieke vir die eerste keer vakansie in die Oos-Kaap (vgl Papp, W 1951-1979:17). Dominee T F Dreyer van die gemeente Bloem-fontein en konsulent van die vakante gemeente Oos-London, het Kálmán II genader om gedurende dié tydperk die eredienste in Oos-London waar te neem en 'n beroepsvergadering te lei in ruil vir gratis huisvesting in die pastorie. Dit het daarop uitgeloop dat die kerkraad Kálmán II beroep het. Die skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, dominee T F J Dreyer, het Kálmán II by sy terugkeer kom besoek en probeer oorreed om die

beroep aan te neem, maar Kálmán II het dit van die hand gewys. Hy was nog te kort in Krugersdorp en het alles tot sy beskikking gehad waarvan ‘n predikant maar kon droom - ‘n gemeente na aan die hoofsentra met groot groeipotensiaal, wat beskik het oor ‘n pragtige kerkgebou met ‘n goeie orrel en orrelis en ‘n netjiese pastorie. In Oos-London sou hy hom begewe in ‘n *Engelse nes*, soos hy dit genoem het, en te geïsoleerd wees. Die kerkraad van gemeente Krugersdorp het reeds tydens sy vergadering van 12 Maart met dank kennis geneem dat hy die beroep na Oos-London bedank het (vgl NHK Argief G18 1/2/1).

#### 5.6.1.22 Betrokkenheid by die Filmkomitee en Filmburo

In *Die Hervormer* van Februarie 1955 verskyn daar ‘n oproep wat Kálmán II namens ‘n onderkomitee van die Raad vir Jeugwerk van die kerk laat plaas het. Dit lui soos volg:

> Die Onderkomitee wat saamgestel is deur die Jeugraad en wat belas is met die insameling van fotos en rolprente wat historiese waarde vir ons Kerk het, wil hiermee almal versoek wat rolprente het oor belangrike kerksake, aan hulle te stuur sodat duplikate vervaardig word vir bewaring in ons Argiewe en vir latere uitgawe vir gebruik van Jeugwerk en Katkisasie. Vir alle ingestuurde materiaal aanvaar ons volle verantwoordelikheid, en sal na voltooiing van werk teruggestuur word.
>
> Ds. K. Papp,
> Namens Komitee.
> Bodensteinstraat 23,
> Krugersdorp.
>
> (*Die Hervormer* 1955:2)

Kálmán II se betrokkenheid by hierdie projek het sy oorsprong in ‘n versoek van professor S P Engelbrecht om hulp met die voorbereiding van ‘n aantal

foto's vir sy *Album vir die geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*, wat in 1965 verskyn het. Dit was 'n uitbreiding op sy *Eeufees-album van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1842-1942*, wat in 1942 verskyn het. Tydens die reproduksie van talle foto's vir die eers-genoemde album het Kálmán II die moontlikheid aan Engelbrecht genoem dat daar 'n skyfiereeks oor die geskiedenis van die kerk saamgestel word vir gebruik in die kategese. Die totstandkoming van 'n filmburo het later hieruit voortgespruit, waarby Kálmán II en dominees H M J Kramer en S P Viljoen betrokke was. Tydens die Predikantevergadering van 1955 deel Kálmán II die vergadering mee "dat die Jeugraad 'n begin gemaak het met 'n filmburo, wat die vervaardiging van filmstroke en die beskikbaarstelling daarvan aan ge-meentes beoog. Die stroke is nuttig vir die kategese. Die Jeugraad verskaf ook advies i.v.m. die aankoop van projektors" (vgl Predikantevergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Notule 1955). Tydens die Predikantevergadering van 1958 het Kálmán II ook 'n referaat gelewer oor *Die film in diens van die Kerk* (vgl Predikantevergadering van die Neder-duitsch Hervormde Kerk van Afrika. Notule 1958). Die skyfiereeks het ook later gerealiseer en Kálmán II het dit in talle gemeentes en ringe aangebied. Hy het sy fotografie-stokperdjie dus ook deeglik en baie uitgebreid in diens van die kerk aangewend.

#### 5.6.1.23 Lidmaatskap van die Paardekraal Feeskommissie

Tydens die kerkraadsvergadering van 12 Maart 1955 word Kálmán II deur die kerkraad gekies om die gemeente in die breë Paardekraal Feeskommissie te verteenwoordig (vgl NHK Argief G18 1/2/1). Sedertdien sou hy die gemeente vir die res van sy dienstydperk in hierdie kommissie verteenwoordig. In die-selfde jaar is hy ook vir die eerste keer verkies tot lid van die Uitvoerende Raad (=Geloftefeeskomitee), waarvan hy later ook die voorsitter sou word.

Nadat Kálmán II aan die einde van Mei 1955 saam met dominee J H van Staden op 'n jagekspedisie was, waartydens hy sy eerste blesbok geskiet het, bring hy en dominee H J Geyser, toe predikant van die gemeente Krugersdorp-Wes, gedurende Junie van dieselfde jaar 'n besoek aan die Nasionale Krugerwildtuin met die oog op wildfotografie. Hulle besoek is egter

kortgeknip toe Geyser reeds op die eerste dag siek geword het en hulle op die derde dag moes terugkeer huis toe (vgl Papp, W 1951-1979:21). Volgens Kálmán II het Geyser op sy navraag waarom hy ‘n beroep na die destyds ongewilde gemeente Krugersdorp-Wes aangeneem het, gesê dat hy graag nader aan Kálmán II wou wees sodat dié hom fotografie kon leer. Kálmán II het hom inderdaad gehelp om die nodige toerusting aan te skaf en sy eie donkerkamer in te rig. Geyser was een van vele wat by Kálmán II die fyner kunsies van fotografie aangeleer het.

Nog ‘n geleentheid vir Kálmán II om sy vaardigheid met die kamera in diens van die kerk aan te wend, het opgeduik tydens die Eeufees van die gemeente Pretoria in 1955. Hy het die feesvieringe persoonlik bygewoon en die meeste gebeure op film vasgelê. Talle foto’s wat deur hom van die feesvieringe geneem is, kan in die Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika besigtig word (vgl Papp, W 1951-1979:21).

In 1955 maak Kálmán II ook kennis met dominee J T J Knottnerus, wat doktor Gravemeyer opgevolg het as die eerste voltydse bedienaar van die Nederlandse immigrante aan die Witwatersrand. Hy het reeds in 1953 in Suid-Afrika aangekom (vgl *Die Hervormer* 1955:1). Kálmán II en Knottnerus het goeie vriende geword en dikwels by mekaar aan huis gekom. Knottnerus het Kálmán II se liefde vir fotografie en jag gedeel en onder andere ‘n kamera by hom gekoop en later weer ‘n kamera en twee swaarde met hom uitgeruil vir ‘n haelgeweer (vgl Papp, W 1951-1979:21).

As gevolg van finansiële druk besluit die kerkraad van die gemeente Krugersdorp tydens sy vergadering van 19 Augustus 1955 om die gemeente Krugersdorp-Oos voortaan huurgeld van £20 per maand te vra vir die gebruik van die kerkgebou. Tydens die kerkraadsvergadering van 29 Oktober verneem die kerkraad dat die gemeente Krugersdorp-Oos daartoe ingewillig het. ‘n Versoek van die voormalige kassier om die paaiement ten opsigte van sy skuld aan die gemeente te verminder, is ook behandel tydens 19 Augustus se vergadering en die kerkraad besluit om ‘n afvaardiging na hom te stuur. Tydens die vergadering van 29 Oktober aanvaar die kerkraad sy aanbod om voortaan slegs £20 per maand te betaal en word daar besluit om ‘n derde verband van £600 op sy huis aan te vra (vgl NHK Argief G18 1/2/1).

Aan die einde van September 1955 begin Kálmán II met weeklikse skermlesse by die skermklub in Krugersdorp. Skerm was in daardie dae 'n relatief onbekende sport in Suid-Afrika maar sedert die vroegste tye 'n baie geliefde sport in Hongarye en die Hongare was alom bekend vir hulle vaardigheid met die swaard. Hongarye het oor die loop van jare talle medaljes by die Olimpiese Spele in hierdie sportsoort verower. Kálmán II het in 1956 tydens die Transvaalse kampioenskappe in Johannesburg 'n vyfde plek behaal (vgl Papp, W 1951-1979:22 en 28). Hy het later die basiese vaardighede van skerm aan sy eie en talle ander kinders geleer en die jeug-vereniging van die gemeente het baie plesier daaruit geput.

Finansiële druk het in hierdie tyd weer opgeduik, en Kálmán II het al hoe meer foto's begin maak om 'n bykomende inkomste te verdien waarmee mediese uitgawes van sy gesin en die Ontvanger van Inkomste betaal kon word (vgl Papp, W 1951-1979:22). Hierdie werk was uiteraard tydrowend en het dikwels daartoe gelei dat sy gemeentewerk skade gely het.

**5.6.1.24 Geboorte van die derde kind**

Intussen is Kálmán II en Mieke se derde kind - weer 'n seun - op 14 Oktober 1955 gebore. Mieke het reeds vooraf besluit dat die kind nie familiename sou kry nie maar Wilfried sou heet indien dit 'n seun is en Ingrid indien dit 'n dogter is - beide Duitse name. Wilfried kry as tweede voornaam die naam Wilhelmus, na aanleiding van Mieke se eie voornaam, Wilhelmina. Kálmán II het die naamgewing van sy kinders telkens aan Mieke oorgelaat (vgl Papp, W 1951-1979:22).

*Die Hervormer* van Desember 1955 berig dat Kálmán II gedurende die naweek van 5 November 1955 in Heidelberg die heilige nagmaal en doop bedien het. "Ons innige dank aan ds. Papp van Krugersdorp wat oorgekom het, om behulpsaam te wees met die nagmaal. Sy preek uit Ps. 139:7 was boeiend. Met die doopdiens die middag, ook gelei deur ds. Papp is daar sewe kindertjies gedoop. Andermaal het hy die gemeente geboei met sy preek uit Deut. 11:26" (*Die Hervormer* 1955:12).

In dieselfde maand verneem Mieke dat een van haar studentemaats aan die Rijksuniversiteit van Utrecht, Coja Rümke, onderweg is na Suid-

Afrika. Rümke, die dogter van 'n mediese dokter wat onder andere in Indonesië gepraktiseer het, het 'n doktorsgraad in geologie gehad en 'n betrekking by die Geologiese Museum in Pretoria aanvaar (vgl Papp, W 1951-1979:24). Haar oom, professor H C Rümke, was *Rector Magnificus* van die Rijksuniversiteit van Utrecht (vgl Die Genootskap van Afrikaners 1954:4). Mieke verneem ook in hierdie tyd dat haar stiefpa ernstig siek is.

Op 5 Desember 1955 word Wilfried Wilhelmus in Krugersdorp gedoop deur professor B Gemser. Professor en mevrou Gemser word in die doopregister ook as die getuies aangedui (vgl NHK Argief G18 3/1/2). Kálmán III het bygestaan toe sy boetie gedoop is (vgl Papp, W 1951-1979:24). In dieselfde week ontvang Kálmán II besoek van dominee C S van H Steenekamp wat hom kom sien het insake die neem van foto's tydens die eeufeesvieringe van die gemeente Rustenburg. Steenekamp, wat later Kálmán II se medeleraar sou word, spreek die kerkraad van die gemeente Krugersdorp op sy vergadering van 12 Desember 1955 toe oor die Hulpbehoewende Gemeentefonds. Tydens dieselfde vergadering besluit die kerkraad dat daar in 1956 begin sal word met die oprigting van 'n kerksaal in Burgershoop (vgl NHK Argief G18 1/2/1). Die gemeentevergadering het egter op 28 Januarie 1956 besluit dat die erwe in Burgershoop verkoop en die saal eerder in Quellerie-Park gebou moet word (vgl NHK Argief G18 1/1/7).

Soos wat dit met verloop van tyd Kálmán II se gewoonte geword het, het hy elke jaar gedurende Desember, meestal eiehandig, talle kersgeskenke vir vriende en familielede gemaak. Mieke se dagboek vertel dat hy in 1955 onder andere 'n stel tipies-Hongaarse roosstokke vir die Gemsers gemaak het. Hierdie stokke is met pragtige houtsneewerk versier en in die Hongaarse kleure - rooi, wit en groen - geverf (vgl Papp, W 1951-1979:24).

Coja Rümke kondig haar aankoms in Suid-Afrika op 22 Desember 1955 aan en bring haar eerste Kersfees in Suid-Afrika by Kálmán II en Mieke deur. Tydens hierdie reünie het hulle talle jeugherinneringe uit Nederland gedeel en weer van vooraf hegte vriendskapsbande gesluit. In dieselfde tyd ontvang Kálmán II en Mieke ook besoek van Netty, die oudste suster van een van Mieke se hoërskoolvriendinne, Agnes Haggenburg. Netty het as *au pair* in Vereeniging gewerk (vgl Papp, W 1951-1979:25). Mieke het die bande met

familie en vriende in Nederland deur haar hele lewe gehandhaaf.

Op 28 Januarie 1956 besluit die gemeentevergadering van die gemeente Krugersdorp dat mans en vroue voortaan saam aan die nagmaal-tafel mag aansit (vgl NHK Argief G18 1/1/7) nadat die Algemene Kerkvergadering reeds in 1954 besluit het dat dit toelaatbaar is. Kálmán II het die besluit van die Algemene Kerkvergadering nie dadelik in sy gemeente toegepas nie, maar gewag totdat lidmate daarvoor gevra het. Dit was deurgaans sy modus operandi om bestaande gebruike in die gemeente te handhaaf en veranderings eers geleidelik in te faseer wanneer die lidmate daarvoor gereed was.

Gedurende Februarie hou Kálmán II en sy gesin vir die eerste keer vakansie in die Drakensberge. Dit was ook die eerste van vele vakansies waarop hulle Coja Rümke saamgeneem het (vgl Papp, W 1951-1979:27).

Die kerkraad van die gemeente Krugersdorp neem tydens sy vergadering van 17 Maart 1956 daarvan kennis dat meneer A B van N Herbst as Administrateur van die kerk aangestel is en hy word met sy aanstelling gelukgewens. Kálmán II sou egter vir nog baie jare en om verskeie redes gereeld met hom kontak hê (vgl NHK Argief G18 1/2/1).

Op 21 Maart 1956 is Kálmán II vir die eerste keer betrokke in ‘n motorbotsing. Hy moes uitswaai vir iemand wat oor ‘n rooilig gery het en het teen ‘n lamppaal gebots. Gelukkig is hy nie beseer nie, maar die motor was erg beskadig. ‘n Week later begin hy met vioollesse by meneer Adriaan Mes, ‘n Nederlandse immigrant wat by Mathlener se Kerkmusiekskool in diens was. Hy wou enersyds sy vioolspel weer op peil kry en andersyds die Kerkmusiekskool ondersteun. Kálmán II het Mes en sy vrou in Julie van die daaropvolgende jaar na die Drakensberge geneem. Ongelukkig kon Mes dit nie lank met Mathlener uithou nie. Hy het kort daarna, nadat Kálmán II en Mieke hom met sy reiskoste moes bystaan, na Nederland teruggekeer (vgl Papp, W 1951-1979:28). Volgens Mieke se dagboek het Kálmán II sy eerste viool in Suid-Afrika in April 1956 aangekoop met geld wat hy verdien het met ‘n lesing wat hy oor die radio gehou het (vgl Papp, W 1951-1979:29). Waaroor hierdie lesing gehandel het, kon nie vasgestel word nie.

Kálmán II se werkslas het in 1956 geweldig toegeneem, veral in

ringsverband. Agt gemeentes in die ring was op ‘n stadium gelyktydig vakant en hy moes oral uithelp - veral met huwelike, begrafnisse en die lei van vergaderings. Daarbenewens moes hy en Mieke ook ‘n seun van Mathlener, wat in groot konflik met sy pa geraak het, tydelik in huis neem (vgl Papp, W 1951-1979:30).

Gedurende Mei 1956 het Kálmán II sy Chevrolet motor, wat tydens die botsing beskadig maar intussen herstel is, van die hand gesit en ‘n nuwe Mercedes Benz 180 gekoop wat iemand by die handelaar gekanselleer het (vgl Papp, W 1951-1979:30). Met die finansies van die gemeente het dit intussen beter gegaan, in so ‘n mate dat die kerkraad tydens sy vergadering van 12 Mei 1956 aan Kálmán II ‘n motorlening kon toestaan en ‘n verhoogde reistoelae kon gee (vgl NHK Argief G18 1/2/1).

Gedurende die laaste naweek van Mei 1956 tree Kálmán II, in sy hoedanigheid as konsulent, as seremoniemeester op by die ontvangs van dominee en mevrou P A R C van Wyk in die gemeente Wonderfontein, en bevestig hy van Wyk ook in die amp (vgl *Die Hervormer* 1956:8). Intussen word Raymond Arthur, die eerste kind van Irma en János Álló, gebore (vgl Papp, W 1951-1979:30-31).

Op 1 Junie 1956 ontvang Mieke ‘n brief van Agnes Haggenburg uit Nederland waarin sy Mieke meedeel dat ‘n kennis uit haar studentedae, Wolfgang Hansske, na haar adres op soek is. Mieke het Hansske, wat ‘n joernalis vir die Duitse dagblad *Der Tagesspiegel* was, in Utrecht ontmoet tydens ‘n konferensie oor die Duitse skuldvraag. Hulle het dadelik by mekaar aanklank gevind en besluit om te korrespondeer. Kort nadat sy hom by die stasie afgesien het, het Mieke die eerste van talle briewe aan Hansske geskryf, maar hy het nooit daarop gereageer nie. Aangesien Wes-Berlyn intussen deur die Russe afgesny is, het sy vermoed dat hy dalk gesneuwel het. Dit was eers in Junie 1956 dat sy van sy ouers verneem het dat hy met sy terugkoms in Berlyn gevange geneem en in die tronk gestop is omdat hy antikommunistiese artikels gepubliseer het. Hy is op drie klagtes skuldig bevind aan antikommunistiese aksies en gevonnis tot drie termyne van vyf-en-twintig jaar se dwangarbeid in Siberië. Later is hy begenadig tot vyf-en-twintig jaar se dwangarbeid en na sewe jaar is algehele amnestie aan hom

verleen. By sy terugkoms in Duitsland is hy deur sy ouers aan huis geneem en het hy in verskeie sanatoria behandeling ondergaan. Sy vader het Mieke toe gevra om met hom te korrespondeer en sy het dit getrou gedoen. In 1962 het Mieke saam met Kálmán III 'n besoek aan Europa gebring en op uitnodiging van Hansske se vader na Kundl in Oostenryk gereis om Hansske weer te ontmoet. Hy is later met 'n maatskaplike werker getroud en hy en sy vrou, Christel, het Kálmán II en Mieke twee keer in Suid-Afrika kom besoek (vgl Papp, W 1951-1979:31).

Tydens die kerkraadsvergadering van 19 Junie 1956 word daar kennis geneem dat Kálmán II se tweede motorlening betaal is, maar dat daar nog geld uitstaande is op die eerste lening wat aan hom toegestaan is. Hy onderneem om die uitstaande bedrag so gou moontlik af te betaal sodra die kassier hom in kennis gestel het wat dit beloop (vgl NHK Argief G18 1/2/1). Hieruit blyk dit dat Kálmán II, waarskynlik as gevolg van sy werkslas en besige program, maar ook deels as gevolg van sy administratiewe nalatigheid, nie altyd op hoogte van sy persoonlike, veral finansiële, sake was nie.

### 5.6.1.25 Beroep na die gemeente Westonaria

Kálmán II ontvang sy tweede beroep, hierdie keer na die gemeente Westonaria, gedurende Julie 1956. Hy het as konsulent self die beroepsvergadering gelei (vgl *Die Hervormer* 1956:8). Aangesien hy geen begeerte gehad het om van gemeente te verwissel nie, het hy die beroep bedank (vgl *Die Hervormer* 1956:9). Volgens Kálmán II was sy kollegas deeglik daarvan bewus dat hy nie in enige beroep, behalwe na Kaapstad, belanggestel het nie. Gedurende dieselfde maand het Kálmán II ook sy eerste preek oor die radio gelewer en saam met Herbst en dominee J H van Staden gaan jag (vgl Papp, W 1951-1979:31).

Kálmán II se siening oor huisbesoek, waarmee hy altyd agter was as gevolg van sy besige program, blyk duidelik uit sy reaksie tydens 'n ringsvisitasie wat op 20 Augustus 1956 in die gemeente Krugersdorp gehou is. Hy is waarskynlik deur die visitatore, dominees H J Geyser en J H van Staden en 'n ouderling van der Merwe, daaroor aangespreek en die notule meld dat hy die uitlating gemaak het dat roetine huisbesoek " 'n volslae mislukking is"

(NHK Argief G18 1/2/1). Wat die visitatore se reaksie hierop was, word nie in die notule vermeld nie. In dieselfde vergadering neem die kerkraad daarvan kennis dat die orrel binnekort gerestoureer sal moet word en verleen die kerkraad aan Kálmán II twee weke verlof om Mieke na die kus te neem.

Die kerkraad van die gemeente Krugersdorp neem tydens sy vergadering van 25 September 1956 kennis van 'n aanbod van die stadsraad van Krugersdorp om die uitspanregte van die gemeente te ruil vir vier woonerwe in Quellerie-Park en ses in 'n nuwe uitbreiding van Burgershoop. Die kerkraad besluit om eers deeglik navraag te doen alvorens die aanbod aanvaar word (vgl NHK Argief G18 1/2/1).

Tydens dieselfde vergadering keur die kerkraad 'n gesamentlike evangelisasiediens met die Anglikaanse Kerk op 8 November goed, asook die restourasie en uitbouing van die orrel (vgl NHK Argief G18 1/2/1). Intussen is Kálmán II baie besig met die neem van foto's van die nuwe kerkgebou van die gemeente Krugersdorp-Wes wat op daardie stadium in aanbou was en op 19 Oktober ingewy sou word. Vir hierdie doel moes hy bykomende toerusting aankoop waarmee gehalte foto's van geboue geneem kon word. In dieselfde maand verneem Mieke dat haar stiefvader op haar verjaardag, 11 Augustus, oorlede is (vgl Papp, W 1951-1979:32-33).

**5.6.1.26 Die 1956 Rewolusie in Hongarye**

'n Gebeurtenis van internasionale belang, wat Kálmán II se werk as predikant vanaf die einde van Oktober 1956 en vir die res van sy bedieningstyd omvangryk beïnvloed het, was die rewolusie wat gedurende die laaste week van Oktober 1956 in Hongarye uitgebreek het. Hierdie rewolusie het begin met 'n besluit van Hongaarse studente om op Dinsdag 23 Oktober 1956 'n vreedsame betoging voor die Poolse ambassade in Budapest te hou as blyk van meelewing en solidariteit met studente wat in Pole teen die kommunistiese regime in opstand gekom het en op die bevryding van Pole aangedring het. Alhoewel die betoging aanvanklik deur die Hongaarse owerheid belet is, is dit tog later toegelaat op voorwaarde dat daar geen provokasie sal wees nie. Toe die studente egter tydens die betoging daarop aangedring het dat hulle betoging oor Radio Budapest uitgesaai moet word, is daar besluit dat

die studente uiteen gejaag moes word. Traangas is tydens hierdie proses gebruik en verskeie studente is gearresteer. Pogings om hierdie studente te bevry, het daartoe aanleiding gegee dat die polisie met gewere op die skare losgebrand het en die betoging het op grond daarvan ontaard in 'n algehele opstand. Toe die hulp van Russiese weermag ingeroep is om die opstand te onderdruk, het dit gelei tot 'n geweldadige konfrontasie tussen die soldate en die studente. Maar ook die bevolking van Budapest het betrokke geraak. Mense kon hulle jarelange opgehoopte frustrasie met die onderdrukkende kommunistiese stelsel net nie meer terughou nie. Hulle het openlik daarteen in verset gekom en begin om fabrieke en winkels te plunder. Gevegte het spoedig ook versprei na Debrecen, Szolnok, Szeged en ander stede en dorpe in die land. Daar is geëis vir die nasionale onafhanklikheid van Hongarye, politieke en ekonomiese hervorming, die opheffing van alle sensuurmaatreëls en godsdiensvryheid. Talle Russe wat in Hongarye gestasioneer was, het hulle aan die kant van die opstandelinge geskaar en hulp verleen in hulle gevegte teen die Russiese troepe en veral die Hongaarse Volkspolisie. Die hoofkwartier van hierdie liggaam is omsingel en aan die brand gesteek en niemand het lewend daaruit gekom nie. Ten spyte van 'n aantal beloftes en toegewings wat die owerheid met verloop van tyd gemaak het, het die opstand in felheid steeds bly toeneem - totdat Russiese magte Budapest op 4 November 1956, en daarna die res van die land, beset en die rewolusie onderdruk het (vgl Laping 1975:4). Hulpkrete tot die Weste het op dowe ore geval. Almal se aandag was bepaal by die krisis in die Suezkanaal.

Kálmán II het die bogenoemde gebeure deurgaans met groot belangstelling in die media gevolg en was uiteraard bekommerd oor sy familie in Hongarye. In hierdie stadium het hy, ter wille van sy eie veiligheid, nog nie direk met hulle gekorrespondeer nie (vgl Papp, W 1951-1979:33). Kálmán II het eers op 13 Januarie 1960 berig ontvang dat al sy familielede in Hongarye die rewolusie oorleef het (vgl Papp, W 1951-1979:37).

Oor die verliese van die rewolusie is daar uiteenlopende menings. Daar is geen betroubare syfers bekend oor die lewensverliese wat gely is nie en dit is onbekend hoeveel opstandelinge in aanhouding omgekom het:

> The Central Statistical Bureau of Budapest in its mid-January 1957 report, places the dead on the Hungarian side at 2 500-3 000, of which 1 800 - 2 000 belong to Budapest. Of the dead 84% were men and 16% women. The report places the number of individuals needing medical care at 13 000, of which 11 500 were treated in Budapest. Almost half of the wounded were 19-30 years old and about one fourth were under 18. More than 20% of the dead were under 20.
>
> The more accurate Western sources multiply by ten the officially given casualty figures. It is impossible even to guess the number of Soviet military casualties.
>
> According to Hungarian reports, confirmed indirectly by the U.N., there were 400 - 500 revolutionaries executed during the post-revolutionary vendetta. Very likely this figure is much higher. Needless to say official figures do not include those who died during interrogations or in prison for lack of medication or proper care.
>
> (Révész 1975:352)

Gedurende Oktober en November 1956 het Kálmán II sy derde en vierde vuurwapens aangeskaf - ‘n Anschutz .22 geweer en ‘n Ruger .357 Magnum rewolwer.

Tydens die kerkraadsvergadering van 10 November 1956 verneem die kerkraad dat die voormalige kassier ingewillig het dat die kerkraad sy huis mag verkoop (vgl NHK Argief G18 1/2/1) en die gemeentevergadering verleen op die volgende dag daartoe toestemming (vgl NHK Argief G18 1/1/7). Daar word ook kennis geneem dat die gesamentlike erediens met die Anglikaanse Kerk goed afgeloop het (vgl NHK Argief G18 1/2/1).

#### 5.6.1.27 Hulpverlening aan die Hongaarse vlugtelinge

Daar word beraam dat meer as twee honderd duisend Hongare tydens die rewolusie en kort daarna uit Hongarye na die Weste gevlug het (vgl Lázár

1990:123). Hulpverleningsaksies is wêreldwyd in die lewe geroep om die vlugtelinge by te staan - ook in Suid-Afrika. Talle fondsinsamelingsaksies is gehou en die geld is in 'n fonds gestort wat deur die Suid-Afrikaanse regering in die lewe geroep is. Die kerkraad van die gemeente Krugersdorp het tydens sy vergadering van 10 November 1956 ook besluit om 'n deurkollekte aan die Hongaarse Rooikruis af te staan (vgl NHK Argief G18 1/2/1).

Die rewolusie in Hongarye het intussen ook die belangstelling van die Suid-Afrikaanse media in Kálmán II se agtergrond en lewe gewek. Op Sondag 18 November 1956 verskyn daar in *Fleur*, die tydskrifbylaag van die Sondagkoerant *Dagbreek*, twee artikels oor Kálmán II - die eerste met die opskrif *Hongaarse Vlugteling Nou Boerepredikant* op die voorblad, en die tweede met die opskrif *Die Dominee Op Russe Se Lys* op bladsy twee. Die eerste artikel bevat 'n foto van Kálmán II asook een saam met sy derde seun, Wilfried, en die tweede, benewens 'n foto van homself soos hy kort na sy aankoms in Suid-Afrika gelyk het, ook een van hom saam met sy broer en suster toe hy maar veertien jaar oud was (vgl *Fleur*, bl 1 en 2). Die eerste artikel handel hoofsaaklik oor sy agtergrond en die tweede oor sy ervarings tydens die Tweede Wêreldoorlog. In beide artikels, wat deur W A Boonzaaier geskryf is, word die gebeure erg aangedik en beide bevat talle onjuisthede, onder andere dat Kálmán II se moeder saam met hulle in die Bükkberge weg-gekruip het, dat hulle 'n aantal vroue wat vir die Russe gevlug het daar ge-huisves het, dat Kálmán II reeds predikant in Hongarye was en dat sy vriend Gyula deur die kommuniste opgehang is.

Die bovermelde artikels het vir Kálmán II groot bekendheid beteken en hy was onmiddellik oral in aanvraag om lesings aan te bied en praatjies te hou, onder andere vir studente van die Universiteit van Pretoria wat op 14 Desember 1956 op Kerkplein in Pretoria saamgekom het om te protesteer teen die Russe se onderdrukking van die rewolusie in Hongarye. 'n Foto wat tydens hierdie geleentheid van Kálmán II geneem is, is later gebruik in 'n brosjure wat deur die regering laat druk is vir verspreiding onder die Hongaarse vlugtelinge in Oostenryk wat dit dalk sou oorweeg om na Suid-Afrika te emigreer. Hierdie brosjure het onder andere in die hande gekom van die vlugtelinge Juliska en Gustáv Gallasz. Juliska was Kálmán II se halfniggie

wat in haar kinderjare ‘n vakansie in Mándok deurgebring het in die tyd toe Kálmán I nog gelewe het. Op grond hiervan het sy en haar man besluit om na Suid-Afrika te kom. Kálmán II het self ook ‘n brief aan die Suid-Afrikaanse ambassade in Wenen geskryf waarin hy onderneem het om verantwoordelikheid te aanvaar vir enige familielid wat dalk onder die vlugtelinge kon wees (vgl Papp, W 1951-1979:34).

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika was simpatiek teenoor die Hongaarse vlugtelinge. Tydens die vergadering van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van 4 Desember 1956 besluit die Kommissie soos volg:

> Alles moontlik sal gedoen word om Hongare hierheen te laat immigreer en indien moontlik sal van die dienste van ds Papp gebruik gemaak word. Uitvoering hieraan sal aan die Sentrale Immigrasieraad opgedra word. ‘n Omsendbrief sal aan gemeentes gaan met die versoek om mildelik by te dra tot die Hongaarse Noodlenigingsfonds.
>
> (NHK Argief K1/2 1/1/9)

Mieke skryf reeds op 22 November 1956 in haar dagboek dat Kálmán II moontlik na Oostenryk gestuur sou word om immigrante te keur. Die kerk en die Maatskappy vir Europese Immigrasie (MEI) kon egter, ten spyte van ‘n besoek van Kálmán II aan minister Jan de Klerk, lid van die Volksraad vir Krugersdorp, en vertoë aan die Eerste Minister, advokaat J G Strydom, nie daarin slaag om die staat sover te kry om Kálmán II op koste van die staat na Oostenryk te stuur nie. Alles was intussen in plek: Kálmán II het ‘n paspoort, visums vir Nederland, Wes-Duitsland en Switserland bekom en meneer A B van N Herbst het die kerkraad van die gemeente Krugersdorp in kennis gestel dat Kálmán II voorlopig van minder belangrike gemeentewerk onthef word (vgl Papp, W 1951-1979:34-36). Nadat die MEI uiteindelik ingewillig het om die koste te dra en daar met groot moeite ‘n Oostenrykse visum vir Kálmán II verkry is, was dit egter reeds te laat. Suid-Afrika het reeds die

kwota immigrante waarop die regering besluit het, naamlik een duisend twee honderd, bereik. Gevolglik het die besoek aan Europa nooit gerealiseer nie.

Die eerste vyf-en-sewentig Hongaarse vlugtelinge het reeds in die middel van Desember in Suid-Afrika aangekom. Kálmán II het hulle op die destydse Jan Smuts Lughawe ingewag en vergesel na Vanderbijlpark, waar daar vir hulle tydelike verblyf in 'n hostel gereël is en waarvandaan daar vir hulle werk en ander huisvesting gereël is. YSKOR en die goudmyne aan die Oos- en Wesrand het talle van hulle in diens geneem. Ten spyte van die feit dat die oorgrote meerderheid vlugtelinge Rooms was, het talle van hulle later Kálmán II se Hongaarse eredienste op die eerste Sondag van elke maand bygewoon. Dit was immers die enigste geleentheid waar hulle 'n erediens kon bywoon wat in hulle moedertaal gehou is. Dominee C L van den Berg vertel in sy boekie *Pyle in die hand* van 'n kostelike insident wat homself by die eerste erediens vir die vlugtelinge afgespeel het:

> Ds. Kalman Papp van Krugersdorp het die volgende gebeurtenis belewe: In 1956, kort na die aankoms in ons land van nagenoeg 1,000 Hongaarse vlugtelinge, sou ds. Papp, self 'n gebore Hongaar, in die Ned. Hervormde Kerk, Cottesloe, Johannesburg, op 'n Sondagmôre 'n erediens in Hongaars lei ten behoewe van die pasaangekome vlugtelinge. Hierdie reëling, dat daar op daardie bepaalde Sondag die erediens in die Hongaarse taal gelei sou word, is weke vantevore van die kansel af, en op ander maniere, bekend gemaak. Gevolglik het die gemeente daardie dag van die kerk af weggebly, wat ook die bedoeling was. Halfpad in die diens op die betrokke Sondagmôre het ds. Papp egter iemand in die kerk opgemerk van wie hy dadelik kon sien dat dit 'n Boere-omie is. Na afloop van die diens het hy hom gehaas om die omie buitekant die kerk voor te loop, en vir hom min of meer so iets gesê: 'Dit spyt my, oom, dat u waarskynlik nie van die buitengewone reëlings verneem het nie, en nou vanmôre niks aan die hele diens gehad het nie'. Hierop het die omie heel ver-

> ontwaardig geantwoord: 'Alles in orde, dominee, jy is verniet bekommerd. Ek het dit geweldig geniet, so terug verlang na my kinderdae. Sien, dominee, ek is nog van die mense wat op skool Hollands geleer het'.
>
> (Van den Berg 1964:23-24)

Kálmán II het met die Hongaarse eredienste, aanvanklik in die kerkgebou van die gemeente Johannesburg, daarna in dié van die Nederlandssprekende gemeente in Johannesburg, en later weer in dié van die gemeente Johannesburg, volgehou, selfs vir jare ná sy emeritaatsaanvaarding in 1991. Die Kerk het op ‘n stadium die moontlikheid van ‘n selfstandige Hongaarssprekende gemeente oorweeg, maar besef dat dit nie lewensvatbaar was nie. Die getalle en die verspreiding van die Hongare het dit net eenvoudig nie regverdig nie. Die Hongaarse Hervormers is gevolglik bloot as ‘n wyk van die gemeente Krugersdorp bearbei. Alhoewel hy nooit in die amp van ouderling bevestig is nie, het Jószef de Szabó in hierdie hoedanigheid onder die Hongare gefunksioneer. Hy het gereeld die maandelikse kennisgewings van eredienste, vergesel van ‘n volledige liturgie, aan die lidmate uitgestuur. Mieke en De Szabó se dogter, Mária, het meestal as orrelis opgetree. Nagmaal is gereeld bedien, veral op die kerklike feesdae soos dit die gebruik in Hongarye was, en so ook die doop aan enkele kinders, meestal in die kerkgebou van die gemeente Krugersdorp. Daar is geen kategetiese onderrig gegee of belydenis van geloof afgeneem nie aangesien die meeste kinders in Engelse skole beland en in die Engelse gemeenskap en kerke opgeneem is. Kálmán II het egter wel ‘n aantal Hongaarse huwelike bevestig en begrafnisdienste gelei. Meer as dít kon hy, as gevolg van ‘n gebrek aan tyd, nie doen nie.

In die week voor Kersfees 1956 het Kálmán II se halfniggie, Juliska, en haar man Gustav Gallasz in Suid-Afrika aangekom. ’n Nie-identifiseerbare koerantuitknipsel en foto van hulle herontmoeting kan in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3). In dieselfde lêer verskyn daar ook ‘n foto van Kálmán II waar hy hulp verleen met die afneem

van die vingerafdrukke van vlugtelinge. Gustav en Juliska, wat beide Rooms was en nooit Kálmán II se Hongaarse eredienste bygewoon het nie, was goed opgelei in die inmaakbedryf en het gou werk gekry by ‘n fabriek in Empangeni in Natal wat pynappels ingelê het. Soos reeds gemeld, is hulle later onderskeidelik as plaas- en fabrieksbestuurders in diens geneem by Silver Stream Mushrooms in Sandton.

Wat veronderstel was om ‘n normale jaar te gewees het, het dus ontwikkel in ‘n jaar waarin Kálmán II, veral sedert die koms van die Hongaarse vlugtelinge, swaar belas is met talle bykomende verantwoordelikhede. Hy het van meet af aan alles in sy vermoë gedoen om die Hongare by te staan en geen moeite ontsien om hulle gevestig te kry nie. Vir talle moes hy by verskillende geleenthede as tolk optree en behulpsaam wees met die vertaling van dokumente van allerlei aard. Hy is selfs een oggend om 02:30 deur die Suid-Afrikaanse Polisie geskakel met die versoek dat hy na Johannesburg moes kom om te tolk vir ‘n Hongaar wat aangerand is. Vir ‘n geruime tyd het hy ook weekliks in Vanderbijlpark en by ‘n goudmyn in Randfontein klasse in Afrikaans en Engels aangebied. Die Hongare het dus op ‘n groot deel van sy tyd beslag gelê en sy gesin en werk in die gemeente het uiteraard daaronder gely (vgl Papp, W 1951-1979:36).

Die reeds geopenbaarde belangstelling van die Nederduitsch Hervormde Kerk in die wel en wee van die Hongaarse volk en kerk, blyk ook uit die aandag wat dit in die kerklike media geniet het. Op versoek van die redakteur van *Die Hervormer* skryf Kálmán II ‘n uitgebreide artikel oor die geskiedenis van die Hongaarse volk met die opskrif *‘n Volk wat vir sy vryheid stry*, wat in Januarie 1957 verskyn (vgl *Die Hervormer* 1957:1). Dit word later opgevolg met ‘n artikel oor Kálmán II self, met die opskrif *Die Hongaarse volk en ‘n seun van daardie volk*. Hierdie artikel, wat deur dominee J D Storm namens die Raad vir Jeugwerk geskryf is, verskyn in *Die Hervormer* van Februarie 1957 (vgl *Die Hervormer* 1957:2). Hierdie artikels is selfs buite die kerk gelees soos blyk uit ‘n brief wat ‘n ouderling van die Gereformeerde Kerk Johannesburg Sentraal aan *Die Hervormer* geskryf het en waarin hy pleit dat "die drie Hollandse kerke" ‘n breë kommissie moet benoem om aandag aan die bearbeiding en versorging van die Hongaarse vlugtelinge in Suid-Afrika te

gee (vgl *Die Hervormer* 1957:6). In Die Hervormer van Maart 1957 en latere uitgawes verskyn daar ook 'n advertensie van 'n boekie met die titel *Sorg vir jou sustertjie*, wat die verhaal vertel van twee Hongaarse kinders "... wat vlug vir die barbaarse kommunistiese geweld. Dit is die verhaal van kinders wat hul moeder verloor - en wat van haar niks oorgehou het as 'n klein briefie nie: 'Ons sal mekaar nie weer sien nie, behalwe in die hemel'. Dit is 'n suiwere verhaal van ellende en trots, dapperheid en wanhoop, leed en geloof" (*Die Hervormer* 1957:3).

Kálmán II en Mieke neem aan die einde van Januarie 1957 Éva Német, die dogter van 'n geskeide Hongaarse vrou, wat nie met haar moeder oor die weg kon kom nie, in huis, en skryf haar by Hoërskool Monument in. Haar boetie Öcsi is in die Jac van Belkum Kinderhuis geplaas. Mieke het Éva Duits leer praat en sy vir Mieke Hongaars, wat veral vir Mieke baie kosbaar was met die oog op haar latere korrespondensie met Kálmán II se familie in Hongarye en 'n ontmoeting met haar skoonmoeder in 1962. Éva het later in Vanderbijlpark gaan verpleeg en met 'n Duitse immigrant in die huwelik getree (vgl Papp, W 1951-1979:37).

Mieke skryf in Februarie 1957 by die Kerkmusiekskool in om as orrelis opgelei te word (vgl Papp, W 1951-1979:36). Sy het haar eerste musiekonderrig tydens haar hoërskooljare ontvang toe sy klavierlesse geneem het, eers by Sarah Wolf, wat tydens die Jodevervolging na Duitsland weggevoer en in Ausschwitz oorlede is, en later by Henriëtte Perquin, 'n familievriendin. Mieke het haar opleiding aan die begin van 1960 voltooi en haar diploma tydens 'n spesiale erediens, wat op 17 Januarie 1960 deur professor A van Selms in die kerkgebou van die gemeente Johannesburg gelei is, ontvang.

#### 5.6.1.28 Vertrek van professor en mevrou B Gemser

Gedurende Maart 1957 beleef Kálmán en Mieke 'n groot verlies toe daar bekend gemaak word dat professor en mevrou Gemser besluit het om terug te gaan na Nederland. Gemser, wat aan die einde van 1955 op die destyds verpligte aftree-ouderdom van die Universiteit van Pretoria afgetree het as hoogleraar, het in 1956 'n benoeming aan die Rijksuniversiteit van Groningen

ontvang, as opvolger vir professor Th C Vriezen. Aan dié universiteit was die aftree-ouderdom op daardie stadium vyf jaar later (vgl *Die Hervormer* 1957:4). Daar dien gemeld te word dat Gemser reeds in 1939 deur dieselfde universiteit benoem is as opvolger vir professor L H K Bleeker en die benoeming aanvaar het, maar dat hy deur die naderende oorlog verhinder is om te gaan en toe in Suid-Afrika gebly het (vgl Vriezen 1962:160). Kálmán en Mieke het sy afskeidsgeleentheid in die Culemborg Hotel in Pretoria bygewoon, waartydens Gemser na hulle verwys het as sy *Afrikaanse seun en dogter*. Gemser sou aanvanklik na vier jaar terugkeer na Suid-Afrika, maar omstandighede het intussen sodanig in die kerk en land verander dat hy besluit het om in Nederland te bly (vgl Papp, W 1951-1979:38).

Tydens die naweek van 12 tot 14 April 1957 woon Kálmán II en Mieke die fees ter herdenking aan die dertigjarige bestaan van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Witbank by, waar hy as proponent in 1951 vir drie maande uitgehelp het. Hulle gaan by die Vermaase tuis en Kálmán II gee op Vrydagaand 12 April tydens ‘n byeenkoms vir die bejaardes van die gemeente ‘n skyfievertoning oor die kerkgeskiedenis, tree op Saterdagaand 13 April met sy viool tydens ‘n sangaand op en lei op Sondagmiddag 14 April ‘n dooperediens waartydens hy twintig kinders gedoop het (vgl Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Gemeente Witbank 1957:42-43).

In Maart 1957 het Kálmán II direk met sy familie in Hongarye begin korrespondeer. Sedert hy dié land verlaat het, is daar via kennisse in Nederland met hulle gekommunikeer. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat die Hongaarse Volkspolisie hulle hande so vol sou hê met die vervolging van die opstandelinge tydens die rewolusie van 1956, dat hulle nie meer na hom op soek sou wees nie. Kálmán II was nooit ‘n ywerige skrywer nie en het die korrespondensie aan Mieke, wat dit wel was, oorgelaat. Sy het haar lewe lank baie getrou met familie en kennisse in Europa gekorrespondeer. Mieke hou sedert 1951 ‘n dagboek van hulle wedervaringe in Suid-Afrika en skryf graag gedigte, veral in Duits. Sy beskik oor ‘n besondere vaardigheid met die pen en kan vyf tale vlot praat: Nederlands, Duits, Hongaars, Afrikaans én Engels. Haar vakke op hoërskool was Nederlands, Duits, Engels, Frans, Latyn en Grieks. Op Universiteit het sy ook Russies en Germaanse filologie bestudeer.

Alhoewel Kálmán II sy lewe lank bekend was as 'n uiters geduldige, taktvolle en diplomatiese persoon, het dit in 'n gemeentevergadering van die gemeente Krugersdorp op 14 April 1957 geblyk dat hy tog ook by tye ferm en beslis kon optree. Die notule sê die volgende van sy optrede (met E.V. word bedoel eerwaarde Voorsitter):

> …. dat hy in belang van die vooruitgang van die Gemeente daartoe verplig is om voortaan Gemeente vergaderings te hou voor die gewone erediens. As dit nodig blyk sal E.V. elke maand so 'n vergadering hou uitsluitlik om ampsdraers te kies in vakante wyke en om dringende sake onder die aandag van die gemeente te bring! E.V. sal met hierdie reeling volhard tot dat Gemeente genoeg belangstelling in Gemeente vergaderings toon!
>
> (vgl NHK Argief G18 1/1/7).

Tydens dieselfde vergadering deel Kálmán II die gemeente mee dat susters voortaan in die vergaderings spreek- en stemreg het. Die vergadering verneem ook dat tien erwe in Quellerie-Park gereserveer is vir die ruiltransaksie van die uitspanregte van die gemeente (vgl NHK Argief G18 1/1/7).

Nadat Kálmán II en Mieke aan die einde van April 1957 met viool en klavier by 'n konsert vir blindes opgetree het, hou hulle alleen vir 'n week vakansie in die Drakensberge. Die kinders is by lidmate van die gemeente uitgeplaas (vgl Papp, W 1951-1979:41). Dit het hulle 'n welverdiende ruskans gebied, want direk daarna het die tiende vergadering van die ring van Krugersdorp te Florida plaasgevind (vgl NHK Argief R18 1/1/1). Aan die einde van Mei hou die pastoriegesinne van Kálmán II en dominees H J Geyser en J H van Staden saam piekniek (vgl Papp, W 1951-1979:43). Dominee Geyser het in Augustus 'n beroep na die gemeente Tzaneen aanvaar en dominee van Staden in November na Lichtenburg. Weer eens sou Kálmán II vir 'n tyd alleen in Krugersdorp wees en met konsulentswerk belas word, terwyl sy eie gemeentewerk, veral as gevolg van sy betrokkenheid by die

Hongare, agter was. Hieroor het die gemeente en kerkraad van die gemeente Krugersdorp geleidelik opstandig geraak.

Intussen het daar weer probleme rondom Mathlener opgeduik. By die kerkraadsvergadering van 18 Junie 1957 is daar klagtes oor sy spel geopper en besluit dat hy en lede van die Raad vir Kerkmusiek die volgende vergadering moet bywoon (vgl NHK Argief G18 1/2/1). Tydens die vergadering van 10 Augustus 1957, waar dominee H J Geyser en meneer H van der Merwe namens die Raad vir Kerkmusiek teenwoordig was, word daar tot die gevolgtrekking gekom dat die oplossing geleë is in ‘n afdaling na die vlak van die gemeente en daarna ‘n geleidelike opheffing van die gemeentesang. Die predikant sal voortaan meer bekende liedere laat sing en die orrelis sal eenvoudiger probeer speel (vgl NHK Argief G18 1/2/1). Tydens hierdie vergadering neem die kerkraad ook die besluit " … dat as ‘n lid 3 keer na mekaar sonder verskoning van die vergadering wegbly, hy outomaties geskors word. E. Voorsitter sal eers die betrokke lid gaan spreek". ‘n Versoek van die *Gefedereerde Kommissie vir die Bearbeiding van Spoorweg-personeel*, dat die kerkraad Kálmán II vir ‘n tydperk van twee maande sal afstaan om tweehonderd-en-vyftig Hongare in Durban geestelik te bearbei, word tydens dieselfde vergadering deur die kerkraad geweier. Die kerkraad voel dat die dominee "sy dienste liefs in sy eie gemeente moet bestee" (NHK Argief G18 1/2/1). Hieruit is dit duidelik dat die kerkraad onvergenoegsaam begin word het met Kálmán II se betrokkenheid by die Hongare. Mieke het intussen haar eerste teoretiese orreleksamen geslaag (vgl Papp, W 1951-1979:45).

Volgens die notule van die kerkraadsvergadering van 26 Oktober 1957 is daar intussen ook met herstelwerk aan die pyporrel begin (vgl NHK Argief G18 1/2/1). Tydens die herstelwerk moes Kálmán II etlike kere vrede maak tussen Mathlener en die orrelbouer Christian Ganser. Volgens Mathlener was Ganser kwansuis te stadig (vgl Papp, W 1951-1979:48).

Aan die begin van November 1957 neem Kálmán II ‘n Hongaarse jongman, Lászlo Szabo, wat by West Rand Consolidated Mines gewerk en by Kálmán II lesse in Afrikaans gekry het, na die Nasionale Krugerwildtuin. Hulle het die vyfjarige Kálmán III saamgeneem (vgl Papp, W 1951-1979:48).

Mieke het gedurende Desember 1957 haar eerste praktiese orrel-

eksamen geslaag en Kálmán II het ‘n reuse luidsprekerkas gebou vir die huis se hoëtroustelsel (vgl Papp, W 1951-1979:49).

*Die Hervormer* van Januarie 1958 maak in ‘n berig oor die werksaamhede van die Raad vir Jeugwerk daarvan melding dat Kálmán II, in medewerking met professor S P Engelbrecht, besig was met die samestelling van ‘n skyfiereeks oor die geskiedenis van die kerk (vgl *Die Hervormer* 1958:1). Hierdie projek sou jare duur en ontsaglik baie tyd in beslag neem. Dit is egter met groot vrug in baie gemeentes van die kerk aangewend.

Aan die begin van 1958 kom daar ‘n effense verligting vir Kálmán II toe die gemeente Krugersdop-Oos ‘n nuwe leraar in die persoon van ds J I de Wet ontvang. Hulle was saam studente aan die Universiteit van Pretoria en het besonder goed met mekaar oor die weg gekom, ten spyte van die feit dat hulle nie altyd oor teologiese kwessies saamgestem het nie. Hieroor word later meer gesê. Nog groter verligting kom vir Kálmán II in Maartmaand met die ontvangs van dominee J C Kruger in die gemeente Krugersdorp-Wes. Kálmán II het hom bevestig en Mieke het sy verwelkomingsadres gemaak (vgl Papp, W 1951-1979:52).

**5.6.1.29 Geboorte van die vierde kind**

Kálmán II en Mieke se vierde kind en eerste dogter word op 28 Februarie 1958 gebore. Mieke besluit om haar na Saskia, vrou van die skilder Rembrandt, te vernoem en sy kry as tweede naam die naam van Kálmán II se moeder, Maria. Kálmán II het die hospitaalkoste van die bevalling betaal met die opbrengs van rugbyfoto’s wat hy gemaak het. Kort daarna moes hy ook vir ‘n gesondheidsinspekteur foto’s maak van die bene van ‘n man wat in die Hartbeespoortdam bilharzia opgedoen het (vgl Papp, W 1951-1979:51).

In die gemeente is daar intussen ‘n musiekuitvoering saam met die koor van Hoërskool Monument ten bate van die orrelfonds gehou. Verder is ‘n bedrag van £378 ontvang uit die verkoop van die voormalige kassier se huis. Die kerkraad moes egter daarvan kennis neem dat die nuwe eienaar reeds agterstallig was met sy paaiemente (vgl NHK Argief G18 1/2/1).

Volgens Mieke se dagboek is Saskia Maria op 4 Mei 1958 deur professor A S Geyser in Krugersdorp gedoop (vgl Papp, W 1951-1979:53),

maar volgens die doopregister van die gemeente is sy deur Kálmán II gedoop en was daar geen getuies nie (vgl NHK Argief G18 3/1/2). Kálmán II en Mieke het bevestig dat sy wel deur professor Geyser gedoop is en daar word aangeneem dat die doopregister foutief is. Kálmán II het self ‘n aantal kinders by dieselfde geleentheid gedoop en die skriba vir registrasie het waarskynlik per abuis sy naam by al die dopelinge ingeskryf.

Aan die begin van Mei 1958 koop Kálmán II sy eerste rolprentkamera en toets dit kort daarna uit tydens ‘n besoek aan die Drakensberge. Sedertdien sou hy talle rolprente, veral van die kinders, neem wat vir menige gesellige gesinsaande sou sorg. Gedurende die volgende maand stuur hy ‘n film oor die kinders en ‘n bandopname van Mieke se orrelspel aan sy skoonmoeder in Nederland (vgl Papp, W 1951-1979:55). Hy het met verloop van jare ook baie films van gemeentelike en ander kerklike geleenthede geneem en dit met groot vrug gebruik by herdenkingsgeleenthede en feeste.

Mieke het gedurende Junie 1958 met sukses haar volgende orreleksamen afgelê en in Julie vir Mathlener waargeneem toe hy met verlof was. Later in die jaar sou hy haar egter op ‘n lelike wyse oor die kole haal, omdat sy na bewering in ‘n ander student se oefentyd orrel geoefen het. Mieke het hierdie beskuldiging ontken en Kálmán II het die voorval onder die aandag van professor A van Selms, voorsitter van die Raad vir Kerkmusiek, gebring. Mathlener was briesend daaroor en het toe geweier om haar verder te onderrig. Van Selms het hom egter daartoe verplig en dit het veroorsaak dat Mieke se laaste opleidingsjaar nie ‘n plesier was nie (vgl Papp, W 1951-1979:61).

Gedurende Julie 1958 ontvang Kálmán II vir die eerste keer ‘n Suid-Afrikaanse persoonskaart. Dit is op 1 Julie 1958 uitgereik en in rooi geendoseer met die woorde *Hongaar/Hungarian* en *vreemdeling/alien*. Hierdie kaart kan in sy persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3).

In die dagblad *Die Vaderland* van 11 Julie 1958 verskyn daar ‘n artikel oor Kálmán II onder die opskrif *Hongaar na 9 jaar Boer in murg en been*. Hierdie artikel bevestig sy vele talente in die volgende woorde: "Fotografie, die skilderkuns, musiek, boogskietery en die aanleer van vreemde tale: dit is die stokperdjies waarmee ds. Kalman Papp van die Hervormde

gemeente, Krugersdorp, hom besig hou as hy nie op die preekstoel is nie. En elkeen van hierdie talente het hy tot ‘n fyn kuns ontwikkel" (Die Vaderland, bl 14). Kálmán II se veelsydigheid en vaardigheid in verskeie sake het inderdaad vir hom groot bewondering in die gemeenskap ingeoes.

Twee nuwe gemeentes word in die tweede helfte van 1958 in die ring van Krugersdorp gestig. Op 7 September 1958 word die nuwe gemeente Witpoortijie uit Roodepoort afgestig en op 14 November 1958 die gemeente Carletonville uit Wonderfontein (vgl NHK Argief R18 1/1/1). Alhoewel hierdie afstigtings verligting beteken het vir die predikante van die gemeentes waaruit hulle afgestig is, het dit vir die konsulente meer werk beteken.

Die kerkraad van die gemeente Krugersdorp het intussen ‘n hele aantal geslaagde fondsinsamelingsaksies van stapel gestuur, onder andere ‘n vleisbraai wat £391 opgelewer het. Opdrag is ook aan die Finansiële Komitee gegee vir die vervaardiging van nuwe nagmaaltafels. Die moontlike oprigting van ‘n saal langs die bestaande kerkgebou en die uitstaande saal in Burgershoop, asook die aankoop van twee besigheidserwe wat direk langs die kerkgebou geleë was, is ook bespreek tydens die kerkraadsvergaderings van 30 September en 14 Oktober 1958. Tydens dieselfde vergaderings is daar respektiewelik ook besluit om verpligte doopkategese in te stel en "dooie lidmate voor die kerkraad te daag" (vgl NHK Argief G18 1/2/1).

### 5.6.1.30 Radiopraatjies oor vreemde godsdienste

Gedurende Oktober 1958 het Kálmán II baie hard gewerk aan ‘n reeks van ses praatjies oor vreemde godsdienste, wat hy op versoek van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK) voorberei het en gedurende November en Desember van dieselfde jaar uitgesaai is. Hierdie praatjies, wat oor die Confucianisme, Parsisme, Boeddhisme, Hindoeïsme en Islam gehandel het, is in 1959 deur die SAUK gepubliseer in ‘n brosjure met die titel *Vreemde godsdienste binne ons landsgrense* en ‘n eksemplaar daarvan kan in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3). Dit was die eerste publikasie in Afrikaans oor hierdie onderwerpe.

Aan die einde van November 1958 verwys Mieke in haar dagboek na

'n kostelike insident wat Kálmán II tydens huisbesoek beleef het (vgl Papp, W 1951-1979:63). Volgens Kálmán II het dit min of meer soos volg verloop: Hy en ouderling C P Hattingh was, direk na afloop van 'n begrafnis, op huisbesoek en het by 'n gesin aangeklop waarvan die vrou hulle meegedeel het dat haar man en haar vader ongelukkig nie tuis is nie. Kálmán II se navraag het aan die lig gebring dat hulle in die kroeg was en hy en Hattingh het hulle toe gaan haal. Omdat Kálmán II nog sy manel aangehad het, het Hattingh die manne alleen uit die kroeg gaan haal. Hulle het hulle toe huis toe geneem en die vrou gevra om hulle in die bed te sit aangesien hulle goed aangeklam was. Die ouer man het egter daarop aangedring dat die predikant eers vir hom 'n gebed moes doen, waarop Kálmán II gereageer het deur te sê dat gebed 'n ernstige saak is en dat hy nie bereid is om te bid vir iemand wat stomdronk is nie. Hy sal terugkom wanneer hy nugter is en dan kan daar saam gebid word. Die man het dit egter nie aanvaarbaar gevind nie en gesê dat hy dan maar self 'n gebed sal doen as die dominee nie wil nie. Hy het toe voor Kálmán II op sy knieë neergeval en 'n roerende gebed in Engels (sy vader was 'n Engelsman) afgesteek terwyl die predikant en ouderling voor hom bly staan het. Toe hy amen sê het hulle hom opgehelp en in die bed gesit. Die ergste was dat hy die volgende aand weer in die kroeg was en vir almal vertel het dat die predikant so dronk was dat hy hom in sy manel by die kroeg moes uitdra. Kálmán II vertel dat hy dieselfde man later begrawe het.

#### 5.6.1.31 Aankoms van die Angola-Boere

In November 1958 kom die eerste groep Angola-Boere in Krugersdorp aan. Hulle is op koste van die Suid-Afrikaanse regering vanuit die destydse Suidwes-Afrika na Suid-Afrika gerepatrieer. Hierdie mense was die nageslag van die Dorslandtrekkers wat vanaf 1874 en tot in 1905 vanuit Transvaal na Angola, en in 1928 weer vanuit Angola na Suidwes-Afrika, getrek het (vgl Jooste 1974:25-50). Die Angola-Boere is tydelik in die voormalige geboue van die Weeshuis, wat op die hoek van Markstraat en Memoriallaan geleë was, gehuisves en versorg. Hierdie gebou, wat oorspronklik die Monument Hotel was, is in 1923 deur die kerk gekoop en as weeshuis gebruik tot in 1940 (vgl Papp, K 1991:36-37). Die meeste Angola-Boere was lidmate van

die Nederduitsch Hervormde Kerk en baie het later lidmate van Kálmán II se gemeente geword en is deur hom gehelp om nuwe koers in die lewe te vind.

Nadat Mieke haar volgende orreleksamens aan die einde van 1958 afgelê het, neem sy vir twee maande waar as orrelis van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Krugersdorp-Wes (vgl Papp, W 1951-1979:64).

Die jaar 1959 het begin met ‘n nuwe konfrontasie met Mathlener. Tydens die kerkraadsvergadering van 13 Januarie verneem die kerkraad dat Mathlener weier om die troumars van Mendelssohn tydens huweliksbevestigings te speel en dat hy Mieke ook belet om dit te doen. Kálmán II het die kerkraad ter wille van die vrede versoek om die saak daar te laat, maar die kerkraad besluit dat Mathlener dit wel op versoek moet speel en dat hy van die begeleiding tydens huweliksbevestigings onthef sal word, indien hy nie daarvoor kans sien nie, en dat ‘n hulporrelis daarvoor aangestel sal word (vgl NHK Argief G18 1/2/1). Mathlener het daarna versoek dat hy sy saak self aan die kerkraad wil stel. Die kerkraad bied hom die geleentheid daarvoor tydens die vergadering van 17 Februarie 1959. Die kerkraad besluit daarna dat Mathlener self ‘n plaasvervanger moet kry, indien die troumars by huweliksbevestigings versoek word, en dat een van sy leerlinge voortaan tydens die opening van die Sondagskool moet speel (vgl NHK Argief G18 1/2/1).

Gedurende die eerste week van Maart 1959 hou Kálmán II en Mieke alleen vakansie in die Nasionale Krugerwildtuin en daarna woon Mieke die NHSV-Kongres in Pretoria by. Op die laaste Saterdag van Maart en eerste Saterdag van April bevestig Kálmán II altesaam sewe huwelike in verskeie gemeentes (vgl Papp, W 1951-1979:67-68). Die kerkraad verleen ook aan Mathlener twee en ‘n halwe maand verlof om na Europa te kan gaan en Mieke word as plaasvervanger aangestel (vgl NHK Argief G18 1/2/1).

Kálmán II het tussen al sy bedrywighede, dikwels as ontvlugting uit al sy verpligtinge, met sy fotografie-stokperdjie voortgegaan. In sy donkerkamer kon hy homself afsluit van die gewoel en gewerskaf van die bedrywige gemeentelike lewe en in vrede sy fotokuns beoefen. Op 3 Mei 1959 word drie van sy kunsfoto’s by ‘n internasionale fototentoonstelling in Johannesburg uitgestal en in dieselfde maand maak hy op versoek van dominee J A Don, wat uit Nederland afkomstig was, vyf honderd poskaarte van ‘n foto van die kerk-

gebou van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Johannesburg-Wes wat verkoop is ten bate van die gemeente se orrelfonds. Kálmán II en Mieke het reeds vroeër met die Don's kennis gemaak en goed met hulle bevriend geraak. Daar is dikwels by mekaar gekuier en Kálmán II het ook een van hulle kinders in Februarie 1960 gedoop en by daardie geleentheid 'n gesinsfoto van hulle geneem. Mevrou Don was ook 'n student van die Kerkmusiekskool in Krugersdorp. In 1961 is hulle terug na Nederland (vgl Papp, W 1951-1979:69 en 79). Volgens Kálmán II het Don, wat 'n lojale ondersteuner van professor A S Geyser was, homself na aanleiding van die gebeure tydens die Geysersaak nie meer in die kerk tuisgevoel nie.

Kálmán II en Mieke het aanvanklik hulle vakansies op afgeleë en stil plekke gaan hou om werklik rus en vrede te kan vind. Die Drakensberge en Krugerwildtuin was hulle mees geliefde bestemmings. Op aandrang van die kinders het hierdie patroon egter geleidelik begin verander. In Julie 1959 hou hulle gevolglik vir die eerste, maar ook vir die laaste keer, vakansie in die besige en woelige Amanzimtoti in Natal. Talle Krugersdorpers het jaarliks daar vakansie gehou en vir die kinders was dit heerlik, omdat baie van hulle maats ook daar was. Ongelukkig was daar ook baie lidmate van die gemeente met die gevolg dat Kálmán II en Mieke nie eers op die strand kon gaan stap sonder dat iemand hulle voorgekeer het vir 'n geselsie nie. Hy is selfs versoek om eredienste vir die vakansiegangers te hou en siekes te besoek. Van rus en vrede was daar dus geen sprake nie. Gedurende die bogenoemde vakansie het hy sy halfniggie en haar man, Juliska en Gustav Gallasz, in Empangeni gaan besoek (vgl Papp, W 1951-1979: 71).

'n Groot stryd ontstaan in die gemeente Krugersdorp tydens en na die kerkraadsvergadering van 29 Augustus 1959. Die kerkraad het tydens hierdie vergadering op versoek van die Sondagskool besluit om in Desember 'n kersboom en kersspel in die kerkgebou toe te laat. Dit het tot groot ongelukkigheid onder sekere kerkraadslede en lidmate gelei en sommiges het selfs gedreig om te bedank. Tydens 'n volgende vergadering, op 13 Oktober 1959, het die kerkraad toe besluit op 'n formele program in die kerkgebou met, na afloop daarvan, dan 'n kersboom, geskenke en verversings in 'n saal. Daarmee was die probleem opgelos (vgl NHK Argief G18 1/2/1). Kálmán II

het sulke dispute altyd met die grootste diplomasie, takt en geduld hanteer, en daarvoor kan hy geadmireer word.

### 5.6.1.32 Opening van die NHSV tehuise

Gedurende September 1959 het Kálmán II baie hard gewerk aan sy skyfie-reeks oor die kerkgeskiedenis. Hy het honderde diapositiewe ontwikkel en dit met die hulp van Mieke tussen glas in plastiekraampies gemonteer. Die kinders was later ook hiermee behulpsaam (vgl Papp, W 1951-1979:74). Op 17 Oktober en 7 November van dieselfde jaar het hy op versoek van die Hoofbestuur van die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging onderskei-delik die amptelike openinge van die opgegradeerde Machteld Postmus Tehuis in Brooklyn en die nuwe Van Rensburg Tehuis in Danville verfilm en klankbandopnames van die verrigtinge gemaak. Hierdie films en klankbande kan in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika gevind word. Talle hooggeplaastes, onder andere die eggenote van wyle advokaat J G Strydom, die vorige Eerste Minister van die Unie van Suid-Afrika, en dié van doktor H F Verwoerd, die dienende Eerste Minister, was by die eersgenoemde geleentheid teenwoordig. Mevrou Verwoerd was die hoof-spreker by die opening van die Machteld Postmus Tehuis, en die vrou van meneer F H Odendaal, Administrateur van Transvaal, was die hoofspreker by die opening van die Van Rensburg Tehuis. Om hom hiertoe in staat te stel, moes Kálmán II baie toerusting aankoop en het hy die gastekamer van die pastorie ingerig as ateljee en drukkery (vgl Papp, W 1951-1979:75-77).

Aan die einde van Desember 1959 ontvang Mieke ‘n brief van haar moeder waarin sy Mieke versoek om meneer Mauritz van Leeuwen, haar Aardrykskunde-onderwyser op hoërskool, en sy vrou Nellie uit te nooi na Suid-Afrika. Van Leeuwen het haar meegedeel dat sy eggenote graag een van haar vriendinne, wat sy in Heidelberg Transvaal leer ken het toe sy daar op skool was, sou wou besoek. Hyself, wat baie erg oor Mieke was, sou haar ook graag weer wou sien (vgl Papp, W 1951-1979:78). Mevrou van Leeuwen was ‘n dogter van dominee A Lagerwey wat vanaf Januarie 1895 tot Julie 1898 predikant van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Heidelberg was (vgl Engelbrecht 1935:47-48). Mieke het hulle toe genooi en hulle het Suid-

Afrika in 1961 besoek en by Kálmán II en Mieke tuisgegaan. Kálmán II het hulle onder andere na die Krugerwildtuin geneem. Sy tweede seun, Zoltán Ernolf, het saamgegaan (vgl Papp, W 1951-1979:99). Mieke het hulle daarna weer gesien tydens 'n besoek aan Nederland.

Twee Hongaarse immigrante het Oujaarsaand van 1959 saam met Kálmán II en sy gesin deurgebring: Károly Szekeres en Gyula Ujvári (vgl Papp, W 1951-1979:78). Szekeres, 'n gekwalifiseerde vakman, was 'n vlugteling wat sy vrou en twee dogters in Hongarye agtergelaat het. Kálmán II en Mieke het hom eers ontmoet nadat hy al 'n geruime tyd in die land was. Hy het reeds 'n betrekking beklee by Cobra Brass Works in Krugersdorp. Ujvári, wat in Hongarye in die papierbedryf was, was 'n geskeide vlugteling wat sy gewese vrou en 'n seun agtergelaat het en via Italië, waar hy 'n rukkie in die baksteenbedryf was, na Suid-Afrika gekom het. Szekeres (deeltyds) en Ujvári het saam 'n fabriek in Krugersdorp begin wat sementstene vervaardig het. Kálmán II het hulle gehelp om die patentregte daarvoor te bekom. Nadat Szekeres homself later uit die besigheid onttrek het, het Ujvári alleen daarmee voortgegaan en dit uitgebou tot 'n uiters suksesvolle besigheid. Hy het onder andere kontrakte met 'n aantal myne aan die Witwatersrand beding vir die verskaffing van stene vir die oprigting van kampongs en vir gebruik in ondergrondse konstruksies, en later 'n skatryk man geword. Kálmán II en Mieke sou vir nog baie jare met hulle kontak hê.

**5.6.1.33 Verskuiwing van die Kerkmusiekskool**

Tydens sy eerste vergadering van 1960 verneem die kerkraad van die gemeente Krugersdorp dat die Kerkmusiekskool aan die einde van Maart 1960 na Pretoria verskuif. Die kerkraad verleen aan Mathlener ontslag met ingang April 1960 en besluit om die orrelpos van die gemeente dadelik te adverteer (vgl NHK Argief G18 1/2/1), ten spyte van die feit dat Mathlener dit reeds aan meneer Willem Zorgman van Kaapstad beloof het (vgl Papp, W 1951-1979:78). Die kerkraad neem ook daarvan kennis dat die nuwe kerkgebou van die gemeente Krugersdorp-Oos in Junie voltooi sal wees en dat dié gemeente dan in hulle eie kerkgebou eredienste sal hou.

Mieke het intussen haar finale eksamens suksesvol afgehandel en

haar orreldiploma verwerf. Sy het gevolglik aansoek gedoen vir die orrelpos van die gemeente Krugersdorp en aangesien sy die enigste aansoeker was wat vir die onderhoude opgedaag het, is sy tydens die kerkraadsvergadering van 23 Februarie 1960, met ingang 1 April 1960, as orrelis van die gemeente aangestel, teen ‘n salaris van £20 per maand. Die kerkraad het terselfdertyd besluit dat slegs lidmate van die kerk op die orrel mag oefen, dat solosang by huweliksbevestigings verbied word, en dat die troumars op versoek toegelaat word (vgl NHK Argief G18 1/2/1).

### 5.6.1.34 Naturalisasie

Nadat Kálmán II en Mieke aan die einde van Januarie 1960 ‘n paar dae in die Drakensberge deurgebring het, is hulle op 13 Februarie in die Landdroskantoor van Krugersdorp as Suid-Afrikaanse burgers genaturaliseer. Volgens Mieke moes hulle onder andere ‘n stuk uit ‘n Afrikaanse koerant aan die Engelse magistraat voorlees. Ouderling C P Hattingh van die gemeente Krugersdorp was ook teenwoordig (vgl Papp, W 1951-1979:79). Kálmán II se *Sertifikaat van Naturalisasie as ‘n Suid-Afrikaanse Burger* kan in sy persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3).

‘n Afvaardiging van die gemeente Magaliesburg is teenwoordig in die kerkraadsvergadering van die gemeente Krugersdorp op 26 Maart 1960 om die uitstaande bruidskat te bespreek. Die kerkraad besluit om onverwyld ‘n bedrag van £500 aan hulle te oorhandig en onderneem om die restant so gou doenlik oor te betaal. Tydens ‘n volgende kerkraadsvergadering, op 5 April 1960, besluit die kerkraad om die balans van die bruidskat teen die einde van 1961 oor te betaal (vgl NHK Argief G18 1/2/1).

In dieselfde maand druk Kálmán II sy eerste kleurfoto’s af saam met dokter Gerrit Mes, ‘n plaaslike chirurg (vgl Papp, W 1951-1979:81). Mes, wat na die voltooiing van sy studies vir 'n aantal jare in 'n hospitaal vir Nederlandse konstruksiewerkers by 'n hawe in China gewerk het, was in sekere opsigte iemand uit dieselfde portuurgroep as Kálmán II, alhoewel hy glad nie kerklik betrokke was nie. Hy het in Bronkhorstspruit grootgeword, waar sy vader ‘n geneesheer was. Sy ouers was lidmate van die Hervormde Kerk, maar het

hom nooit ten doop gehou of belydenis van geloof laat aflê nie. Gerrit Mes was ‘n uiters intelligente en belese persoon wat ‘n nuuskierige belangstelling gehad het in die meganiese ingenieurswese, sosiologie, politiek, filosofie ensovoorts. Hy het onder andere ‘n petrolenjin met ‘n suier binne in ‘n suier ontwerp en vervaardig, 'n seilboot gebou, talle skilderye en sketse gemaak, ‘n aantal boeke geskryf en as spreker opgetree by die Randse Predikante Broederkring. Vir Kálmán II was sy geselskap altyd stimulerend en verrykend.

Op 26 April 1960 doen die ringskommissie visitasie by die gemeente Krugersdorp onder leiding van dominee S Vermooten en word die kerkraad versoek om ‘n kommissie te benoem om afstigting of die skepping van nog ‘n predikantstandplaas te ondersoek aangesien die gemeente se lidmaattal weer die duisendtal nader (vgl NHK Argief R18 1/1/1). Hierdie versoek lei tot ‘n gesamentlike vergadering van verteenwoordigers van die gemeentes Krugersdorp, Krugersdorp-Wes en Krugersdorp-Oos op 16 Mei 1960 waartydens daar besluit word dat die stigting van ‘n vierde gemeente aanbeveel sal word (vgl NHK Argief G18 1/2/1). Die ringsvergadering van 6 Junie 1960 het egter besluit om die stigting van ‘n vierde gemeente te laat oorstaan, omdat die voorgestelde grense nie vir die gemeente Krugersdorp-Wes aanvaarbaar was nie (vgl NHK Argief R18 1/1/1).

Tussen Mei en Augustus 1960 was Kálmán II weer baie bedrywig met sy fotografie. Die Administrateur van die kerk, meneer A B van N Herbst, het ‘n Nederlander, ene meneer Tops, aangestel om onder andere individuele foto’s van alle ampsdraers van die kerk te neem met die oog op die samestelling van ‘n gedenkalbum. Kálmán II is versoek om Tops op te lei in fotografie en kry die opdrag om al die films te ontwikkel en al die foto’s af te druk. Nadat hy talle foto’s gemaak het is die projek egter deur Herbst gestaak (vgl Papp, W 1951-1979:83). Kort daarna het die Boekverspreidingskomitee van die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging Kálmán II versoek om die foto’s vir hulle twaalfdelige Bybelse dagboek *Ver Bo Korale*, te verskaf. Dié Bybelse dagboek was die komitee se bydrae tot die viering van die NHSV se een-en-twintigste verjaardag (vgl *Die Hervormer* 1960:11). Op een uitsondering ná, is Kálmán II se kleurfoto’s op die buiteblaaie van al hierdie dagboeke gebruik, asook ‘n aantal swart-en-wit foto’s wat binne-in geplaas is.

Professor C K Oberholzer, wat in *Die Hervormer* van Januarie 1962 ‘n resensie oor hierdie dagboek geskryf het, beskryf die fotografie as "kunssinnig meesterlik en inspiratief" (vgl *Die Hervormer* 1962:1). ‘n Jaar later is een van sy foto’s ook gebruik op die boekomslag van dominee J G M Dreyer se boekie *Leer ons bid*, en heelwat later, in 1985, is talle van sy foto’s gebruik in die nuwe kategeseboeke van die kerk, *Met Hart en Hand*. Die laaste versoek gedurende hierdie tydperk het gekom van *Harry de Leeuw & Company* (later HADECO), die bekende blombolkwekers van Strubensvallei in Roodepoort. Hulle het Kálmán II versoek om kleurfoto’s te maak vir advertensies en die verpakkingsmateriaal van blombolle wat deur hulle gekweek is. Hiermee het Kálmán II homself op die terrein van die professionele fotografie begewe. Die drukkers Keartland Press het gou besef dat hy ‘n uitstekende fotograaf is en hom by besighede, vir wie hulle drukwerk gedoen het, begin aanbeveel. Dit het tot gevolg gehad dat hy later ook advertensiefoto’s vir Tiger Brands Ltd, National Panasonic en ‘n aantal juweliers geneem het. Die opdragte het naderhand so toegeneem en soveel tyd in beslag begin neem dat Kálmán II alle advertensiefotografie gestaak het.

**5.6.1.35 Optrede by die Universiteit van die Witwatersrand**

In Mieke se dagboek word daar aangeteken dat Kálmán II op 13 Junie 1960 ‘n lesing oor godsdiens en parapsigologie by die Universiteit van die Witwatersrand gehou het (vgl Papp, W 1951-1979:83). Volgens Kálmán II het hy nie ‘n lesing gehou nie, maar is hy as teoloog deur die Parapsigologiese Vereniging van die Universiteit van die Witwatersrand uitgenooi om deel te wees van ‘n paneel wat die uitlating van ‘n mejuffrou Elizabeth Blair van Kaapstad moes beoordeel, wat verklaar het dat die gees van Josef van Arimathea deur haar praat. Kálmán II was die enigste teoloog teenwoordig. Die ander lede van die paneel was professore T J Haarhoff, M Valkhoff, doktor M Liebenberg en ‘n meneer D Lopato. Kálmán II meen dat sy radiopraatjies oor die vreemde godsdienste daartoe aanleiding gegee het dat hy genader is om in die paneel te dien. Volgens Kálmán II het hy aan die einde van vraetyd aan *Josef* die vraag gestel wat haar op dié dag ontmasker het. Hy het naamlik aan haar gevra of sy in daardie stadium in ‘n aardse gestalte

fisies op aarde teenwoordig was, waarop sy bevestigend geantwoord het. Op sy volgende vraag naamlik *wie* sy was en *waar* sy was, het sy geantwoord dat sy gereïnkarneer is in die liggaam van 'n Hongaarse vryheidsvegter. Kálmán II het haar toe gevra of hulle dan maar kan oorslaan in Hongaars, waarop sy gesê het dat niemand haar dan sal kan verstaan nie. Toe hy egter vir haar sê dat hy dit gelukkig wel kan verstaan aangesien dit sy moedertaal is, was sy in 'n hoek gedryf. Dit was duidelik dat sy geen woord Hongaars kon praat nie. Sy het haarself daarna probeer regverdig deur te sê dat sy slegs in 'n diep trans Hongaars kan praat en dat dit nie op daardie stadium moontlik was nie. Volgens Kálmán II het hy in die skriftelike kommentaar wat na afloop van die bespreking van elke paneellid aangevra is, gesê dat hy nie sou kon sê wie se gees deur Blair gepraat het nie, maar dat hy wel 100% daarvan seker was dat dit nie Josef van Arimathea was nie. Enkele stukke dokumentasie oor hierdie insident kan in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3).

Op 18 Junie is Kálmán II teenwoordig by die inwyding van die nuwe kerkgebou van die gemeente Krugersdorp-Oos. Hierdie kerkgebou is ook deur die Weeshuisbouers opgerig (vgl Die Hervormer 1960:9).

Die kerkraad van die gemeente Krugersdorp neem tydens sy vergadering van 30 Augustus 1960 daarvan kennis dat die gemeente Krugersdorp-Oos 'n nuwe doopvont aan die gemeente geskenk het as blyk van hulle dankbaarheid vir die gebruik van die kerkgebou. Die kerkraad besluit tydens dieselfde vergadering om twee erwe langs die kerk aan te koop vir 'n bedrag van £3 150 (vgl NHK Argief G18 1/2/1).

In September 1960 neem Kálmán II sy seuns, Kálmán III en Ernolf, saam op 'n uitstappie van die jeugvereniging van sy gemeente na die plaas Doringhoek aan die voet van die Magaliesberge. Hierdie plaas het behoort aan ouderling D J Visser van die gemeente Magaliesburg. Hy het homself vooraf deeglik voorberei vir hierdie uitstappie, deur 'n aantal pyl-en-boë en 'n windbuks aan te skaf, wat saamgeneem is en vir groot pret gesorg het (vgl Papp, W 1951-1979: 86).

Daar is reeds vroeër melding gemaak van Kálmán II se liefde vir die

kerkmusiek en sang. As gevolg van die feit dat die Psalm- en Gesangboek van die kerk baie min kersliedere bevat het, stel Kálmán II gedurende September 1960 ses honderd kerssangboekies met bekende Europese kersliedere saam vir gebruik in die gemeente, veral tydens die kersfeesvieringe van die Sondagskool (vgl Papp, W 1951-1979:88). Hierdie boekies is vir jare met groot vrug gebruik, ten spyte van die feit dat dit eintlik ontoelaatbaar was, omdat dit nie amptelike goedkeuring gehad het nie.

Op versoek van die gemeente Krugersdorp-Oos besluit die kerkraad van die gemeente Krugersdorp tydens sy vergadering van 25 Oktober 1960 om agt-en-dertig gesinne van die gemeente Krugersdorp-Oos, wat op die grens tussen die twee gemeentes gewoon het, onder sy sorg te neem (vgl NHK Argief G18 1/2/1). Die gemeentevergadering van die Krugersdorp gemeente besluit op 13 November 1960 om nie die erwe langs die kerkgebou aan te koop nie, maar eerder 'n saal langs die kerk op te rig wat tydens die gemeente se sewentigste verjaardagviering in 1961 in gebruik geneem sal word (vgl NHK Argief G18 1/1/7). Tydens 'n volgende vergadering van die kerkraad, op 22 November 1960, waartydens die verjaardagviering weer bespreek is, asook die herdenking van Kálmán II se eerste tien jaar in die gemeente wat daarmee sou saamval, het die kerkraad 'n boukommissie benoem maar ook sterk teenstand teen die bou van 'n saal gekry. Volgens die notule van hierdie vergadering het 'n diaken Steffens selfs gedreig om met sy beswaar teen die saal na die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering te gaan (vgl NHK Argief G18 1/2/1).

#### 5.6.1.36 Bevordering van ekumeniese bande

Kálmán II het, veral as gevolg van sy Europese agtergrond, maar ook omdat hy predikant was in 'n kerk wat ekumeniese bande met ander kerke gehandhaaf het, deurgaans moeite gedoen om hierdie ekumeniese bande uit te bou en hy was altyd 'n voorstander van kontak met die breër Protestantse familie van kerke, in Suid-Afrika sowel as in die buiteland. Die gesamentlike eredienste van die gemeente Krugersdorp met die Anglikaanse Kerk was 'n bevestiging daarvan. Op grond hiervan is dit eintlik vreemd dat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering Kálmán II nooit in die kerk se Raad vir

Ekumene benoem het nie.

'n Geleentheid vir Kálmán II om die saak van die ekumene te bevorder, het hom voorgedoen tydens 'n besoek van 'n afvaardiging van die Wêreldraad van Kerke (WRK) aan die einde van 1960. Hierdie besoek is voorafgegaan deur 'n besoek van doktor R S Bilheimer, tweede sekretaris van die WRK in April van dieselfde jaar. Bilheimer het onderweg na Nigerië by Suid-Afrika aangedoen en by twee geleenthede, op 20 en 28 April 1960 gesprek gevoer met 'n kommissie van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Volgens dominee P M Smith, wat oor hierdie gesprekke in *Die Hervormer* van Junie 1960 berig het, was Bilheimer se besoek 'n welwillendheidsbesoek en is dit deur die kommissie baie positief beleef. " … die indruk [is] gekry dat dr. Bilheimer iemand is wat gekom het om te leer en nie om te kom onderrig nie" (*Die Hervormer* 1960:6). Bilheimer het ook gesprek gevoer met verteenwoordigers van al die ledekerke van die WRK én die Gereformeerde Kerke. Volgens die berig het al die ledekerke hulle bereid verklaar om verdere samesprekings te voer wat deur die Wêreldraad van Kerke gereël kan word (vgl *Die Hervormer* 1960:6). Hierdie moontlike verdere samesprekings het aan die einde van dieselfde jaar gerealiseer tydens 'n vergadering van die afvaardiging van die WRK met verteenwoordigers van die agt ledekerke van die WRK in Suid-Afrika, wat vanaf 7 tot 14 Desember 1960 in die Cottesloe-koshuis van die Universiteit van die Witwatersrand in Johannesburg plaasgevind het (vgl Lückhoff 1978:74). Hierdie samesprekings het bekend geword as die Cottesloe Beraad. Volgens die redakteur van *Die Hervormer*, dominee J G M Dreyer, wat self deel van die afvaardiging van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika was, was dit die doel van die samesprekings " … om oorweging te skenk aan 'n aantal belangrike aangeleenthede wat die Suid-Afrikaanse Kerke raak in hulle getuienis in die moderne wêreld" (*Die Hervormer* 1960:12).

Kálmán II het, in die lig van wat hierbo genoem is, toe die inisiatief geneem met die reël van 'n ekumeniese erediens van Protestantse gemeentes van die Afrikaanse en Engelse kerke van Krugersdorp en omgewing. Daar was geen Rooms-katolieke of lidmate van die nie-blanke kerke teenwoordig nie. Hierdie erediens het kort voor die Cottesloe-beraad in die kerk-

gebou van die gemeente Krugersdorp plaasgevind en was die enigste erediens wat deur Bilheimer in 'n kerkgebou van die Hervormde Kerk gelei is. Dit is deur ‘n groot aantal predikante en lidmate bygewoon, onder andere professor A S Geyser. Kálmán II het die verwelkoming in Engels, die taal waarvoor hy nooit enige voorliefde gehad het nie, gedoen. Hy het verder geen aandeel in die erediens self gehad nie. Volgens hom het dominee G J Swart van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Paardekraal die gebed gedoen, Bilheimer het die prediking waargeneem en een van die Engelse predikante het die geloofsbelydenis, wat deur almal hardop opgesê is, voorgesê. Mieke het die begeleiding van die sang waargeneem en Kálmán II het die erediens op klankband vasgelê. ‘n Kopie hiervan kan in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika gevind word. Bilheimer se preek is ook in Junie 1961 in boekvorm uitgegee deur meneer F J van Wyk, voorsitter van die komitee wat verantwoordelik was vir die reëlings van Bilheimer se program in Suid-Afrika (vgl van Wyk 1961:12-21).

Dit is algemeen bekend dat daar konsensus oor ‘n wye reeks onderwerpe tydens die Cottesloe-beraad bereik is, maar dat ‘n aantal besluite oor rasseverhoudinge in Suid-Afrika hewige reaksie van die Afrikaanse kerke en publiek ontlok het. Veral vier besluite van die beraad is skerp veroordeel: oor gesamentlike aanbidding, rasgemengde huwelike, direkte verteenwoordiging van Kleurlinge in die Parlement, en die reg van stedelike swartes tot grondbesit in blanke gebiede en deelname in die landsregering. Dit het daartoe gelei dat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika homself onttrek het aan die verklaring wat na afloop van die beraad uitgereik is. Sewe sinodes en sinodale kommissies van die Afrikaanse kerke het later die bevindinge van die beraad verwerp (vgl Lückhoff 1978:97-152). Hierdie verloop van sake was vir Kálmán II tragies. Na sy mening was die kerk se reaksie te skerp en oorhaastig, en was dít die hoofoorsaak van die vertroebeling van die verhouding met die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika.

Op 20 Desember 1960 skaf Kálmán II sy vyfde vuurwapen, ‘n Remington semi-outomatiese 12-boor haelgeweer, aan (vgl Papp, W 1951-1979:89). Hiermee het hy sy arsenaal sodanig uitgebrei dat hy nou ‘n vuurwapen in elke kategorie besit het - ‘n pistool, rewolwer, koeël- én haelgeweer.

Dit sou egter nie die laaste vuurwapen wees wat hy aangeskaf het nie.

Tydens 7 Februarie 1961 se vergadering van die kerkraad van die gemeente Krugersdorp, word die ontwerp en kosteberaming van die beoogde saal langs die kerkgebou voorgelê. Die planne is opgetrek deur meneer Willie Havelaar, ‘n Nederlandse immigrant wat as tekenaar in diens van die Stadsraad van Krugersdorp was. Volgens die kosteberaming sou die oprigtingskoste tussen £7 000 en £8 000 beloop en daar word besluit om die saak na die gemeentevergadering te verwys. Daar dien gemeld te word dat Suid-Afrika se geldstelsel later in 1961 gedesimaliseer het en dat £1 (een Pond) R2 (twee Rand) geword het.

Die gemeentevergadering van 23 April 1961 besluit om Havelaar se ontwerp en uitleg van die saal goed te keur en die saal self te bou met ouderling M J Steenkamp as opsigter. Die notule van die kerkraadsvergadering van 16 September 1961 maak egter daarvan melding dat die kerkraad nie daarin kon slaag om ‘n lening vir die oprigting van die saal te kry nie (vgl NHK Argief G18 1/2/1). Verskeie verwikkelings in die gemeente en in die ring in die maande en jare wat hierop gevolg het, het daartoe aanleiding gegee dat daar tot op hede nog nie ‘n saal langs die kerkgebou opgerig is nie.

**5.6.1.37 53ste Algemene Kerkvergadering**

Die 53ste Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, wat vanaf 23 April 1961 in Pretoria gehou is en waarvan Kálmán II ook ‘n aantal foto’s geneem het, besluit dat die kerk sy lidmaatskap van die WRK beëindig. Die volledige motivering vir hierdie besluit kan in *Die Hervormer* van September 1961 gevind word (vgl *Die Hervormer* 1961:9). Kálmán II het nie met hierdie besluit saamgestem nie**.** Hy was van oordeel dat die kerk se uittrede uit die WRK teologies verkeerd en polities onverstandig was. Isolasie was vir hom die verkeerde opsie. Hy het geweet dat dit juis die ekumeniese kontakte met die breër Christendom was wat die Hervormde Kerk van Hongarye in tye van onderdrukking en isolasie gehelp het om te oorleef, veral in sy stryd teen die Islam en die Kommunisme. Eenheid met die res van die Christendom was in die lig hiervan vir hom altyd ‘n saak van die hoogste prioriteit. Na sy mening was dit onwys om ekumeniese bande op te

hef oor politieke en maatskaplike kwessies. Aan die ander kant het hy tog baie goeie begrip gehad vir die kerk se optrede. Hy was deurgaans daarvan bewus dat die kerk waarskynlik in elk geval uit die WRK geskors sou word, indien hy nie self sy lidmaatskap sou opsê nie. Om hierdie rede het Kálmán II nooit in die openbaar deelgeneem aan protesaksies of homself openlik geskaar aan die kant van diegene binne en buite die kerk wat die besluit van die kerk op ‘n liefdelose wyse veroordeel of verdag gemaak het nie. Sy lojaliteit teenoor die kerk en die hoë premie wat hy altyd geplaas het op samewerking en goeie betrekkinge met ander, het hierin swaarder geweeg. Hy het dit ook nooit oorweeg om die kerk te verlaat nie, soos sy vriende, dominees C J Labuschagne en J A Don, wat nie verder met die besluite van die kerk kon saamleef nie. Don se redes waarom hy die kerk verlaat het, word uiteengesit in ‘n verklaring wat in die vorm van ‘n brief in *Die Hervormer* van Junie 1961 opgeneem is (vgl *Die Hervormer* 1961:6).

Tydens dieselfde vergadering het professor A S Geyser ’n beskrywingspunt ingedien wat versoek het dat die kerk ‘n kommissie van eksegete moet benoem om Artikel III van die Kerkwet te ondersoek. Die beskrywingspunt is nie aanvaar nie, maar die saak van die vryheid van eksegese is daardeur in die middelpunt van belangstelling geplaas. Dit het ‘n jaar later daartoe gelei dat Kálmán II die pen opgeneem het in reaksie op ‘n lesing van doktor J I de Wet oor hierdie saak. Na sy mening was die versoek van professor Geyser billik en die besluit van die Algemene Kerkvergadering onwys.

Die 53ste Algemene Kerkvergadering van 1967 het ook die verdeling van die ring van Krugersdorp, in die ringe van Krugersdorp en Randpoort, goedgekeur. Die ring van Krugersdorp sou voortaan uit die gemeentes Krugersdorp, Krugersdorp-Wes, Krugersdorp-Oos, Magaliesburg, Witpoortjie, Roodepoort en Florida bestaan. Vir Kálmán II en sy kollegas in die ring van Krugersdorp sou dit voortaan ‘n aansienlike verligting bring wat konsulentsverpligtinge betref.

### 5.6.1.38 Geboorte en aanneming van die vyfde kind

Op 10 April 1961 sterf Irma Álló tydens die geboorte van haar en János se tweede kind - ‘n dogtertjie. Irma se bejaarde ouers, Jenny en Bouke Boelstra,

het enkele dae later vanuit Nederland in die land aangekom en Kálmán II het hulle op die lughawe gaan haal. Hy het Irma op 14 April begrawe. Aangesien nie Álló of sy skoonouers vir die nuwe aankomeling kon sorg nie, het Kálmán II en Mieke besluit om haar voorlopig onder hulle sorg te neem. Nadat Álló te kenne gegee het dat hy nie vir die kinders sal kan sorg nie, het die Boelstra's aangebied om hulle kleinseun Raymond na Nederland te neem, en hy is onder hulle voogdyskap geplaas. Kálmán II en Mieke het aangebied om die dogtertjie, wat op Álló se versoek Irma Anastasia genoem moes word, aan te neem. Álló het haar op 5 Mei 1961 afgeteken en sy het kort daarna Kálmán II en Mieke se tweede dogter en vyfde en laaste kind geword (vgl Papp, W 1951-1979:94). Die maatskaplike werker van die Ondersteuningsraad wat met die aanneming van Iemke (soos sy genoem is) behulpsaam was, was Thea Jooste, wat later deur Kálmán II in die huwelik bevestig is met 'n Nederlandse immigrant, Gijsbertus (Bert) Groenveld. Die Groenvelds was later lidmate van Kálmán III se gemeente in Nigel, waar Bert vir baie jare as ouderling gedien het. Kálmán III het hom op 11 Maart 1998 in Nigel begrawe. Álló het in Januarie 1962 na Australië geëmigreer na 'n mislukte verhouding van enkele maande met 'n geskeide Nederlandse vrou wat hy uit Nederland laat kom het (vgl Papp, W 1951-1979:103).

Toenemende klagtes oor Kálmán II wat nie genoeg huisbesoek doen nie, het onder die aandag van die kerkraad van gemeente Krugersdorp gekom tydens sy vergadering van 25 April 1962. Daar is gerapporteer dat sommige lidmate as gevolg daarvan nie meer offergawes wil gee nie, en sommige kerkraadslede het selfs te kenne gegee dat hulle weier om verder te kollekteer vir die skulddelgings- en saalboufonds. Tydens hierdie vergadering is daar ook besluit om nie Kálmán II se reistoelae aan te pas nie (vgl NHK Argief G18 1/2/1). Hierdie besluit wil iets suggereer van 'n strafmaatreël. Tydens 'n ringsvisitasie op 23 Mei 1961 onder leiding van dominees J I de Wet en J A Swanepoel, was die huisbesoeksaak weer aan die orde. Nadat dit breedvoerig bespreek is, en daar onder andere aan die hand gedoen is dat die gemeente moet begin dink aan 'n tweede predikant, is daar besluit dat die predikant meer aandag moet gee aan siekebesoek, binne agtien maande by elke huis in die gemeente huisbesoek moet doen en

dat die kerkraad driemaandeliks aan die ringskommissie verslag moet doen (vgl NHK Argief G18 1/2/1 en R18 1/1/1). Die notule van die kerkraadsvergadering van 24 Junie 1961 rapporteer dat Kálmán II volledig verslag gedoen het oor die huisbesoek wat hy sedert die vorige vergadering gedoen het, en die kerkraad se besluit om kwotasies aan te vra vir herstelwerk aan die pastorie en die aanbring van hortjiesgordyne, kan as ‘n gebaar van erkenning en dank geïnterpreteer word. Die kwotasies, vir die totale bedrag van R1 071.50, is tydens die kerkraadsvergadering van 22 Augustus 1961 aanvaar (vgl NHK Argief G18 1/2/1).

Op Sondag 1 Julie 1961 bedien Kálmán II die doop aan sy jongste dogter, Irma Anastasia, met professor en mevrou Geyser as getuies. Twee Hongaarse kinders, Erzsébet Ferencz en Kity Éva Kun, is by dieselfde geleentheid gedoop (vgl NHK Argief G18 3/1/2). Volgens Mieke is die doopformulier in Afrikaans en Hongaars gelees (vgl Papp, W 1951-1979:97).

Op 9 Augustus 1961 verneem Mieke dat haar moeder die vorige nag in haar slaap aan hartversaking oorlede is. Mieke kon as gevolg van haar verpligtinge, veral teenoor die nuwe baba, nie na Nederland gaan om die verassingsdiens by te woon nie. Eduard Schaank, die man van haar oorlede moeder se niggie Lili, wat Mieke in Nederland afgesien het met haar vertrek na Suid-Afrika, was egter wel teenwoordig en het haar per brief op hoogte van sake gehou. Sedertdien het hulle gereeld gekorrespondeer (vgl Papp, W 1951-1979:98).

Op 4 September 1961 word Kálmán II deur ‘n vroulike lidmaat van die wyk Nooitgedacht geskakel en versoek om haar man, wat kanker onder lede gehad het, te besoek. Hy was in daardie stadium ernstig siek en het geweier om hospitaal toe te gaan. Die versoek aan Kálmán II was dat hy die man moes kom oorreed om hom te laat opneem, aangesien sy hom nie verder tuis kon versorg nie. Met sy aankoms het Kálmán II besef dat die man onmiddellik mediese behandeling nodig gehad het en hy het hom oorreed om met hom saam te gaan. Hy het die vrou en haar man toe terstond in sy motor gelaai en met angswekkende spoed na die Paardekraal Hospitaal in Krugersdorp gejaag. Die man het egter onderweg in Kálmán II se motor sy laaste asem uitgeblaas en die dokter het by hulle aankoms by die hospitaal

bevestig dat hy reeds dood was. Die grootste dilemma was dat die opname-klerk van die hospitaal toe nie bereid was om 'n dooie in die hospitaal op te neem nie. Kálmán II het groot moeite gehad om die matrone te oorreed om die lyk tydelik in 'n kamertjie te plaas totdat hy 'n begrafnisondernemer in die hande kon kry (vgl Papp, W 1951-1979:99).

Die kerkraad van die gemeente Krugersdorp besluit tydens sy vergadering van 16 September 1961 om die woonhuis wat van die voormalige kassier van die gemeente gekoop is, te verkoop en 'n afdak oor die stoep van die pastorie te laat oprig. Verlof van 'n paar dae aan die begin van Oktober word ook aan Kálmán II toegestaan om die Van Leeuwens na die Nasionale Krugerwildtuin te neem (vgl NHK Argief G18 1/2/1). Gedurende hierdie tyd is die pastorie ook geverf (vgl Papp, W 1951-1979:100).

**5.6.1.39 Die Geyserverhoor**

Tussen Oktober 1961 en Mei 1962 het Kálmán II baie van sy tyd en aandag bestee aan die Geyserverhoor in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Sy aanvanklike mentor sedert sy aankoms in Suid-Afrika en latere kollega en vriend, professor A S Geyser, is in 1961 via die Kuratorium deur drie studente, te wete menere W C M de Beer, E Engelbrecht en H G van der Westhuizen, by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aangekla van dwaalleer en verset teen die Wet en/of Bepalings van die kerk. Wat die klag van dwaalleer betref, sou Geyser na bewering in sy onderrig aan studente afgewyk het van die leer van die kerk betreffende die Christologie, ekklesiologie, antropologie (later teruggetrek) en pneumatologie (vgl *Die Hervormer* 1961:11 en 12). Kálmán II het die hele verhoor uit belangstelling bygewoon, hier en daar foto's geneem en selfs klankbandopnames daarvan gemaak. Hy wou egter nooit aktief by die saak betrokke raak nie aangesien hy van mening was dat dit die kerk onwaardig was. Alhoewel hy baie lojaal teenoor Geyser was en met Geyser se teologiese standpunte (maar nie altyd met sy *modus operandi* nie) saamgestem het, het hy nooit in die openbaar vir of teen Geyser stelling ingeneem nie. Hy het egter wel die indruk gehad dat hy by sekere persone, onder andere meneer A B van N Herbst en professor S P Engelbrecht, onder verdenking was as gevolg van sy vriendskap met

professor Geyser. Sy vriendskap met dominee H J Geyser het ook geleidelik verkoel, veral toe dié in die openbaar op ‘n redelik liefdelose wyse teen sy broer standpunt begin inneem het.

#### 5.6.1.40 Sewentigste verjaardag van die gemeente en ampsjubileum

Terwyl die Geyserverhoor nog aan die gang was, vier die gemeente Krugersdorp sy sewentigste bestaansjaar en Kálmán II se eerste tien jaar in die gemeente. Dit is tydens die naweek van November 1961 gevier met ‘n geselligheid by die pastorie, ‘n praatjie oor die geskiedenis van die gemeente deur professor S P Engelbrecht in die kerkgebou, ‘n musiekuitvoering na afloop van die voorbereidingsdiens (waartydens Kálmán II en Mieke die Largo van Händel met die viool en orrel uitgevoer het) en die nagmaaldiens wat deur dominee Huyzers gelei is (vgl Papp, W 1951-1979:101). Kálmán II ontvang by hierdie geleentheid ‘n nuwe toga van die kerkraad (vgl NHK Argief G18 1/2/1).

### 5.6.2 Die tweede dekade

#### 5.6.2.1 Voorbereidings vir ‘n besoek aan Europa

Met ‘n baie besige en spanningsvolle 1961 agter die rug, neem Kálmán II en Mieke in Januarie 1962 ‘n welverdiende verposing met ‘n kort vakansie in die Drakensberge. Hulle het die drie seuns saamgeneem en die dogters by lidmate uitgeplaas. Kort na hulle terugkeer het Mieke die vlugbesprekings gedoen vir haar eerste reis na Europa sedert sy Nederland verlaat het. Daar was egter meer op die program. Met die oog op die eerste ontmoeting met haar skoonmoeder, het sy begin om haarself Hongaars aan te leer met behulp van Hongaarse kinderlektuur (vgl Papp, W 1951-1979:103). Oor hier-die reis word daar later in hierdie studie meer gesê.

#### 5.6.2.2 Debatvoering oor die vryheid van eksegese

Nuwe belangstelling in die saak van die vryheid van eksegese sedert die 53ste Algemene Kerkvergadering, het waarskynlik daartoe aanleiding gegee dat doktor J I de Wet ‘n lesing oor *die Christelike vryheid* gehou het by ’n ver-

gadering van die Randse Predikante Broederkring op 8 Februarie 1962. Die lesing of notule van hierdie vergadering kon nie opgespoor word nie, maar volgens Kálmán II, wat by die vergadering teenwoordig was, het De Wet in sy lesing sterk gepleit vir ‘n leergebonde eksegese van die Skrif. Hiermee kon Kálmán II nie akkoord gaan nie en dit het hom laat besluit om ‘n artikel vir *Die Hervormer* te skryf. In sy artikel, met die titel *Vryheid van eksegese*, het hy ‘n versameling van uitsprake van professore en predikante van die kerk aangehaal, onder andere professore F J van Zyl, J H Greyvensteyn, B Gemser, S P Engelbrecht en dominees M J Goddefroy, J G M Dreyer, L E Brandt en J P B Viljoen, om aan te toon dat " ... dit taamlik moeilik sal wees om in ons Kerk ‘n dogmaties gebonde eksegese te verdedig, tensy iemand bereid sal wees om vanaf Ds. M.J. Goddefroy tot Ds. J.P.B. Viljoen alles te verwerp" (Papp, K 1962:7). Omdat Kálmán II en De Wet goeie kollegas was en sy artikel waarskynlik onder die omstandighede as ‘n aanval op De Wet geïnterpreteer sou kon word, het Kálmán II die artikel nooit vir publikasie ingedien nie. Die volledige artikel kan egter in sy persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind word.

Tydens die ringsvergadering van 24 April 1962 word Kálmán II herkies as Superintendent van Sondagskole en aangespreek omdat sy jaarverslag nog nie ingedien is nie (vgl NHK Argief R18 1/1/1). Intussen is hy ook herkies in die bestuur van die Paardekraal Feeskommissie. Tydens die kerkraadsvergadering van 28 April 1962 word hy daarmee gelukgewens en bedank vir "die kostelike werk wat verrig was met die opstelling van die program van 16 Desember 1961" (NHK Argief G18 1/2/1).

**5.6.2.3 Uitspraak in die Geyserverhoor**

Op 8 Mei 1962 word professor A S Geyser deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering skuldig bevind aan dwaalleer met betrekking tot sy Christologie maar vrygespreek met betrekking tot die klagtes oor sy ekklesiologie, pneumatologie en sy verset teen die Wet en/of Bepalings en/of besluite van die kerk. Geyser word gevolglik afgesit as predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Die volledige uitspraak kan in *Die Hervormer* van Junie 1962 gevind word. Kort hierna aanvaar Geyser ‘n

professoraat in Bybelkunde aan die Universiteit van die Witwatersrand, nadat hy ook aanbiedinge uit die buiteland ontvang het. Professor A van Selms bedank as lektor van die Teologiese Fakulteit (Afdeling A) van die Universiteit van Pretoria en as predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Doktor S P J J van Rensburg volg Geyser in 1963 op as professor in Nuwe Testamentiese Wetenskap (vgl *Die Hervormer* 1962:10).

Die uitspraak en bevindinge van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het Kálmán II genoop om weer die pen op te neem en ‘n artikel te skryf - hierdie keer met die titel *Is status-subordinasie kettery?*. Daarin verdedig hy die standpunt van Geyser deur gebruik te maak van uit-sprake van talle bekende teoloë, asook enkele aanhalings uit die Bybel. Sy kommentaar op die uitspraak en bevindinge van die Kommissie is op plekke baie skerp en sarkasties. Uit vrees vir ‘n moontlike klag en gevolglike afset-ting uit die amp, het hy die artikel nooit vir publikasie ingedien nie. Hy was duidelik nie bereid om sy toekoms as predikant van die kerk op die spel te plaas nie. Die volledige artikel kan in sy persoonlike lêer in die Argief-bewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind word.

**5.6.2.4 Betrokkenheid by die Jac van Belkum Kinderhuis**

Die kerkraad van die gemeente Krugersdorp besluit in sy vergadering van 26 Junie 1962 om meer betrokke te raak by die Nederduitsch Hervormde Kerk se Jac van Belkum Kinderhuis in Krugersdorp. Daar word besluit op maande-likse godsdiensoefeninge, die vertoning van rolprente en bediening van ver-versings vir die kinders (vgl NHK Argief G18 1/2/1). Kálmán II het hierin ‘n leidende rol gespeel. Volgens die notule van die volgende vergadering was die eerste besoek baie suksesvol.

Tydens die vergadering van 26 Junie besluit die kerkraad ook om ‘n nuwe skuldbewys van die voormalige kassier van die gemeente aan te vra, aangesien sy skuld aan die gemeente reeds verjaar het. ‘n Versoek van Kálmán II vir ‘n motorlening word nie toegestaan nie, maar daar word wel besluit om vir hom by die bank borg te staan en sy reistoelae te verhoog van R800.00 na R900.00 per maand. Kálmán II koop hierna sy tweede Mercedes Benz, ‘n tweedehandse 220S. In dieselfde vergadering kondig Kálmán II aan

dat daar in samewerking met die gemeente Krugersdorp-Wes 'n .22 skietklub gestig is met die doel om fondse vir die twee gemeentes in te samel (vgl NHK Argief G18 1/2/1). Kort daarna skaf Kálmán II sy sesde vuurwapen aan - 'n BSA .22 skyfskietgeweer.

#### 5.6.2.5 Eerste besoek aan Europa

Op 10 Julie 1962 vertrek Mieke, haar tienjarige seun, Kálmán III, en haar aangenome dogtertjie, Iemke, vir 'n besoek van vier weke aan Europa (vgl Papp, W 1951-1979:105). Tydens hierdie besoek het sy onder andere in Nederland besoek afgelê by haar drie susters Ina, Lily en Nel, asook by 'n aantal vriendinne uit haar studentedae en die Jurlings van Nijkerk, met wie Kálmán II in sy studentedae in Nederland kennis gemaak het. Uit die aard van die saak het sy ook die grootouers van Iemke, die Boelstra's, in Den Haag gaan besoek en ook 'n besoek afgelê by professor en mevrou Gemser in Groningen. Haar besoek het saamgeval met die roudiens van haar moeder se niggie, Lili Schaank, wat in dié tyd oorlede is nadat sy deur 'n motor omgery is. Mieke en Kálmán III het die roudiens bygewoon en Eduard Schaank het Mieke daar versoek om haar na sy dood te ontferm oor sy stiefdogter Hilde Polzer, wat 'n baie eensame en afhanklike mens was. Mieke het onderneem om aan sy versoek te voldoen en dit inderdaad jare later ook gedoen.

Mieke het tydens haar besoek ook saam met Kálmán III na Oostenryk gereis om haar voormalige studentevriend Wolfgang Hansske, na wie daar vroeër in hierdie studie verwys is, in Kundl te ontmoet. Daarna het sy alleen na Wenen gereis vir die eerste ontmoeting met haar skoonmoeder. Die aanvanklike plan was dat sy haar skoonmoeder in Hongarye sou besoek, maar sy is in Nederland afgeraai om dit te doen. Die vonnis teen Kálmán II was immers nog van krag en sy wou geen kanse waag nie. Suid-Afrika het destyds ook nie diplomatieke betrekkinge met die Hongaarse Kommunistiese regering gehad nie en daar was geen waarborg dat die Suid-Afrikaanse regering haar in die geval van moontlike probleme sou kon beskerm nie. Gevolglik is daar met die familie in Hongarye ooreengekom dat die ontmoeting in Wenen moes plaasvind. Kálmán II se moeder het, ten spyte van haar swak gesondheid en die feit dat sy slegs Hongaars magtig was, toe per

trein na Wenen gereis. Die ontmoeting was vir beide Mieke én haar skoonmoeder 'n ontroerende ervaring. Daar moet hier in gedagte gehou word dat Kálmán II vanweë sy skielike vertrek uit Hongarye nooit die geleentheid gehad het om van sy moeder afskeid te neem nie en om veiligheidsredes vir baie jare geen kontak met sy familie gehad het nie.

Mieke het reeds in Nederland ongesteld geraak en die huisarts van professor Gemser het bevind dat sy heeltemal ooreis is. Hy het haar 'n ysterbehandeling gegee en aangeraai om na haar terugkoms in Suid-Afrika vir 'n tyd lank te rus. Die vermoeienis van die reis na Europa en die emosionaliteit van die ontmoeting met haar skoonmoeder het sy tol geëis en Mieke is kort na haar aankoms in Suid-Afrika in die hospitaal opgeneem. Die kerkraad van die gemeente Krugersdorp het aan haar as orrelis vier weke siekteverlof toegestaan (vgl NHK Argief G18 1/2/1) en sy het gelukkig gou herstel.

**5.6.2.6 Onthulling van die Krugerstandbeeld**

Op 10 Oktober 1962, wat destyds as Krugerdag bekend gestaan het en 'n openbare vakansiedag in Suid-Afrika was, word 'n standbeeld van President S J P (Paul) Kruger (1825-1904), Staatspresident van die voormalige Zuid-Afrikaanse Republiek, na wie Krugersdorp vernoem is, by die Pretoriusdam in Krugersdorp onthul. Die onthulling is waargeneem deur die destydse Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika, advokaat C R Swart. Die kerkraad van die gemeente Krugersdorp het vroeër 'n bydrae tot die oprigtingsfonds van hierdie standbeeld gemaak (vgl NHK Argief G18 1/2/1). Kálmán II was 'n bestuurslid van die Krugerstandbeeldkomitee en sy naam verskyn op die gedenkplaat wat op 'n suil langs die standbeeld aangebring is. Hy het ook verskeie foto's van die oprigtingsproses en onthulling gemaak. Sy intensiewe betrokkenheid hierby bevestig weer eens sy vereenselwiging met die lewe van die Afrikanervolk.

**5.6.2.7 Voorbereidings vir 'n medeleraar**

'n Rigtinggewende besluit word op 30 Oktober 1962 deur die kerkraad van die gemeente Krugersdorp geneem. Daar word naamlik in beginsel besluit teen verdere afstigtings en ten gunste van 'n tweede predikantstandplaas

sodra die gemeente dit kon bekostig (vgl NHK Argief G18 1/2/1).

Kort na Mieke se besoek aan Europa, skryf professor B Gemser 'n brief aan Kálmán II en Mieke in antwoord op 'n brief van Mieke. Daarin wens hy Mieke beterskap en 'n rustiger tyd toe en vermaan hy Kálmán II op 'n vaderlike wyse om nie alles in die gemeente self te wil doen nie, sy stokperdjies te beperk en meer op die teologie te konsentreer. Hierdie brief kan in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3). Kort daarna verneem Kálmán II en Mieke dat professor Gemser op 15 November 1962 in Groningen oorlede is (vgl Vriezen 1962:159). 'n Huldeblyk verskyn twee maande later in *Die Hervormer* (vgl *Die Hervormer* 1963:1).

Aan die einde van 1962 verneem Kálmán II en Mieke dat die gesin Hollstein, met wie hulle baie goed bevriend was, na die Kaapprovinsie gaan verhuis. Reinhold Hollstein, 'n uiters begaafde pianis, was 'n Duitse immigrant wat na sy aankoms in Suid-Afrika vir 'n tyd lank in Upington 'n musiekonderwyspos beklee het en daarna 'n dosent by die Kerkmusiekskool in Krugersdorp geword het. Sy vrou Renate en Mieke, wat oor die jare heen baie Duitse vriendinne gehad het, het dadelik aansluiting by mekaar gevind en dit het daartoe gelei dat die gesinne heg bevriend geraak het. Hierdie vriendskap is voortgesit toe die Hollsteins na Pretoria verhuis het met die verskuiwing van die Kerkmusiekskool. Reinhold het aan die begin van 1963 'n dosentepos aan die Universiteit van Stellenbosch aanvaar en die gesin het toe na Stellenbosch verhuis. Reinhold en Renate het ses kinders gehad, waarvan drie doofstom was. Kálmán II en Mieke het daarna telkens wanneer hulle in die Kaapprovinsie vakansie gaan hou het, by die Hollsteins gaan kuier, en die kinders het ook goeie vriende geword. Kálmán II en Mieke se tweede seun, Zoltán Ernolf, het later met een van die Hollsteindogters in die huwelik getree (vgl Papp, W 1951-1979:106).

Die kerkraad van die gemeente Krugersdorp neem tydens sy vergadering van 29 Januarie 1963 met vreugde daarvan kennis dat die uitstaande bedrag van die bruidskat aan die gemeente Magaliesburg, wat in 1953 afgestig is, oorbetaal is en dat die betaling van die gemeente se sinodale heffings op datum is (vgl NHK Argief G18 1/2/1). Die gemeente-

vergadering verneem op 16 Februarie 1963 dat die basaar ‘n bedrag van R2 264.26 opgelewer het en daar word besluit om twee besigheidserwe langs die kerkgebou vir ‘n bedrag van R4 400.00 aan te koop (vgl NHK Argief G18 1/1/7). Op 5 Maart 1963 skaf Kálmán II sy sewende wapen aan - ‘n .177 Hammerli $Co^2$ pistool.

Ouderling C P Hattingh deel die kerkraad tydens sy vergadering van 26 Maart 1963 mee dat daar lidmate in die gemeente is wat hulle offergawes terughou, omdat Kálmán II nog nie sy ou motor verkoop het en die lening wat die kerkraad aan hom toegestaan het, afbetaal het nie. Kálmán II onderneem om aan die saak aandag te gee (vgl NHK Argief G18 1/2/1).

Die kerkraad van die gemeente Krugersdorp se besluit van 30 Oktober 1962 word tydens die kerkraadsvergadering van 30 April 1963 opgevolg met die volgende besluit: "Dat magtiging van die Gemeente verkry sal word om in ooreenstemming met ‘n vorige Kerkraadsbesluit daartoe oor-gegaan sal word tot die skepping van ‘n addisionele predikantsstandplaas en die beroep van ‘n predikant" (NHK Argief G18 1/2/1). Op Sondag 5 Mei 1963 verleen die gemeentevergadering aan die kerkraad toestemming om ‘n tweede predikant te beroep (vgl NHK Argief G18 1/1/7).

Tydens die vergadering van die ring van Krugersdorp wat op 7 Mei 1963 te Witpoortjie gehou is, word Kálmán II weer aangespreek oor die frekwensie van sy huisbesoek. Sy verweer was dat die gemeente vir hom te groot was. Daar dien gemeld te word dat die gemeente in daardie stadium 1 251 belydende lidmate gehad het (vgl *Almanak* 1964:175). Kálmán II word ook daarop gewys dat sy Sondagskoolverslag nog steeds uitstaande is en dat dit ingedien moet word (vgl NHK Argief R18 1/1/2).

**5.6.2.8 Die Geysersaak**

Gedurende Mei 1963 vind die bekende Geysersaak plaas waarin professor A S Geyser die kerk hof toe geneem het omdat hy na bewering wederregtelik uit sy amp onthef is. Kálmán II het die hofsittings, wat in die ou sinagoge in Pretoria plaasgevind het, bygewoon, en ook ‘n aantal foto’s geneem. Hy het onder andere ‘n pragtige portretstudie van die bekende Nuwe Testamentikus van Groningen, professor P A van Stempvoort, wat Geyser in sy saak teen

die kerk kom ondersteun het, gemaak. Hierdie foto kan in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind word. Van Stempvoort het later 'n artikel in die *Nederlands Theologisch Tijdschrift* gepubliseer oor die betekenis van Filippense 2:5-11, waarvan Geyser se interpretasie onder andere gelei het tot sy skuldigbevinding aan dwaalleer (vgl Van Stempvoort 1964:97-111).

Die Geysersaak is uiteindelik buite die hof geskik en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het na afloop daarvan, in 'n mededeling aan lidmate van die kerk in 'n byvoegsel tot *Die Hervormer* van Junie 1963, die Kommissie se volledige verklaring aangehaal. Daarvolgens het Geyser verklaar dat hy die Belydenisskrifte van die kerk onderskryf. Die Kommissie het sy bevinding en uitspraak van 8 Mei 1962 tersyde gestel, professor Geyser in sy amp herstel en onderneem om alle regskoste te betaal (vgl *Die Hervormer* 1963). Aangesien Geyser op daardie stadium reeds 'n pos by die Universiteit van die Witwatersrand aanvaar het en die kerk reeds 'n opvolger in sy plek benoem het, het Geyser nie die ooreenkoms laat afdwing nie.

Kálmán II het, behalwe vir sy teenwoordigheid en die foto's wat hy geneem het, 'n lae profiel gehandhaaf tydens die Geysersaak. Alhoewel sy simpatie steeds by professor A S Geyser gelê het, wou hy nie direk betrokke raak by die saak nie. Hy was steeds van mening dat dit die kerk onwaardig was. Kálmán II was dus eerder 'n kritiese toeskouer as 'n aktiewe deelnemer. Gevolglik het hy ook nooit artikels geskryf vir *Pro Veritate*, die ekumeniese Christelike maandblad wat in 1962 onder die redakteurskap van dominee C F B (Beyers) Naudé, predikant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, tot stand gekom het nie. Hierdie blad het volgens hom 'n te groot politieke inslag gehad en hy was nie bereid om hom daarmee te assosieer nie. Om dieselfde rede het hy ook nie, soos die meeste ondersteuners van Geyser, aangesluit by Die Christelike Instituut van Suidelike Afrika, wat in Augustus 1963 gestig is en waarvan Naudé ook die eerste direkteur was nie (vgl *Die Hervormer* 1963:11). Volgens Kálmán II het Geyser hom enkele jare later, toe die Christelike Instituut homself openlik op die politieke terrein begewe het, meegedeel dat hy homself ook nie meer daar tuis voel nie en dat Naudé te ver gegaan het.

### 5.6.2.9 Drie mislukte beroepe

Op 28 Mei 1963 beroep die kerkraad van die gemeente Krugersdorp vir die eerste keer 'n medeleraar vir Kálmán II - dominee T F Dreyer van die gemeente Hartbeespoort in Brits (vgl NHK Argief G18 1/2/1). Die gemeente Magaliesburg vier op Sondag 9 Junie 1963 sy tiende bestaansjaar. Dominee G J J Roos bring by hierdie geleentheid die groete oor namens die ring van Krugersdorp en Kálmán II namens die moedergemeente (vgl *Die Hervormer* 1963:9).

Nadat daar verneem is dat dominee T F Dreyer nie die beroep na Krugersdorp aanvaar het nie, beroep die kerkraad tydens sy vergadering van 26 Junie 1963 dominee C G Botha van die gemeente Vanderbijlpark. Tydens dieselfde vergadering oorhandig Kálmán II 'n tjek ten bedrae van R500.00 aan die kassier as afbetaling op sy motorlening (vgl NHK Argief G18 1/2/1).

Aan die begin van Julie 1963 begin Kálmán II met 'n nuwe stokperdjie - die slyp van halfedelgesteentes, onder andere agaat, ametis, rooskwarts en tieroog. Hy het homself deeglik toegerus met die nodige apparaat, waarvan hy die meeste self vervaardig het, en die kuns vinnig bemeester. Talle familielede en vriende kan vandag steeds spog met pragtige juweliersware wat hy vir hulle gemaak het (vgl Papp, W 1951-1979:112).

Nadat daar verneem is dat dominee C G Botha ook nie die beroep na die gemeente Krugersdorp aanvaar het nie, beroep die kerkraad op 30 Julie 1963 dominee A J Nolte van die gemeente Witbank-Suid (vgl NHK Argief G18 1/2/1). Hierdie derde beroep het egter ook misluk.

By sy vergadering van 12 Augustus 1963 verneem die ringskommissie van die ring van Krugersdorp dat Kálmán II se Sondagskoolverslag van 1962 steeds uitstaande is. Die skriba kry opdrag om Kálmán II skriftelik in kennis te stel dat die verslag voor einde September ingedien moet word (vgl NHK Argief R18 1/1/2).

### 5.6.2.10 Afstigting word weer oorweeg

Na aanleiding van 'n versoek van die kerkraadslede van die oostelike buitewyke van die gemeente, besluit die kerkraad van die gemeente Krugersdorp tydens sy vergadering van 27 Augustus 1963 dat daar op 15 September

1963 'n buitengewone vergadering vir die lidmate van die betrokke wyke gehou sal word waar hulle gevra sal word om hulle uit te spreek oor moontlike afstigting. In die lig hiervan besluit die kerkraad om voorlopig nie verder te beroep nie (vgl NHK Argief G18 1/2/1). Tydens 'n buitengewone gemeentevergadering van 15 September te Nooitgedacht, word daar besluit "Dat die lidmate woonagtig in die buitewyke aansoek doen om in 'n eie afsonderlike Gemeente afgestig te word" (NHK Argief G18 1/1/7). Die kerkraad het hierdie versoek in sy vergadering van 25 September toegestaan en 'n *kommissie vir afstigting* benoem en besluit om die ringskommissie te raadpleeg oor die presiese prosedure wat gevolg moet word (vgl NHK Argief G18 1/2/1).

Gedurende September 1963 neem Kálmán II en Mieke afskeid van die gesin Wetter, na wie daar vroeër in hierdie studie verwys is. Chris Wetter kon nie daarin slaag om as argitek te registreer nie en hulle het gevolglik besluit om na Nederland terug te keer. Vir Mieke was dit 'n hartseer gebeurtenis aangesien sy en Greet Wetter met verloop van jare baie goeie vriende geword het. Hulle het daarna vir jare met mekaar kontak behou en Mieke het hulle later in Nederland besoek. In dieselfde tyd verneem Kálmán II en Mieke ook dat die gesin Heering, by wie Mieke in Den Haag 'n huishulp was, dit oorweeg om na Suid-Afrika kom vir 'n kort vakansie (vgl Papp, W 1951-1979:112).

#### 5.6.2.11 Die Steenekamp episode

Die kerkraad van die gemeente Krugersdorp aanvaar tydens sy vergadering van 26 November 1963 die aanbeveling van die ringskommissie dat daar voorlopig nie afgestig word nie, maar 'n tweede predikant beroep word wat in oorleg met die kerkraad in die buitewyke sal woon indien hy dit verkies. Die keuse van die kerkraad het op dominee C S van H Steenekamp van die gemeente Brakpan-Harmonie geval. Tydens dieselfde vergadering verleen die kerkraad goedkeuring dat al elf kinders van die gesin Jordaan gedoop mag word (vgl NHK Argief G18 1/2/1). Volgens die doopregister het Kálmán II tien van hierdie kinders op Sondag 1 Desember 1963 gedoop. Dominee P L van Jaarsveld het die elfde kind op 5 Januarie 1964 gedoop (vgl G18 3/1/2).

Gedurende November 1963 word Kálmán II gepols oor 'n moontlike

beroep na die Nederlandssprekende Gemeente in Johannesburg, wat vakant geraak het met die terugkeer van dominee J T J Knottnerus na Nederland. Kálmán II het egter duidelik laat blyk dat hy nie in so 'n beroep sou belangstel nie en die kerkraad het toe doktor J F Stutterheim van die gemeente Benoni beroep (vgl Papp, W 1951-1979:119).

Op 1 Januarie 1964 vertrek Kálmán II en sy gesin vir 'n vakansie van drie weke in Die Strand. Tydens hierdie vakansie het hulle by professor en mevrou Bokhorst in Muizenberg gaan kuier. Mieke het in 1950 tydelik gehelp met die versorging van die kinders van die gesin, toe mevrou Bokhorst siek was. Bokhorst het Kálmán II en Mieke toe uitgenooi na die jubileumkonsert van die tagtigjarige pianis Elsie Hall. Tydens die pouse het Kálmán II haar ontmoet en hulle het heerlik gesels oor Hongaarse musiek. Hy is daar ook voorgestel aan die eggenote van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika, advokaat C R Swart (vgl Papp, W 1951-1979:123).

Tydens 'n buitengewone vergadering op 28 Januarie 1964 verneem die kerkraad van die gemeente Krugersdorp dat dominee Steenekamp nie betyds op sy beroep na die gemeente kon antwoord nie, aangesien hyself en Kálmán II met verlof was en hy eers sekere inligting oor sy huisvesting wou bekom voordat hy op die beroep kon antwoord. Aangesien die voorgeskrewe tyd waarbinne Steenekamp op die beroep moes antwoord reeds verstreke was, het die kerkraad hom toe weer beroep, en terselfdertyd 'n komitee gekies om die reëlings vir sy ontvangs te tref indien hy die beroep sou aanneem (vgl NHK Argief G18 1/2/3). Steenekamp het ná samesprekings met 'n aantal ouderlinge van die gemeente Krugersdorp in die pastorie van die gemeente Brakpan-Harmonie, bekend gemaak dat hy die beroep aanneem, en kort daarna 'n besoek in Krugersdorp afgelê om na 'n tydelike huurhuis en 'n geskikte woonerf vir 'n nuwe pastorie te kom kyk. Hy het ook gesuggereer dat hy 'n oorspronklike skildery as verwelkomingsgeskenk sou waardeer (vgl Papp, W 1951-1979:126). Tydens die kerkraadsvergadering van 25 Februarie 1964 verneem die kerkraad dat daar 'n tydelike huurhuis in die welgestelde uitbreiding Monumentdorp, wat buite die gemeentegrense geval het, vir Steenekamp gevind is (vgl NHK Argief G18 1/2/3). Hy het kort daarna ingetrek en is op Sondag 1 Maart deur dominee A J G Oosthuizen

bevestig. Sy dogter het die begeleiding van die gemeentesang by hierdie geleentheid waargeneem (vgl Papp, W 1951-1979:127).

Tydens ‘n buitengewone kerkraadsvergadering van die gemeente Krugersdorp op 9 Maart 1964, word die werksverdeling tussen die predikante goedgekeur en die toekomstige huisvesting van Steenekamp bespreek. Die aanbeveling van die Finansiële Komitee was dat die erwe in Burgershoop en die woonhuis in Kenmare, wat vroeër by die voormalige kassier van die gemeente oorgeneem is, verkoop sal word, en dat daar ‘n nuwe pastorie vir nie meer as R12 000.00 nie, op die gemeente se erwe in Quellerie Park gebou sal word. Steenekamp het die kerkraad toe daarop gewys dat hy volgens die beroepsbrief kon kies waar hy wou woon en die mening uitgespreek dat ‘n pastorie nie vir ‘n bedrag van tussen R12 000.00 en R14 000.00 gebou sal kan word nie. Hy kan gevolglik nie sien dat die kerkraad die aanbeveling van die Finansiële Komitee kan aanvaar nie. Ouderling Bredenhann het by hom aangesluit en die mening uitgespreek dat daar nie ‘n afskeep pastorie in Quellerie Park of Burgershoop (twee minder gegoede uitbreidings) gebou moet word nie. Verskeie broeders het beswaar gemaak teen hierdie opmerkings. Na verdere bespreking word die volgende besluit genotuleer:

> (i) Om ‘n pastorie te bou en nie aan te koop nie.
>
> (ii) Met 5 teenstemme besluit die kerkraad dat die pastorie in die omgewing van Distriksdorp (naby die bestaande pastorie) gebou moet word.
>
> (iii) Dat die hele aangeleentheid verder na die Finansiële Kom. verwys word, met reg op koöpsie, om ondersoek in te stel en die nodige planne te laat opstel.
>
> (NHK Argief G18 1/2/3)

Insake die vervreemding van grond besluit die kerkraad om by die gemeentevergadering aan te beveel: "(i) Dat die huis in Kenmare van die hand gesit word. (ii) Dat die 2/3 erf in Burgershoop verkoop word. (iii) Dat die vier erwe grensende aan Bustonstraat, Burgershoop verkoop word" (NHK Argief G18

1/2/3). Die notule maak daarvan melding dat verskeie broeders die vergadering uit protes verlaat het tydens die bespreking van hierdie saak (vgl NHK Argief G18 1/2/3).

Volgens Mieke se dagboek het Steenekamp se weiering om in Quellerie Park te gaan woon, die inwoners van Quellerie Park en Burgershoop in opstand gebring. Klaarblyklik het hy reeds 'n woonerf van R3 600.00 in Distriksdorp uitgesoek en planne vir 'n pastorie van R20 000.00 in sy besit gehad (vgl Papp, W 1951-1979:127-128).

Tydens 'n buitengewone gemeentevergadering op 22 Maart 1964, onder die voorsitterskap van Steenekamp, word die gemeentevergadering versoek om opdrag te gee dat 'n tweede pastorie gebou word. Die aanbeveling van die kerkraad word aan die gemeentevergadering voorgehou en Steenekamp meld dat daar 'n woonerf op die hoek van Bodenstein- en Tweedestraat teen R3 600.00 beskikbaar is en dat die huis wat beoog word tussen R20 000.00 en R22 000.00 sal kos. Verskeie lidmate het hulle hierna sterk vir of teen hierdie gedagte uitgespreek en daar word afgelei dat die besprekings redelik heftig en emosioneel verloop het, in so 'n mate dat Kálmán II en die skriba versoek het dat besprekings, gedagtig aan die sabbat, op 'n hoë peil gehou moet word. Kálmán II het daarna versoek dat daar tot voorstelle oorgegaan moet word, en nadat daar so 'n voorstel ingedien is, besluit die gemeentevergadering eenparig dat daar 'n pastorie gebou moet word. Vervolgens het Steenekamp die vergadering gevra om oor die voorstel van die kerkraad te stem, maar op 'n punt van orde is hy daarop gewys dat daar nie gestem kan word voordat daar nie geleentheid vir ander voorstelle gegee is nie. Die volgende voorstelle is toe ingedien:

(1) Dat 'n pastorie volgens die plan ter tafel teen 'n bedrag van ±R20500 op 'n standplaas H/V Bodenstein en Tweede Straat Distriksdorp gebou sal word.

(2) Dat 'n pastorie soos deur die Kerkraad voorgestel op die Kerk se persele op Q.P. gebou sal word.

(3) Dat 'n pastorie soos gebou kan word teen die bedrag van ±R16000 op Q.P. gebou sal word.

(4) Dat ‘n pastorie soos gebou kan word teen die bedrag van R14000 op Q.P. gebou sal word.

(NHK Argief G18 1/2/3)

Die vergadering het ingestem dat alle voorstelle impliseer dat nie-noodsaaklike eiendomme verkoop sal word. Steenekamp het toe gereël dat die eerste voorstel tot stemming gebring word, en ‘n versoek dat die jongste voorstel eerste tot stemming gebring moet word, is deur hom buite orde gereël. Nadat slegs agtien lidmate ten gunste van die bou van ‘n pastorie in Distriksdorp gestem het, het Steenekamp verklaar dat die bou van ‘n pastorie in Quellerie Park nie vir hom of die kerkraad aanvaarbaar is nie en die vergadering summier verdaag. Terwyl hy Psalm 146:4 laat sing en die seënbede uitgespreek het, het die grootste gedeelte van die gemeente die kerk verlaat (vgl NHK Argief G18 1/1/7).

Mieke meld in haar dagboek dat Kálmán II in die gemeentevergadering, in ‘n poging om die geskil op te los, aangebied het dat Steenekamp in die bestaande pastorie kan intrek en dat hy en sy gesin in Quellerie Park sal gaan woon, maar dat Steenekamp die aanbod van die hand gewys het. Volgens Mieke het lidmate na Kálmán II se aanbod die ongewone ding gedoen om in die gemeentevergadering vir hom hande te klap. Sy meld verder dat lidmate ná die gebeure van die gemeentevergadering van 22 Maart en ‘n protesvergadering wat kort daarna in Quellerie Park plaasgevind het, waartydens Steenekamp nie bereid was om redes te verskaf waarom hy nie in Quellerie Park wil woon nie, begin het om sy eredienste te boikot (vgl Papp, W 1951-1979:128). Volgens Kálmán II het hy deurgaans die indruk gekry dat Steenekamp, wat sy senior was, hom wou voorskryf en oor hom wou baasspeel. Steenekamp se ondersteuners het hom selfs by geleentheid teen Kálmán II voorgestel tydens die verkiesing van die Paardekraal Feeskommissie, maar die persoon wat as groot volksman voorgestel is, het die verkiesing verloor, en die *uitlander* het lid van die Feeskommissie gebly.

Die kerkraad besluit in sy vergadering van 7 April 1964, onder voorsitterskap van Steenekamp, "dat aan Ds. Steenekamp op sy versoek toe-

stemming verleen word om weer die saak te oorweeg of hy self ‘n pastorie wil bou, of in die buitewyke wil woon ooreenkomstig die beroepsbrief" (NHK Argief G18 1/2/3). Tydens dieselfde vergadering word ‘n bedankingsbrief van ouderling D P Prinsloo behandel en besluit "om nie oudl. Prinsloo se be-danking te aanvaar nie en ‘n klag by die Ringskommissie aan-hangig te maak oor die trant en bewoording van sy bedankingsbrief wat as onwaardig en beledigend beskou word" (NHK Argief G18 1/2/3). Op versoek van Steenekamp word daar ook besluit om broeders H P van den Berg en P D Bekker op te roep om voor die volgende vergadering te verskyn om vermaan te word oor hulle gedrag en optrede teenoor die voorsitter in die gemeente-vergadering van 22 Maart. ‘n Versoekskrif van 88 lidmate dat daar ‘n buiten-gewone gemeentevergadering gehou sal word om die vorige vergadering se sakelys af te handel, word buite orde gereël (vgl NHK Argief G18 1/2/3).

Die ringskommissie besluit in sy vergadering van 20 April 1964 "om oudl Prinsloo per aangetekende pos te verwittig dat ‘n klag deur die Kerkraad van Krugersdorp teen hom ingedien is dat hy beledigende aantygings in ‘n brief teen die kerkraad gemaak het en dat hy later in kennis gestel sal word om voor die Komm. te verskyn" (NHK Argief R18 1/1/2).

Die sitting van die 54ste Algemene Kerkvergadering vanaf 23 April tot 6 Mei 1964, het nie die verloop van sake onderbreek nie. Soos dit jaarliks die gebruik was, het Kálmán II die kerkraad op 2 Mei onthaal ter viering van sy veertigste verjaardag. Mieke meld dat tagtig persone teenwoordig was en dat Kálmán II nou "baie populêr" was (vgl Papp, W 1951-1979:130).

Tydens ‘n gemeentevergadering op die volgende dag, onder die voorsitterskap van Kálmán II, rig ouderling D P Prinsloo ‘n versoek dat die on-afgehandelde sake van die vorige vergadering hanteer moet word. Ouderling A L S Slabbert versoek egter dat dit uitgestel moet word as gevolg van die onrus in die gemeente en die komende nagmaal. Die vergadering besluit toe met 74 stemme teen 14 dat die saak bespreek moet word. Nadat Prinsloo voorgestel het dat die vergadering moet besluit waar die pastorie gebou moet word en homself ten gunste van ‘n pastorie van R15 000.00 in Quellerie Park uitgespreek het, het Steenekamp beswaar gemaak in die lig van die kerkraad se besluit dat hy weer kan kies waar hy wil woon. Kálmán II het toe gesê dat

die kerkraad nie by magte was om weer aan Steenekamp die keuse te gee voordat die gemeentevergadering nie sy besluit om pastorie te bou herroep het nie. Hy is egter ten gunste daarvan dat Steenekamp weer die keuse moet kry, maar dan moet die gemeentevergadering eers sy vorige besluit herroep. Op voorstel van ouderling Prinsloo besluit die vergadering dat die besluit om pastorie te bou nie herroep word nie. Steenekamp het hierna protes aangeteken teen Kálmán II se beslissing om die bou van die pastorie te laat bespreek en die vergadering meegedeel dat hy hom nie sal neerlê by die besluit nie aangesien dit in stryd is met die besluit van die kerkraad. Hierna het ouderling J H Lotz gesê dat hy Kálmán II se reëling betreur en nie bereid is om verder onder hom te dien nie, en daarna summier as ouderling bedank en die vergadering verlaat. Nadat ‘n mosie van diaken G S van der Merwe aanvaar is waarin hy versoek het dat besprekings gestaak moet word en daar tot voorstelle oorgegaan moet word, besluit die vergadering soos volg:

(1) Dat ‘n pastorie in Q.P. gebou sal word teen ‘n bedrag van R15000. Tenders sal gevra word en moet nie hoër as R14500 wees nie. R500 sal vir onvoorsiene uitgawes gebruik word.

(2) Die 4 standplase in Burgershoop sal verkoop word asook 2/3 deel B.Hoop.

(3) Die huis in Kenmare sal verkoop word.

(4) Die Kerkraad word gemagtig om verbande tenopsigte van bogenoemde besluite aan te gaan.

(5) As boukommissie word verkies die finansiële komitee asook oud. D. Prinsloo, Brs. M.J. Steenkamp en J.F. Esterhuizen.

(6) Daar sal gewag word totdat daar van die hoër liggame van ons Kerk sekerheid verkry is of genoemde besluit wettig is met die oog op die Kerkraad se besluit en besware gedurende die vergadering geopper.

(NHK Argief G18 1/1/7)

Drie dae later, op 6 Mei 1964, vergader die kerkraad onder die voorsitterskap van Kálmán II. Die skriba rapporteer dat hy die klag teen ouderling Prinsloo aan die ringskriba deurgestuur het en Prinsloo dienooreenkomstig in kennis gestel het. Hy berig voorts dat broeders Van den Berg en Bekker nie teenwoordig is nie aangesien hulle hulle op die ringskommissie beroep het. Tydens hierdie vergadering besluit die kerkraad op voorstel van ouderling L M Coetzee "om Ringskommissie te versoek om ‘n deurtastende visitasie ter plaatse te doen om die hele aangeleentheid insluitende die verskil oor optredes van Voorsitters nl. Ds. Papp op die Gemeente vergadering van 3 Mei en Ds. Steenekamp op die Gemeente vergadering van 22 Maart op te klaar" (NHK Argief G18 1/2/3). Die notule berig dat Steenekamp die skrywe aan die ringskommissie soos volg geformuleer het:

> Op sy vergadering van 6 Mei 1964 het my Kerkraad my opdrag gegee om die volgende skrywe aan u te rig:
> 'Aangesien hier ‘n ernstige meningsverskil ontstaan het oor bepaalde besluite van die Gemeentevergadering en dié van die Kerkraadsvergadering, het my Kerkraad besluit om die Ringskommissie dringend te vra vir ‘n deurtastende ondersoek hier ter plaatse so gou doenlik.'
>
> (NHK Argief G18 1/2/3)

Die volgende beswaar is ook deur Steenekamp ingehandig en genotuleer:

> Hiermee wil ek ernstig beswaar aanteken en my sterkste afkeuring uitspreek teen die optrede van die Weleerwaarde Heer Ds. K. Papp op die Gemeentevergadering van 3 Mei 1964 by welke geleentheid hy toegelaat het en dit bepleit het dat ‘n besluit van die Kerkraad geneem op 7 April 1964 tersyde gestel word sonder dat hy op die betrokke Kerkraadsvergadering te kenne gegee het dat hy hom nie by genoemde besluit van die Kerkraad neerlê nie. Ek sien dit in ‘n baie

> ernstige lig en beskou dit as dwarsboming en ondermyning van die gesag van die Kerkraad. Dit skep ook onrus en verwarring onder lede van die Kerkraad en Gemeente.
>
> (NHK Argief G18 1/2/3)

Kálmán II se reaksie is soos volg in die notule aangeteken:

> Ds. Papp ontken dat hy die saak bepleit het nl. dat die besluit van die Kerkraad tersyde gestel word. Ds. Papp verklaar dat hy dit op die betrokke Kerkraadsvergadering duidelik gestel het dat hy nie kan sien hoe die Kerkraad die besluit van die Gemeentevergadering van 22 Maart nl. dat 'n pastorie gebou moet word geïgnoreer kan word deur te besluit dat Ds. Steenekamp weer 'n keuse om self te bou of om in die buitewyke te gaan woon nie. Hy herhaal egter dat hy nie teen die gedagte is dat Ds. Steenekamp self mag kies nie maar dat dit slegs kan geskied indien die Gemeente sy besluit om te bou herroep. Dit was ook sy houding met die Gemeentevergadering van 3 Mei 1964.
>
> (NHK Argief G18 1/2/3)

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat daar met die verloop van tyd spanning tussen die twee predikante ontstaan het. Kerkraadslede en lidmate het hulle aan die kant van een van die twee predikante begin skaar en dit het gelei tot 'n ongesonde polarisasie in die gemeente.

### 5.6.2.12 Gedwonge afstigting

Op 5 Junie 1964 kom die ringskommissie en die kerkraad van die gemeente Krugersdorp byeen in 'n gesamentlike vergadering en word daar met 17 stemme teen 13 besluit om by die gemeentevergadering aan te beveel dat daar afgestig word (vgl NHK Argief R18 1/1/2).

Onder die voorsitterskap van die ringsvoorsitter, dominee G J J Roos, besluit die gemeentevergadering op 21 Junie 1964 om af te stig, nadat Roos die vergadering meegedeel het dat die ringskommissie die saak intensief ondersoek het en afstigting as die enigste oplossing sien. Nadat die grense van die nuwe gemeente bepaal is, besluit die vergadering soos volg oor die vaste eiendomme van die gemeente: die kerkgebou word gemeenskaplike besit, die moedergemeente behou eienaarskap van die standplase in Burgershoop en Quellerie Park, en die nuwe gemeente ontvang die woonhuis in Kenmare en die bestaande pastorie in Bodensteinstraat, maar moet R18 000.00 aan die moedergemeente oorbetaal vir die bou van 'n nuwe pastorie. Daar word ook ooreengekom dat die nuwe gemeente een van die huidige predikante sal beroep (vgl NHK Argief G18 1/1/7).

Direk na afloop van hierdie besluit is die lidmate van die moeder-gemeente verskoon en het die lidmate van die nuwe gemeente Krugersdorp-Noord, ampsdraers verkies. Nadat hulle in hulle ampte bevestig is, het die kerkraad van die gemeente Krugersdorp-Noord dominee Steenekamp na die gemeente beroep (vgl NHK Argief R18 1/1/2).

Die kerkraad van die gemeente Krugersdorp neem tydens sy vergadering van 30 Junie 1964 formeel afskeid van Steenekamp en 'n Akte van Losmaking word aan hom oorhandig. Daar word ooreengekom dat die twee gemeentes voorlopig gesamentlike eredienste sal hou uitgesonderd met nagmaal. Die twee predikante sal om die beurt die prediking waarneem. Alle uitgawes ten opsigte van die kerkgebou sal gedeel word. Diaken G S van der Merwe word as skriba verkies en ouderling L M Coetzee sal vir nog ses maande as skriba vir registrasie optree. Tydens dieselfde vergadering word daar besluit dat die kerkraad 'n terplaatse ondersoek in Quellerie Park sal doen met die oog op die oprigting van 'n nuwe pastorie vir die gemeente Krugersdorp (vgl NHK Argief G18 1/2/3).

Intussen het Eduard Schaank, die man van Mieke se oorlede moeder se niggie Lili, op 27 Junie in Suid-Afrika aangekom vir 'n besoek van drie weke. Kálmán II het hom talle besienswaardighede laat sien, onder andere die Voortrekkermonument, die goudmyne en 'n Ndebelestad, en hom in Julie na die Nasionale Krugerwildtuin geneem (vgl Papp, W 1951-1979:134-136).

#### 5.6.2.13 Administratiewe nalatigheid

Op 17 Augustus 1964 verskyn Kálmán II voor die ringskommissie van die ring van Krugersdorp na aanleiding van ‘n versoek van die Moderamen van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering dat die ringskommissie onder die bepalings van die opsig, toesig en tug van die Kerkwet met hom moet handel omdat hy nalaat om te reageer op korrespondensie vanaf die Registrateur van Huwelike én die Moderamen, insake sy versuim om sekere ontbrekende inligting te verskaf met betrekking tot die bevestiging van ‘n huwelik tussen E J Victor en M M S Vermeulen op 21 Desember 1963 (vgl NHK Argief R18 1/1/2). Uit die agenda vir die vergadering van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van 8 September 1964 blyk dit dat die Registrateur die Kommissie versoek het om Kálmán II te versoek om die tersaaklike inligting onverwyld aan hom te stuur aangesien hy nie reageer op skrywes wat die Registrateur op 11 Januarie, 20 Februarie en 25 Maart 1964 aan hom gestuur het nie. Uit die agenda blyk dit ook dat Kálmán II ook nie gereageer het op die skrywes wat die skriba van die Kommissie op 29 Mei en 3 Julie 1964 aan hom gestuur het nie (vgl NHK Argief K1/2 1/1/10D). Die notule van die vergadering van die ringskommissie meld dat Kálmán II deur die ringskommissie aangespreek is en onderneem het om die saak dadelik reg te stel (vgl NHK Argief R18 1/1/2). Die notule van die vergadering van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van 8 September 1964 verwys na ‘n skrywe van die skriba van die ring van Krugersdorp waarin berig word dat Kálmán II "die nodige verbeterde stukke reeds aan die Registrateur van Huwelike en Sterfgevalle gestuur het" (NHK Argief K1/2 1/1/10D). Hierdie administratiewe nalatigheid, wat meermale voorgekom het, was hierdie keer waarskynlik te wyte aan die feit dat die probleme rondom die ontvangs van Steenekamp en die afstigting van die gemeente Krugersdorp-Noord hom in hierdie tyd geheel en al in beslag geneem het.

Die afstigting van die gemeente Krugersdorp-Noord het ‘n baie gespanne periode tot ‘n einde gebring, maar nie noodwendig ‘n rustiger tyd vir Kálmán II ingelui nie. Die volgende aantal jare sou van die bedrywigste van sy bedieningstyd wees. Hy kon egter na die Steenekamp episode reken op die heelhartige ondersteuning van sy hele gemeente.

### 5.6.2.14 Verhuising

Aangesien die bestaande pastorie van die gemeente Krugersdorp kragtens die afstigtingsooreenkoms aan die gemeente Krugersdorp-Noord oorgedra is, moes dit ná die afstigting deur Kálmán II en sy gesin ontruim word. Die huur-ooreenkoms ten opsigte van die woonhuis waarin Steenekamp gewoon het, is toe met ses maande verleng en die twee predikantegesinne het aan die einde van Augustus wonings uitgeruil. Kálmán II het die hele verhuising, waarmee talle lidmate behulpsaam was, op rolprent vasgelê. In dieselfde tyd kry hy weer opdrag van die blombolkwekers *Harry de Leeuw & Company* om 'n aantal kleurfoto's te maak (vgl Papp, W 1951-1979:140).

### 5.6.2.15 Voorbereidings vir pastoriebou

Gedurende Augustus 1964 bring die kassier van die gemeente Krugersdorp, diaken J L Roos, wat in diens van die destydse Departement van Naturelle-sake was, dit onder Kálmán II se aandag dat die Departement binnekort sy huidige kantore in die Quellerie Park Uitbreiding gaan ontruim en na 'n nuwe gebou in Factoria gaan verhuis. Die kantore wat op daardie stadium gebruik was, was geleë in die geboue van die voormalige slagpale van Krugersdorp en het uit een groot gebou en 'n aantal kleiner losstaande strukture bestaan. Die Stadsraad van Krugersdorp was van voorneme om al die geboue af te breek en die grond in woonerwe op te sny en te verkoop. Aangesien die gemeente Krugersdorp op daardie stadium nie oor 'n kerksaal beskik het nie, het diaken Roos dit as 'n geleentheid gesien om moontlik 'n kerksaal vir die gemeente te bekom. Kálmán II het hierdie geleentheid aangegryp en dadelik met onderhandelings met die Stadsraad begin om die grond in die hande te kry. Die groot gebou sou maklik in 'n kerksaal omskep kon word en daar was genoeg plek om 'n pastorie op te rig (vgl Papp, K 1991:58).

Op 13 Augustus 1964 besluit die kerkraad op aanbeveling van die Finansiële Komitee om by die gemeentevergadering aan te beveel dat die gemeente se erwe in Quellerie Park en Burgershoop geruil word vir die erwe waarop die ou slagpale staan (vgl NHK Argief G18 1/2/3), en op 5 September besluit die gemeentevergadering eenparig dat die transaksie beklink mag word en dat die gemeente self 'n nuwe pastorie op die erwe in Quellerie Park

Uitbreiding sal bou (vgl NHK Argief G18 1/1/7). Hierdie erwe was wat die gemeente betref meer sentraal geleë as die bestaande erwe en die gemeente sou op die koop toe ook 'n kerksaal kon bekom. Tydens die kerkraadsvergadering van 29 September 1964 word die Finansiële Komitee gemagtig om die transaksie met die Stadsraad te beklink. Tydens dieselfde vergadering verneem die kerkraad dat die gemeente Krugersdorp-Noord sy finansiële verpligtinge teenoor die gemeente nagekom het en dat die pastorie aan die gemeente Krugersdorp-Noord oorhandig is (vgl NHK Argief G18 1/2/3).

Kálmán II het kort hierna begin met die ontwerp van die nuwe pastorie. Vir hierdie doel het hy baie navorsing gedoen en na verskeie pastorieë gaan kyk. Hy het die sketsplanne self geteken en die finale planne is deur meneer Willie Havelaar, wat in 1961 die planne vir die kerksaal langs die kerkgebou opgetrek het, geteken (vgl Papp, W 1951-1979:144). 'n Aantal gebeure sou die oprigting van die nuwe pastorie egter tydelik in die wiele ry en veroorsaak dat daar eers 'n jaar later met die bouwerk begin kon word.

Die eerste oponthoud is veroorsaak deur gebeure in die gemeente Krugersdorp-Noord, wat kort ná die afstigting finansiële probleme begin ervaar het. 'n Skrywe is aan die kerkraad van die gemeente Krugersdorp gerig waarin daar gevra is vir 'n hersiening van die afstigtingsooreenkoms. Daar is onder andere gevra vir 'n herbepaling van grense, die oorbetaling van die helfte van die Sustersvereniging (NHSV), Jeugvereniging en Sondagskool se fondse en dat die helfte van die boekevoorraad aan hulle oorhandig moet word. Volgens die notule van die kerkraadsvergadering van 27 Oktober 1964 het die kerkraad van die gemeente Krugersdorp egter besluit dat daar by die bepalings van die afstigtingsooreenkoms gehou sal word (vgl NHK Argief G18 1/2/3).

Die kerkraad van die gemeente Krugersdorp-Noord het Kálmán II intussen ook by die ringskommissie verkla omdat hy na bewering by lidmate van die gemeente Krugersdorp-Noord vir boumateriaal vir die nuwe pastorie gekollekteer het. Dit het daartoe gelei dat die ringskommissie op 2 Desember 1964 'n spesiale vergadering belê het met afvaardigings van beide kerkrade. Tydens hierdie vergadering het Kálmán II die ringskommissie meegedeel dat lidmate van die gemeente Krugersdorp-Noord spontaan boumateriaal aan die

gemeente Krugersdorp geskenk het en dat hy niemand in dié gemeente besoek het nie. Die ringskommissie, onder voorsitterskap van dominee G J J Roos, het toe ‘n beroep op beide kerkrade gedoen om die afstigtingsooreenkoms te eerbiedig, maar opdrag gegee vir ‘n sensusopname en die verdeling van die boekevoorraad en die geld wat nog deur die voormalige kassier aan die gemeente Krugersdorp verskuldig was (vgl NHK Argief R18 1/1/2).

Die kerkraad van die gemeente Krugersdorp het tydens sy vergadering van 17 Desember 1964 die verslag van sy afvaardiging behandel, sy misnoë uitgespreek met die beskuldiging teen Kálmán II en besluit om nie die helfte van die fondse van die NHSV, Jeugvereniging en Sondagskool oor te betaal nie. Daar is egter besluit om wel aan die versoek te voldoen om die helfte van die boekevoorraad aan die gemeente Krugersdorp-Noord te oorhandig, mits die gemeente Krugersdorp-Noord die helfte van die skuld ten opsigte van hierdie boeke betaal. Daar is ook, sonder dat daarvoor gevra is, besluit om ‘n staalkas aan die gemeente Krugersdorp-Noord te oorhandig (vgl NHK Argief G18 1/2/3).

Die gemeentevergadering van die gemeente Krugersdorp het intussen op 17 November 1964 toestemming gegee dat die erwe van die gemeente in Quellerie Park vir ‘n aantal erwe in Quellerie Park Uitbreiding geruil kan word, en dat die erwe waarop die geboue van die voormalige slagpale geleë was, aangekoop kan word (vgl NHK Argief G18 1/1/7).

Intussen het Kálmán II en Mieke ook op 23 November 1964 die jaarlikse afsluitingsdinee van die Krugersdorpse tak van die Rapportryerskorps bygewoon. Doktor H F Verwoerd, die destydse Eerste Minister, het tydens dié geleentheid as gasspreker opgetree (vgl Papp, W 1951-1979:145). Kálmán II se lidmaatskap van die Rapportryers is weereens bevestiging daarvan dat hy, sy afkoms ten spyt, ook in kulturele kringe as ‘n mede-Afrikaner aanvaar is. Die Rapportryerbeweging is 'n Afrikaanse kultuurvereniging wat homself beywer vir die beskerming en bevordering van Afrikanerbelange en Christelike waardes, en is die voedingsbron vir lede van die elitistiese en vertroulike Afrikaner Broederbond (later Afrikanerbond) met dieselfde oogmerke, waarvan Kálmán II egter nooit lid geword nie. Sy oudste seun, Kálmán III, was later wel vir tien jaar lid van hierdie organisasie.

Gedurende November 1964 is daar ook bekend gemaak dat doktor B J van der Merwe, predikant van die gemeente Magaliesburg, besluit het om 'n dosentepos aan die Universiteit van Suid-Afrika te aanvaar (vgl *Die Hervormer* 1965:1). Kálmán II word deur die skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering in kennis gestel dat die gemeente Magaliesburg vanaf 24 November 1964 vakant verklaar is vanweë die feit dat Van der Merwe van lewensstaat verander het, en versoek om in die gemeente Magaliesburg as *pastor loci* op te tree (vgl NHK Argief K1/2 4/18). Vir die soveelste keer sou Kálmán II met konsulentswerk in die ring belas word, sy eie besige gemeentelike en persoonlike program ten spyt. Hy sou egter deurgaans sy verpligtinge na die beste van sy vermoë en met die tyd tot sy beskikking probeer nakom. Dit het tot gevolg gehad dat hy steeds die steun van sy gemeente en die agting van sy kollegas behou het.

Aan die einde van 1964 het ouderling K N Grobler, wat ná die afstigting onder die gemeente Krugersdorp-Noord geval het en 'n onderwyser by Hoërskool Monument in Krugersdorp was, Mieke oorreed om verder te studeer. Daar was op daardie stadium 'n groot tekort aan onderwysers in Duits, en sy sou maklik 'n onderwyspos kon kry indien sy gekwalifiseerd sou wees. Nadat sy voorwaardelike universiteitstoelating bekom het, het sy by die Universiteit van Suid-Afrika vir die BA-graad ingeskryf met Duits, Latyn, Griekse Kultuur en Psigologie as vakke (vgl Papp, W 1951-1979:145-150). Alhoewel sy haar studie geniet het en baie goeie punte vir haar eerste werkopdragte ontvang het, moes sy later vanweë al haar verpligtinge teenoor haar gesin en die gemeente, asook langdurige ongesteldheid, 'n onbeplande verhuising en die oprigting van die nuwe pastorie, haar studies staak (vgl Papp, W 1951-1979:192).

Die tweede oponthoud met die oprigting van die nuwe pastorie is veroorsaak deur die vertraging van toestemming deur die Raad van Finansies van die kerk. Uit Mieke se dagboek blyk dit dat daar bekommernis by die Raad bestaan het oor die onafhanklike voortbestaan van die gemeente Krugersdorp-Noord, en dat die Raad in dié lig huiwerig was om die oprigting van die pastorie dadelik goed te keur (vgl Papp, W 1951-1979:144). Nadat die Administrateur van die kerk, meneer A B van N Herbst, aan die begin van

Desember 'n besoek aan Krugersdorp gebring het om die erwe te besigtig waarop die gemeente die nuwe pastorie wou oprig, het die kerkraad tydens sy vergadering van 17 Desember 1964 verneem dat die argiteksplanne van die beoogde pastorie asook 'n staat van bates en laste deur die Raad van Finansies aangevra word (vgl NHK Argief G18 1/2/3).

Tydens die eerste vergadering van 1965 op 26 Januarie, verneem die kerkraad van die gemeente Krugersdorp dat die gemeente Krugersdorp-Noord se deel van die boeke nog nie oorhandig is nie aangesien hulle nog nie die helfte van die boekeskuld betaal het nie. Goedkeuring word tydens hierdie vergadering ook aan Kálmán II verleen om met onderhandelings met die Stadsraad voort te gaan vir die ruil van die erwe (vgl NHK Argief G18 1/2/3). Dominee J W Rhoda is intussen in die gemeente Krugersdorp-Wes ontvang en daar is verneem dat die moontlikheid bestaan dat dominee Steenekamp 'n beroep na die gemeente Port Elizabeth kan ontvang. Dit sou die gemeente Krugersdorp-Noord tydelik uit die verknorsing help (vgl Papp, W 1951-1979:152).

Kálmán II deel die kerkraad van die gemeente Krugersdorp tydens sy vergadering van 23 Maart 1965 mee dat daar nagelaat is om die erwe van die gemeente langs die kerkgebou in berekening te bring tydens die afstigting van die gemeente Krugersdorp-Noord. Die notule meld dat die kerkraad besluit het om die opbrengs daarvan te verdeel "op persentasiebasis soos by afstigting" (NHK Argief G18 1/2/3).

Mieke se gesondheid het intussen agteruitgegaan en sy het baie gewig begin verloor. Adele, die vrou van dokter Gerrit Mes met wie Kálmán II goed bevriend was, het met die versorging van die kinders kom help. Nellie, vrou van die skriba, ouderling G S van der Merwe, asook Donna Viljoen, orrelis van die gemeente Krugersdorp-Oos, het tydelik Mieke se orrel-verpligtinge nagekom (vgl Papp, W 1951-1979:155). Nadat Mieke vir nege dae in die hospitaal was vir toetse, is daar bevind dat antibiotika die kieme wat haar spysvertering reël vernietig het. Daar is ook vasgestel dat sy aan bloedarmoede ly en die dokter het 'n spesiale dieet en baie rus voorgeskryf. Sy het geleidelik begin herstel en kon weer in Meimaand haar pligte as orrelis hervat (vgl Papp, W 1951-1979:157).

Tydens die ringsvergadering van 3 Mei 1965 word Kálmán II aangespreek omdat hy nie in die vorige jaar, soos voorgeskryf, twaalf keer aan die hand van die Heidelbergse Kategismus gepreek het nie (vgl NHK Argief R18 1/1/2).

Op 1 Junie 1965 verneem die kerkraad van die gemeente Krugersdorp dat die gemeente Krugersdorp-Noord afstand gedoen het van sy reg op ‘n gedeelte van die boekevoorraad en dat die dokumente insake die verdeling van bates nou volgens die afstigtingsvoorwaardes geteken kan word. Die kerkraad verleen ook aan Kálmán II toestemming om verder met die Stadsraad van Krugersdorp te onderhandel oor die uitruiling van die erwe en gee aan hom en die skriba volmag om die dokumente te teken vir die oordrag van erwe van die gemeente aan die Stadsraad. By dieselfde vergadering word daar ook verneem dat die huurhuis waarin Kálmán II en sy gesin op daardie stadium gewoon het, verkoop is, en daar word besluit om ‘n ander huis tot minstens 30 Junie 1966 te huur (vgl NHK Argief G18 1/2/3). Aan die einde van dieselfde maand verhuis Kálmán II en sy gesin na die nuwe huurhuis te Glenstraat 3, Kenmare. Hierdie huis, wat ook binne die grense van die gemeente Krugersdorp-Oos geleë was, was geriefliker maar heelwat verder van die kerkgebou en skole af.

Die gemeentevergadering van die gemeente Krugersdorp verneem op 6 Junie 1965 dat die uitruiling van die erwe afgehandel is en dat daar met die oprigting van die nuwe pastorie begin sal word sodra die Raad van Finansies daartoe ingestem het (vgl NHK Argief G18 1/1/7).

Dit blyk uit die notules van die ringskommissie dat die ringskommissie op 25 Junie 1965 samesprekings gehad het met ‘n afvaardiging van die gemeente Krugersdorp-Noord na aanleiding van ‘n versoek van lidmate van die Muldersdrift buitewyke om van dié gemeente af te stig, maar dat die ringskommissie hierdie versoek nie toegestaan nie. Tydens hierdie samesprekings is die ringskommissie ook meegedeel dat die kerkraad van die gemeente Krugersdorp-Noord van voorneme was om die kerkraad van die gemeente Krugersdorp te nader met ‘n versoek om die helfte van hulle eiendomsreg ten opsigte van die kerkgebou uit te koop (vgl NHK Argief R18 1/1/2).

Die kerkraad van die gemeente Krugersdorp wys tydens sy verga-

dering van 29 Junie 1965 'n versoek van die kerkraad van die gemeente Krugersdorp-Noord van die hand vir 'n grenswysiging tussen die gemeentes en die uitkoop van die helfte van die eiendomsreg van die kerkgebou (vgl NHK Argief G18 1/2/3).

Mieke meld in haar dagboek dat daar in Julie 1965 meer as een gesprek tussen Kálmán II, Steenekamp en Herbst was om die ondergang van die gemeente Krugersdorp-Noord te probeer voorkom. Herbst het daarvolgens gesê dat die Raad van Finansies nie aan die gemeente Krugersdorp toestemming kan verleen vir die oprigting van die pastorie nie, aangesien daar waarskynlik in die nabye toekoms 'n kombinasie met die gemeente Krugersdorp-Noord gesluit sal moet word (vgl Papp, W 1951-1979:159).

Na afloop van al hierdie bedrywighede gaan Kálmán II vanaf 15 tot 31 Julie op vakansie aan die Natalse Suidkus met sy drie seuns en die twee seuns van hulle voormalige bure in Bodensteinstraat, die Woudstra's. Die Woudstra's was Nederlandse immigrante en Siebren Woudstra was 'n bekende bou-aannemer in Krugersdorp. Hulle was goeie bure en die kinders het dikwels oor en weer gekuier. Mieke, wat nog nie heeltemal gesond was nie, het met die twee dogters tuis gebly. Gedurende Augustus het Kálmán II weer 'n aantal foto's vir die blombolkwekers *Harry de Leeuw & Company* gemaak, 'n kano gebou en saam met dokter Mes, sy vrou en die seuns gaan boogskiet (vgl Papp, W 1951-1979:162-164).

Die kerkraad van die gemeente Krugersdorp besluit tydens sy vergadering van 14 September 1965 om lidmate van die gemeente te versoek om elk R200.00 van hulle offergawe vooruit te gee sodat daar geen twyfel by die Raad van Finansies kan bestaan oor die gemeente se vermoë om die nuwe pastorie te kan bekostig nie. Daar word tydens dieselfde vergadering besluit om 'n persoonlike onderhoud met die Raad van Finansies aan te vra oor dié se vertraging met die verlening van toestemming om met die oprigting van die pastorie te begin. Die vergadering neem ook daarvan kennis dat dominee Steenekamp 'n beroep na die gemeente Westonaria ontvang het (vgl NHK Argief G18 1/2/3).

Op 18 September 1965 verneem die gemeentevergadering van die gemeente Krugersdorp dat daar toestemming van die Raad van Finansies

ontvang is om met die oprigting van die nuwe pastorie te begin. Die bouplanne ten opsigte van die beoogde pastorie word aan dieselfde vergadering voorgelê en goedgekeur (vgl NHK Argief G18 1/1/7). Of daar wel 'n gesprek met die Raad van Finansies plaasgevind het, kon nie vasgestel word nie.

### 5.6.2.16 Oprigting van die nuwe pastorie

In die gedenkalbum oor die geskiedenis van die gemeente Krugersdorp, beskryf Kálmán II die oprigting van die nuwe pastorie en die omskepping van die ou slagpale in 'n kerksaal, baie beskeie in die bestek van minder as 'n bladsy:

> Die gemeente het as eienaarbouer self die pastorie gebou. Ds. Papp was die argitek. Die bouer, oudl. M.J. Steenkamp, het sy toerusting beskikbaar gestel en saam met sy voorman, oudl. D.P. Prinsloo, aanvanklik leiding gegee. Ds. Papp het al die sierstene en ander materiaal gekollekteer en talle gemeentelede - nie net vakmanne nie; oud en jonk, selfs kinders - het aan die werk gespring. Dit is nie moontlik om die name van al die werkers te vermeld nie, maar twee ambagsmanne - Jaap Coertze en Piet Oosthuizen, wat amper twee jaar lank elke Saterdag sonder vergoeding aan die pastorie en saal kom werk het - moet spesiaal genoem word. Izak du Preez en Buks Jooste het tientalle vragte grond aangery. Piet Jonker en Hannes van Eck het bome gekap vir die steierwerk. Hans Kloppers het die kaggel en braaiplekke gebou. Louw Roos het vloere gegooi. Dirk te Boekhorst en Manie van den Berg het messelklei gemeng. Wikus en Amie Prinsloo en Jan Albrecht het gepleister. Izak Vorster en Danie Barnard het getimmer en deure gehang. Willie van den Berg was oral waar hy nodig was. Fanie Blignault, Koos van den Berg en Faan Engelbrecht het geverf. Chris Claasen het staalwerk vervaardig. Flip Mitchell het die teëls gelê. Baie ander manne het enige karweiwerk aangepak. Die predikant

> self het die studeerkamer se boekrakke gemaak, slotte ingesit en die balkonne en voordeur se smeewerk ontwerp. Te veel om op te noem. Die susters was elke Saterdag op hulle pos met genoeg te ete en drinke.
>
> Toe die pastorie tien maande later klaar was, is die ou saal gerestoureer. Twee kleiner geboue van die slagpale is eers gesloop, nie met stootskrapers nie, maar met mannekrag. Die hoofgebou is in 'n pragtige saal omskep. Badkamers is aangebou en daar is ruimte geskep vir 'n kombuis, projeksiekamer, verhoog en kleedkamers. Staalbokke en houtblaaie is gemaak vir tafels en die gemeente het al die stoele geskenk.
>
> Omdat daar soveel boumateriaal en arbeid geskenk is, het die pastorie slegs R14 000 en die saal R4 000 gekos. Dít was ongetwyfeld die grootste prestasie van die gemeente die afgelope vyftig jaar.
>
> (Papp, K 1991:58-59)

Die bouwerk aan die pastorie het aan die begin van Oktober 1965 'n aanvang geneem en daar is hoofsaaklik op Saterdae gewerk. Kálmán II het die leiding geneem en deurgaans die mees lojale ondersteuning en beste samewerking van die hele gemeente geniet. Spanning tussen lidmate en ander probleme was daar by geleentheid wel. Ouderling D P Prinsloo het homself selfs op 'n stadium aan die bouwerk onttrek, en op 'n stadium is daar selfs oorweeg om arbeid in te koop om die bouwerk vlotter te laat verloop. Desnieteenstaande is die oprigting van die pastorie suksesvol afgehandel en Kálmán II en sy gesin kon aan die einde van Mei 1966 hulle intrek neem. Dit is op 3 Junie 1966 feestelik deur die gemeente ingewy (vgl Papp, W 1951-1979:164-173).

Die pastorie is ná voltooiing vir R28 000.00 gewaardeer - twee keer meer as die oprigtingskoste (vgl NHK Argief G18 1/1/7). Die hele bouproses is deur Kálmán II op 16mm rolprent vasgelê en hierdie rolprent het later tydens talle gemeentelike byeenkomste en feeste die goeie herinneringe aan

hierdie reuse prestasie van die gemeente wakkergemaak. Selfs die openbare media het na die besondersheid van die projek verwys. In *Die Vaderland* van 2 Desember 1965 verskyn daar byvoorbeeld ‘n breedvoerige artikel met bypassende foto’s daaroor (Die Vaderland, bl 11). In hierdie artikel word Kálmán II erg opgehemel as " ’n bekende kunsskilder, amateurfotograaf van wêreldformaat, bedrewe boogskut, swaardvegter, judodeskundige, musiekkenner en student". Dit is hieruit duidelik dat daar by baie mense groot bewondering vir hierdie predikant met sy vele talente was.

Nadat die pastorie voltooi is, is daar met die uitleg en vestiging van die tuine begin. Kálmán II het onder andere agt-en-dertig bome en talle struike op die terrein aangeplant en ‘n groot aantal Hongaarse roosstokke met pragtige houtsneewerk gemaak om die ingang na die pastorie te verfraai. Daar is terrasse gebou, plaveisel gelê, gras geplant en wasgoedlyne opgerig (vgl Papp, W 1951-1979:164-177 en NHK Argief G18 1/2/3 en 1/1/7). Hierna sou die omskepping van die hoofgebou van die ou slagpale in ‘n doelmatige kerksaal aan die beurt kom.

Terwyl die oprigting van die pastorie aan die gang was, het sake in die gemeente en kerk hulle normale gang gegaan. Kálmán II het die jaarlikse Predikantevergadering in Oktober 1965 bygewoon en aan die einde van dieselfde maand het die gemeente Krugersdorp-Noord afskeid geneem van dominee Steenekamp nadat hy die beroep na die gemeente Westonaria aangeneem het. Dit het vir dié gemeente tydelike verligting van hulle finansiële nood gebring (sien Papp, W 1951-1979:164).

#### 5.6.2.17 Klag insake pligsversuim

Kálmán II se intense betrokkenheid by die oprigting van die nuwe pastorie het ook sy tol geëis. Hy moes noodgedwonge sy normale verantwoordelikhede afskaal en dit het onvermydelik gelei tot die verwaarlosing van lidmate van die gemeente. Gedurende November 1965 is daar dan ook by die ringskommissie ‘n klag teen hom ingedien deur ouderling D J Marais van die gemeente Roodepoort. Hierdie klag het voortgespruit uit Kálmán II se beweerde pligsversuim rondom die begeleiding van ‘n mevrou Viljoen tydens haar ernstige siekte en afsterwe. Marais was bevriend met die seun van

Viljoen. Volgens die klagstaat is Viljoen tydens haar siekte begelei deur pastoor Du Plessis van die Nuwe Protestantse Kerk aangesien Kálmán II haar ten spyte van verskeie versoeke nie besoek het nie. Sy is na haar afsterwe ook vanuit hierdie kerk begrawe. Kálmán II het die begrafnisdiens bygewoon maar nie die teraardebestelling nie. Viljoen se eggenoot en kinders het daarna oorgegaan na die Nuwe Protestantse Kerk en volgens Marais het Kálmán II se optrede die naam van die kerk en die amp van die predikant oneer aangedoen. Die ringskommissie, bestaande uit dominees G J J Roos (voorsitter), J A P Van Tonder (skriba) en ouderlinge J G Jacobs, I Marais en F Visser, het op 22 November 1965 samesprekings gehou, waar-by ouderling Marais, meneer en mevrou Allers, wat oor dieselfde saak by die ringskommissie gekla het, asook Kálmán II en ‘n ouderling Van den Berg teenwoordig was. Ná breedvoerige bespreking besluit die ringskommissie "om geen uitspraak nou te gee nie, maar die hele aangeleentheid grondig te ondersoek. Dit sal ter gelegener tyd gedoen word" (NHK Argief R18 1/1/2).

Die ringskommissie van die Ring van Krugersdorp het die saak tydens sy vergadering van 26 Januarie 1966 verder bespreek en besluit dat daar grondig ondersoek ingestel sal word na Kálmán II se hospitaalbesoeke, huisbesoek, kategese, doopkategese, en dat daar bepaal sal probeer word hoeveel lidmate gedurende die afgelope jare na sektes en susterskerke oor-gegaan het as gevolg van Kálmán II se optrede (vgl NHK Argief R18 1/1/2).

Tydens sy vergadering van 28 Junie 1966 word Kálmán II deur die ringskommissie gekonfronteer met die resultate van die ondersoek wat in-tussen gedoen is. Hierdie resultate is ongelukkig nie in die notule opgeneem nie - slegs dat Kálmán II daarna met verduidelikings op die verskillende sake gereageer het en die ringskommissie aan die hand van ‘n aantal briewe van lidmate van sy gemeente daarop gewys het dat daar oor die algemeen tevredenheid met sy werk in die gemeente bestaan. Hy het egter toegegee dat hy soms as gevolg van sy druk program sekere wyke nie volledig besoek het nie en soms te lank by sekere huise vertoef het, maar dat hy dit in orde sal probeer bring en onderneem om weekliks hospitaalbesoek te doen. Wat die kategese betref, het hy die kommissie meegedeel dat daar slegs pro-bleme is met die kategese wat by die kerk aangebied word. Dit is hoofsaaklik

te wyte aan ‘n tekort aan kategete. In Quellerie Park en Burgershoop floreer die kategese. Nadat dominee Roos die hoop uitgespreek het dat Kálmán II aandag sal gee aan die probleme wat bespreek is en hom versoek het om met verloop van tyd skriftelik daaroor aan die kommissie verslag te doen, is hy verskoon (vgl NHK Argief R18 1/1/2).

Tydens die laasgenoemde vergadering van die ringskommissie is Kálmán II ook deur die kommissie aangespreek omdat hy ‘n lidmaat van die gemeente Krugersdorp-Noord, ene broeder Van der Linde, sonder die nodige toestemming van genoemde gemeente begrawe het. Uit die notule van die ringskommissievergadering blyk dit dat hy deur die kerkraad van die gemeente Krugersdorp-Noord by die ringskommissie verkla is. Kálmán II se antwoord was " ... dat die klagte hom vreemd val, nl dat hy eers formaliteite moes afhandel met Krugersdorp-Noord voordat hy van hulle lidmate mag begrawe" (NHK Argief R18 1/1/2). Dominee Roos het daarna verduidelik dat die beswaar was dat hy die konsulent glad nie in die saak geken het nie, waarna Kálmán II gestel het dat dit nooit sy bedoeling was om wrywing te veroorsaak nie, en dat hy onderneem om die kerkraad in die toekoms in sulke gevalle te ken (vgl NHK Argief R18 1/1/2).

Op 23 November 1965 verneem die kerkraadsvergadering van die gemeente Krugersdorp dat ‘n ongetroude lidmaat van die gemeente, broeder P van Rensburg, ‘n woonerf in die uitbreiding Kenmare aan die gemeente geskenk het toe Kálmán II by hom gaan kollekteer het vir ‘n bydrae vir die pastorie en saal. Omdat die erf buite die gemeentegrense geleë was, is daar toe besluit om dit in die mark te sit. Tydens dieselfde vergadering verneem die kerkraad ook dat die kerkraad van die gemeente Krugersdorp-Noord besluit het om voortaan hulle eie eredienste te hou - soggens om 08:00 en saans om 17:30. Die kerkraad van die gemeente Krugersdorp het gevolglik besluit om daarby in te val en met hulle eie eredienste om 10:30 en 19:00 voort te gaan en alle buitedienste met ingang 1 Desember 1965 af te skaf. Daar word ook besluit om die besigheidserwe langs die kerkgebou te verkoop en dat " ... ’n per capita verdeling van bates en laste tussen gemeentes, met uitsluiting van Sustersverenigingfondse, gebaseer op 1965 sensus by ons gemeente aanbeveel word en indien Krugersdorp Noord verwerp bly ons by

afstigtings voorwaardes soos aangeneem op 30 Junie 1964" (NHK Argief G18 1/2/3). Die aanbeveling van die kerkraad word tydens die gemeente-vergadering op 12 Desember 1965 goedgekeur en volmag word aan die kerkraad gegee vir 'n moontlike herskommeling van bates indien dit nodig sou wees. 'n Nuwe versoek van die gemeente Krugersdorp-Noord vir die oorbetaling van die helfte van die NHSV fondse word weereens van die hand gewys (vgl NHK Argief G18 1/1/7).

### 5.6.2.18 Proselietmakery ontmasker

Aan die begin van Desember 1965 het Kálmán II saam met Friso Woudstra, die oudste seun van sy voormalige buurman, twee kruisboë in die goed toe-geruste werkswinkel van dokter Mes gemaak (vgl Papp, W 1951-1979:166b). Kort hierna het hy 'n waaghalsige stap geneem, nadat hy vasgestel het dat een van die raadslede van die Stadsraad van Krugersdorp, ene meneer Dames, wat lidmaat van die Apostoliese Geloofsending (=AGS) was, 'n lidmaat van sy gemeente probeer afrokkel het. Die lidmaat het naamlik aan Kálmán II vertel dat Dames hom 'n betrekking by die Stadsraad aangebied het indien hy sou oorkom na die AGS. Kálmán II het 'n bandopname van die gesprek gemaak en Dames gevra om hom te kom sien in verband met 'n belangrike saak. Nadat hulle 'n afspraak gemaak het, het hy die rings-voorsitter, dominee G J J Roos, geskakel en hom gevra om ook teenwoordig te wees. Dames is toe tydens die gesprek deur Kálmán II gekonfronteer oor proselietmakery. Hy het dit uit die aard van die saak ontken en gesê dat hy maar net iemand wou help wat die Here gevind het en nooit sou vra dat die persoon eers by die AGS moes aansluit nie. Nadat Kálmán II die band-opname voorgespeel het, het hy die deur vir Dames oopgemaak en Dames is daar weg sonder enige kommentaar.

Daar dien hier gemeld te word dat Kálmán II se skerp intellek, fyn waarnemingsvermoë, deeglike speursin en soms waaghalsige optrede, wat reeds in sy studentejare na vore gekom het, dikwels vir hom groot agting en bewondering ingeoes het. Sy besondere vermoë om 'n situasie raak op te som en op sy voete te dink, het hom meermale in sy lewe uit 'n verleentheid gehelp en uit 'n verknorsing gered.

**5.6.2.19 Die Geyser/Naudé lastereis**

‘n Gebeurtenis wat groot opspraak en belangstelling binne en buite die Nederduitsch Hervormde Kerk verwek het, in die periode waarin Kálmán II en sy gemeente met die oprigting van die pastorie besig was, is die lastergeding wat professor A S Geyser en meneer C F B Naudé teen professor A D Pont en dominee J G M Dreyer, laasgenoemde in sy hoedanigheid as redakteur van *Die Hervormer*, aanhangig gemaak het. Die aanleiding daartoe was ‘n reeks artikels deur Pont in *Die Hervormer* onder die opskrif *Kroniek*. Geyser en Naudé het Pont en Dreyer gedagvaar vir skadevergoeding as gevolg van beweerde laster. Nadat Dreyer homself en *Die Hervormer* gedistansieer het van die bewerings, het Geyser en Naudé hulle eis teen *Die Hervormer* en sy redakteur laat vaar (vgl *Die Hervormer* 1966:11). Daar is egter voortgegaan met die eis teen Pont en hy is uiteindelik skuldig bevind en deur die hof gelas om skadevergoeding van R20 000.00 elk aan Geyser en Naudé te betaal.

Alhoewel Kálmán II in hierdie tyd as vriend nog beperkte kontak met Geyser gehad het, het hy nie dieselfde belangstelling in die lastergeding getoon as in die Geysersaak van 1963 nie, en wel om verskeie redes. In die eerste plek het die lastergeding hom nie werklik geïnteresseer nie, aangesien dit vir hom eerder ‘n persoonlike as ‘n kerklike aangeleentheid was. Hierbenewens het sy vriendskap met Geyser sedert 1963 baie afgekoel, en het hy met beide Dreyer en Pont baie goeie kollegiale verhoudings gehad. Tydens sy en Mieke se verblyf van drie maande in Potchefstroom in 1951, het hulle baie lief geword vir Dreyer en hom as hulle kerklike vader beskou, veral ná die leemte wat met die vertrek van professor en mevrou Gemser na Nederland ontstaan het. Kálmán II het deurgaans ook ‘n baie goeie verhouding met Pont, vir wie hy altyd die hoogste agting as akademikus en teoloog gehad het, gehandhaaf. Hy het ook nooit die indruk gehad dat Pont hom as gevolg van sy vriendskap met Geyser as ‘n opponent beskou het nie. In die laaste instansie het Kálmán II gewoon nie die tyd gehad om hom met die lastergeding te bemoei nie. Die oprigting van die pastorie en al sy ander verantwoordelikhede het hom geheel-en-al in beslag geneem.

Ná ‘n uiters spanningsvolle en bedrywige jaar, vertrek Kálmán II en sy gesin aan die begin van Januarie 1966 na die Kaapprovinsie vir ’n wel-

verdiende vakansie van drie weke in Die Strand. Kálmán II het gereeld saam met sy seuns gaan visvang en die gesin het gereeld saam met die Hollsteins van Stellenbosch gekuier en ontspan (vgl Papp, W 1951-1979:168).

### 5.6.2.20 Eerste familiebesoek uit Nederland

Drie belangrike gebeurtenisse het van 1966 'n besondere jaar gemaak in die lewe van Kálmán II en die gemeente Krugersdorp - die eerste besoek van 'n familielid uit die buiteland, en die viering van Kálmán II se vyftiende bedieningsjaar in die gemeente Krugersdorp, wat saamgeval het met die viering van die 75ste bestaansjaar van die gemeente.

Kálmán II en Mieke het reeds aan die einde van 1965 verneem dat Mieke se oujongnooi suster, Lily Clasina, 'n maatskaplike werker van beroep en die derde van die vier Schilling susters, gedurende Maart 1966 'n besoek aan Suid-Afrika gaan bring. Hulle het hulle deeglik op die besoek voorberei en haar op 6 Maart 1966 op die Lughawe Jan Smuts ontmoet (vgl Papp, W 1951-1979:171).

Die kerkraad van die gemeente Krugersdorp het intussen begin met die beplanning van die viering van die gemeente se 75ste bestaansjaar aan die einde van 1966. 'n Voorlopige feesprogram is tydens die kerkraadsvergadering van 1 Maart goedgekeur en op 6 Maart tydens 'n gemeentevergadering aan die gemeente deurgegee (vgl NHK Argief G18 1/2/3 en G18 1/1/7). Daar is ook besluit om gedurende die feesjaar spesiale dankofferlyste in die gemeente te laat sirkuleer en geen basaar te hou nie. Lidmate is versoek om artikels van historiese waarde by Kálmán II in te dien met die oog op 'n spesiale gedenkalbum wat uitgegee sou word, en tydens die kerkraadsvergadering van 5 April 1966 is daar ook 'n kommissie benoem om aandag te gee aan herstelwerk aan die kerkgebou (vgl NHK Argief G18 1/2/3).

Tydens die negentiende vergadering van die ring van Krugersdorp, wat op 2 Mei 1966 in die kerkgebou van die gemeente Krugersdorp-Wes plaasgevind het, word daar besluit dat die fondse van die jeugvereniging van die gemeente Krugersdorp tussen die gemeentes Krugersdorp en Krugersdorp-Noord verdeel moes word en dat die sustersvereniging van die gemeente Krugersdorp versoek moes word om die helfte van hulle fondse aan

die sustersvereniging van die gemeente Krugersdorp-Noord oor te betaal (vgl NHK Argief R18 1/1/2). Die kerkraad van die gemeente Krugersdorp besluit tydens 'n spesiale kerkraadsvergadering op 9 Mei van dieselfde jaar om aan hierdie besluit gehoor te gee en ook aan die gemeente Krugersdorp-Noord 'n halwe aandeel in die besigheidserwe, wat langs die kerkgebou geleë is, te gee (vgl NHK Argief G18 1/2/3).

Terwyl Kálmán II sy skoonsuster Lily aan die begin van Junie vir 'n kort besoek aan die Nasionale Krugerwildtuin geneem het, het Mieke die gesin se finansies nagegaan en tot die gevolgtrekking gekom dat sy een of ander tyd sal moet gaan werk om 'n bydrae te kan maak om in die gesin se toenemende behoeftes te voorsien. Sy wou ook bitter graag spaar vir 'n besoek aan haar skoonfamilie in Hongarye (vgl Papp, W 1951-1979:174).

Aan die einde van Junie 1966 word Kálmán II deur meneer Hendrik Vermooten, 'n vriend van meneer A B van N Herbst en bekende argitek en lidmaat van die kerk, genader met 'n versoek om vir hom goeie foto's te neem van 'n aantal kerkgeboue wat hy ontwerp het. Kálmán II het dit as 'n nuwe uitdaging gesien en dadelik ingewillig. Hy en Vermooten het vir hierdie doel met Vermooten se private vliegtuig na verskeie dorpe in die destydse provinsies Transvaal en die Oranje Vrystaat gevlieg en talle kerkgeboue gefotografeer. Hy het ook vir die eerste keer lugfotografie gedoen en dit baie interessant gevind (vgl Papp, W 1951-1979:175).

Op 1 September 1966 stig die gemeente Noordrand af van die gemeente Krugersdorp-Noord, nadat 'n versoek daartoe reeds enkele jare gelede deur lidmate van die oostelike deel van die gemeente Krugersdorp-Noord gerig is (vgl NHK Argief R18 1/1/2). In dieselfde maand skryf Kálmán II op versoek 'n artikel oor Hongarye vir die *Standard Encyclopedia of Southern Africa* (vgl Papp, W 1951-1979:177). Intussen is daar ook begin met die opknapping van die terrein rondom die nuwe pastorie en die geboue van die ou slagpale (vgl NHK Argief G18 1/1/7). In dieselfde maand word die land ook geskok deur die moord in die Parlement op doktor H F Verwoerd, die destydse Eerste Minister van die Republiek van Suid-Afrika.

Aan die einde van September 1966 vlieg Lily Schilling Kaapstad toe om haar vriendin, Dok Wrede, met wie sy in Nederland op 'n huisboot saam-

gewoon het, te gaan afhaal. Wrede, wat per boot na Suid-Afrika gereis en haar motor saamgebring vir 'n beplande reis deur die land, was 'n geleerde vrou met 'n doktorsgraad in entomologie. Sy was ook baie musikaal en het Kálmán II en Mieke se seuns geleer om bamboesfluite te maak en daarop te speel (vgl Papp, W 1951-1979:178-179).

### 5.6.2.21 Viering van die 75ste bestaansjaar van die gemeente

Gedurende Oktober 1966 is Kálmán II se tyd geheel-en-al in beslag geneem deur voorbereidings vir die fees ter herdenking van die 75ste bestaansjaar van die gemeente. Hy het oral gegewens en foto's bymekaargemaak vir die beplande gedenkalbum oor die geskiedenis van die gemeente, en te danke aan sy deeglike speursin, onder andere afgekom op ongeveer honderd kosbare glasplaatnegatiewe van 'n voormalige fotograaf van Krugersdorp, ene meneer Kassel, asook 'n foto van die kerkraad van 1909. As gevolg van 'n gebrek aan tyd het die gedenkalbum egter nie gerealiseer nie (vgl Papp, W 1951-1979:180). Dit sou eers vyf-en-twintig jaar later, tydens die eeufeesvieringe van die gemeente 'n werklikheid word.

Die fees ter herdenking aan die 75ste bestaansjaar van die gemeente Krugersdorp het oor vier dae gestrek. Volgens die feesprogram, waarvan 'n afskrif in Kálmán II se persoonlike lêer opgeneem is (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3), het die amptelike feesgeleentheid op Donderdag 3 November 1966 in die Banketsaal van Krugersdorp plaasgevind. Tydens hierdie geleentheid is gelukwense aan die gemeente oorgedra deur dominee J G M Dreyer namens die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, dominee G J J Roos namens die ring van Krugersdorp, dominee J G W Roos namens die Nederduits Gereformeerde Kerk, doktor T van der Walt namens die Gereformeerde Kerk en raadslid J du Plessis, wat ook lidmaat van die gemeente was, namens die stadsraad van Krugersdorp. Spesiale erkenning is ook by hierdie geleentheid betuig teenoor die oues van dae, met die belofte dat 'n gedenkalbum later aan elkeen oorhandig sal word. Sangsolo's is deur Manuel da Silva en Berta Malan gelewer en verversings is na afloop van die formaliteite deur die Sustersvereniging bedien. Op Vrydag 4 November het Kálmán II die geskiedenis van die gemeente vertel aan die

hand van ‘n aantal skyfies en die rolprent oor die oprigting van die pastorie. Dit het in die saal van Hoërskool Jan de Klerk plaasgevind. Tydens Saterdag 5 November se voorbereidingsdiens, wat deur dominee W F H Huyzers gelei is, is ‘n aantal ampsdraers bevestig. Dit was tegelyk die opening van ‘n buitengewone *feestelike* vergadering van die ring van Krugersdorp. Hierdie vergadering het slegs bestaan uit die erediens, ‘n verwelkomingswoord deur die voorsitter van die ring, dominee G J J Roos, die aanvaarding van ‘n mosie van gelukwense en dank, wat deur die skriba van die ring, dominee J A Swanepoel, gestel is, en die afsluiting met sang en gebed. Sondag 6 November se nagmaal- en dankseggingsdienste is onderskeidelik gelei deur dominee P S Grobler en doktor P W Venter, albei vorige predikante van die gemeente.

Aan die einde van 1966 neem Kálmán II sy twee oudste seuns op ‘n hengeluitstappie van ‘n paar dae na Baberspan tussen Sannieshof en Delareyville in die destydse Wes-Transvaal. Ouderling A J Coertze, een van sy mees getroue en lojale ouderlinge en ‘n entoesiastiese hengelaar, en dié se vrou, het saamgegaan. Kálmán II het homself deeglik toegerus vir hierdie ekspedisie met ‘n tent, opblaasbare boot en slaapsakke wat hy by ‘n uitverkoping gekoop het en ‘n aantal opvoustoeltjies en tafel wat hy self vervaardig het (vgl Papp, W 1951-1979:181). Terwyl Kálmán II weg was, het Mieke, wat oor ‘n besondere skryf- en digtalent beskik, ‘n rympie geskryf waarin sy met hom die draak gesteek het omdat hy nie die gedenkalbum betyds kon klaarmaak nie. Hierdie rympie kan in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3). Kálmán II het die rympie ontvang van Stephanus Jeremias Nel, ‘n pop wat Mieke en haar jongste seun Wilfried gemaak het en hom op die voorstoep van die pastorie ingewag het met sy terugkoms.

Op 29 Januarie 1967 woon Kálmán II die ordening en bevestiging van proponent A A da Silva as predikant van die gemeente Johannesburg by. Da Silva was ‘n seun van die gemeente Krugersdorp en het onder Kálmán II belydenis van geloof afgelê. In dieselfde tyd word dominee J J C du Plooy as predikant van die kombinasie Krugersdorp-Noord/Noordrand bevestig (vgl NHK Argief G18 1/2/3).

### 5.6.2.22 Omskepping van slagpale in ‘n kerksaal

Ná die voltooiing van die pastorie en die viering van die 75ste bestaansjaar van die gemeente, kon die omskepping van die geboue van die ou slagpale in ‘n doelmatige kerksaal, Kálmán II se volle aandag geniet. Daar is reeds vroeg in 1967 met die werk begin. Al die buitegeboue is gesloop en die hoofgebou, wat reeds in 1907 opgerig is, is oorgepleister en van nuwe vensters en deure voorsien. Soos met die oprigting van die nuwe pastorie, het Kálmán II die leiding geneem met hierdie projek. ‘n Perdestal vir die kinders se perde, duiwehok en stoorkamer is later op die fondasie van een van die buitegeboue opgerig met die boumateriaal van die gesloopte geboue. Hierdie werk is grotendeels deur Kálmán III gedoen. Die nuwe saal is aan die einde van die jaar feestelik ingebruikgeneem (vgl Papp, W 1951-1979:183-184 en NHK Argief G18 1/2/3). Mieke se suster en haar vriendin het intussen na ‘n gasteplaas naby Hartbeespoortdam verhuis. Die te woelige pastorielewe, spanning met die kinders en die komende besoek van ‘n gas uit Nederland het hiertoe aanleiding gegee (vgl Papp, W 1951-1979:184).

Gedurende die eerste week van April 1967 hou Kálmán II en sy seuns ‘n kort vakansie in die Drakensberge saam met dominee J J Coetzee, ‘n gemeenteseun en voormalige predikant van die kerk, sy vrou en hulle seun. Hulle het onder andere die Sentinelpiek van die Mont-aux-Sourcesberg uitgeklim en een nag op die berg oornag (vgl Papp, W 1951-1979:184). Coetzee is kort tevore afgesit as predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk terwyl hy in die gemeente Randburg was en Kálmán II het hom saamgenooi om 'n bietjie afstand te kan neem van hierdie gebeure. Coetzee het later predikant van die gemeente Randburg van die Presbiteriaanse Kerk geword. Sy vrou, Anna, ‘n onderwyser en dogter van die gemeente Magaliesburg, was ‘n broerskind van professor P W Hoek, latere lid van die Raad van Finansies van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Sy het later hoogleraar in Afrikaans geword aan die destydse Randse Afrikaanse Universiteit.

Kort ná Kálmán II se terugkoms uit die Drakensberge, arriveer mevrou Severijn, weduwee van professor J Severijn van die Rijksuniversiteit van Utrecht, in Suid-Afrika. Severijn was die persoon wat Kálmán II en sy Hongaarse studentekollegas in 1947 in Nederland ontvang het. Mevrou

Severijn, wat na Suid-Afrika gekom het om ‘n vriendin wat terminaal siek was in Pretoria te besoek, het ‘n paar dae by Kálmán II en Mieke deurgebring (vgl Papp, W 1951-1979:185).

Uit die notule van die kerkraadsvergadering van die gemeente Krugersdorp van 18 April 1967, blyk dit dat die gemeente swaar gebuk gegaan het onder die skuld wat aangegaan moes word om die nuwe pastorie en kerksaal te voltooi. Die kerkraad het onder andere besluit om by die gemeentevergadering aan te beveel dat die woonerf in Kenmare, wat aan die gemeente geskenk is toe Kálmán II gekollekteer het vir stene vir die nuwe pastorie, verkoop moet word. Daar was selfs ‘n staking van stemme toe ‘n voorstel gedien het vir Kálmán II se jaarlikse traktementsaanpassing. Kálmán II het toe van sy beslissende stem gebruik gemaak om toe te sien dat die voorstel vir ‘n aanpassing nie aanvaar word nie. Tydens die volgende vergadering het die kerkraad egter besluit om sy traktement aan te pas volgens die skaal waarop daar tydens die pas afgelope 55ste Algemene Kerkvergadering besluit is (vgl NHK Argief G18 1/2/3). Kálmán II het later meermale sy jaarlikse verhoging prysgegee in belang van die finansiële posisie van die gemeente.

#### 5.6.2.23 Beroep na die gemeente Randburg

Gedurende April 1967 ontvang Kálmán II ook sy derde beroep - hierdie keer na die gemeente Randburg, wat in daardie jare ‘n gesogte gemeente onder die predikante van die kerk was. Volgens Kálmán II het talle kollegas hom tydens die 54ste Algemene Kerkvergadering, wat aan die einde van April 1967 plaasgevind het, gepols oor sy besluit. In die lig van die onseker situasie van die gemeente, wat op die afsetting van dominee J J Coetzee gevolg het, het hy besluit om die beroep van die hand te wys.

As gevolg van sekere besluite wat tydens die 54ste Algemene Kerkvergadering geneem is, het dominee J A Swanepoel, predikant van die gemeente Witpoortjie en ‘n ondersteuner van professor A S Geyser en vriend van dominee J J Coetzee, op grond van gewetensbesware as predikant van die kerk bedank. Dit was vir Kálmán II ‘n groot terugslag, aangesien hy en Swanepoel baie goeie kollegas in die ring was.

### 5.6.2.24 Finansiële druk op die gemeente en gesin

Die gemeente Krugersdorp se finansiële posisie het gedurende die res van 1967 verdere tekens van agteruitgang begin toon, en die bank het druk op die kerkraad begin plaas om die oortrokke bankrekening af te bring. Alhoewel daar reeds besluit is om die woonerf in Kenmare van die hand te sit, kon daar nie ‘n koper gevind word nie. Kálmán II, wat op daardie stadium nog geen eiendom besit het nie, het toe, ten spyte van die feit dat hy dit nie werklik kon bekostig nie, aangebied om die woonerf teen die munisipale waarde te koop, en die kerkraad het sy aanbod van R500.00 aanvaar (vgl NHK Argief G18 1/2/3). Hy het die erf jare later weer van die hand gesit en ‘n vleuelklavier uit die opbrengs daarvan gekoop.

Tydens die kerkraadsvergadering van 20 Junie 1967 hanteer die kerkraad ‘n aansoek van die gemeentes Krugersdorp-Noord en Noordrand vir ‘n wysiging van die gemeentegrense sodat die dogtergemeentes se getalle versterk kon word. In die lig van die finansiële posisie van die gemeente en die feit dat die nuwe pastorie en saal nog nie ten volle toegerus was nie, het die kerkraad dit van die hand gewys (vgl NHK Argief G18 1/2/3). Kálmán II het kort daarna begin om boekrakke en kaste te bou vir die studeerkamer van die pastorie en die gemeente baie geld gespaar deur alles self te doen (vgl Papp, W 1951-1979:187).

Gedurende Julie 1967 het Kálmán II vir die gesin ‘n tweedehandse opslaanbare woonwa aangeskaf en vir die eerste keer saam met die seuns by die St Luciameer aan die Natalse Noordkus gaan hengel. Daar het hy besef dat ‘n mens eintlik ‘n boot by St Lucia nodig het en gedurende die tweede helfte van die jaar begin met die restourasie van ‘n ou seilbootjie wat hy by doktor Gerrit Mes present gekry het. Die plan was om dit met veselglas oor te trek en van ‘n enjin te voorsien sodat dit gereed kon wees vir ‘n tweede besoek aan St Lucia in Desember, maar die werk kon nie betyds afgehandel word nie. Mieke, wat haar hele lewe lank ‘n hekel aan kampering gehad het, het telkens tuisgebly met die twee dogters (vgl Papp, W 1951-1979:187).

Die gesin se toenemende uitgawes en Mieke se begeerte om ‘n besoek aan Hongarye te bring, het haar intussen genoodsaak om te begin werk. Sy het in September 1967 ‘n betrekking as junior assistent by die

Krugersdorpse Biblioteek aanvaar en is na drie maande bevorder tot senior assistent. Dit was slegs 'n halfdagpos aangesien sy nog in die middae vir die kinders beskikbaar wou wees (vgl Papp, W 1951-1979:189).

Die kerkraad van die gemeente Krugersdorp besluit tydens sy vergadering van 21 November 1967 om gedurende die eerste kwartaal van 1968 'n basaar te hou en die moontlike verkoop van gemeente se woonerwe in Burgershoop en die besigheidserwe langs die kerkgebou te laat ondersoek (vgl NHK Argief G18 1/2/3). Tydens die eerste vergadering van 1968 verleen die kerkraad volmag aan die voorsitter en skriba om alle dokumente vir die verkoop van die voorafgenoemde erwe namens die gemeente te onderteken nadat dit deur die gemeentvergadering en Raad van Finansies van die kerk goedgekeur is. Daar word kennis geneem dat daar reeds 'n aanbod van R8 000.00 vir die besigheidserwe ontvang is. In die lig van die feit dat die gemeente Krugersdorp-Noord sy eredienstyd na 09:00 verskuif het, word daar tydens hierdie vergadering ook besluit om die kategese voortaan in die nuwe kerksaal te laat plaasvind.

Die gemeente Krugersdorp se oortrokke bankrekening het aan die einde van 1967 R29 747.61 beloop (vgl NHK Argief G18 1/1/7) en die finansiële jaar is afgesluit met 'n tekort van R2 165.00. Die kerkraad het gevolglik tydens sy eerste vergadering van 1968, op 30 Januarie, uitgebreid aandag gegee aan die beplanning van 'n groot basaar in die Banketsaal van Krugersdorp op 27 April van dieselfde jaar. Tydens dieselfde vergadering het die kerkraad 'n konsistoriebesluit van 31 Desember 1967 bekragtig, waarkragtens daar besluit is om appél aan te teken teen 'n besluit van die ringskommissie om die grense tussen die gemeentes Krugersdorp, Krugersdorp-Noord en Noordrand te wysig. Die kerkraad het ook ontvangs geneem van 'n petisie deur 'n aantal ontevrede lidmate wat as gevolg van die grenswysigings van die gemeente Krugersdorp afgesny is (vgl NHK Argief G18 1/2/3). Hierdie besware het daartoe gelei dat die ringskommissie die besluit herroep het (vgl NHK Argief G18 1/2/3).

Tydens sy vergadering van 21 Mei 1968 neem die kerkraad van die gemeente Krugersdorp daarvan kennis dat die basaar van 27 April suksesvol was en 'n opbrengs van meer as R2 000.00 opgelewer het (vgl NHK Argief

G18 1/2/3). Alhoewel dit ‘n effense verligting gebring het, was die gemeente se finansiële probleme nog lank nie verby nie.

Aan die einde van Mei 1968 skaf Kálmán II sy agtste vuurwapen en eerste jaggeweer aan - ‘n .257 Winchester (vgl Papp, W 1951-1979:191). Met hierdie geweer sou hy en sy seuns later veral kleinwild, soos duikers en rooibokke, skiet.

Verskeie aanbiedinge vir die aankoop en huur van die besigheids-erwe langs die kerkgebou het in die volgende maande gevolg, maar nie een daarvan het tot ‘n transaksie gelei nie (vgl NHK Argief G18 1/2/3).

Gedurende September 1968 skryf Kálmán II ‘n aantal foto’s in vir die nasionale wildfotowedstryd van die destydse dagblad *Die Vaderland*. Uit-knipsels van die betrokke koerantartikels en foto’s kan in sy persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3). Kálmán II het die eerste plek in hierdie kompetisie behaal met ‘n foto van ‘n bruinarend wat besig was om ‘n likke-waan te verskeur. Hierdie foto is in die Krugerwildtuin geneem en Kálmán II het ‘n duur Miranda FVT kamera as prys ontvang.

Tydens die vergadering van 19 November 1968, verkies die kerk-raad van die gemeente Krugersdorp diaken J J Roestorf tot kassier. Hy sou spoedig met drastiese en selfs ongewilde besparingsmaatreëls begin om die gemeente uit sy finansiële verknorsing te red. Die eerste was dat Kálmán II vanaf 1969 ‘n derde van die tuinjong se salaris moes betaal vir privaatdienste wat hy by die pastorie lewer (vgl NHK Argief G18 1/2/3).

Met die gesin se finansies het dit intussen beter begin gaan. Mieke kon elke maand iets opsy sit vir haar reis na Hongarye en musiek-, ballet- en kunslesse vir die kinders bekostig. Kálmán II en Mieke het aan die einde van 1968 ook twee onbeboude plotte te Protea Rif net buite Krugersdorp gekoop, en die gesin kon gedurende Desember vir twee weke vakansie gaan hou by St Michaels on Sea aan die Natalse Suidkus (vgl Papp, W 1951-1979:192).

Die gemeente Krugersdorp het die jaar 1969 begin met ’n oortrokke bankrekening van R27 500 en uitstaande rekeninge ten bedrae van R7 000. Lidmate van die gemeente word gevolglik by die gemeentevergadering van 19 Januarie opgeroep tot groter offervaardigheid (vgl NHK Argief G18 1/1/7)

en die kerkraad besluit in sy vergadering van 21 Januarie om die bank-oortrekking te laat verhoog en alle rekeninge te betaal. Tydens die vergadering van 18 Februarie besluit die kerkraad dat daar afgesien word van gewone huisbesoek en gekonsentreer word op besoeke met die oog op die verhoging van offergawes. Die Sustersvereniging het intussen 'n bydrae gemaak deur R200.00 in die gemeente se bankrekening te stort en op 18 Maart verneem die kerkraad dat die gemeente se gedeelte van die opbrengs van die verkoop van die erwe in Burgershoop ontvang is (vgl NHK Argief G18 1/2/3). Volgens Mieke se dagboek het die kassier ook voorgestel dat die koster se salaris met R20 per maand en die predikant se traktement met R25 verminder moet word, maar hierdie voorstel is nie aanvaar nie. In die lig hiervan het Mieke die kassier in kennis gestel dat sy sal bedank as orrelis en aansoek sal doen vir 'n vakante pos by een die Nederduits Gereformeerde gemeentes in die dorp, met die verstandhouding dat sy haarself dan ook sal moet onttrek aan die Sustersvereniging (vgl Papp, W 1951-1979:199). Dit het die kassier laat besef dat hy besig was om te ver te gaan en sy besparingsmaatreëls binne perke sal moet hou. Lidmate word in die gemeentevergadering van 20 April bedank vir hulle verhoogde offergawes (vgl NHK Argief G18 1/1/7).

### 5.6.2.25 'n Tweede besoek aan Europa

Gedurende die eerste kwartaal van 1969 het Kálmán II twee pragtige eikehouttafels vir die eetkamer en 'n houtperd, waarop die saals van die seuns se perde kon hang, vervaardig, en saam met sy seuns 'n gedeelte van die pastorietuin omhein. Dit was ook in hierdie tyd dat hy Mieke vir die eerste keer vertel het van die presiese gebeure in die Bükkberge in 1946 en van sy bekommernis oor haar beoogde besoek aan Hongarye. Sy aanbeveling was dat hulle eerder sy broer, Zoltán, na Suid-Afrika moes laat kom. Mieke se droom om haar skoonfamilie te ontmoet en haar vriendin, Greet Wetter, en Eduard Schaank, die man van haar oorlede moeder se oorlede niggie, in Nederland te besoek, was hiermee aan skerwe (vgl Papp, W 1951-1979:196). Wetter het in reaksie op hierdie voorstel 'n kwaai brief aan Mieke geskryf waarin sy Kálmán II van selfsugtigheid beskuldig het en Mieke ver-

soek het om nie aan sy versoek toe te gee nie. Hierdie brief kan in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3). Mieke het na deeglike oorweging besluit om wel met die reis voort te gaan en aangebied dat sy sal help om Kálmán II se broer later na Suid-Afrika te laat kom.

Ná ‘n kort vakansie in die Drakensberge saam met sy drie seuns en twee van hulle vriende, het Kálmán II sy seuns, Kálmán III en Wilfried, op ‘n jaguitstappie in die destydse Noord-Transvaalse Bosveld geneem. Ouderling Coertze van die gemeente Krugersdorp het saamgegaan. Tydens hierdie uitstappie is daar ‘n rooibok, duiker, vlakvark en ‘n paar hase en tarentale geskiet. Kort na hulle terugkeer het Kálmán II begin om geskenke vir die familie in Hongarye te maak en aan te koop (vgl Papp, W 1951-1979:198-199). Die kerkraad verleen tydens sy vergadering van 20 Mei 1969 aan Mieke verlof van twee maande vir haar reis na die buiteland (vgl NHK Argief G18 1/2/3).

Mieke en haar jongste seun, Wilfried, vertrek op 27 Mei 1969 na Europa. Haar tweede seun, Zoltán, wie se beurt dit eintlik was om saam te gaan, het die aanbod van die hand gewys. Die ander kinders is by lidmate van die gemeente uitgeplaas in die tyd wat nie in die skoolvakansie geval het nie (vgl Papp, W 1951-1979:200).

Nadat Mieke en Wilfried in Nederland ‘n maand by die Wetters en Schaank deurgebring het, het hulle via Wenen na Budapest gevlieg, waar hulle deur Kálmán II se broer, Zoltán, ontvang is. Hulle is dadelik per trein na Debrecen om Kálmán II se moeder, wat op daardie stadium ernstig siek was, te besoek. Sy het by haar dogter, Katalin, ingewoon.

Kort ná hulle aankoms in Debrecen, het Mieke ‘n besoek afgelê by professor Károly Erdös, Kálmán I én Kálmán II se professor in Nuwe Testamentiese Wetenskap. Mieke het hom versoek om vir Kálmán II ‘n afskrif van die jongste Hongaarse formuliere in die hande te kry sodat hy dit in sy Hongaarse eredienste in Suid-Afrika kon gebruik. Aangesien die formuliere uit druk was, het Erdös dit toe eiehandig oorgetik en later aan Mieke gebring. Mieke het ook ‘n besoek gebring aan dokter Ferenz Pongor, die halfbroer van József de Szabó van Johannesburg, Kálmán II se nie-amptelike ouderling

van die Hongaarse gemeenskap aan die Witwatersrand. Pongor was direkteur van die kliniek van Debrecen. Nadat Mieke hom van haar skoonmoeder se siekte vertel het, het hy haar die volgende dag op eie inisiatief gaan besoek en in die kliniek laat opneem. Mieke en Wilfried is op dieselfde dag terug na Budapest. Pongor het Mieke later in Budapest geskakel en meegedeel dat hy vasgestel het dat haar skoonmoeder tuberkulose onder lede gehad het. Hy het haar vir agt maande, en daarna elke winter, in die kliniek laat versorg en sy het goed herstel. Nadat Mieke en Wilfried nog enkele weke by die familie in Budapest deurgebring en talle uitstappies in en rondom Budapest onderneem het, het hulle per boot op die Donaurivier na Wenen gevaar en vandaar teruggevlieg na Suid-Afrika.

#### 5.6.2.26 'n Tweede klag

Tydens sy vergadering van 26 September 1969 behandel die ringskommissie van die ring van Krugersdorp 'n klag wat deur die kerkraad van die gemeente Zuurfontein teen Kálmán II ingebring is omdat hy sonder toestemming die doop bedien het aan 'n Cordier kind van dié gemeente terwyl die ouers van die kind onder sensuur was. Die kerkraad van die gemeente Krugersdorp se versuim om te reageer op die skriftelike navraag van die skriba van die ring, het daartoe gelei dat die kerkraad opgeroep is vir 'n visitasie op 27 November 1969. Tydens hierdie vergadering het Kálmán II die ringskommissie meegedeel dat hy die Cordier kind op versoek van die ouers, wat voorheen lidmate van die gemeente Krugersdorp was, gedoop het. Die ouers het die doopkategese bygewoon en hulle attestate was nog in die gemeente Krugersdorp. Hy of die kerkraad was nie daarvan bewus dat die kerkraad van die gemeente Zuurfontein hulle die gebruik van die sakramente ontsê het nie. Nadat Kálmán II en die kerkraad deur die voorsitter van die ring, doktor C J Mans, daarop gewys is dat daar gefouteer is, het die ringskommissie die kerkraad opdrag gegee om 'n skrywe aan die gemeente Zuurfontein te rig om die saak in die reine te bring en aan die ringskommissie terug te rapporteer. Uit die notules van die ringskommissie blyk dit dat die kerkraad nooit aan hierdie versoek gehoor gegee het nie, ten spyte van verskeie skriftelike versoeke deur die skriba van die ring. Die Cordiersaak word nog in die notule

van 10 Februarie 1971 genoem en daarna nooit weer nie. Dit blyk hieruit dat die ringskommissie met verloop van tyd óf moed opgegee het om 'n verslag van die kerkraad te bekom óf dat die verwisseling van die lede van die kommissie daartoe aanleiding gegee het dat die saak in die vergetelheid geraak het (vgl NHK Argief R18 1/1/2). Twee kenmerkende eienskappe van Kálmán II se persoonlikheid word deur hierdie voorval bevestig, naamlik sy onvoorwaardelike aanvaarding van mense se bona fides en dat hy sy medemens altyd ter wille wou wees. Terselfdertyd was dit egter ook 'n bevestiging van sy administratiewe nalatigheid en die feit dat hy hom soms nie gesteur het aan die letter van die wet nie. Tydens sy vergadering van 21 Oktober 1969 verneem die kerkraad van die gemeente Krugersdorp juis van 'n klagte van die Afdeling Interne Oudit van die kerk oor die herhaling van administratiewe foute in gemeente (vgl NHK Argief G18 1/2/3).

**5.6.2.27 Die Krugermiljoene**

Gedurende November 1969 ontvang Kálmán II 'n besoek van László Szabó, 'n jong Hongaarse immigrant wat by Gyula Ujvári, na wie daar vroeër in hierdie studie verwys is, in diens was. Szabó het Kálmán II versoek om vir hom vas te stel of 'n goue muntstuk, wat hy by 'n pompjoggie by 'n vulstasie gekry het, 'n egte Krugerpond was. Die pompjoggie het Szabó meegedeel dat hy vir Szabó soveel Krugerponde as wat hy kon bekostig, in die hande kon kry. Kálmán II het toe, nadat hy deeglik navorsing gedoen het, met behulp van sy sensitiewe weegskale waarmee hy chemikalieë vir die vervaardiging van ontwikkelaar vir sy foto's afgeweeg het, vasgestel dat die Krugerpond outentiek was.

Kort daarna het Szabó vir Kálmán II laat weet dat hy besluit het om R3 000.00 se Krugerponde by die pompjoggie te koop en dat die transaksie op 'n spesifieke aand in 'n oop veld naby Kemptonpark beklink sou word. Aangesien Kálmán II bang was dat iemand vervalste munte aan Szabó wou verkoop, het hy vir hom een van sy weegskale en 'n aantal gewigte saamgegee en hom aangeraai om 'n paar munte te weeg voordat hy daarvoor betaal. Hy het Szabó ook versoek om baie versigtig te wees dat hy nie beroof word nie en hom aangeraai om 'n vuurwapen saam te neem. Szabó het

Kálmán II op sy beurt versoek om hom en sy skoonpa, wat saam met hom sou gaan om die munte te koop, by die Lughawe Jan Smuts in te wag sodat die munte ná die transaksie in Kálmán II se motor oorgelaai kan word indien iemand hulle dalk sou agtervolg en van die munte sou probeer beroof. So gesê, so gedaan. Op die afgesproke aand het Kálmán II, tot die tande toe bewapen, na Kemptonpark gereis en Szabó by die lughawe ingewag. Hy het sy oudste seun, Kálmán III, wat met sy laaste skooleksamens besig was, teen die wens van Mieke in saamgeneem. Szabó en sy skoonpa het kort ná middernag by die lughawe aangekom en bevestig dat hulle die transaksie beklink het. Die trommel, waarin die munte was, is toe in Kálmán II se motor gelaai en hulle het agter mekaar na Krugersdorp gereis. Daar aangekom, het hulle die motor in die motorhuis van die pastorie parkeer, die deure gesluit, die trommel na Kálmán II se donkerkamer geneem en dit oopgemaak - net om tot hulle grootste skok en ontsteltenis vas te stel dat dit vol loodwasters is. Die gebeure tydens die munttransaksie is daarna soos volg gerekonstrueer: net nadat Szabó en sy skoonpa op die afgesproke plek ‘n aantal munte uit die trommel geneem, dit geweeg en vasgestel het dat dit eg was, het die ligte van ‘n motor op die horison verskyn. Die verkopers het gesê dat dit dalk die polisie kon wees en Szabó en sy skoonpa aangeraai om so gou moontlik te vertrek. Hulle het die geld by Szabó geneem, die trommel haastig in sy motor gelaai, en Szabó en sy skoonpa het onmiddellik vertrek. Die gevolgtrekking waartoe daar gekom is, is dat die skelms die trommel met die muntstukke in die donker met ‘n ander trommel omgeruil het. Nodeloos om te sê dat Szabó briesend was, omdat hy so ingeloop is. Hy het vir maande daarna probeer om die pompjoggie in die hande te kry, maar was onsuksesvol in al sy pogings. Hy was sy geld vir altyd kwyt.

Aan die begin van 1970 rig die gemeente Krugersdorp ‘n beton-omheining op aan die agterkant van die perseel waarop die pastorie en saal gestaan het. Dit kon gedoen word nadat ‘n anonieme persoon ‘n skenking van R500.00 vir hierdie doel aan die gemeente gemaak het. Die werk is deur ouderlinge A J Coertze en P J Oosthuizen gedoen. Tydens sy vergadering van 20 Januarie 1970 verneem die kerkraad van die gemeente Krugersdorp dat die Raad van Finansies die verkoop van die besigheidserwe langs die

kerkgebou goedgekeur het, en gedurende die vergadering van 21 April word daar verneem dat die gemeente se skuld binne vyf tot ses jaar gedelg kan word (vgl NHK Argief G18 1/2/3). Kálmán III het intussen besluit om predikant te word en aan die Universiteit van Pretoria ingeskryf vir sy teologiese studies (vgl Papp, W 1951-1979:201). Hy sou aanvanklik in die manskoshuis van die kerk, Voortrekkertehuis, tuisgaan, maar is kort voor sy inskrywing in kennis gestel dat hy oorgeplaas is na Huis Olienhout aangesien die kerk Voortrekkertehuis aan die universiteit verkoop het.

Kálmán II het intussen 'n tweedehandse motorboot vir R750.00 vir die gesin aangekoop met 'n lening wat hy aangegaan het. Hy het die boot en enjin eiehandig gerestoureer en die gesin het gedurende die Aprilvakansie gereeld by die Westonariadam gaan ski. Kort daarna het hy die 56ste Algemene Kerkvergadering in Pretoria bygewoon. Soos dit die gebruik was, het hy en die ouderling wat afgevaardig was, in die Culemborg Hotel tuisgegaan. In dieselfde maand het Mieke die studielening van R200.00, wat Kálmán II in 1950/1 by die kerk aangegaan het, afgelos. Kálmán II en Mieke kry ook in hierdie tyd berig dat Kálmán II se broer Zoltán in Juliemaand vir 'n besoek na Suid-Afrika kom, en dat Jenny Boelstra, die grootmoeder van hulle aangenome dogter, Iemke, beplan om in September te kom kuier (vgl Papp, W 1951-1979:203).

### 5.6.2.28 Betrokkenheid by die vieringe van die Bybeljaar

Op inisiatief van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, wat op 23 Augustus 1820 gestig is, is daar in 1970, wat as Bybeljaar verklaar is, landwyd feeste gevier om die 150ste bestaansjaar van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika te herdenk. Die Burgemeester van Krugersdorp het reeds aan die begin van 1970 'n vergadering belê van verteenwoordigers van alle kerke op die dorp, waartydens 'n komitee aangewys is om 'n Bybelfees vir Krugersdorp te reël. Kálmán II is op grond van sy voorstelle vir die moontlike wyse waarop so 'n fees gevier sou kon word, tydens hierdie vergadering tot voorsitter van die reëlingskomitee verkies, en meneer L van Andel, 'n onderwyser van Hoërskool Jan de Klerk, tot sekretaris.

Die kerkraad van die gemeente Krugersdorp neem tydens sy ver-

gadering van 19 Mei 1970 daarvan kennis dat Kálmán II die verantwoordelikheid ontvang het vir ‘n uitstalling tydens die vieringe van die Bybeljaar. Dit was vir Kálmán II ‘n geleentheid om vir ‘n oomblik uit die daaglikse roetine van die gemeentelike werk te ontsnap en sy talente ook op die breër kerklike terrein aan te wend. Hy het oneindig baie moeite gedoen met die versameling en voorbereiding van artikels, onder andere ‘n omvangryke Bybelse posseëlversameling, talle fotografiese reproduksies van ou Bybelmanuskripte en tekste, ‘n versameling van ou weergawes van die Bybel en ‘n rolprent oor argeologiese fondse. Leerlinge van die plaaslike skole het ook deelgeneem met 'n uitstalling van modelle en sketse oor Bybelse temas, en selfs die Joodse gemeenskap het 'n aandeel gehad met 'n uitstalling van 'n aantal boekrolle. Professor A van Selms en Kálmán II het in die aande 'n aantal lesings aangebied. Die uitstalling, wat vanaf 16 tot 18 Augustus 1970 in die Stadsaal van Krugersdorp gehou is, het wye belang-stelling uitgelok en is deur duisende mense, onder andere groot groepe skoliere en katkisante, bygewoon (vgl NHK Argief G18 1/2/3 en R18 1/1/2). Kálmán II het hierdie werk uiters bevredigend gevind en tegelykertyd daarmee vir homself groot bewondering en agting binne én buite die kerk verwerf.

Die kassier van die gemeente Krugersdorp het intussen voortgegaan met sy drastiese besparingsmaatreëls. Op sy aanbeveling het die kerkraad op 19 Mei besluit om ‘n vorige besluit te herroep wat bepaal het dat die predikant teen die voorgeskrewe skaal plus R300.00 per jaar getrakteer sal word. Tydens die volgende vergadering, op 16 Junie, is ook besluit dat die gemeente Krugersdorp-Noord versoek sal word om 50% van die koste van die opknapping van die kerkgebou en die oprigting van ‘n omheining om die kerkgebou by te dra (vgl NHK Argief G18 1/2/3).

#### 5.6.2.29 Eerste familiebesoek uit Hongarye

Die grootste gebeurtenis vir Kálmán II in 1970 was ongetwyfeld die besoek van sy jonger broer, Zoltán. Hy het gedurende Julie vir die eerste keer vanuit Hongarye na die buiteland gereis om sy broer in Suid-Afrika te besoek. Zoltán het groot moeite gehad het om ‘n paspoort en visum te bekom. Die kommunistiese owerheid in Hongarye het buitelandse besoeke in daardie tyd

streng beheer om te voorkom dat burgers na die buiteland toe oorloop. Hy is ook nie toegelaat om sy vrou saam te bring nie aangesien sy die versekering was dat hy weer sou terugkeer. Die herontmoeting was vir die twee broers ‘n baie emosionele ervaring, en hulle moes so te sê weer van vooraf kennis maak aangesien hulle mekaar vier-en-twintig jaar laas, toe Kálmán II maar 22 en Zoltán maar 18 jaar oud was, gesien het.

Kálmán II en Mieke het ‘n vol en interessante program vir Zoltán uitgewerk, onder andere besoeke aan verskeie besienswaardighede in en rondom Krugersdorp, asook ‘n vakansie van twee weke in San Martino in Mosambiek. Twee gesinne uit Kálmán II se gemeente, dié van diaken Hennie Vorster en George Nieuwoudt, het saamgegaan. Daar is baie geswem, geski, gehengel en vir ure aanmekaar gekuier. Die twee Hongare het die Afrikaners selfs uitgedaag vir ‘n volksliedjiekompetisie deur aan te bied om twee Hongaarse volksliedjies te sing vir elke volksliedjie wat deur die Afrikaners gesing word. Kálmán II en Zoltán was verbaas dat hulle nog soveel liedjies uit hulle kinderdae kon onthou en het die kompetisie loshande gewen.

Kort na hulle terugkeer in Suid-Afrika is Zoltán terug na Hongarye met talle gawes en geskenke vir die familie, onder andere ‘n windbuks vir sy seuns (vgl Papp, W 1951-1979:205-206).

**5.6.2.30 Finansiële verligting**

Op Sondag 8 Augustus 1970 verneem die gemeente Krugersdorp tydens ‘n gemeentevergadering dat die besigheidserwe langs die kerkgebou vir ‘n bedrag van R17 000.00 verkoop is en dat die gemeente 50% van die koop-som sou kry (vgl NHK Argief G18 1/1/7). Dít, en ‘n goeie basaaropbrengs van bykans R3 000.00, het groot finansiële verligting beteken. Die kerkraad kon gevolglik tydens sy vergadering van 22 September besluit om die lank uit-staande skuld aan die Weeshuisbouers ten opsigte van die oprigting van die vorige pastorie te vereffen, en aan Kálmán II, wat sy motor erg verniel het met die vervoer van boumateriaal vir die nuwe pastorie, ‘n lening toe te staan vir die aankoop van ‘n nuwe motor. Kálmán II het onderneem om die rente maandeliks af te betaal en die kapitaal terug te betaal sodra hy die woonerf in Kenmare, wat hy vroeër van die gemeente gekoop het, van die hand gesit

het (vgl NHK Argief G18 1/2/3). Hy het kort daarna 'n tweedehandse Mercedes Benz 280S aangekoop. Intussen het Jenny Boelstra, die grootmoeder van Kálmán II en Mieke se aangenome dogter, Iemke, ook haar besoek aan Suid-Afrika afgelê (vgl Papp, W 1951-1979:206-207).

#### 5.6.2.31 Opknapping van die kerkgebou

Tydens sy vergadering van 20 Oktober 1970 besluit die kerkraad van die gemeente Krugersdorp dat die kerkgebou gerestoureer en omhein moet word (vgl NHK Argief G18 1/2/3). Nadat tenders aangevra is, is daar met die werk begin en dit is in April 1971 afgehandel. Die kerkgebou is terselfdertyd van nuwe matte voorsien en broeder G L Roos, die seun van diaken J L Roos, 'n voormalige kassier van die gemeente, het die tuine met nuwe gras en struike versier. Kálmán II het gedurende hierdie tyd ook sy hande vol gehad met konsulentsverpligtinge in die gemeentes Krugersdorp-Wes en Krugersdorp-Noord wat al vir etlike maande vakant was. Hy moes soms tot vyf eredienste op 'n Sondag lei en talle bykomende huwelike bevestig en begrafnisdienste lei. Ten spyte van sy besige program het hy tog nog die tyd gevind om 'n afdak vir sy bote op te rig en 'n masjien te bou waarmee hy sy geslypte halfedelgesteentes kon poleer. As gevolg van onvoorsiene gebeure by die biblioteek moes Mieke ook in hierdie tyd vir 'n paar maande voltyds werk (vgl Papp, W 1951-1979:207-208).

Die jaar 1971 sou vir Kálmán II baie rustiger verloop as die vorige aantal jare. Die finansiële situasie van die gemeente, wat as gevolg van die verkoop van die besigheidserwe langs die kerkgebou, die verhoogde offergawes van lidmate en twee skenkings van die Sustersvereniging aansienlik verbeter het, asook die ontvangs van dominee T F J Dreyer in die gemeente Krugersdorp-Noord, het die druk op hom heelwat laat afneem. Hy kon ook die tyd vind om verder aan die boekkaste in die studeerkamer te werk en vir sy vriend Ujvári 'n pragtige voordeur vir dié se nuwe huis te vervaardig. Sy seun Zoltán het terselfdertyd op 'n draaibank, wat Kálmán II kort daarvoor aangeskaf het, veertig houtpale vir 'n trapreling van dieselfde huis gemaak, om daarmee 'n sakgeldjie te verdien. Kálmán II het Ujvári later ook gehelp met die aankoop van 'n aantal persiese tapyte, muurbehangsels en gordyne

vir sy nuwe huis (vgl Papp, W 1951-1979:214-216).

In Maart 1971 het Kálmán II en Mieke ‘n kort besoek uit Nederland ontvang van die gesin Heering, by wie Mieke in 1950 'n huishulp was. Mieke is kort hierna deur die Stadsklerk van Krugersdorp genader met die versoek om hoof van die biblioteek te word, maar sy het op grond van ‘n te besige lewe nie daarvoor kans gesien nie (vgl Papp, W 1951-1979:217).

Kálmán II het in 1971 besondere moeite gedoen met jeugwerk in die gemeente. Hy het die jeug afgerig vir die jaarlikse Bybelvasvra van die ring in September, en hulle het met groot welslae daaraan deelgeneem. Gedurende die kort skoolvakansie in Oktober het hy hulle ook op ‘n bergklim-ekspedisie in die Magaliesberge geneem (vgl Papp, W 1951-1979:217).

Gedurende Desember 1971 het Kálmán II en sy gesin, uitgesonderd Kálmán III, weer in die Kaap vakansie gaan hou. Hulle het gereeld met die gesin Hollstein van Stellenbosch, met wie Mieke deurgaans bly korrespondeer het, kontak gehad. Kálmán III het gedurende die vakansie as ondergrondse hysbakoperateur (skipman) by die West Rand Consolidated Mines op Krugersdorp gewerk om geld vir sy studies te verdien. Aan die einde van die vakansie was hy saam met die studentekoor van die Universiteit van Pretoria op ‘n Europese toer, en het hy Mieke se studentevriend, Wolfgang Hansske en sy vrou Christel, tydens die koor se besoek aan Berlyn gaan opsoek en ‘n dag by hulle deurgebring (vgl Papp, W 1951-1979:223).

### 5.6.3 Die derde dekade

Die derde dekade van Kálmán II en Mieke se lewe in Krugersdorp begin met die vertrek van hulle tweede seun, Zoltán, vir sy militêre diensplig van een jaar in Grahamstad. Kálmán III het nie ná skool vir diensplig aangemeld nie, aangesien teologiestudente in daardie stadium nie dienspligtig was nie. In die lig van die grensoorlog in die destydse Suidwes-Afrika en Kálmán II en Mieke se ervarings tydens die Tweede Wêreldoorlog, het hulle maar swaar van Zoltán afskeid geneem. Mieke het vir die eerste nege maande van 1972 ook nie dagboek gehou nie, maar die gebeure in haar en Kálmán II se lewe in haar briewe aan Zoltán vasgelê. Hierdie briewe word tans saam met haar dagboek in hulle persoonlike argief bewaar.

#### 5.6.3.1 Nalatigheid ten opsigte van huweliksdokumentasie

Uit Mieke se korrespondensie met Zoltán blyk dit dat Kálmán II in 1972 in die moeilikheid beland het by die Departement van Binnelandse Sake omdat hy vir twee jaar nagelaat het om die dokumentasie van die ongeveer sestig huwelike wat hy in dié tyd bevestig het, in te dien. Daar dien hier gemeld te word dat Kálmán II in vergelyking met sy kollegas in die ring by verre die meeste huwelike bevestig het. Uit die verslae aan die ringsvergadering blyk dit dat hy in baie jare meer huwelike bevestig het as al die ander predikante van die ring gesamentlik.

Kálmán II het gedurende 1972 ook met ‘n nuwe stokperdjie begin. Hy het ‘n aantal kortgolfradio’s opgebou en ‘n enorme antenna langs die pastorie opgerig. Dit het hom in staat gestel om na verskeie buitelandse nuusberigte te luister. Dit was vir Kálmán II altyd belangrik om op die hoogte te bly van aktuele gebeure in die wêreld, en hy het selde ‘n nuusbulletin oorgeslaan. Hy het selfs vir sy jongste seun, Wilfried, ‘n morsekodemasjien aangeskaf. Sy houtwerk en fotografie het ook nie agterweë gebly nie en hy het vir talle vriende pragtige broodplanke gemaak, vir Ujvári ‘n kapstok en foto’s van sy nuwe huis, en vir Zoltán en Wilfried kopstutte vir hulle beddens. Hy het Ujvári ook gehelp met die aankoop van ‘n Steinway vleuelklavier en bygestaan met die vestiging in Suid-Afrika van Gyula en Jutka, Ujvári se enigste seun en skoondogter, wat aan die begin van 1972 in Suid-Afrika aangekom het nadat hulle daarin geslaag het om uit Hongarye te ontsnap. Gyula en Jutka het weekliks vanaf Randfontein, waar hulle by Ujvári ingewoon het, na Krugersdorp gereis om deur Mieke onderrig te word in die Afrikaanse taal (vgl Papp, W 1951-1979:226-240).

Die finansiële posisie van die gemeente Krugersdorp het intussen geleidelik begin verbeter. In die lig hiervan kon die kerkraad tydens sy vergadering van 18 Januarie 1972 besluit dat noodsaaklike herstelwerk aan die dakke van die pastorie en saal gedoen kan word. Later in dieselfde jaar is daar ook besluit om die buitegeboue en tuine van die kerk te verfraai. Hierdie werk is egter eers gedurende die volgende jaar afgehandel (vgl NHK Argief G18 1/2/4).

### 5.6.3.2 Een-en-twintigste bestaansjaar van die ring van Krugersdorp

1972 was ook die jaar waarin die ring van Krugersdorp sy een-en-twintigste bestaansjaar herdenk het. Dit is op Sondag 21 Mei gedoen met ‘n gesamentlike erediens in die kerkgebou van die gemeente Krugersdorp, en het terselfdertyd gedien as die amptelike opening van die jaarlikse ringsvergadering. Kálmán II het na afloop van die erediens iets oor die geskiedenis van die ring aan die hand van ‘n aantal skyfies vertel (vgl NHK Argief R18 1/1/2). Gedurende November van dieselfde jaar neem die kerkraad van die gemeente Krugersdorp in sy vergadering van 21 November ook daarvan kennis dat Kálmán II presies een-en-twintig jaar predikant van die gemeente is. Volgens die notule van hierdie vergadering het die langsdienende ouderling van die gemeente, ouderling G F Nagel, wat in 1951 een van die ondertekenaars van Kálmán II se beroepsbrief was, aan die woord gekom en Kálmán II namens die kerkraad en gemeente bedank vir sy werk in die gemeente en die hoop uitgespreek dat hy die krag en genade sal ontvang om vir nog baie jare in hulle midde te kan werk. Kálmán II se kenmerkende reaksie hierop word soos volg in die notule aangeteken: "Ds Papp bedank oudl Nagel vir die mooi woorde en ook hy hoop om nog vir baie jare onder ons te kan werk en aangesien hy nou mondig is in die bediening hoop hy om in die toekoms strenger op te tree t.o.v. Kerkbesoek, Kategese en so meer" (NHK Argief G18 1/2/4).

Gedurende 1972 het Kálmán II en Mieke ook nader bevriend geraak met twee Nederlandse immigrantegesinne, die Kloosterhuise en die De Vroe’s. Hans Kloosterhuis was ‘n Nederlander wat in Hongarye gebore is en grootgeword het. Sy ouers het na Hongarye geëmigreer waar sy vader in die saadbedryf was. Hulle was welgestelde mense en deel van die elite van Hongarye. Hans het ná die Tweede Wêreldoorlog na Nederland uitgewyk en daar in die hospitaal beland met tuberkulose. Hy is toe met Erna, een van die verpleegsters wat hom versorg het, getroud, en hulle het na ‘n kort verblyf in Engeland en die destydse Rhodesië na Suid-Afrika geëmigreer, waar hy ‘n suksesvolle eierplaas op die been gebring het. Erna en Mieke het met verloop van tyd goeie vriendinne geword. Hans en Erna was kinderloos. Beyl de Vroe, wat met Kloosterhuis se suster getroud was, was ‘n afgetrede offisier

van die Nederlandse weermag. Hy en sy gesin het na Suid-Afrika gekom met die gedagte om hulleself uiteindelik permanent in die land te vestig. Beyl is deur sy swaer op die eierplaas in diens geneem. Hy was 'n avontuurlustige karakter en hy en Kálmán II het spoedig by mekaar aanklank gevind. Hulle het gereeld gaan jag, gaan hengel en staptogte in die Drakensberge onderneem (vgl Papp, W 1951-1979:228-271).

Die kerkraad van die gemeente Krugersdorp verneem tydens sy vergadering van 16 Januarie 1973 dat die gemeente se oortrokke bankrekening byna afgewerk is, maar dat daar nog geld aan verskeie trustfondse en die Raad van Finansies verskuldig is. Om hierdie rede kon daar nog nie begin word met die werk aan die dakke van die pastorie en saal nie. Desnieteenstaande word Kálmán II se traktement met 10% aangepas en word daar ook besluit om voortaan 'n maandelikse honorarium van R50.00 aan die skriba en die skriba vir registrasie te betaal (vgl NHK Argief G18 1/2/4).

#### 5.6.3.3 Aanbod van benoeming by die Bybelgenootskap van SA

Mieke maak in haar dagboek daarvan melding dat Kálmán II gedurende Januarie 1973 'n oproep van dominee A J Nolte, destydse voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, ontvang het waarin hy gepols is oor 'n moontlike benoeming as Sekretaris in Kerkverband by die Bybelgenootskap van Suid-Afrika in Johannesburg (vgl Papp, W 1951-1979:242). Hierdie aanbod is waarskynlik aan Kálmán II gedoen na aanleiding van sy betrokkenheid by die vieringe van die Bybeljaar in 1970. Hy het dit ernstig oorweeg om die aanbod te aanvaar, maar die feit dat hy daagliks van 08:00 tot 17:00 in Johannesburg op kantoor sou moes wees, het hom afgeskrik. Hy het die aanbod gevolglik van die hand gewys. Daar moet hier in gedagte gehou word dat Kálmán II nooit 'n roetinemens was nie en dat hy waarskynlik ook besef het dat 'n administratiewe pos nie vir hom die nodige stimulasie en werksbevrediging sou bied nie. Dit sou hom ook in 'n groot mate van sy onafhanklikheid en vryheid ontneem - iets wat vir hom altyd baie kosbaar was.

Kálmán II en Mieke se seun, Zoltán, het intussen sy militêre diensplig voltooi en aan die Universiteit van Pretoria ingeskryf vir studie in siviele ingenieurswese, ten spyte van die feit dat hy 'n beurs van die Suid-Afrikaanse

Spoorweë ontvang het om argitektuur te gaan studeer. Kloosterhuis, by wie hy vakansiewerk gedoen het, het hom 'n beurs van R600.00 aangebied (vgl Papp, W 1951-1979:243). Zoltán en Kálmán III was dus nou saam op universiteit en hulle het in dieselfde koshuis ingewoon.

Die gemeentevergadering van die gemeente Krugersdorp neem op 25 Maart 1973 daarvan kennis dat die gemeente se oortrokke bankrekening afbetaal is (vgl NHK Argief G18 1/1/7). In die lig hiervan het Kálmán II by die kerkraadsvergadering van 17 April aanbeveel dat daar 'n nuwe doelwit vir die gemeente gestel moet word. Sy voorstel was dat die gemeente 'n minibus moet aanskaf waarmee bejaardes na die erediens vervoer kon word en wat deur die jeug gebruik kon word vir uitstappies. Die kerkraad het gevolglik besluit om 'n fonds vir hierdie doel in die lewe te roep (vgl NHK Argief G18 1/2/4) en die projek is amptelik tydens die gemeentevergadering van 12 Mei geloods (vgl NHK Argief G18 1/1/7). Intussen het Kálmán II die 55ste Algemene Kerkvergadering in Pretoria bygewoon.

#### 5.6.3.4 Gewapende aanhouding deur 'n lidmaat

Op 11 Junie 1973 verwys Mieke in haar dagboek na een van die mees angswekkende ervarings wat Kálmán II in sy bedieningstyd beleef het (vgl Papp, W 1951-1979:252). Volgens Kálmán II het die gebeure min of meer soos volg verloop: Hy het laat een aand 'n oproep ontvang van 'n vrou uit sy gemeente met die mededeling dat haar man, wat op daardie stadium erg onder die invloed van drank was, gedreig het om haar te skiet omdat sy na bewering 'n verhouding met 'n ander man gehad het. Kálmán II het toe dadelik na die gesin se huis gery en is deur die man met 'n 9mm Mauser pistool by die voordeur ingewag. Hy het Kálmán II beveel om in die sitkamer te gaan sit en toe sy vrou gaan haal. Kálmán II se pogings om hom te oorreed om die pistool neer te sit, het misluk. Die man het hulle toe meegedeel dat hy van plan was om die man met wie sy vrou na bewering die verhouding gehad het, in Magaliesburg te gaan doodskiet en dat Kálmán II en sy vrou moes saamgaan. Om hom nie teen te gaan nie en in 'n poging om sy guns te wen, het Kálmán II toe dadelik ingewillig om saam te gaan. Hy sou wel later een of ander plan uitdink om uit die situasie te kom. Toe sy vrou egter weier om

saam te gaan, het die man nog ‘n pistool te voorskyn gehaal en hulle beveel om in Kálmán II se motor te klim. Hy het self op die agterste sitplek gaan sit - met ‘n pistool op elkeen van hulle gerig - en Kálmán II beveel om dadelik na Magaliesburg te ry.

Net nadat hulle vertrek het, het Kálmán II die man meegedeel dat daar nie genoeg petrol in die motor was nie en sy toestemming gevra om by ‘n vulstasie in Krugersdorp-Wes stil te hou. Hierdie vulstasie het aan die gemeente Krugersdorp-Wes behoort en was langs die kerkgebou geleë. Die man het ingestem, maar Kálmán II gewaarsku dat hy geen kanse moet vat nie. Gelukkig kon die pompjoggie nie die vuldop, wat agter die nommerplaat was, oopkry nie. Hy het Kálmán II toe gevra om hom te kom help. Nadat die man daartoe ingestem het, het Kálmán II uit die motor geklim, die bagasie-bakdeksel oopgemaak en die pompjoggie beveel om te maak asof hy sukkel om die vuldop oop te kry. Kálmán II het toe inderhaas na die pastorie oorkant die kerkgebou gehardloop en dominee H T van Deventer, wat destyds daar predikant was, wakkergemaak en versoek om die polisie te skakel en hulle te vertel dat iemand in sy motor met ‘n pistool aangehou word.

Toe Kálmán II weer by sy motor kom, was die man skoonveld. Hy het sy vrou net daar gelos en haar meegedeel dat hy hulle kinders gaan dood-skiet. Kálmán II het toe inderhaas met die vrou na die gesin se huis gejaag, die kinders in die motor gelaai en hulle na die pastorie geneem. Hy het die vrou en kinders in die eetkamer tuisgemaak en homself deeglik bewapen vir ‘n moontlike konfrontasie met die man. Laasgenoemde het toe na enkele minute by die pastorie opgedaag en daarop aangedring dat hy sy vrou en kinders wil sien. Hy het die glas van die voordeur met sy pistool stukkend geslaan en gedreig om almal dood te skiet. Kálmán II het hom egter ge-waarsku dat hulle goed bewapen was en nie sal huiwer om te skiet as hy die huis sou betree nie. Na ‘n rukkie het die man tot sy sinne gekom en die pistool op Kálmán II se versoek deur die stukkende voordeur op die vloer ge-gooi. Op daardie oomblik het die polisie by die pastorie opgedaag. Kálmán II het die man se pistool toe aan hulle oorhandig en hulle versoek om hom vir die nag in die polisieselle toe te sluit.

Kálmán II het die volgende dag by die polisie ‘n klag teen die man

gelê en tydens die hofsaak wat daaruit voortgespruit het, versoek dat die man se wapens van hom af weggeneem moes word. Hy het getuig dat die man meermale in die verlede 'n pistool op sy vrou gerig het en selfs skote op haar gevuur het om haar bang te maak. Die man het toe beweer dat die Mauser pistool, wat uit die tyd van die Eerste Wêreldoorlog kom, buite werking was en gepleit dat hy dit mag hou. Die magistraat het 'n polisieman toe gevra om die pistool te ondersoek. Die polisieman kon nie daarin slaag om die pistool oor te haal nie en het bevestig dat dit buite werking was. Hierop het Kálmán II die magistraat gevra of hy ook die pistool kan ondersoek, aangesien hy van mening was dat die polisieman nie geweet het hoe dit werk nie. Die magistraat het huiwerig daartoe ingestem en Kálmán II het, tot groot verleentheid van die polisieman, bewys dat die pistool wel in 'n werkende toestand was. Die man se vuurwapens is toe gekonfiskeer en hy het 'n opgeskorte vonnis gekry.

Volgens Kálmán II het die man daarna verskeie pogings aangewend om hom na sy huis te lok sodat hy wraak kon neem. Kálmán II het egter nie daarvoor geval nie en die man telkens meegedeel dat hy liewer niks moet probeer nie aangesien hy permanent 'n vuurwapen by hom gedra het. Die man het met verloop van tyd moed opgegee en Kálmán II het hom nooit weer gesien nie. Volgens Kálmán II het hy die voorval nie by die kerkraad aangemeld nie aangesien hy van mening was dat die man reeds sy straf ontvang het. Om hierdie rede kan daar waarskynlik ook geen verwysing na hierdie gebeure in die notules van die kerkraadsvergaderings van die gemeente Krugersdorp gevind word nie.

Gedurende Augustus 1973 word die Krugersdorpse Biblioteek tydelik na die persele van die Krugersdorpse Varsproduktemark, wat agter die stadsaal en skuins oorkant die kerkgebou van die gemeente Krugersdorp geleë was, verskuif, terwyl die ou biblioteek naby die Krugersdorpse spoorwegstasie afgebreek en 'n nuwe biblioteek op dieselfde terrein opgerig word. Vir Mieke was dit 'n tyd van groot ontwrigting. Kort daarna verneem sy ook dat Eduard Schaank, wat aan emfiseem gely het, ernstig siek geword het (vgl Papp, W 1951-1979:257-259).

#### 5.6.3.5 Betrokkenheid by Sterkfontein Hospitaal

Op 20 Oktober 1973 hou die pasiënte van die Sterkfontein Hospitaal, 'n inrigting vir geestelik versteurdes net buite Krugersdorp, 'n konsert ten bate van die gemeente Krugersdorp se bussiefonds. Volgens die notule van die kerkraadsvergadering van 20 November 1973, het die konsert meer as R200.00 vir die gemeente ingebring (vgl NHK Argief G18 1/2/4). Kálmán II het 'n baie lang verbintenis met hierdie inrigting gehad deurdat hy vir etlike jare elke Vrydagmiddag 'n kort erediens vir die pasiënte in een van die sale van die inrigting gehou het. Kálmán III het hom dikwels na hierdie dienste vergesel terwyl hy nog op skool was. Kálmán II het gewoonlik self die begeleiding van die sang op 'n klavier waargeneem of vir die pasiënte voorgesing. Hy het 'n besondere slag met hierdie mense gehad en hulle het hom telkens op die hande gedra.

#### 5.6.3.6 Besoek van Kardinaal Mindszenty

Vanaf 22 November tot 5 Desember 1973 bring Kardinaal József Mindszenty, voormalige hoof van die Rooms-katolieke Kerk van Hongarye, 'n besoek aan die Rooms-katolieke Kerk van Suid-Afrika. Mindszenty, wat in 1948 deur die kommunistiese regime gevange geneem is as gevolg van sy heftige teenstand teen die kommunistiese regime se nasionalisering van alle skole, en in 1949 tot lewenslange gevangenisstraf veroordeel is, is tydens die Hongaarse Rewolusie van 1956 deur 'n vryheidsvegter bevry en na die Amerikaanse ambassade in Budapest geneem, waar hy tot in 1971 met die medewete van President Nixon geskuil het. As gevolg van sy swak gesondheid is hy toegelaat om Hongarye te verlaat en na Wenen uit te wyk. Vandaar het hy vanaf 1972, nog steeds as amptelike hoof van die Rooms-katolieke Kerk van Hongarye, sy verstrooide skape in verskillende dele van die wêreld besoek. Tydens hierdie besoeke, asook in 'n boek oor sy wedervaringe, het hy homself openlik en skerp uitgespreek teen die kommunistiese regime in Hongarye, ondanks die feit dat die Pous hom dit afgeraai het. Dit het gelei tot 'n gespanne verhouding met die Pous, veral omdat Mindszenty nie bereid was om afstand te doen van sy status as Aartsbiskop van Esztergom en Primaat van Hongarye nie. Mindszenty het op sy reise verskeie regerings-

hoofde besoek en parlemente toegespreek, waartydens daar dikwels anti-kommunistiese betogings, waaraan selfs kardinale deelgeneem het, voorgekom het. Nadat kardinale van die oosblok die Pous onder druk geplaas het om van hierdie uitgesproke anti-kommunis ontslae te raak, het hy Mindszenty se pos as Aartsbiskop van Esztergom vakant verklaar. Mindszenty het die Pous egter per brief meegedeel dat hy dit nie aanvaar nie, aangesien so 'n stap aan die kommunistiese regering van Hongarye seggenskap sou gee oor die benoeming van kerklike ampsdraers in die Rooms-katolieke Kerk. Die ganse anti-kommunistiese wêreld het Kardinaal Mindszenty vir hierdie optrede gehuldig (vgl Cornwell 1999:333-335). Kálmán II en Mieke was teenwoordig toe Mindszenty op 22 November 1973 op die destydse Jan Smuts Lughawe in Suid-Afrika aangekom het. Hulle het kort daarna ‘n pontifikale mis, wat deur Mindszenty in Pretoria gelei is, bygewoon, asook ‘n dinee waar die destydse Minister van Immigrasie, doktor P Koornhof, en die voorsitter van die Hongaarse Vereniging van Suid-Afrika, doktor M Nikolits, teenwoordig was. Hier het Kálmán II die geleentheid gehad om ‘n paar woorde met Mindszenty te wissel (vgl Papp, W 1951-1979:263).

Tydens die laaste kerkraadsvergadering van die jaar, op 20 November 1973, doen die ringskommissie van die ring van Krugersdorp visitasie by die gemeente Krugersdorp. Die kerkraad word by hierdie vergadering deur die ringskommissie aangespreek omdat die gemeentelike jaarverslae " ... vir die afgelope paar jaar laat ingehandig word" (NHK Argief R18 1/1/2). Die ringskommissie neem by dieselfde vergadering daarvan kennis dat die kerkraad tevrede is met die tempo en wyse waarop Kálmán II huisbesoek doen.

Kálmán II en Mieke se derde seun, Wilfried, skryf aan die begin van 1974 ook in vir studie in die teologie, ten spyte van die feit dat hy op grond van aanlegtoetse aangeraai is om eerder ‘n ander rigting te volg. Hy was egter vasberade en het by sy keuse gebly (vgl Papp, W 1951-1979:261). ‘n Faktor wat hiertoe bygedra het, was die feit dat Mieke hom altyd in sekere opsigte gesien en voorgehou het as ‘n duplikaat van sy vader. Hierdie identifikasie met sy vader, wat predikant was, het na alle waarskynlikheid tog ‘n rol in sy beroepskeuse gespeel. Kálmán II en Mieke se tweede seun,

Zoltán, het intussen besluit om van studierigting te verander en in 1974 begin met studie in stads- en streeksbeplanning. Die drie seuns was dus nou saam op universiteit en hulle het in dieselfde koshuis ingewoon.

Tydens sy vergadering van 15 Januarie 1974 besluit die kerkraad van die gemeente Krugersdorp om met ingang 20 Januarie 1974 in te val by die besluite van die 55ste Algemene Kerkvergadering oor die liturgiese orde van die erediens. Die lofsang sou voortaan nie meer as introïtuslied vir die predikant en kerkraad geld nie, maar eers na die votum en seëngroet gesing word (vgl NHK Argief G18 1/2/4). Kálmán II het die gebruike wat hy in die gemeente aangetref het nooit op eie inisiatief laat verander nie, maar telkens gewag totdat besluite deur meerdere vergaderings daaroor geneem is of lidmate daarvoor gevra het. In hierdie opsig was hy dus baie behoudend.

Tydens die volgende kerkraadsvergadering, op 19 Februarie 1974, besluit die kerkraad om 'n aantal groot spreiligte op die kerkterrein te laat aanbring sodat die pragtige Moerdyk-ontwerpte kerkgebou van die gemeente, wat vandag nog steeds een van die bekendste bakens van Krugersdorp is, saans verlig kan word. Tydens 19 Maart se vergadering word daar besluit om die uitstaande skuld van die voormalige kassier van die gemeente af te skryf, maar voort te gaan met pogings om dit te verhaal (vgl NHK Argief G18 1/2/4).

### 5.6.3.7 Eerste besoek aan Suidwes-Afrika

Gedurende April 1974 bring Kálmán II, op versoek van doktor C J Mans, predikant van die gemeente Krugersdorp-Oos, die eerste van sewe besoeke aan die gemeente Outjo in die destydse Suidwes-Afrika. Mans, wat die amptelike pastorale hulp van die gemeente was, was ongesteld en kon nie self gaan nie (vgl Papp, W 1951-1979:272). Drie predikante van die Hervormde Kerk het in daardie tyd vanuit Suid-Afrika pastorale hulp in gemeentes in Suidwes-Afrika, wat nie voltydse predikante kon bekostig nie, verleen: professor A D Pont in Otjiwarongo, dominee H R Visser in Gobabis en doktor C J Mans in Outjo. Hulle maandelikse besoeke het hoofsaaklik bestaan uit huisbesoek en ander pastorale werk gedurende die week, en die lei van kerkraads- en gemeentevergaderings en eredienste op Sondae. Die predikante het per vliegtuig na Windhoek en vandaar met 'n motor van die

betrokke gemeente na hulle bestemming gereis. Die gemeentes Outjo en Otjiwarongo het vir hierdie doel ‘n motor, wat by die pastorie van dominee J A Viljoen in Windhoek geberg is, gedeel. Kálmán II het tydens hierdie besoek ook die geleentheid gekry om ‘n koedoe te jag (vgl Papp, W 1951-1979:273).

Kort na sy terugkoms het Kálmán II sy vyftigste verjaardag gevier. Soos dit vir al die jare die gebruik was, het hy en Mieke die kerkraad ook hierdie keer onthaal met ‘n braaivleis op die Vrydag naaste aan sy verjaardag. Soms het Kálmán II spesiaal egte Hongaarse wors vir hierdie geleenthede laat maak en die kerkraadslede en hulle gades het dit altyd heerlik gevind (vgl Papp, W 1951-1979:276).

Die gemeente Krugersdorp neem tydens die gemeentevergadering van Sondag 11 Mei 1974 met groot vreugde en dankbaarheid daarvan kennis dat die jaar 1973 met ‘n surplus van R4 104.14 afgesluit is (vgl NHK Argief G18 1/1/7). Die kerkraad verleen op 21 Mei aan die kassier toestemming om R2 500.00 op belegging te plaas, die pastorie te laat verf en van ‘n stort te voorsien, die saal te restoureer en ‘n bedrag van R500.00 vir die kermis van die Jac van Belkum Kinderhuis te skenk (vgl NHK Argief G18 1/2/4). Tydens die volgende vergadering, op 18 Junie 1974, besluit die kerkraad dat daar voortaan gesamentlike aanddienste met die gemeente Krugersdorp-Noord gehou sal word. Die deurkollekte sal verdeel word en die predikante sal om die beurt preek. Die kerkraad besluit ook om in die toekoms slegs tweemaandeliks te vergader (vgl NHK Argief G18 1/2/4).

**5.6.3.8 Eerste uitsaaidiens**

Op Sondag 23 Junie 1974 word daar deur die SAUK ‘n opname gemaak van ‘n erediens van die gemeente Krugersdorp. Dit was Kálmán II se eerste uitsaai-erediens en vir die gemeente ‘n groot gebeurtenis. Lidmate is selfs met busse aangery en die kerkgebou was stampvol. Hierdie erediens is op 30 Junie landwyd uitgesaai. Uit die omroeper se verslag, wat na afloop van die uitsending aan Kálmán II gestuur is, blyk dit duidelik dat hy nie veel genade met die prediker gehad het nie. Hy het Kálmán II se preekstyl as *oudmodies* getipeer, sy intonasie as *oordrewe* en sy aanbieding met die woorde *oorprojektering* en *teatraal* beskryf. Tog het hy beslis dat dit ‘n mooi en boeiende

boodskap was. Hierdie verslag kan in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3). Na hierdie eerste uitsaai-erediens het daar later nog heelwat uitsaaibeurte vir die gemeente van Krugersdorp gekom. Die omroeper se kommentaar was dus oorkrities.

Gedurende Julie 1974 het Kálmán II, Mieke en die dogters vir die eerste keer in Margate aan die Natalse Suidkus vakansie gaan hou. Die drie seuns het in hierdie tyd as hysbakoperateurs (skipmanne) vakansiewerk by West Rand Consolidated Mines op Krugersdorp gedoen om sakgeld te verdien. Een van Kálmán II se lidmate, meneer Roelf van Emmenis, was die algemene bestuurder van hierdie goudmyn en hy het die werk vir hulle gereël (vgl Papp, W 1951-1979:276-277).

In die middel van Augustus 1974 verneem Kálmán II en Mieke dat Kálmán III tot die Studenteraad van die Universiteit van Pretoria en voorsitter van die Sentrale Joolkomitee verkies is (vgl Papp, W 1951-1979:278). Kálmán III se aktiewe deelname aan die studentelewe het Kálmán II en Mieke nooit welgeval nie, aangesien dit sy akademiese prestasie belemmer het. Hulle was gevolglik nie baie opgewonde oor sy nuwe status as studenteleier nie en het voortdurend by hom gepleit om sy bedrywighede af te skaal. Kálmán III het hom egter nie daardeur laat afsit nie en is later nog twee keer tot die Studenteraad verkies en het ook primarius van Huis Olienhout geword.

Gedurende Augustus 1974 het Kálmán II weer in Outjo waargeneem in die plek van doktor C J Mans, en Mieke hierdie keer saamgeneem. Hulle het hulle besoek met ‘n paar dae verleng en vir die eerste keer ‘n besoek aan die Etosha Wildtuin gebring (vgl Papp, W 1951-1979:279).

Kort na hulle terugkeer uit Suidwes-Afrika, het Kálmán II die geleentheid gekry om skermlesse by die Hoërskool Jan de Klerk op Krugersdorp aan te bied. Talle kinders van die gemeente Krugersdorp was leerlinge van hierdie skool, onder andere albei dogters van Kálmán II en Mieke. Kálmán II is versoek om ‘n aantal leerlinge af te rig vir hulle optrede in die Shakespeare drama *Romeo and Juliet*, wat in daardie jaar ‘n voorgeskrewe werk vir die matrikulante was. Hierdie drama is vanaf 9 tot 19 September 1974 opgevoer en ‘n eksemplaar van die program kan in Kálmán II se

persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3).

'n Groot leemte is in Kálmán II se lewe gelaat toe doktor C J Mans op 25 Oktober 1974 aan 'n hartaanval beswyk het (vgl Papp, W 1951-1979:280). Hy en Mans, wat 'n fyn intellektuele mens en knap teoloog was, was nie net goeie kollegas en bure in die ring nie, maar ook baie goeie vriende. Hulle het dikwels by mekaar gekuier en oor teologiese en kerksake gedebateer. Kálmán II sou nooit weer gedurende sy bedieningstyd 'n kollega en vriend van hierdie formaat as buurman hê nie. In *Die Hervormer* van Mei 1975 verskyn daar 'n dankbetuiging van die skriba van die gemeente Krugersdorp-Oos vir die meelewing wat deur lidmate en ampsdraers van die kerk betuig is met doktor Mans se afsterwe. Hierin word Kálmán II en dominee G C van Staden in die besonder bedank vir hulle onbaatsugtige hulp aan die eggenote en kinders van die ontslapene, asook vir die hulp met die begrafnisreëlings (vgl *Die Hervormer* 1975:5). Doktor Mans is vanuit die kerkgebou van die gemeente Krugersdorp begrawe.

Aan die einde van November 1974 skaf Kálmán II nog twee vuurwapens aan - 'n 12-boor Sarazqueta *side by side* haelgeweer en waardevolle .375 Cogswell & Harison jaggeweer. Dit het sy versameling op tien wapens te staan gebring (vgl Papp, W 1951-1979:283). Kálmán II wou nooit 'n amptelike wapenversamelaar word nie en het gevolglik ook nie by 'n versamelaarsvereniging aangesluit nie. Dit was slegs sy groot liefde vir vuurwapens wat hom soveel wapens laat aanskaf het.

Op 1 Desember 1974 woon Kálmán II en Mieke in Johannesburg die huweliksbevestiging by van Lika, die oudste dogter van professor en mevrou A S Geyser. Geyser het die huwelik bevestig in die Presbiteriaanse Kerk en Kálmán II het die foto's geneem (vgl Papp, W 1951-1979:284).

Gedurende die laaste week van Desember 1974 hengel Kálmán II saam met ouderling A J Coertze en 'n Hongaar, Béla Tréki, by die Koppiesdam in die Vrystaat (vgl Papp, W 1951-1979:284). Tréki was 'n siviele ingenieur en reeds vir 'n geruime tyd in Suid-Afrika. Hy het in dieselfde jaar as Kálmán II aan die Rooms-katolieke hoërskool in Miskolc gematrikuleer en sy vrou, Lenke, was 'n lidmaat van die Hervormde Kerk. Kálmán II het een

van hulle kinders in die huwelik bevestig en hy en Tréki het dikwels saam gejag. Kálmán II se kontak met die Hongare in Suid-Afrika het dit nie slegs ten doel gehad om hulle in die land tuis te laat voel nie, maar ook om hulle kerklik betrokke te maak en pastoraal te kan ondersteun.

#### 5.6.3.9 Pastorale hulp in Outjo

Op versoek van die ring van Suidwes-Afrika besluit die kerkraad van die gemeente Krugersdorp 21 Januarie 1975 "om ons Predikant een Sondag per maand te leen" (NHK Argief G18 1/2/4) om as pastorale hulp in Outjo te werk. In dieselfde maand bring Kálmán II sy eerste besoek as amptelike pastorale hulp aan die gemeente Outjo. Dit het die gemeentelike roetine in Krugersdorp gereeld onderbreek en was vir hom telkens ‘n heerlike afleiding - veral om byna elke maand ook ‘n dag of twee in die jagveld te kon deurbring (vgl Papp, W 1951-1979:288). Ten spyte van die feit dat hy ‘n Hongaarse agtergrond gehad het, het die gemeenskap van Outjo hom met ope arms ontvang en as hulle eie predikant aanvaar. Die Hervormde Kerk was beslis die gemeenskaplike faktor wat Kálmán II so goed in Suidelike Afrika laat inpas het. Sy aanvaarding deur die Afrikaners was egter ook in 'n groot mate te danke aan sy aanpasbaarheid, sy liefde vir die veld en die natuur, sy vermoë om goed te kon skiet, en sy joviale persoonlikheid. Kálmán II het tot aan die begin van 1983, op enkele uitsonderings na, elke maand ‘n besoek aan Outjo gebring.

Kálmán II en Mieke se seuns, Zoltán en Wilfried, trek as studente aan die begin van Februarie 1975 saam in ‘n woonstel in, terwyl Kálmán III steeds in die koshuis aangebly het. Nadat hy vanaf April vir enkele maande op Saterdae in ‘n drankwinkel gewerk het om sakgeld te verdien, aanvaar Kálmán III en drie ander teologiestudente, onder andere Johan Buitendag (latere voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en Dekaan van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria) in Julie deeltydse betrekkings as sekuriteitsbeamptes by die Departement van Buitelandse Sake (vgl Papp, W 1951-1979:295).

#### 5.6.3.10 Optrede in die Rooms-katolieke kerk

Kort na die afsterwe van Kardinaal Mindszenty in Wenen aan die begin van Mei 1975, ontvang Kálmán II ‘n oproep van ‘n Hongaarse priester uit Duitsland met die versoek of hy nie kan deelneem aan ‘n *requiem* wat ter ere van Mindszenty in die Rooms-katolieke kerk van Johannesburg gehou gaan word nie. Sy versoek was of Kálmán II die Skriflesing kan doen. Kálmán II het ingewillig om deel te neem, maar hy het die priester versoek of hy nie ook maar kan preek nie, aangesien Protestante ook graag die Woord uitlê, nadat dit gelees is. Die priester het aan sy versoek voldoen en daar is so ooreengekom (vgl Papp, W 1951-1979:293). Volgens Kálmán II het die *requiem*, wat op 14 Mei 1975 plaasgevind het, min of meer soos volg verloop: nadat die Hongaarse priester die mis by die altaar opgedra het, het hy gaan sit en Kálmán II, die enigste Protestant wat teenwoordig was, het met sy toga op die kansel geklim en die Skriflesing en prediking waargeneem, met Matteus 10:28 as teksvers: "En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel". Daarna het hy op versoek van die priester met ‘n gebed afgesluit en op eie inisiatief die seën uitgespreek. Daarmee was die *requiem* afgehandel. Kálmán II was waarskynlik een van min wat as Protestantse predikant op so ‘n prominente wyse tydens ‘n erediens in ‘n Rooms-katolieke kerk opgetree het.

Tydens sy vergadering van 20 Mei 1975 verneem die kerkraad van die gemeente Krugersdorp dat die herstelwerk aan die pastorie en saal byna afgehandel is. Nadat daar ook met ontsteltenis kennis geneem is dat die salaris van die orrelis vir sewentien jaar nie aangepas is nie, besluit die kerkraad om Mieke se salaris na R100.00 per maand te verhoog en dit in die toekoms jaarliks aan te pas (vgl Papp, W 1951-1979:293).

Die ringsvergadering van die ring van Krugersdorp besluit tydens sy 25ste vergadering, wat vanaf 8 tot 11 Junie 1975 in die kerkgebou van die gemeente Tarlton gehou is, om by die volgende Algemene Kerkvergadering aan te beveel dat die ring verdeel sal word in die ringe van Krugersdorp en Roodepoort (vgl NHK Argief R18 1/1/3).

Gedurende Julie 1975 bring Kálmán II en Mieke ‘n paar dae deur by

die Mount Sheba Hotel naby Pelgrimsrus in die destydse Oos-Transvaal. Kort na hulle terugkoms verneem Mieke van Hilde Polzer, die stiefdogter van Eduard Schaank, dat Schaank oorlede is. Hilde het Mieke versoek om haar korrespondensie voort te sit (vgl Papp, W 1951-1979:298).

Die herstelwerk aan die pastorie en saal van die gemeente Krugersdorp is in die oorblywende maande van 1975 afgehandel en 'n nuwe Volkswagen mikrobus is vir die gemeente aangekoop. Die finansies van die gemeente het intussen aansienlik verbeter en Kálmán II ontvang vir die eerste keer sedert hy predikant geword het, 'n vakansietoelaag. Hy voltooi in hierdie tyd ook die boekrakke in die studeerkamer. Hy en Mieke woon ook, soos gewoonlik, die jaarlikse St István-bal van die Hongaarse Vereniging in Johannesburg by. Doktor Piet Koornhof (die Minister van Immigrasie) en Kálmán II, en hulle gades, was elke keer eregaste by hierdie geleenthede (vgl Papp, W 1951-1979:300-304).

Op 21 September 1975 word daar weer 'n erediens vanuit die kerkgebou van die gemeente Krugersdorp uitgesaai en hierdie keer was die kommentaar van die omroeper gunstiger: "Sodra 'n mens aan die prediker se vreemde aksent gewoond raak, boei hy jou met 'n kragtige en waarlik treffende boodskap" (NHK Argief K2 5/4 Deel 3).

Tydens sy laaste vergadering van die jaar, op 18 November 1975, verneem die kerkraad van die gemeente Krugersdorp dat 'n anonieme persoon 'n bedrag van R500.00 geskenk het vir die beligting van die kerkgebou (vgl NHK Argief G18 1/2/4), en op 30 November verneem die gemeente tydens 'n gemeentevergadering dat die basaar van 31 Oktober 'n bedrag van ±R3 500.00 opgelewer het (vgl NHK Argief G18 1/1/7). In die volgende maand skaf Kálmán II sy elfde vuurwapen, 'n tweede rewolwer, aan - 'n Sauer .44 Magnum (vgl Papp, W 1951-1979:305).

### 5.6.3.11 Restourasie van die kerkgebou

Die jaar 1976 was 'n baie bedrywige jaar vir Kálmán II, beide in sy gesinslewe én in die ring van Krugersdorp en die gemeentes Krugersdorp en Outjo. Dit was ook die jaar waarin Kálmán II probleme met sy keel begin optel het - 'n probleem wat later drie operasies tot gevolg sou hê. 'n Verswakte gedeelte

van sy slukderm het ‘n sakkie gevorm waarin speeksel en kos vasgesteek het en dit het gelei tot ongemak en periodieke verstikkings. Die feit dat hy van dié tyd af nie meer so goed kon sing nie, was egter vir Kálmán II die ergste. Hy het dit altyd baie geniet om sterk te sing en dit het die gemeentesang baie aangehelp. Andersins het dit sy werk geensins benadeel nie.

Kálmán II en Mieke se oudste dogter, Saskia, wat aan die einde van 1975 gematrikuleer het, begin in Januarie 1976 met haar verpleegsters-opleiding by die destydse Paardekraal Hospitaal op Krugersdorp. Sy het by die verpleegsterstehuis van die hospitaal ingewoon. Vier van Kálmán II en Mieke se vyf kinders was dus nou uit die huis (vgl Papp, W 1951-1979:304).

Die kerkraad van die gemeente Krugersdorp keur, tydens sy vergadering van 16 Maart 1976, die volgende projekte goed: die beligting van die kerkgebou, vervanging van bykans sestig stukkende ruite en die aanbring van roosters in die gate van die kerktoring, wat oorspronklik bedoel was vir horlosies. Duiwe, en selfs uile, het die kerkgebou deur hierdie gate binne-gekom, in die toring nes gemaak en die binnekant van die gebou bemors. ‘n Uil het selfs op een nagmaalsondag net voor die aanvang van die erediens deur die koepel na benede gevlieg, van die nagmaalbrood geëet en die tafel bemors. Benewens hierdie projekte, wat teen die einde van 1976 afgehandel was, het die kerkraad by dieselfde vergadering ook die volgende projekte goedgekeur: die skoonmaak van die buitemure en aanbring van houtpanele teen die binnemure van die kerkgebou, hang van gordyne agter die kansel, inrigting van ‘n moederskamer, verhitting van die kerkgebou, aanbring van nuwe gehoortoestelle en herstelwerk aan die orrel (vgl NHK Argief G18 1/2/4).

**5.6.3.12 Inrigting van ‘n kerkgebou in Outjo**

Aan die begin van Maart 1976 het Kálmán II intensief aandag begin gee aan die inrigting van eie ‘n kerkgebou vir die gemeente Outjo. Die gemeente het kort tevore ‘n saal by die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Outjo aangekoop en besluit om dit in ‘n kerkgebou te omskep. Hierdie saal was vroeër die eerste kerkgebou van die Nederduitse Gereformeerde Kerk op Outjo. Die hele gebou is van nuwe vensterrame en deure, wat Kálmán II

vanaf Krugersdorp laat vervoer het, voorsien, en een van die vleuels van die gebou is as ‘n saal ingerig. Kálmán II het al die veranderings self geteken en ook ‘n pragtige kloktoring vir die kerkgebou ontwerp. Die werk het twee jaar geduur en die gemeente het toe vir die eerste keer oor hulle eie kerkgebou beskik (vgl Papp, W 1951-1979:315). Hierby word daar later in hierdie studie teruggekom.

#### 5.6.3.13 Herdenking van die Hongaarse galeislaafpredikante

Die Hongaarse en Nederlandse gemeenskappe aan die Witwatersrand het in Maart 1976 die 300-jarige herdenking van die vrylating van die 26 Hongaarse galeislaafpredikante deur Admiraal Michiel de Ruyter in 1676, waarna daar vroeër in hierdie studie verwys is, gevier met ‘n gedenkdiens in die kerkgebou van die Nederlandssprekende gemeente van die Nederduitsch Hervormde Kerk in Johannesburg. Kálmán II en dominee F Houwert van die Nederlands-sprekende gemeente het die gedenkdiens saam beplan. Kálmán II het die prediking waargeneem. Die dagblad, *Die Vaderland*, berig dat die diens deur ongeveer honderd mense bygewoon is. ‘n Uitknipsel van die betrokke berig kan in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Neder-duitsch Hervormde Kerk gevind word (NHK Argief K2 5/4 Deel 3).

#### 5.6.3.14 ‘n Waarskuwing uit Duitsland

‘n Kort berig oor die voorafgenoemde gedenkdiens het kort daarna in die *Reformátusok Lapja*, weeklikse koerant van die Hervormde Kerk van Hongarye, verskyn. Na aanleiding hiervan het professor László Pákozdy, een van Kálmán II se professore aan die Universiteit van Debrecen, op 20 en 22 April 1976 twee poskaarte vanuit Duitsland, waar hy as gasdosent op besoek was, aan Kálmán II gestuur. Die poskaarte, in die handskrif van sy vrou, was beide aan Mieke geadresseer. Op die eerste poskaart is die naam van die afsender doodgekrap, sodat die oorsprong daarvan onbekend kon wees. Op die agterkant van hierdie poskaart verskyn die uitknipsel van die berig wat in die *Reformátusok Lapja* verskyn het en slegs die woorde "Kálmán, moet nooit daaraan dink om huis toe te kom nie". Op die tweede poskaart, waarin daar in enkele woorde groete gestuur word, verskyn die naam van Pákozdy as die

afsender. Beide poskaarte kan in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argief-bewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3). Dit is duidelik dat die omstandighede in Hongarye op daardie stadium nog te gevaarlik was vir Kálmán II om Hongarye te besoek. Volgens ‘n nota wat Mieke aan die poskaarte vasgeheg het, het Pákozdy kort ná die Hongaarse Rewolusie van 1956 ‘n aanbod van ‘n buitelandse universiteit ontvang om daar te gaan doseer. Aangesien hy dit van die hand gewys het, het die kommunistiese owerheid hom dit klaarblyklik gunstig toegereken en hom daarna toegelaat om verskeie reise na die buiteland te onderneem.

Mieke meld in haar dagboek dat Kálmán II op 24 April 1976 vyf huwelike bevestig het, in Mei die 56ste Algemene Kerkvergadering in Pretoria bygewoon het en dat hulle hulle 25ste huweliksherdenking op 2 Junie saam met die Kloosterhuise gevier het (vgl Papp, W 1951-1979:319-321).

### 5.6.3.15 Kwarteeufees van die ring van Krugersdorp

Die vyf-en-twintigste bestaansjaar van die ring van Krugersdorp is tydens die 26ste vergadering van die ring gedurende Junie 1976 gevier. Die amptelike opening het op 6 Junie in die kerkgebou van die gemeente Newlands plaasgevind, waarna die ring verdeel het in die ringe van Krugersdorp en Roodepoort, soos deur die pas afgelope 56ste Algemene Kerkvergadering besluit is. Omdat Kálmán II ook in 1976 sy 25ste ampsjubileum gevier het, is hy versoek om die prediking waar te neem. Die volledige preek kan in die notule gevind word (vgl NHK Argief R18 1/1/1 D) en ‘n verkorte weergawe daarvan verskyn in *Die Hervormer* van April 1977 (vgl Die Hervormer 1977:4). Kálmán II is by hierdie geleentheid by voorbaat gelukgewens met sy komende ampsjubileum in Novembermaand en bedank vir al die werk wat hy in die gemeentes Krugersdorp en Outjo doen. Nadat Kálmán II vanaf 1952 tot 1975 onafgebroke as Superintendent van Sondagskole verantwoordelik was vir die kategese in die ring, word hy tydens hierdie vergadering verkies tot voorsitter van die ringsrade vir immigrantebearbeiding en jeugwerk, wat hy onderskeidelik tot in 1985 en 1989 sou bly. In 1980 en 1981 sou hy ook weer verantwoordelik wees vir die kategese (vgl NHK Argief R18 1/1/1D).

Op 5 Julie 1976 woon Kálmán II en Mieke die ingebruikneming van die nuwe biblioteek van Krugersdorp, waar Mieke gewerk het, by. Tydens dieselfde maand se besoek aan die gemeente Outjo, wat kort daarna plaasgevind het, skiet Kálmán II sy eerste gemsbok. Terwyl hy in Suidwes-Afrika was, ontvang hy die skokkende berig dat een van die voormalige kassiere van die gemeente Krugersdorp, diaken J L Roos (wie se jongste seun Louw saam met Kálmán III op skool was en in dieselfde jaar gematrikuleer het) koelbloedig deur 'n swarte in sy kantoor by die streekskantore van die destydse Departement van Naturellesake doodgeskiet is. Kálmán II het Roos, met wie hy 'n besondere verhouding gehad het, kort na sy terugkeer uit Suidwes-Afrika begrawe. Vir Kálmán II was een van die moeilikste begrafnisdienste wat hy in sy hele bedieningstyd gehou het (vgl Papp, W 1951-1979: 321-322).

In die *West Rand Times en Wesrander* van 6 Augustus 1976 verskyn daar foto's van die huidige kerkgebou van die gemeente Krugersdorp, wat in 1935 gedurende die bedieningstyd van dominee P S Grobler opgerig is, asook van die hoeksteen van die vorige kerkgebou, wat in 1897 deur President S J P Kruger gelê is. In die meegaande artikel word daar onder andere verwys na Kálmán II se bediening van vyf-en-twintig jaar in die gemeente Krugersdorp (vgl *West Rand Times en Wesrander*, bl 3). In dieselfde maand skaf Kálmán II sy twaalfde en dertiende vuurwapens aan, 'n 12-boor Fias *over and under* haelgeweer en 'n 30-06 FN Browning semi-outomatiese geweer (vgl Papp, W 1951-1979:324). Gedurende September 1976 koop Kálmán II vir sy Hongaarse vriend, Ujvári, 'n aantal goue muntstukke op sy versoek. Ujvári het hom meegedeel dat hy in goue munte wil belê en het met verloop van tyd 'n versameling van minstens tagtig opgebou, waarvan die meeste deur Kálmán II aangekoop is (vgl Papp, W 1951-1979:325). In 'n volgende uitgawe van die *West Rand Times en Wesrander*, op 15 Oktober 1976, verskyn daar 'n foto van Kálmán II waar hy besig is om 'n aantal foto's tydens 'n kunsuitstalling van die Wesrandse Afrikaanse Kunsvereniging te beoordeel. Kálmán II is op grond van sy bedrewenheid met die kamera en sy prestasies tydens fotokompetisies meermale gevra om as beoordelaar op te tree tydens sulke geleenthede.

### 5.6.3.16 'n Derde besoek aan Europa

Mieke het, soos sy versoek is, haar korrespondensie met Hilde Polzer, die stiefdogter van wyle Eduard Schaank, getrou voortgesit. Dit het daartoe gelei dat Polzer Mieke en haar oudste dogter, Saskia, uitgenooi het om haar in Nederland te kom besoek. Hierdie besoek het gedurende September/ Oktober 1976 plaasgevind en Mieke het beide haar dogters, Saskia én Iemke, saamgeneem. Iemke is saamgeneem nadat haar grootmoeder, Jenny Boelstra, aangebied het om vir haar reis te betaal. Hilde was in daardie stadium reeds ernstig siek aan beenmurgkanker en is in 'n hospitaal versorg. Mieke en Saskia het in haar woonstel tuisgegaan, terwyl Iemke by haar grootmoeder gebly het (vgl Papp, W 1951-1979:325).

### 5.6.3.17 25ste ampsjubileum

Kálmán II ontvang gedurende die laaste week van Oktober 1976 'n brief van doktor en mev P G Geertsema, wat in daardie tyd die predikantspaar van die gemeente Balfour van die Nederduitsch Hervormde Kerk was. Dit lui soos volg:

> Beste Kalman,
>
> Oor die radio het ek gehoor dat jy in hierdie dae jou 25-jarige ampsjubileum vier. Graag wil ek julle, ook namens my vrou, van harte daarmee gelukwens, in die besonder omdat jou hele bediening in een gemeente was. Ek herinner my nog goed dat jou aansoek deur die Alg. Kommisie op die Alg. Vergadering voorgehou is. Na wat heen-en-weer gepraat (soms skerp) het prof. Gemser opgestaan, geen toespraak gehou nie, maar die gelykenis van die barmhartige Samaritaan gelees. Dit het 'n diep indruk gemaak en jy is sonder meer toegelaat.
>
> Mag die Here jou nog met jou eggenote baie vrugbare en geseënde jare in ons kerk gee.
>
> Ons wens is verder dat julle dié dag met blydskap met julle gesin, vriende en gemeente sal geniet.

Dis jammer dat ons so ver van mekaar is, anders sou ons seker heelwat kontak hê. Hier in die omgewing is al die kollega's heelwat jonger.

Met hartlike groete van huis tot huis,
Paul en Bartje Geertsema

(NHK Argief K2 5/4 Deel 3)

Volgens die uitnodigingskaartjie, waarvan 'n eksemplaar in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind kan word, is sy ampsjubileum op 30 en 31 Oktober 1976 gevier. 'n Onthaal is om 15h00 op Saterdag 30 Oktober in die saal van Hoërskool Jan de Klerk gehou en dominee W F H Huyzers het om 19:00 die voorbereidingsdiens gelei. Op Sondag 31 Oktober om 10:00 het Kálmán II self die prediking waargeneem tydens die nagmaaldiens en om 19:00 het professor G M M Pelser voorgegaan in die dankseggingsdiens, wat tegelyk ook die Hervormingsdiens van die ring van Krugersdorp was (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3). 'n Berig oor Kálmán II se ampsjubileum verskyn ook in die byvoegsel tot *Die Hervormer* van Desember 1976 (vgl *Die Hervormer* 1976:12).

Tydens 16 November 1976 se vergadering van die kerkraad van die gemeente Krugersdorp, spreek Kálmán II sy dank teenoor die kerkraad uit vir die ampsjubileum en geskenke wat hy en Mieke ontvang het. Die kerkraad het Kálmán II R1 000.00 van sy motorlening kwytgeskeld en aan Mieke 'n bedrag van R500.00 geskenk (vgl NHK Argief G18 1/2/4).

### 5.6.3.18 Twee verdere besoeke aan Europa

Slegs vier maande ná haar vorige besoek aan Nederland, kry Mieke berig dat Hilde Polzer op 13 Februarie 1977 oorlede is. Mieke het alleen na Nederland gereis vir die begrafnis. Daar het sy verneem dat sy as een van die erfgename van Polzer benoem is. Ná haar terugkoms het sy haar bedanking by die Stadsraad ingedien en op 31 Maart ophou werk. Sy was totaal ooreis en het besluit om dit rustiger te neem. In die lig van die erflating wat op pad was, was dit ook nie meer vir haar noodsaaklik om, naas haar orrelistesalaris, 'n

bykomende inkomste te verdien nie. Vanaf hierdie tyd het sy Kálmán II ook begin help met sekere administratiewe take in die gemeente.

Drie maande later kry Mieke ook berig dat Iemke se grootmoeder, Jenny Boelstra, oorlede is. Hierdie keer het Mieke en Kálmán II saam na Nederland gereis en Kálmán II het Boelstra begrawe. Dit was Kálmán II se eerste besoek aan Europa nadat hy Nederland in 1949 verlaat het. Iemke se bloedbroer, Raymond, en hulle halfsuster Jolan, was ook teenwoordig by die begrafnis. Kálmán II en Mieke het tydens hulle verblyf in Nederland ook ‘n besoek gebring aan dominee J T J Knottnerus, voormalige predikant van die Nederlandssprekende gemeente van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in Johannesburg (vgl Papp, W 1951-1979:329).

**5.6.3.19 Eerste keeloperasie**

Kálmán II was, sedert die oorsaak van sy keelprobleme vasgestel is, baie huiwerig om hom te laat opereer en het ‘n operasie, wat op die lang duur onafwendbaar was, telkens uitgestel. Toe dit hom egter te veel begin pla het, het hy ingestem tot die operasie. Dit is op 28 Junie 1977 gedoen, net nadat hy weer van ‘n besoek aan die gemeente Outjo teruggekeer het. Die operasie was ‘n sukses en hy kon binne ‘n maand weer met sy werk voortgaan (vgl Papp, W 1951-1979:330).

**5.6.3.20 Oorweging aan ‘n Hongaarssprekende gemeente**

Uit die notule van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van Junie 1977 blyk dit dat die Werkgroep Apostolaat die Kommissie versoek het om die Raad vir Arbeid onder Immigrante in samewerking met Kálmán II opdrag te gee om ondersoek in te stel na die stigting van ‘n aparte gemeente vir die Hongare. Tot in daardie stadium het Kálmán II slegs een erediens per maand vir die Hongare gehou, ‘n aantal persone in die huwelik bevestig en begrawe, en diegene besoek wat ernstig siek was. Daar is nie huisbesoek gedoen of kategetiese onderrig gegee nie en niemand het belydenis van geloof afgelê nie. Die sakrament van die nagmaal is gereeld bedien, veral op sekere kerklike feesdae, soos dit die gebruik in Hongarye was. Dit het egter nie onder die opsig van die ouderlinge geskied nie, aangesien daar nooit

enige ouderlinge vir die Hongare bevestig is nie - ook nie diakens nie. Die sakrament van die doop is aan talle kinders bedien, maar dan meestal tydens eredienste van die gemeente Krugersdorp. By hierdie geleenthede het Kálmán II die vrae aan die doopouers gewoonlik in Afrikaans én Hongaars gestel. Die name van talle Hongaarse dopelinge kan in die Doopregisters van die gemeente Krugersdorp aangetref word (vgl NHK Argief G18 3/1/2 en G18 3/1/36K).

Volgens Kálmán II was hy nooit ten gunste van die stigting van 'n aparte gemeente vir die Hongare nie, aangesien dit na sy mening om verskeie redes nie lewensvatbaar was nie. In die eerste plek was daar gans te min Hongaarse immigrante wat die land binnegekom het. In die tweede plek was 'n groot gedeelte lidmate van die Rooms-katoliek kerk, en in die derde plek het die Hongare te verspreid oor die hele Pretoria/Witwatersrand/ Vereeniging gebied gewoon. Die Hongare se inlywing by die gemeente Krugersdorp was ook nie 'n moontlikheid nie, aangesien hulle nie Afrikaans kon verstaan nie. Die meeste Hongaarse ouers het hulle kinders in Engelse skole gesit en hulle het geleidelik met die Engelse gemeenskap begin assimileer. En in Engels wou en kon Kálmán II nooit preek nie! Om hierdie redes het daar niks gekom van 'n eie gemeente vir die Hongare nie, en om ongeveer dieselfde redes het die Rooms-katolieke kerk waarskynlik ook nog altyd daarvoor teruggedeins om 'n permanente priester vir die Hongare na Suid-Afrika te stuur.

Uit die notule van die kerkraadsvergadering van 23 Augustus 1977 blyk dit dat die kerkraad van die gemeente Krugersdorp streng begin optree het teen ampsdraers wat nie vergaderings en eredienste bywoon nie. Daar word besluit dat diegene wat meer as drie keer sonder verskoning afwesig is by kerkraadsvergaderings en minder as een erediens per maand bywoon, gevra sal word om te bedank (vgl NHK Argief G18 1/2/4). Of hierdie besluit uitgevoer is, kon nie uit die notules vasgestel word nie.

Tydens die ouderlingevergadering van 20 September 1977 begin daar stemme opgaan teen Kálmán II se betrokkenheid in die gemeente Outjo. Ouderling I J du Preez wou dat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering versoek word om ander reëlings te tref vir die bearbeiding

van hierdie gemeente. Toe Kálmán II daarop antwoord, deur te sê dat die gemeentes Outjo en Otjiwarongo waarskynlik sal kombineer sodra die kerkgebou herstel is, en dan saam ‘n predikant sal beroep, is die saak nie verder geneem nie (vgl NHK Argief G18 1/2/4). Dit is hieruit duidelik dat Kálmán II se betrokkenheid in Suidwes-Afrika nie almal se goedkeuring weggedra het nie, en dit is te verstane. Hy was immers elke maand vir drie tot vier dae uit sy gemeente en het tussenin ook nog baie tyd aan die sake van die gemeente Outjo bestee. So moes hy byvoorbeeld al die handgeskrewe notules van die skriba telkens oortik en help met die voltooiing van die jaarlikse gemeentelike verslae aan die ringsvergadering. Sy betrokkenheid by die gemeente Outjo sou egter vir nog baie jare voortduur.

Tydens sy volgende vergadering, op 18 Oktober 1977, keur die kerkraad van die gemeente Krugersdorp die instelling van ‘n administratiewe beamptepos vir die gemeente goed. Daar word besluit op ‘n halfdagpos wat moontlik met die gemeente Krugersdorp-Noord gedeel kon word. Hierdie besluit het op 1 Januarie 1978 gerealiseer met die aanstelling van mevrou S Kok (vgl NHK Argief G18 1/2/4).

Volgens Mieke se dagboek was sy en Kálmán II aan die einde van 1977, ná ‘n baie bedrywige jaar, alleen op ‘n vakansie van twee weke in Margate aan die Natalse Suidkus. Hulle het heerlik uitgerus, baie geswem en langs die see gaan stap, en Kálmán II het ‘n aantal sandhaaie gevang. Tydens hierdie vakansie het Kálmán II Mieke meegedeel dat hy van voorneme was om ‘n woonerf in die nuwe uitbreiding Rant-en-Dal in Krugersdorp te koop en ‘n aftreehuis daarop te laat bou, sodra hy die woonerf in Kenmare verkoop het (vgl Papp, W 1951-1979:336-338). Mieke was nooit ten gunste van Kálmán II se planne om self ‘n huis te laat bou nie. Sy was altyd van mening dat dit te veel tyd in beslag sou neem en dat Kálmán II nie binne die perke van hulle finansiële vermoë sou bly nie.

Aan die begin van 1978 bring Chris en Greet Wetter, wat in 1963 na Nederland teruggekeer het, ‘n besoek aan hulle kinders wat in Suid-Afrika agtergebly het. Terwyl hulle in Kaapstad by een van hulle seuns gekuier het, het Greet ‘n virusinfeksie opgedoen wat haar gedeeltelik verlam het en in die hospitaal laat beland het. Mieke het toe na Kaapstad gevlieg om haar te gaan

besoek. Chris is aan die einde van Januarie terug Nederland toe om sake daar te reël, terwyl Greet in Suid-Afrika aangesterk het. Sy het volkome herstel en daarna ‘n paar weke by haar ander seun in Roodepoort deurgebring, en in dié tyd ook by Kálmán II en Mieke gekuier. Chris het kort daarna vanuit Nederland laat weet dat Mieke se erfporsie op pad was (vgl Papp, W 1951-1979:339-340).

### 5.6.3.21 Inwyding van die eerste kerkgebou in Outjo

Die gerestoureerde kerkgebou van die gemeente Outjo is gedurende die naweek van 8 en 9 April 1978 ingewy. Volgens die amptelike program, waarvan daar ‘n eksemplaar in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind kan word, het die naweek se feesvieringe soos volg verloop: Op Saterdag 8 April het die gemeente om 17:00 voor die kerkgebou bymekaargekom. Nadat Kálmán II die verwelkoming gedoen het, het hy ‘n gedenkplaat onthul, waarna ouderling P S van der Walt die deure namens die boukommissie oopgesluit het. Die gemeente het die kerkgebou daarna onder die sing van Psalm 100 binnegegaan, waarna dominee J A Viljoen, predikant van die gemeente Windhoek en voorsitter van die ring van Suidwes-Afrika, die wydingsdiens gelei het. Daarna is daar deur verskeie instansies gelukwense teenoor die gemeente uitgespreek, ‘n dankoffer opgeneem en verversings in die saal geniet. Op Sondag 9 April om 09:30 is die dankdiens deur professor J P Oberholzer, destydse voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, gelei (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3). In 'n berig in *Die Hervormer* van Augustus 1980, waarlangs 'n pragtige foto van die gerestoureerde kerkgebou verskyn, gee Kálmán II meer besonderhede oor die ingebruikneming van die nuwe kerkgebou (vgl *Die Hervormer* 1980:8). Op dieselfde bladsy verskyn daar ook 'n artikel uit Kálmán II se pen oor die legendariese ouderling P P H (Oom Flip) Alberts van die gemeente Outjo, wat in daardie stadium reeds vir langer as vyftig jaar in die kerkraad en talle ander hoedanighede in die gemeente, die ring en die gemeenskap van Suidwes-Afrika gedien het.

‘n Enkele opmerking moet gemaak word na aanleiding van die verwysing hierbo na ouderling P S van der Walt. Van der Walt was die

voormalige *eerwaarde* Paul van der Walt, die enigste persoon wat deur die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika tot die bediening toegelaat is, sonder dat hy die voorgeskrewe akademiese opleiding ondergaan het. Hy is daartoe toegelaat met die uitsluitlike doel om die lidmate van die kerk in Angola te bearbei in ‘n tyd toe daar ‘n groot tekort aan predikante in die kerk was. Sy lewe en werk word aangrypend beskryf in die boek *Herder van Angola* deur professor H G van der Westhuizen (vgl Van der Westhuizen, H G 1994). Ná sy terugkeer uit Angola het Van der Walt by sy dogter en skoonseun binne die grense van die gemeente Outjo gaan woon en sy status as *eerwaarde* verloor. Hy is egter gou tot ouderling verkies en het daarna kosbare dienswerk in die gemeente verrig, veral met die lei van eredienste wanneer daar nie ‘n predikant beskikbaar was nie. Van der Walt was vir Kálmán II tot groot hulp in die gemeente Outjo. Van der Walt is baie jare later as predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk georden en direk daarna vereer met die status van emeritus.

Op 11 Mei 1978 sterf dominee W F H Huyzers, met wie Kálmán II en Mieke sedert 1951 ‘n baie hegte band gehad het, na ‘n lang siekbed. Kálmán II het hiermee een van sy geestelike vaders en mentors verloor, en dominee en mevrou Huyzers sou voortaan gemis word by elke besondere geleentheid in Kálmán II en Mieke se gesinslewe én in die lewe van die gemeente Krugersdorp. ‘n Huldeblyk verskyn in *Die Hervormer* van Julie 1978.

Tydens sy vergadering van 27 Junie 1978, verneem die kerkraad van die gemeente Krugersdorp dat die nuwe Psalm- en Gesangeboek van die kerk op Hervormingsondag in gebruik geneem sal word. Kálmán II het reeds aan die begin van daardie jaar begin om die gemeente die nuwe gesange aan te leer. Mieke het gewoonlik eers die melodie gespeel, waarna Kálmán II die gesang dan alleen aan die gemeente voorgesing het, soos dit in sy kinderjare in Hongarye die gebruik was. Tydens dieselfde vergadering behandel die kerkraad ‘n versoek van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering dat Kálmán III, wat sy studies aan die einde van die jaar sal voltooi, tydens die erediens op Sondag 5 November om 11:00 sy proefpreek in die gemeente Krugersdorp mag hou. Nadat die versoek toegestaan is, besluit die kerkraad om aan Kálmán III ‘n toga te skenk, en na afloop van die

proefpreek ‘n onthaal vir die Proponentseksamenkommissie en gaste aan te bied in samewerking met die gemeente Krugersdorp-Noord. Teologiestudent J L J Smit, ‘n gemeenteseun van laasgenoemde gemeente, sou op dieselfde dag en in dieselfde kerkgebou om 09:00 sy proefpreek tydens die erediens van die gemeente Krugersdorp-Noord, hou (vgl NHK Argief G18 1/2/4).

Gedurende Augustus 1978 neem Kálmán II vir Kálmán III saam op sy maandelikse besoek aan die gemeente Outjo. Dit was Kálmán III se eerste besoek aan Suidwes-Afrika. Tydens hierdie besoek het hy kennis gemaak met die omstandighede in Suidwes-Afrika en talle lidmate van die gemeente Outjo ontmoet. Minder as twee jaar later sou hy begin om ‘n paar keer namens Kálmán II besoeke aan Outjo te bring. Tydens hierdie besoek het Kálmán III sy eerste koedoe en gemsbok geskiet. Tydens Kálmán II se besoek aan Outjo in die volgende maand, het hy ‘n reuse vlakvark geskiet en sy rug beseer in die proses om die vark op die jagvoertuig te laai. Hierdie besering het daartoe aanleiding gegee dat hy later ‘n rugoperasie moes ondergaan (vgl Papp, W 1951-1979:339-340).

Tydens sy vergadering van 29 Augustus 1978 verneem die kerkraad van die gemeente Krugersdorp dat daar ‘n bedrag van R3 200.00 uit die boedel van wyle broeder Dawie Möller ontvang is. Die kerkraad besluit tydens dieselfde vergadering om ‘n bedrag van R1 000.00 in verdedigingsobligasies te belê (vgl NHK Argief G18 1/2/4). Hierdie skema is deur die Staat ingestel om die grensoorlog in die destydse Suidwes-Afrika te help finansier.

#### 5.6.3.22 Betrokkenheid by Laerskool Burgershoop

Kálmán II en Mieke was as ouers nooit baie betrokke by die skole waarin hulle kinders was nie, maar Kálmán II was wel intensief betrokke by een van die skole wat binne die grense van die gemeente Krugersdorp geval het, en waarin baie kinders van sy gemeente skoolgegaan het. ‘n Versoek van die hoof van Laerskool Burgershoop, wat gespruit het uit ‘n tekort aan geskikte persone om in die skoolkomitee te dien, het daartoe gelei dat Kálmán II homself beskikbaar gestel het en daarna vir ‘n onafgebroke periode van sewentien jaar voorsitter van die skoolkomitee was (vgl Papp, W 1951-1979:339-340).

Laerskool Burgershoop het tussen 22 en 24 September 1978 sy vyf-en-sewentigste bestaansjaar gevier en Kálmán II het ‘n leidende rol in die beplanning van hierdie fees gespeel. Volgens die amptelike feesprogram, waarvan ‘n eksemplaar in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argief-bewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind kan word, is daar op Vrydag 22 September ‘n verskeidenheidskonsert in die skoolsaal gehou, met die sangeres Min Shaw as gaskunstenaar. Op Saterdag 23 September was daar ‘n feestelike optog in die dorp waaraan trompoppies, ‘n kadetorkes en sportspanne deelgeneem het; die onthulling van ‘n gedenksteen en ‘n gesellige samesyn op die skoolterrein; ‘n uitstalling van leerlinge se werk in die skoolbiblioteek; en ‘n formele dinee in die Banketsaal van die Stadsaal. Op Sondag 24 September is daar ‘n gedenkdiens in die kerkgebou van die gemeente Krugersdorp gehou, waartydens Kálmán II die prediking waargeneem het (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3).

In die feesblad van Laerskool Burgershoop, wat in 1978 deur die skool uitgegee is, verskyn daar ‘n boodskap van Kálmán II as voorsitter van die skoolkomitee. Hierdie boodskap bevat iets van Kálmán se kenmerkende lewensbeskouing en lui onder andere soos volg:

> Wanneer ‘n mens ‘n hoë ouderdom bereik, word hy op sy verjaardag gelukgewens deur al die familielede, vriende en kennisse. Maar as hy regtig oud geword het, sê maar 100 jaar, dan begin gelukwensings instroom van alle kante, ook van onbekendes, ook van vername en bekende persone, want van so ‘n prestasie moet almal notisie neem. Maar is dit regtig ‘n prestasie om so oud te word? En verdien dit regtig al die lof wat ons toegeswaai word, omdat ons oud geword het? Om oud te word is hoegenaamd geen prestasie nie, maar ‘n gawe van God, ‘n teken van sy lankmoedigheid en geduld met ons. Want duisendmaal verdien ons tydens ons lewe Sy toorn en gee ons Hom genoeg rede om ons lewe te beëindig. As ouderdom ‘n prestasie is, dan is dit ‘n prestasie van God en sekerlik nie van ons nie.

> Daarom wil ons hier nie mense roem nie, maar ons dank uitspreek teenoor God, wat [ons] in Sy barmhartigheid toegelaat het - ondanks ons swakheid en ontrou - om hierdie groot dag te beleef en te mag terugdink, nie aan wat ons mense in hierdie 75 jaar verrig het nie, maar [aan] wat Hy gedoen het met ons en deur ons, ten bate van ons kinders en ons volk.
>
> (Laerskool Burgershoop 1978:19)

#### 5.6.3.23 Twee proefpreke in Krugersdorp

Die ringskommissie van die ring van Krugersdorp neem tydens sy vergadering van 6 November 1978 daarvan kennis dat die nuwe Psalm- en Gesangeboek van die kerk op Sondag 29 Oktober onder die leiding van Kálmán II feestelik in gebruik geneem is tydens die gesamentlike Hervormingsdiens van die gemeentes van die ring van Krugersdorp. Daar word ook genotuleer dat Kálmán III en sy medestudent J L J (Johan) Smit, ‘n seun van die gemeente Krugersdorp-Noord, op Sondag 5 November hulle proefpreke in die kerkgebou van die gemeente Krugersdorp gehou het en dat dit baie goed afgeloop het (vgl NHK Argief R18 1/1/3). Kálmán III en Smit is op 23 November 1978, saam met nege ander kandidate, in die kerkgebou van die gemeente Pretoria gelegitimeer, en al elf is op 26 November in die kerkgebou van die gemeente Voortrekkerhoogte as dienspligkapelane georden (vgl *Die Hervormer* 1979:1). Vier was predikanteseuns: Kálmán III, L C (Louis) Bezuidenhout, seun van dominee W J Bezuidenhout, J R (Jan) Kramer, seun van dominee H M J Kramer en P (Piet) van Staden, seun van dominee P S van Staden. In *Die Hervormer* van Februarie 1979 verskyn daar ‘n foto van die vier predikante saam met hulle seuns (vgl *Die Hervormer* 1979:2). Kálmán III het aan die begin van Januarie 1979 met sy militêre diensplig van een jaar by die Suid-Afrikaanse Vloot in Simonstad begin.

Net soos wat die geval was in 1972, toe Kálmán II en Mieke se tweede seun, Zoltán, in Grahamstad was vir sy militêre diensplig, het Mieke in 1979 ook nie dagboek gehou nie, maar die gebeure in haar en Kálmán II

se lewe in haar briewe aan Kálmán III vasgelê. Hierdie briewe word tans saam met haar dagboek in hulle persoonlike argief bewaar.

Uit Mieke se korrespondensie met Kálmán III blyk dit dat die jaar 1979 heelwat rustiger verloop het. Kálmán II het geleentheid gekry om meer houtwerk te doen en verskeie meubelstukke vir die pastorie en geskenke vir vriende en familie vervaardig. Hy het in hierdie tyd ook hard gewerk aan sy Bybelse posseëlversameling met die oog op ‘n toekomstige uitstalling in die Krugersdorpse biblioteek. Kálmán II en Mieke se jongste dogter, Iemke, wat aan die einde van 1978 gematrikuleer het, het intussen in Januarie 1979 met haar opleiding in pre-primêre onderwys begin aan die Normaal Onderwys-kollege in Pretoria.

Nadat Kálmán II die woonerf in Kenmare van die hand gesit het, het hy planne begin maak vir die oprigting van ‘n woonhuis op een van die plotte wat hy en Mieke in 1968 te Protea Rif net buite Krugersdorp gekoop het. Volgens Mieke het hy ‘n Kaapse huis met ‘n uitkyktoring, kelder en ander beveiligingsmaatreëls in gedagte gehad. Die politieke omstandighede van die dag, naamlik die grensoorlog in Suidwes-Afrika en binnelandse oproerigheid en onluste, het hom waarskynlik daartoe beweeg om homself te beveilig vir enige moontlike gebeurlikheid in die toekoms. Mieke, wat steeds daarteen gekant was dat Kálmán II sy eie huis sou bou, het intussen haar erfporsie uit Nederland ontvang en met die aanmoediging van haar vriendin, Greet Wetter, daarop aangedring dat hulle ‘n huis in die dorp moes koop. ‘n Brief van Wetter aan Mieke, waarin sy haar duidelike afkeur teen Kálmán II se bouplanne uitspreek, en by Mieke daarop aandring om nie aan Kálmán II se wense toe te gee nie, kan in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argief-bewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3).

Gedurende 1979 is daar ‘n verwarmingstelsel in die kerkgebou van die gemeente Krugersdorp geïnstalleer en ook begin met noodsaaklike her-stelwerk aan die orrel. In die lig van die hoë koste hieraan verbonde, het Kálmán II in hierdie jaar, net soos wat hy dit verskeie kere in die verlede gedoen het wanneer die gemeente finansiële druk ervaar het, ‘n traktements-aanpassing van die hand gewys (vgl NHK Argief G18 1/2/4).

Gedurende Mei 1979 woon Kálmán II en Kálmán III vir die eerste keer saam as predikante 'n sitting van die Algemene Kerkvergadering by. Hierdie 59ste Algemene Kerkvergadering het vanaf 15 Mei in die Goddefroy-saal van die Dirk van der Hoff-gebou in Pretoria plaasgevind en 'n foto waarop al die afgevaardigde pa's en seuns verskyn, kan in *Die Hervormer* van Julie 1979 gevind word (vgl *Die Hervormer* 1979:7).

Nadat daar in die kerkraadsvergadering van 8 Mei 1979 weer gekla is oor Kálmán II se betrokkenheid by die gemeente Outjo in Suidwes-Afrika, deel hy die kerkraad van die gemeente Krugersdorp tydens sy vergadering van 14 Augustus 1979 mee dat Kálmán III die werk waarskynlik vanaf 1980 gedeeltelik by hom sal oorneem (vgl NHK Argief G18 1/2/5).

**5.6.3.24 Bevestiging van oudste seun in die gemeente Erasmia**

Kálmán III het aan die einde van Oktober 1979 'n beroep na die gemeente Erasmia in Pretoria ontvang en dit in November 1979 aangeneem. Nadat hy sy militêre diensplig aan die einde van Desember van dieselfde jaar voltooi het, het Kálmán II hom op Sondag 13 Januarie 1980 as predikant van die gemeente Erasmia bevestig (vgl Papp, W 1980-1984:2).

**5.6.3.25 Aankoop van 'n eie woonhuis**

Kálmán II en Mieke het gedurende Januarie 1980 toevallig afgekom op 'n pragtige dubbelverdieping woonhuis wat te koop was vir R55 000.00. Die huis, wat in Emdonstraat 25 in die woongebied Kenmare in Krugersdorp geleë was, het in hulle smaak geval en hulle het besluit om dit aan te koop. Die deposito is uit Mieke se erflating befonds en hulle het die huis dadelik verhuur en van die huurinkomste gebruik om die verbandlening te betaal (vgl Papp, W 1980-1984:2). Hierdie huis sou later hulle gesellige aftreewoning word. Vir Mieke was dit die grootste geskenk in haar lewe en hiermee was Kálmán II se planne om self 'n huis te bou, tot groot gerusstelling van Mieke, ook voorlopig van die baan. Kálmán II en Mieke het intussen ook een van die plotte te Protea Rif verkoop en met die opbrengs daarvan 'n tweedehandse Mercedes Benz 280S aangekoop (vgl Papp, W 1980-1984:3). Kálmán II het altyd 'n voorliefde vir luukse Duitse en Britse motors gehad.

#### 5.6.3.26 Huweliksbevestiging van derde seun

Op Saterdag 29 Maart 1980 bevestig Kálmán II sy jongste seun, Wilfried (Wilfried Wilhelmus), in die huwelik met Elna, die oudste dogter van Willem Jacobus (Willie) en Martha Louisa (Marthie) (née Vermeulen) de Beer van Pretoria. Willie was ‘n brigadier in die Suid-Afrikaanse Weermag en Marthie ‘n onderwyser. Die huweliksbevestiging het in die kerkgebou van die gemeente Pretoria-Oos plaasgevind, waar die De Beers lidmate was. Wilfried was op daardie stadium nog nie afgestudeer nie, maar Elna het reeds gewerk.

Die herstelwerk aan die orrel van die gemeente Krugersdorp is intussen teen ‘n koste van R11 500.00 afgehandel en die kerkraad keur die aanbring van kussings op die kerkbanke teen ‘n bedrag van R3 860.00 goed, tydens sy vergadering van 8 Mei 1980. Tydens dieselfde vergadering word daar kennis geneem dat die saal klaar geverf is (vgl NHK Argief G18 1/2/5).

#### 5.6.3.27 Tweede familiebesoek uit Nederland

Dit was vir baie jare Mieke se wens om haar oudste suster, Ina, vir ‘n besoek na Suid-Afrika te nooi. Die erflating uit die boedel van Hilde Polzer het haar in staat gestel om Ina se reis na Suid-Afrika te betaal en haar suster het op 15 Maart 1980 in Suid-Afrika aangekom vir ‘n besoek van tien weke. Ina was die suster met wie Mieke oor al die jare die beste verhouding en die meeste kontak gehad het, en haar besoek was vir Mieke die verwesenliking van ‘n lank gekoesterde wens (vgl Papp, W 1980-1984:4).

#### 5.6.3.28 Huweliksbevestigings van eerste en tweede seuns

Op Saterdag 5 Julie 1980 bevestig Kálmán II sy oudste seun, Kálmán III (Kálmán Diederik) in die huwelik met Yolanda, die enigste dogter van Thomas Frederik (Tom) en Elizabeth Catherina (Lisbie) (née Kellermann) Dreyer van Kaapstad (vgl Papp, W 1980-1984:9). Die huweliksbevestiging het in die kerkgebou van die gemeente Krugersdorp plaasgevind. Yolanda, ‘n kleindogter van dominee T F J Dreyer, skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering in die tyd toe Kálmán II vanuit Nederland na Suid-Afrika geëmigreer het, was op daardie stadium ‘n finalejaar teologie-

student aan die Universiteit van Pretoria. Sy het aan die einde van dieselfde jaar die eerste vroulike predikant in die Afrikaanse kerke in Suid-Afrika geword. Hierdie huwelik het groot belangstelling binne en buite die kerk geniet aangesien Kálmán III en Yolanda ook die eerste predikante-egpaar in Suid-Afrika sou word. Beide was uit bekende predikantefamilies afkomstig. Kálmán III was minstens die negentiende predikant (die derde met die familienaam Papp) in 'n onafgebroke lyn van familiepredikante. Yolanda se grootvader, dominee T F J Dreyer, was die tweelingbroer van dominee J G M Dreyer. Die vyf seuns van een van hulle broers, was almal predikante in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Onder genoemde vyf het getel die predikant van Yolanda se tuisgemeente Kaapstad, doktor A J G Dreyer,

Op Maandag 21 Julie 1980 bevestig Kálmán II sy tweede seun, Zoltán (Zoltán Ernolf), in die huwelik met Margarete, dogter van Reinhold Heinrich en Renate (née Gebhardt) Hollstein van Stellenbosch, met wie Kálmán II en Mieke reeds in die sestigerjare in Krugersdorp kennis gemaak het. Die huweliksbevestiging het in die kerkgebou van die Lutherse Kerk van Stellenbosch plaasgevind (vgl Papp, W 1980-1984:11).

By hulle terugkoms in Krugersdorp het Kálmán II weer met sy houtwerk begin en verskeie kleiner meubelstukke vervaardig vir die huise van sy pasgetroude kinders. In dié tyd het hy en Mieke ook met die viool en klavier by die jaarlikse onthaal van die bejaardes van die gemeente Krugersdorp opgetree (vgl Papp, W 1980-1984:16-21).

#### 5.6.3.29 Nog twee proefpreke in Krugersdorp

Op Sondag 23 November 1980 is die gemeentes Krugersdorp en Krugersdorp-Noord weer gashere vir twee proefpreke, dié van Yolanda Dreyer-Papp om 09:00 tydens die erediens van die gemeente Krugersdorp-Noord en dié van Wilfried Papp tydens die erediens van die gemeente Krugersdorp om 11:00. Hulle is saam met die res van hulle kollegas op Donderdag 27 November in die kerkgebou van die gemeente Pretoria gelegitimeer. Hierna is Wilfried, op Sondag 30 November 1980, saam met die proponente wat dienspligtig was, in die gemeente Voortrekkerhoogte as dienspligkapelane georden is. Yolanda het intussen 'n beroep na die

studentegemeente Fonteinedal, aan die Normaal Onderwyskollege van Pretoria, ontvang. Sy is op 25 Januarie 1981 deur haar man, Kálmán III, as predikant van dié gemeente georden en bevestig.

### 5.6.3.30 Derde familiebesoek uit Nederland

Gedurende die eerste ses maande van 1981 het Kálmán II baie aandag gegee aan herstelwerk aan hulle nuutgekoopte huis in Emdonweg, Kenmare. Hy het groot voorrade hout aangekoop vir die vervaardiging van meubels, die luike geverf, en 'n aantal struike en bome aangeplant (vgl Papp, W 1980-1984:28-36).

In antisipasie van die viering van Kálmán II se dertigste jaar in die bediening en sy dertigste jaar as predikant van die gemeente Krugersdorp, gedurende November 1981, wat saam sou val met die viering van die negentigste bestaansjaar van die gemeente, plaas die *Westrand Echo* reeds op 15 Mei 1981 'n artikel oor hierdie gebeure. Foto's van Kálmán II en Mieke, en van Kálmán II saam met sy predikanteseuns en skoondogter in hulle ampsdrag, verskyn op dieselfde bladsy. In die artikel gee Kálmán II 'n aanduiding dat hy van voorneme is om in 1991 uit te tree: "As ek gespaar bly en dit die wil van die Here is, sal ek, na 40 jaar diens, aftree wanneer hierdie gemeente 'n honderd jaar oud is" (Westrand Echo, bl 2).

Ná sy besoek aan die gemeente Outjo gedurende Mei 1981, het Kálmán II en Mieke op 2 Junie 1981 hulle dertigste huweliksherdenking gevier tydens 'n vakansienaweek in die pragtige Casa do Sol Hotel naby Hazyview in die Laeveld. Kálmán III het hierdie naweek aan hulle geskenk. Hy het ook vir Kálmán II ingestaan met die Junie en Julie besoeke aan Outjo (vgl Papp, W 1980-1984:37-41).

Op 30 Junie 1981 word daar 'n opname deur die SAUK gemaak van die aanderediens van die gemeente Krugersdorp. Hierdie erediens is op 9 Augustus 1981 uitgesaai en Kálmán II moes weer deurloop oor sy aanbieding - hierdie keer oor sy uitspraak. Volgens die verslag van die omroeper, wat in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind kan word, het die woorde *begien*, *Chriestoes* en *vestieng* hom gehinder (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3). Dat die omroeper nie

ruimte gelaat het vir die vreemde uitspraak van 'n gebore Hongaar wat Afrikaans praat nie, was onbillik. Dit behoort tog te wagte te wees. Dit was egter nie net Kálmán II wat moes deurloop nie. Volgens dieselfde verslag was die orrelspel maar *middelmatig* en die voorleeswerk van die ouderling *uiters swak*. By 'n volgende geleentheid, in 1983, sou die kommentaar weer gunstiger wees.

Op 16 Julie 1981 kom Mieke se oudste suster, Ina, op die destydse Jan Smuts Lughawe aan vir haar tweede besoek aan Suid-Afrika. Kálmán II en Mieke het haar gedurende die tweede helfte van Julie op 'n uitgebreide reis van twee weke deur die Kaapprovinsie geneem. Ina het daarna nog enkele weke by Kálmán II en Mieke in Krugersdorp deurgebring en aan die einde van Augustus 1981 na Nederland teruggekeer (vgl Papp, W 1980-1984:37-41).

Kálmán II se aandag is gedurende die komende maande grotendeels in beslag geneem deur die voorbereidings vir die viering van die negentigste bestaansjaar van die gemeente Krugersdorp. Uit die notule van die kerkraadsvergadering van 13 Oktober 1981 kon daar afgelei word dat daar op Vrydag 9 November 'n vertelling van die geskiedenis van die gemeente was aan die hand van 'n aantal skyfies, 'n voorbereidingsdiens op Saterdag 10 November, gelei deur Kálmán III, en 'n nagmaaldiens op Sondag 11 November, gelei deur doktor P W Venter, 'n voormalige predikant van die gemeente (vgl NHK Argief G18 1/2/5). 'n Amptelike program van die fees kon nie opgespoor word nie. In dieselfde notule word daar berig dat die konsolidasie van die erwe waarop die pastorie en saal geleë was, afgehandel is.

### 5.6.4 Die vierde dekade

Die vierde dekade van Kálmán II se bedieningstyd in die gemeente Krugersdorp, sou van die grootste hoogtepunte, maar ook die grootste terugslae in sy persoonlike lewe, én in die lewe van die gemeente, lewer. Hierdie gebeure word in detail in Mieke se dagboeke beskryf, alhoewel die notuleboeke van die kerkraadsvergadering van die gemeente Krugersdorp en gesprekke met Kálmán II en Mieke ook bygedra het tot die rekonstruksie daarvan.

#### 5.6.4.1 Die terugslae van 1982

Kálmán II het reeds gedurende Desember 1981 'n terugslag met sy gesondheid beleef toe daar vasgestel is dat hy 'n mantelvliesbreuk het. Sy rug, wat hy vroeër in Suidwes-Afrika beseer het, het hom ook toenemend probleme begin gee en hy moes gedurende Januarie 1982 vir 'n geruime tyd daaglikse fisioterapeutiese behandeling ontvang. Hierbenewens het Kálmán II en Mieke se oudste dogter, Saskia, in hierdie tyd 'n groot emosionele insinking beleef, na aanleiding van 'n paar traumatiese voorvalle in die intensiewe sorgeenheid van die hospitaal, waar sy in daardie stadium werksaam was. Sy kon dit gelukkig met goeie mediese behandeling en 'n ysere wil te bowe kom en na ses weke weer op haar pos wees - hierdie keer in 'n kindersaal van die hospitaal. Mieke het aan die begin van 1981 ernstige probleme met haar stem begin ervaar en dit het daartoe gelei dat sy aan die einde van 1982 geopereer moes word. 'n Vergroeisel, wat gelukkig nie kwaadaardig was nie, is van haar stembande verwyder. Intussen het József de Szabó, Kálmán II se staatmaker lidmaat onder die Hongare, gangreen opgedoen, en moes sy een been geamputeer word. Kálmán II het hom gereeld in Johannesburg besoek en by meer as een geleentheid vir hom van sy alombekende en heerlike Hongaarse tongsop gebring. 'n Verdere terugslag vir Kálmán II en Mieke was Kálmán III en Yolanda se verhuising na die destydse Oos-Transvaal. Hulle is gedurende Mei 1982 as medeleraars na die gemeente Nelspruit beroep en op 7 Augustus 1982 deur Kálmán II daar bevestig, nadat Kálmán III nog maar slegs twee en 'n half jaar en Yolanda nog maar slegs een en 'n half jaar in hulle onderskeie gemeentes was. Kálmán III se besoeke aan sy ouers in Krugersdorp sou van dié tyd af, as gevolg van die groot afstand tussen hulle, nie meer so gereeld kon wees nie.

Die grootste terugslag in hierdie tyd was egter toe Kálmán II en Mieke se tweede oudste seun, Zoltán, en sy vrou, Margarete, hulle in Augustus kom meedeel het dat hulle nie meer in God glo nie. Ure en dae se gesprekke, ook deur doktor G C Velthuysen, destydse predikant van die gemeente Swartkop, binne wie se grense Zoltán en Margarete gewoon het, het niks opgelewer nie. Hulle het uiteindelik in 1983 uit die kerk bedank en tot op hede nog nie weer by enige kerk aangesluit nie.

Kálmán II en Kálmán III het intussen voortgegaan met hulle beurtelingse besoeke aan die gemeente Outjo, alhoewel Kálmán III kort na sy vertrek na Nelspruit as gevolg van die afstand nie meer lank daarmee kon voortgaan nie. Dit het gevolglik beteken dat Kálmán II verder alleen vir die gemeente Outjo verantwoordelik sou wees. Intussen het Kálmán II ook vir die eerste keer begin met die ontwikkeling en afdruk van kleurfoto's, en Zoltán bygestaan met die vervaardiging van houtartikels vir sy nuwe huis in Wierdapark in die destydse Verwoerdburg naby Pretoria. Kálmán II het terselfdertyd 'n nuwe tafel vir die kombuis van hulle huis in Kenmare vervaardig en begin werk aan die nuwe Psalm- en Gesangeborde wat hy aan die kerkraad belowe het. Intussen kon hy darem ook nog die tyd vind om saam met die jeug van sy gemeente te gaan ysskaats.

Daar was egter nie net terugslae in 1982 nie. Alhoewel die bywoning van die fees aan die einde van 1981, ter herdenking aan die negentigste bestaansjaar van die gemeente Krugersdorp, teleurstellend was, is daar 'n baie suksesvolle basaar en osbraai gehou wat meer as R10 000.00 vir die gemeente ingebring het. Dit sou die finansiële druk in 1982 effens verlig en het die kerkraad ook in staat gestel om Kálmán II se traktement gedurende Mei 1982 aan te pas na die aanbevole skaal plus R1 200.00 per jaar. Die ander werknemers van die gemeente se lone is met 20% verhoog (vgl NHK Argief G18 1/2/5).

Gedurende die tweede helfte van Mei 1982 het Kálmán II twee weke verlof geneem en Mieke saamgeneem na Suidwes-Afrika. Ná hulle besoek aan Outjo, waartydens Mieke die begeleiding van die gemeentesang waargeneem het, het hulle in Suidwes-Afrika gebly vir 'n kort vakansie in Swakopmund en Walvisbaai. Kort na hulle terugkoms in Suid-Afrika het hulle en hulle oudste dogter, Saskia, 'n paar dae saam in Thendele in die Drakensberge deurgebring (vgl Papp, W 1980-1984:77-78).

### 5.6.4.2 'n Besoek uit Duitsland

Aan die einde van Augustus 1982 ontvang Kálmán II en Mieke 'n besoek uit Duitsland van Wolfgang en Christel Hansske, by wie Kálmán III in Berlyn aangegaan het toe hy in 1972 saam met die koor van die Universiteit van

Pretoria in Europa op toer was. Die Hansskes het ‘n hele toer deur Suid-Afrika onderneem en ‘n paar dae by Kálmán II en Mieke in Krugersdorp deurgebring (vgl Papp, W 1980-1984:83).

**5.6.4.3 Bevestiging van derde seun in die gemeente Florida**

Kálmán II en Mieke se jongste seun, Wilfried, het in Oktober 1982, kort voordat hy sy nasionale diensplig in die Suid-Afrikaanse Vloot in Simonstad voltooi het, twee beroepe ontvang: een na Kálmán III se vorige gemeente, Erasmia, en een na die gemeente Florida. Hy het besluit om die beroep na die meer gevestigde gemeente Florida te aanvaar en Kálmán II het hom op 15 Januarie 1983 daar bevestig. Intussen het Kálmán II en Mieke ‘n tweedehandse vleuelklavier aangekoop by Nederlanders wat na hulle geboorteland teruggekeer het (vgl Papp, W 1980-1984:83-88).

**5.6.4.4 Televisie-opname deur die SAUK**

Op 4 Januarie 1983 arriveer daar ‘n volledige produksiespan van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (=SAUK) se televisiediens, met ‘n mobiele ateljee, by die pastorie van die gemeente Krugersdorp. Die doel van hulle besoek was om ‘n opname te maak vir die destydse godsdienstige joernaalprogram *Kruis en Kroniek* (vgl Papp, W 1980-1984:91). Hierdie program het ‘n reeks uitgesaai oor predikante en hulle stokperdjies, en Kálmán II was op grond van sy velerlei stokperdjies en vaardighede ‘n baie gesogte teiken. Die regisseur van die program was dominee P J (Pieter) Cilliers, predikant in besondere diens van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en ‘n medestudent van Kálmán III. Die program oor Kálmán II het hoofsaaklik gehandel oor sy fotografie, Bybelse posseëlversameling en verwerking van halfedelgesteentes. Daar is in die program ook verwys na sy liefde vir houtwerk en sy skerm- en skietvaardighede. Dit is op Sondag 16 Januarie 1983 uitgesaai en ‘n opname daarvan kan in die argief van die SAUK gevind word. Hier moet gemeld word dat Kálmán II oor die jare heen verskeie kere oor die radio en televisie opgetree het, om onder andere te vertel van die wyse waarop die Hongare hulle kerklike feesdae, veral Kersfees en Paasfees, vier.

#### 5.6.4.5 Geboorte van die eerste kleinkinders

Kálmán II, Mieke en hulle oudste dogter, Saskia, vertrek op 17 Januarie 1983 vir ‘n vakansie van twee weke in die Kaap. Hulle het hulle eindbestemming, die Drostdy-Inn in Stellenbosch, op 19 Januarie bereik. Daar het hulle onder andere by Reinhold Hollstein, die skoonvader van hulle tweede oudste seun, Zoltán, besoek afgelê. Reinhold se vrou, Renate, was in daardie tydstip in Pretoria met die oog op die naderende geboorte van haar dogter, Margarete, se eerste kind. Op 22 Januarie 1983, word Kálmán II en Mieke se eerste kleinkind gebore (vgl Papp, W 1980-1984:93). Om aan beide die Hongaarse agtergrond van haar vader én die Duitse agtergrond van haar moeder erkenning te gee, vernoem Zoltán en Margarete hulle dogter na prinses Gizela van Bavaria, die vrou van István, die eerste koning van die Koninkryk van Hongarye (vgl Papp, KD 2002:8-10). Die vroeggestorwe enigste suster van Kálmán II se moeder het ook Gizela geheet. Op grond van hulle oortuigings het Zoltán en Margarete nooit vir Gizela ten doop gehou nie. Alhoewel Kálmán II en Mieke uit die aard van die saak hulle teleurstelling daaroor te kenne gegee het, het hulle dit tog gelate aanvaar. As pastor was dit nooit Kálmán II se styl om in sulke situasies konfrontasie uit te lok wat sou kon lei tot 'n moontlike breuk in verhoudings nie.

Kálmán II en Mieke het tydens hulle vakansie in die Kaap ook ‘n besoek gebring aan Tom en Lisbie Dreyer, die ouers van hulle skoondogter, Yolanda, en ‘n erediens van doktor A J G Dreyer in die gemeente Tygerberg bygewoon (vgl Papp, W 1980-1984:93).

Op 13 Maart 1983 word daar weer ‘n erediens vanuit die kerkgebou van die gemeente Krugersdorp uitgesaai met Kálmán II op die kansel. Die verslag van die omroeper, wat in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argief-bewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind kan word, lui dat die preekstyl in die vorm van ‘n *natuurlike gesprek* was en dat die diens *ge-boei* het ten spyte van die prediker se *streng Belgiese (Nederlandse) aksent* en sy *geneigdheid tot oorprojeksie*. Die orrelspel en gemeentesang was *ietwat trekkerig* (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3).

Skaars elf weke nadat Kálmán II en Mieke se eerste kleinkind gebore is, word hulle weer 'n keer grootouers. Hulle derde seun, Wilfried, en sy vrou,

Elna, se eersteling, Emil Károly, word op 9 April 1983 gebore, en op 21 Augustus 1983 doop Kálmán II sy eerste kleinseun in die gemeente Florida, waar Wilfried predikant was (vgl Papp, W 1980-1984:98 en 107). Emil was die eerste kleinkind van Kálmán II en Mieke wat deur Kálmán II gedoop is.

#### 5.6.4.6 Inwyding van die tweede kerkgebou in Outjo

Die ontvolking van die platteland in Suidwes-Afrika en die emigrasie van talle blankes na Suid-Afrika in die tagtigerjare van die vorige eeu, wat deur die politieke omstandighede van die dag veroorsaak is, het tot gevolg gehad dat die lidmaatgetalle van die kerke in Suidwes-Afrika geleidelik begin afneem het. In Outjo het dit daartoe gelei dat die twee plaaslike gemeentes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk aan die begin van 1983 besluit het om saam te smelt. Uit vrees vir die moontlike konfiskering van een van hulle kerkgeboue deur die owerheid van ‘n toekomstige onafhanklike Suidwes-Afrika, is daar toe besluit om die kerkgebou van die gemeente Outjo-Wes, wat op die rand van die dorp geleë was, vir die Nederduitsch Hervormde Kerk aan te bied in ruil vir die ou kerkgebou, wat binne loopafstand van die kerk-gebou van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Outjo geleë was. Die ou gebou sou dan weer as ‘n kerksaal ingerig word. Ten spyte van teenstand deur enkele lidmate van die Hervormde gemeente, onder andere die skriba, ouderling P P H Alberts, het Kálmán II die gemeente oorreed om die aanbod te aanvaar en die transaksie is kort daarna beklink. Die kerkgebou wat die Hervormde gemeente toegeval het, was nog redelik nuut en in ‘n baie goeie toestand, en die transaksie het die gemeente nie veel uit die sak gejaag nie.

Die gemeente Outjo het hulle *nuwe* kerkgebou gedurende Mei 1983, kort ná die 60ste Algemene Kerkvergadering, in gebruik geneem. Volgens 'n berig in *Die Hervormer* van Augustus 1983 het Kálmán II op Saterdag 21 Mei 'n gedenksteen onthul, en het die destydse voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, professor J P Oberholzer, en die destydse Administrateur van die Kerk, meneer A B van N Herbst, én hulle gades, die ingebruikneming bygewoon. Kálmán II het op dieselfde dag die voor-bereidingsdiens gelei en Oberholzer die nagmaaldiens op Sondag 22 Mei. Na afloop van die nagmaaldiens is daar van Kálmán II afskeid geneem. Diaken

H J Bester van die gemeente Outjo berig soos volg daaroor in dieselfde berig in *Die Hervormer*:

> Na afloop daarvan [die nagmaaldiens] is 'n afskeidswoord aan ds. Papp deur ouderling P. van der Merwe gerig. Hy het gemeld dat ten spyte van duisende rande aan reiskoste en duisende kilometer wat ds. Papp per vliegtuig en per motor afgelê het, het hy ons gemeente ongeveer 90 keer besoek en was hy ongeveer 450 dae van sy eie huis en gemeente afwesig. Ds. K. Papp (jr.) het egter sy vader se pligte verlig deur ons gemeente ook periodiek te besoek.
>
> (*Die Hervormer* 1983:8)

Daar dien gemeld te word dat die eerste erediens van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Outjo in die nuwe kerkgebou reeds voor die ingebruikneming daarvan, op 19 September 1982, deur Kálmán III gelei is (vgl *Die Hervormer* 1982:12). Nadat Kálmán II se dienste in Outjo aan 'n einde gekom het, is die gemeente deur dominee P J van der Merwe, polisiekapelaan te Otjiwarongo, bearbei.

Kálmán II het Oberholzer en Herbst en hulle gades na hierdie feestelike naweek vir ‘n paar dae na die Etosha wildtuin geneem (vgl Papp, W 1980-1984:97-100). ‘n Afskrif van ‘n brief van Herbst, gedateer 6 Junie 1983, waarin hy Kálmán II bedank “vir die hartlike, vriendelike en gasvrye behandeling” wat hy en sy vrou tydens hulle besoek aan Outjo en die wildtuin ontvang het, kan in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3). Kálmán II het dus binne die bestek van vyf jaar twee kerkgeboue ingewy. Behalwe vir die kerksaal in sy eie gemeente, was dit die enigste geboue wat hy in sy bedieningstyd ingewy het.

### 5.6.4.7 Betrokkenheid by die 1983 Bybelfees

Nadat Kálmán II en Mieke in Julie 1983 ‘n paar dae by Kálmán III en Yolanda

in Nelspruit deurgebring het, het Kálmán II hard begin voorberei aan sy deelname aan die 1983 Bybelfees (vgl Papp, W 1980-1984:109). Hierdie fees is deur die gemeentes van die drie Afrikaanse Susterkerke op Krugersdorp gereël om die vyftigjarige bestaan van die Afrikaanse Bybel te vier, en het by die Paardekraal feesterrein op die dorp plaasgevind op 28 Augustus 1983. Die gemeentes wat aan die fees deelgeneem het, het hulle oggenddienste op dié dag afgestel en hulle lidmate opgeroep om die feesdiens, gelei deur professor J L Helberg van die Gereformeerde Kerke, by te woon. Kálmán II het voor die erediens 'n lesing oor die geskiedenis van die Bybel gehou en ook 'n reuse aandeel gehad in 'n Bybeluitstalling wat tussen 20 Augustus en 5 September in die Stadsbiblioteek gehou is. 'n Eksemplaar van die feesprogram kan in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3). Die notule van die vergadering van die kerkraad van die gemeente Krugersdorp van 23 September 1983 meld dat die Bybelfees 'n groot sukses was en dat Kálmán II se uitstalling in die biblioteek " ... besonderse waardering uitgelok het" (NHK Argief G18 1/2/5).

Volgens Mieke se dagboek is Kálmán II gedurende September 1983 vir die eerste keer benoem as lid van die Direksie van die Kinderhuise (vgl Papp, W 1980-1984:114). Vir Kálmán II was dit vreemd dat die kerk hom nie reeds vroeër betrek het nie, aangesien die Jac van Belkum Kinderhuis by tye ook deel van sy gemeente was. Netso vreemd was die feit dat hy nooit in die Raad vir Kategese of die direksie van die MEI benoem is nie. Hy was immers altyd intens betrokke by hierdie sake (vgl Papp, W 1980-1984:114). Volgens Kálmán II was dit onwys van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering dat hulle hom nie beter in die belang van die kerk benut het nie.

#### 5.6.4.8 'n Tweede besoek uit Duitsland

Op 6 Oktober 1983 arriveer Wolfgang en Christel Hansske vanuit Duitsland vir hulle tweede besoek aan Suid-Afrika, en op 13 Oktober vertrek hulle saam met Kálmán II en Mieke op 'n uitgebreide toer van twee weke deur die Kaapprovinsie. Hulle het via die destydse Verwoerddam, Grahamstad, Jeffreysbaai, Knysna en Oudtshoorn, waar hulle die Kangogrotte besoek het,

na die Kaapse Skiereiland gereis. Nadat hulle talle besienswaardighede in en rondom Kaapstad en Stellenbosch besoek het, het hulle via Hermanus en Graaf-Reinet teruggekeer. Die Hansskes is op 28 Oktober 1983 terug na Duitsland (vgl Papp, W 1980-1984:110-113).

Kort na hulle terugkeer uit die Kaap, waarskynlik op Hervormingsdag, Maandag 31 Oktober 1983, het Kálmán II 'n lesing oor Martin Luther gehou vir die predikante van die ring van Krugersdorp. Lidmate van die gemeentes in die ring is ook genooi om dit by te woon. Soos gewoonlik het hy sy lesing verryk met verskeie skyfies en foto's, en dit het volgens Mieke se dagboek groot byval gevind (vgl Papp, W 1980-1984:113).

#### 5.6.4.9 Huweliksbevestiging van jongste dogter

Op 17 Desember 1983 bevestig Kálmán II sy jongste dogter, Iemke (Irma Anastasia), met Andries Eric Willemse, 'n onderwyser en seun van Antonie Johannes en Anna Catharina (née Bothma) Willemse van Brits. Die huweliksbevestiging het in die kerkgebou van die gemeente Krugersdorp plaasgevind (vgl Papp, W 1980-1984:117). Kálmán II en Mieke se oudste dogter, Saskia, is nooit getroud nie.

#### 5.6.4.10 Agteruitgang van die gemeente Krugersdorp

Mieke word aan die begin van 1984 aangestel as orrelis van die gemeente Krugersdorp-Noord nadat die vorige orrelis bedank het (vgl Papp, W 1980-1984:119). Van dié tyd af sou sy dus gelyktydig orrelis van twee gemeentes wees. Vanaf September sou sy ook die administratiewe beampte van die gemeente Krugersdorp word ná die bedanking van die administratiewe beampte wat deur die gemeentes Krugersdorp en Krugersdorp-Noord gedeel is (vgl NHK Argief G18 1/2/5). Die gemeentevergadering van die gemeente Krugersdorp verneem tydens sy vergadering van 15 Januarie 1984 dat die herstelwerk aan die kerkdak byna afgehandel is en dat daar binnekort aandag aan die plaveisel om die kerkgebou gegee sal word (vgl NHK Argief G18 1/1/7).

Tydens die vergadering van 26 Maart 1984 neem die kerkraad van die gemeente Krugersdorp daarvan kennis dat die lidmaattal van die

gemeente aansienlik afgeneem het sedert die vorige jaar en dat dit wyte is aan die feit dat baie lidmate na nuwe uitbreidings in die dorp verhuis het (vgl NHK Argief G18 1/2/5). Tydens 'n visitasievergadering by die gemeente Krugersdorp aan die einde van die jaar, op 15 November 1984, neem die ringskommissie ook met kommer kennis van die dalende lidmaattal en die tekort aan jongmense en kerkraadslede (vgl NHK Argief R18 1/1/3). Dit sou die eerste tekens wees van 'n geleidelike vermindering van lidmate en die gevolglike afname van die finansiële vermoë van die gemeente. Desnieteenstaande besluit die kerkraad tydens die vergadering van 26 Maart om die pastorie aan die buitekant te laat verf. Tydens die vergadering van 10 Julie 1984 word daar verder besluit om 'n kwotasie, in die bedrag van R12 826.00, te aanvaar vir die plaveiwerk om die kerkgebou en die lone van die gemeente se werknemers met 15% te verhoog (vgl NHK Argief G18 1/2/5).

**5.6.4.11 Vierde familiebesoek uit Nederland**

Aan die begin van Maart 1984 arriveer Mieke se oudste suster, Ina, en 'n vriendin, in Suid-Afrika vir Ina se derde besoek aan die land. Mieke het hulle later in dieselfde maand op 'n kort vakansie na die Krugerwildtuin geneem. Hulle het by dié geleentheid by Kálmán III en Yolanda in Nelspruit aangegaan en 'n besoek aan die Blyderivierspoort en 'n aantal ander besienswaardighede in die destydse Oos-Transvaal gebring. Ina en haar vriendin het daarna nog twee weke by Kálmán II en Mieke in Krugersdorp deurgebring. Hulle is gedurende Mei terug na Nederland (vgl Papp, W 1980-1984:129). Hierdie sou Ina se laaste besoek aan haar suster in Suid-Afrika wees.

**5.6.4.12 Sestigste verjaardag**

Op Woensdag 2 Mei 1984 vier Kálmán II, Mieke, hulle kinders en kleinkinders, Kálmán II se 60ste verjaardag feestelik by die pastorie van die gemeente Florida, waar Wilfried toe predikant was. Mieke het 'n kostelike gedig oor Kálmán II vir hierdie geleentheid geskryf, en Kálmán III het dit tot groot vermaak van almal voorgelees. Daarin is daar op 'n gesonde maar tipiese Nederlandse wyse met Kálmán II die draak gesteek, maar ook aan

hom hulde gebring vir sy onmisbare rol in almal se lewens. Die oorspronklike gedig kan in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3). Op Vrydag 4 Mei is Kálmán II se verjaardag deur die kerkraad en susters-vereniging van die gemeente gevier met 'n groot braaivleis by die pastorie. Op 3 Mei 1984, die dag tussen hierdie twee feestelikhede, woon Kálmán II in Pretoria die begrafnisdiens by van wyle professor A van Selms, een van sy voormalige leermeesters en mentors (vgl Papp, W 1980-1984:125).

Op Pinkstersondag (10 Junie) van 1984 neem die gemeente Krugersdorp die Nuwe Vertaling van die Afrikaanse Bybel feestelik in gebruik tydens die oggenderediens (vgl NHK Argief G18 1/2/5). Vir Kálmán II was dit geen probleem om aan die Nuwe Vertaling gewoond te raak nie, ten spyte van die feit dat die ou vertalings van 1933 en 1953 nader was aan die Nederlandse vertaling, wat die eerste Germaanse Bybelvertaling was waar-mee hy kennis gemaak het. Kálmán II was in elk geval deurgaans 'n baie aanpasbare mens en het nooit moeite gehad om aan te pas by veranderde omstandighede in sy lewe of in die kerk nie. In dieselfde maand verneem Kálmán II dat sy broer en suster in Hongarye beplan om in Oktober na Suid-Afrika te kom, en begin hy dadelik met die beplanning van hulle program (vgl Papp, W 1980-1984:131). Tydens die kerkraadsvergadering van 10 Julie 1984 staan die kerkraad van die gemeente Krugersdorp verlof aan Kálmán II en Mieke toe vir die tydperk 8 Oktober tot 4 November 1984 sodat hulle volle aandag aan hulle gaste kan gee (vgl NHK Argief G18 1/2/5).

Intussen het Kálmán II 'n nuwe kleurvergroter vir sy donkerkamer en 'n 800mm lens vir een van sy kameras aangeskaf, en ook 'n boorgat laat sink by hulle huis in Kenmare. In dié tyd het Wilfried en Elna aangekondig dat hulle tweede spruit op pad was (vgl Papp, W 1980-1984:133-136).

### 5.6.4.13 Tweede familiebesoek uit Hongarye

Kálmán II se broer, doktor Zoltán Papp, en suster, Katalin Gupcsó, kom op Donderdag 4 Oktober 1984 in Suid-Afrika aan (vgl Papp, W 1980-1984:133-136). Hy het sy broer laas in 1970 gesien toe dié op besoek aan Suid-Afrika was, maar sy suster het hy in 1946 laas gesien, toe sy maar vyftien jaar oud

was - dus agt-en-dertig jaar tevore. Die herontmoeting was uit die aard van die saak vir almal ‘n baie emosionele ervaring. Kálmán II het sy broer en suster op die dag na hulle aankoms na ‘n klerewinkel geneem en hulle volledig uitgerus met alles wat hulle nodig gehad het. In Hongarye het hulle dit in daardie stadium onder die kommunistiese bewind nie so maklik gehad nie en maar ‘n armsalige bestaan gevoer.

Nadat hulle by verskeie Hongare in en rondom Krugersdorp gekuier het, onder andere by hulle halfniggie, Juliska Gallasz, en haar man Gusztav, wat steeds by Silver Stream Mushrooms in Sandton werksaam was, het Kálmán II en sy broer en suster op 8 Oktober vertrek op ‘n toer deur die land. Hulle het in die destydse Oos-Tranvaalse Laeveld begin waar hulle vir twee nagte by Kálmán III en Yolanda oornag het. Na ‘n besoek aan al die bekende besienswaardighede in Oos-Transvaal, het hulle na die destydse Natal gereis en ‘n paar dae in Umhlanga Rocks deurgebring. Vandaar is hulle via die Drakensberge, waar Mieke en Saskia by hulle aangesluit het, na die Oos- en Wes-Kaap, waar hulle ‘n aantal dae deurgebring het. Mieke en Saskia is op 24 Oktober terug na Krugersdorp, maar Kálmán II en sy gaste het nog ‘n paar dae in die Kaap agtergebly en die hele Kaapse Skiereiland deurreis en eers weer op 28 Oktober in Krugersdorp aangekom. Nadat hulle in die laaste week van hulle besoek by Kálmán II en Mieke se kinders in Florida, Brits en Pretoria gekuier het, en vanuit Krugersdorp talle besiens-waardighede in en rondom Pretoria en Johannesburg besoek het, is Zoltán en Katalin op Sondag 4 November terug na Hongarye (vgl Papp, W 1980-1984:138-141). Die afskeid was traumaties, aangesien daar op daardie tydstip deur Kálmán II en sy broer en suster aanvaar is dat dit die laaste keer was dat hulle mekaar sou sien. Gelukkig sou die politieke omstandighede in Hongarye in die komende jare sodanig verander, dat Kálmán II in 1997, 2000 en 2008, sonder vrees vir vervolging drie besoeke aan Hongarye kon bring. Hierby word daar later in hierdie studie teruggekom.

#### 5.6.4.14 Betrokkenheid by Paardekraal Geloftefees van 1984

Kálmán II het reeds in Desember 1951 sy eerste Geloftefees op Paardekraal in Krugersdorp bygewoon en is in 1955 vir die eerste keer verkies tot die

Feeskommissie en sy Uitvoerende Raad, die Geloftekeeskomitee. Sedertdien was hy tot en met sy aftrede in 1991, onafgebroke ‘n lid daarvan. In 1983 is hy verkies tot voorsitter van die Geloftefeeskomitee. Wat hierdie gebeurtenis merkwaardig gemaak het, was die feit dat ‘n vorige Geloftefeeskomitee, volgens Kálmán II, besluit het dat slegs gebore Afrikaners voorsitter van die Geloftefeeskomitee kon word. Kálmán II het dus die eerste immigrant geword wat hierdie eer te beurt geval het. Dit was vir hom ‘n groot eer en die bevestiging daarvan dat hy, wat vroeër maar met agterdog bejeën is vanweë sy herkoms, in die Afrikanergemeenskap volledig aanvaar is as ‘n mede-Afrikaner. As nuwe voorsitter van die Geloftefeeskomitee was die Geloftefees van 1984 dus nou grotendeels sy verantwoordelikheid.

Volgens die amptelike program van die Geloftefees van 1984, waarvan ‘n eksemplaar in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind kan word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3), het Kálmán II nie self by die fees opgetree nie, behalwe om as voorsitter al die verrigtinge te lei en die afsluiting waar te neem. Die Geloftediens is gelei deur professor J J de Klerk van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die feesboodskap is gelewer deur doktor E H (Rina) Venter, voormalige president van die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie en ‘n latere Minister van Gesondheid van die Republiek van Suid-Afrika. ‘n Kragtige boodskap van Kálmán II is egter wel in die feesprogram opgeneem. Dit lui soos volg:

> Op 1 Desember 1891 skryf *Een Burger* in *De Volkstem* die volgende brief:
>
> 'Zien wy rondom ons, dan vinden wy ons ondermynd door rusteloze vyanden die loeren op ons verderf als Natie, en wyzelf, wy houden onze eenige sterkte, onze oude zinspreuk *Eendracht maakt Magt* niet in stand. Integendeel, wy zelf werken het hardst voor onze belagers en sterken hun handen door onderlinge verdeeldheid in het eenre, door slapheid en onverschilligheid in het andere.'
>
> Verdeeldheid, slapheid en onverskilligheid is nou nog, amper honderd jaar later, gevaarlike verskynsels in ons

> volkslewe. Die onbekende *Burger* het die hoop uitgespreek dat by Paardekraal 'op het eendrachtsfees' die onderlinge verskille verdwyn en in die plek van slapheid en onverskilligheid nuwe erns en besieling kom om die toekoms te bou. Dit is ook ons wens en bede. Laat ons dan by Paardekraal, terwyl ons met dankbaarheid en in die besef van ons afhanklikheid van die Allerhoogste, Sy redding en genade in gedagtenis roep, opnuut verseker word, dat waar eenheid in liefde, eenheid in geloof, eenheid in doel heers, daar geen vrees vir die toekoms behoort te wees nie.
>
> (Paardekraal Geloftefeeskomitee 1984:4)

Kálmán II het in November van dieselfde jaar namens die Geloftefeeskomitee ‘n klein replika van die Paardekraal Monument tydens ‘n vergadering van die Stadsraad aan die burgemeester van Krugersdorp, meneer R Martin, oorhandig as blyk van waardering vir die Stadsraad se steun aan die Geloftefeeskomitee oor die jare heen. ‘n Berig en foto oor hierdie geleentheid het op 2 November 1984 in die *Krugersdorp News/Nuus* verskyn (vgl Krugersdorp News/Nuus, bl 45) en ‘n uitknipsel daarvan kan in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3).

Tydens sy vergadering van 8 Februarie 1985 word Kálmán II deur die kerkraad van die gemeente Krugersdorp bedank vir die twee nuwe Psalm- en Gesangborde wat hy gedurende Desember 1984 vir die kerkgebou vervaardig het (vgl NHK Argief G18 1/2/5). Hierdie borde, wat uit hout vervaardig is en esteties netjies inpas by die argitektuur van die kerkgebou, is voorbeelde van Kálmán II se kunssinnigheid en puik vakmanskap, en pryk nog steeds in die imposante kerkgebou van die gemeente Krugersdorp.

#### 5.6.4.15 Drie verliese in vier maande

Mieke se dagboek meld dat professor en mevrou A S Geyser op 27 Desember 1984 by hulle gekuier en aandete geniet het, en dat sy en

Kálmán II weer op 22 Februarie 1985 by die Geysers gaan kuier en eet het (vgl Papp, W 1980-1984:147 en 1985:8). Hieruit blyk dit dat Kálmán II tog nog kontak met professor Geyser behou het, maar dit was duidelik nie baie gereeld nie. Kálmán II het later in die jaar, toe Geyser oorlede is, as een van die draers opgetree by sy begrafnis op 14 Junie 1985 vanuit die kerkgebou van die Nederlandssprekende gemeente in Johannesburg. Die begrafnisdiens is gelei deur dominee J J Coetzee, voormalige predikant van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Randburg en toe predikant van die Presbiteriaanse Kerk in Randburg. ‘n Aantal predikante en voormalige predikante van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika het ook die begrafnis bygewoon.

Op 12 Maart 1985 sterf Jószef de Szabó, Kálmán II se nie-amptelike ouderling onder die Hongare. Kálmán II het die verassingsdiens op 16 Maart in Hongaars gelei, en die afsluiting is in Engels gedoen deur doktor G J Swart, predikant in besondere diens in die Nederduitse Gereformeerde Kerk met die oog op immigrantebearbeiding, wie se Engelse eredienste De Szabó ook gereeld bygewoon het (vgl Papp, W 1985:10). ’n Klankbandopname van die volledige erediens is aan De Szabó se halfbroer, dokter Ferenz Pongor, in Hongarye gestuur. De Szabó se as is na Hongarye gestuur waar dit in die graf van sy vader, wat die kerkgebou van die Hervormde Gemeente Tisza Földvár opgerig het, begrawe is.

Kálmán II en Mieke hou gedurende April 1985 ‘n kort vakansie by Die Eiland in die destydse Oos-Transvaal en Kálmán II kom daar tot die ontdekking dat hy ‘n liesbreuk opgedoen het. Kort na hulle terugkeer verneem hy dat sy swaer, Mihály Gupscó, in Debrecen oorlede is.

Op 27 April 1985 word Wilfried en Elna se tweede kind, ‘n dogter, in Johannesburg gebore. Sy kry die naam Inge, en was Kálmán II en Mieke se derde kleinkind (vgl Papp, W 1985:15-17). Gedurende Mei 1985 herstel Kálmán II eiehandig sy dogter, Saskia, se klavier, wat in transito van ‘n bakkie afgeval het en erg beskadig is (vgl Papp, W 1985:19).

Op 16 Junie doop Kálmán II sy kleindogter, Inge, in die gemeente Florida, en op 24 Junie ondergaan hy ‘n liesbreukoperasie (vgl Papp, W 1985:17). Op 12 Julie vertrek Mieke na Nederland vir ‘n besoek van vier weke

aan die Wetters (vgl Papp, W 1985:28). Hierdie onbeplande en skielike reis na Nederland was eintlik ‘n ontvlugting vir Mieke, wat as gevolg van intense spanning, wat intussen in Kálmán II en Mieke se lewe ontstaan het, afstand moes neem van haar omstandighede. Dit het hoofsaaklik gesentreer het rondom probleme met hulle jongste seun, Wilfried. Hieroor word later meer gesê.

**5.6.4.16 Halfeeufees van die kerkgebou**

Aangesien die kerkgebou van die gemeente Krugersdorp in 1985 vyftig jaar oud was, het Kálmán besluit dat daar op een of ander wyse fees gevier moet word. Hy was altyd baie gesteld op die herdenking van historiese gebeure, in beide sy persoonlike, maar ook in die kerklike en volkslewe van die Hongare en die Afrikaners. Die kerkraad van die gemeente Krugersdorp het gevolglik tydens sy vergadering van 24 September 1985 besluit om die verjaardag van die kerkgebou aan die einde van die jaar te vier, en hierdie fees het op 1 Desember 1985 plaasgevind. Volgens die notule van die kerkraads-vergadering van 7 November 1985 is daar ‘n gesamentlike erediens vir die gemeentes van die ring gehou waartydens professor A D Pont die prediking waargeneem het. Kálmán II het die hele erediens op klankband vasgelê en dit word tans in sy persoonlik argief bewaar. Nadat daar verversings geniet is, het Kálmán II ‘n vertelling oor die geskiedenis van die oprigting van die kerk-gebou gehou aan die hand van skyfies wat hy spesiaal vir hierdie doel gemaak het (vgl NHK Argief G18 1/2/5). ‘n Foto van die kerk in aanbou, verskyn ook in Kálmán II se gedenkalbum oor die geskiedenis van die gemeente (vgl Papp, K 1991:40).

**5.6.4.17 Betrokkenheid by die nuwe kategesehandleidings van die kerk**

Gedurende November 1985 het Kálmán II op versoek van die Kerklike Instituut vir die Toerusting van Ampsdraers en Lidmate (KITAL) van die Nederduitsch Hervormde Kerk, ‘n hele aantal foto’s gemaak vir die nuwe *Met Hart en Hand* kategesehandleidings van die kerk. Kálmán II het dus steeds voortgegaan om sy fotografiestokperdjie in diens van die kerk aan te wend. In dieselfde maand het hy en Mieke die begrafnis bygewoon van Willie de Beer,

die vader van hulle skoondogter, Elna. De Beer, wat in daardie stadium ‘n vervoerkontrakteur was, is in ‘n padongeluk in die Karoo oorlede en deur sy skoonseun, Wilfried, vanuit die kerkgebou van die gemeente Wapadrant in Pretoria, begrawe (vgl Papp, W 1985:44). Aan die einde van dieselfde maand het Kálmán II en Mieke ook die afskeid van meneer A B van N Herbst, Administrateur van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, in die Burgerspark Hotel in Pretoria bygewoon (vgl Papp, W 1985:46).

**5.6.4.18 Restourasie van die kerkgebou**

Alhoewel dit Kálmán II se oogmerk was dat die kerkgebou, vóór die viering van die vyftigste bestaansjaar daarvan, volledig gerestoureer moes word en van ‘n veiliger omheining voorsien moes word, het hierdie sake eers in 1986 werklik aandag geniet. Die kerkraad van die gemeente Krugersdorp het die Finansiële Komitee reeds in sy vergadering van 7 Februarie opdrag gegee om hierdie sake met die kerkraad van die gemeente Krugersdorp-Noord, wat die mede-eienaars van die kerkgebou was, op te neem (vgl NHK Argief G18 1/2/5). Kálmán II het intussen begin met die ontwerp van die omheining en terselfdertyd begin beplan aan die oprigting van ‘n steenmuur om hulle huis in Kenmare (vgl Papp, W 1986:10). Tydens die kerkraadsvergadering van 24 Maart 1986 word Kálmán II se voorstel en ontwerp van ‘n palisade-omheining van steen en staal goedgekeur (vgl NHK Argief G18 1/2/5). Tydens dieselfde vergadering doen Kálmán II en ouderling I J du Preez verslag oor hulle bywoning van die kerk se Herdenkingsfees van 15 Februarie 1986 op Witfontein, waartydens die 100-jarige voortbestaan van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, ná die mislukte kerkvereniging met die Nederduitse Gereformeerde Kerk (in 1885), gevier is (vgl NHK Argief G18 1/2/5).

Die restourasie van die kerkgebou het op 16 Junie 1986 ’n aanvang geneem (vgl Papp, W 1986:10) en is gedoen deur ‘n firma wat in die restourasie van historiese geboue gespesialiseer het. Alle stukkende dakteëls is vervang, die steenwerk van die kerkgebou is skoongemaak en herstel waar nodig, en die hele kerkgebou is aan die binnekant geverf. Volgens die notule van die kerkraadsvergadering van 24 Junie 1986, het die koste van hierdie werk R20 500.00 beloop, en dit blyk uit die notule van die vergadering

van 21 Oktober dat die werk gedurende September afgehandel was (vgl NHK Argief G18 1/2/5).

**5.6.4.19 Vriendskap met twee Rooms-katolieke nonne**

Gedurende Augustus 1986 ontvang Kálmán II en Mieke 'n besoek van twee Rooms-katolieke nonne van die Rooms-katolieke klooster op Krugersdorp: Ursula, wat van Hongarye afkomstig was, en Bernadette, wat van Ierse herkoms was. Kálmán II het hulle reeds vroeër ontmoet en hulle het gereeld by Kálmán II en Mieke kom kuier. Tydens hierdie besoeke het Kálmán II hulle altyd bederf met heerlike Hongaarse kos en die nonne het dit terdeë geniet. Hulle het Kálmán II en Mieke ook meer as een keer genooi om in die klooster te kom eet, en wanneer dit gebeur het, was daar altyd spesiale kos én wyn op tafel. Die nonne was baie lief vir Kálmán II en het, telkens wanneer hy 'n operasie moes ondergaan, gereël dat daar spesiaal in die klooster vir hom voorbidding gedoen word. Ursula het later die *Mother Superior* van die klooster op Krugersdorp geword (vgl Papp, W 1986:19).

**5.6.4.20 Herdenking van die Hongaarse Rewolusie van 1956**

Gedurende Oktober 1986 het die Hongaarse Vereniging van Suid-Afrika 'n geleentheid in Johannesburg gereël waartydens die Hongaarse gemeenskap die Hongaarse Rewolusie van 1956, waarna vroeër in hierdie studie verwys is, herdenk het. Kálmán II het 'n prominente rol by hierdie geleentheid gespeel. Op versoek van die Hongaarse Vereniging het hy 'n uitgebreide foto-uitstalling saamgestel wat die geskiedenis van Hongarye, veral van die gebeure in Oktober 1956, uitgebeeld het. Hy het ook by die herdenkingsgeleentheid as spreker opgetree en sy toespraak, in Hongaars en Afrikaans - ter wille van die gaste - is op klankband opgeneem en word tans in sy persoonlike argief bewaar (vgl Papp, W 1986:23). Die Afrikaanse gedeelte van sy toespraak is op 2 November 1986 deur die SAUK oor sy Afrikaanse radiosender uitgesaai onder die titel *Die Hongaar: Hom onderkry is min*. Kálmán II het ook dikwels by ander geleenthede lesings, wat telkens met skyfies toegelig was, vir die Hongaarse gemeenskap gehou, byvoorbeeld oor die Franse Hugenote ensovoorts.

### 5.6.4.21 Oprigting van ‘n omheining by die kerkgebou

Gedurende die eerste kwartaal van 1987 het Kálmán II in alle erns aandag begin gee aan die oprigting van die omheining by die kerkgebou. Hy het oral daarvoor gekollekteer en daar is in Mei met die vervaardiging van die staal-panele begin. Die sweiswerk is alles in die kerksaal langs die pastorie gedoen en het tot in Augustus geduur. Aanvanklik het baie lidmate daarmee kom help, maar later het Kálmán II soms vir dae aaneen, en sonder enige hulp, alleen met die werk aangegaan. Daarna is die staalpanele, asook die hekke, met emaljeverf gebak. Tydens sy vergadering van 22 September 1987 keur die kerkraad ‘n oortrekkingsfasiliteit van R20 000.00, wat later per konsistorie-besluit na R25 000.00 verhoog is, goed vir die afhandeling van die projek (vgl NHK Argief G18 1/2/5). Die fondasies is gedurende Oktober gegrawe en die steenwerk is daarna deur ‘n kontrakteur gedoen en was teen die einde van die jaar afgehandel. Terwyl die oprigting van die omheining by die kerkgebou aan die gang was, het Kálmán II tegelykertyd ‘n steenmuur om hulle woon-huis in Kenmare laat oprig. Hy het reeds in die vorige jaar ook ‘n addisionele motorafdak laat oprig. As gevolg van al die fisiese werk het sy rug hom in hierdie tyd toenemend probleme begin gee (vgl Papp, W 1987:12).

Tydens die Eeufees van Krugersdorp - wat op 26 April 1887 gestig is (vgl Papp, K 1991:7) - gedurende April 1987, het Kálmán II ‘n uitstalling van unieke dokumente en foto’s oor die geskiedenis van dié dorp in die banket-saal van die stadsaal gehou. Hy het hierdie artikels met verloop van jare versamel tydens sy navorsing oor die geskiedenis van die gemeente Krugersdorp en die geskiedenis van die Paardekraalgelofte. ‘n Foto van hierdie uitstalling, waarop Kálmán II en die destydse burgemeester van Krugersdorp, meneer Gert Visser, verskyn, is op 7 Mei 1987 in die *Wes-Rand-bylae by Die Vaderland* (dagblad) geplaas en ‘n uitknipsel daarvan kan in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3).

Tydens sy vergadering van 21 Mei 1987 besluit die kerkraad van die gemeente Krugersdorp om deel te neem aan die dorp se maandelikse straatmark, en tydens die vergadering van 22 September 1987 word daar ook besluit om deel te neem aan ‘n nagmark op 27 Oktober 1987 (vgl NHK Argief

G18 1/2/5). Hiermee is daar fondse ingesamel vir skulddelging en die herstel van die kussings op die kerkbanke.

Kálmán II se liefde vir vuurwapens het intussen voortgeduur, en gedurende September 1987 skaf hy sy veertiende wapen aan - hierdie keer ‘n .357 Magnum Colt rewolwer (vgl Papp, W 1987:22). In die volgende maand neem hy ‘n aantal foto’s van die unieke motorversameling van meneer Danie Paulis, ‘n voormalige lidmaat van sy gemeente (vgl Papp, W 1987:25). Kálmán II het dus, sy besige program ten spyt, steeds voortgegaan met sy stokperdjies. Vanaf 10 tot 25 November 1987 hou Kálmán II en Mieke saam met hulle seun, Wilfried, en kleinseun, Emil, vakansie in Paulis se woonstel in Plettenbergbaai aan die Kaapse Suidkus (vgl Papp, W 1987:30).

**5.6.4.22 Die terugslag van 1987/8**

Daar is vroeër daarna verwys dat Kálmán II en Mieke se derde en jongste seun, Wilfried, teen die advies van beroepsvoorligters in, besluit het om predikant te word. Alhoewel hy reeds in 1981 tydens sy nasionale diensplig tekens van moeite met die predikantswerk begin toon het, het dit eers in 1983 in die gemeente Florida werklik aan die lig gekom. As gevolg van spanning wat met die voorbereiding van preke en die hantering van lidmate en hulle probleme gepaard gegaan het, het hy sy ontvlugting in sy rekenaar begin soek, en met verloop van tyd ‘n slaaf daarvan geword. Dit het uit die aard van die saak gelei tot die verwaarlosing van die gemeente en sy gesin. Volgens Mieke se dagboek het sy vrou, Elna, wat ook moeite met haar rol as predikantsvrou ervaar het, dikwels gekla dat Wilfried se rekenaar hom heeltemal in beslag geneem het (vgl Papp, W 1980-1984: 92 en 114, en 1985:37). Hy het ook by tye te veel alkohol gebruik, en sy gesondheid het agteruit begin gaan. Dit is bevestig deur kroniese hoofpyne en stelselmatige gewigsverlies (vgl Papp, W 1980-1984:95). Intussen het hy ook met talle lidmate in die gemeente in konflik gekom oor teologiese en kerklike sake en met verloop van tyd al hoe meer verward begin raak. Dít, en dieselfde verwarring by sy vrou, Elna, én sy broer en skoonsuster, Zoltán en Margarete, met wie hy gereeld kontak gehad het, het hom uiteindelik in ‘n geloofskrisis laat beland en laat voel dat hy besig was om ‘n leuen te leef (vgl Papp, W 1987:5).

Wilfried het waarskynlik vroeg reeds besef dat hy een of ander tyd die bediening sou moes verlaat. Hierdie gevolgtrekking het waarskynlik daartoe gelei dat hy in 1985 met studie in Arabies by die destydse Randse Afrikaanse Universiteit in Johannesburg begin het, en ook die voorneme uitgespreek het om met sy doktorale studie in Godsdienswetenskap te begin (vgl Papp, W 1985:3), sodat hy 'n loopbaan in die akademie kon volg. Hy het aanvanklik goed presteer en gou 'n navorsingsassistent geword, maar nie oor die tyd of selfdissipline beskik om verder as een kursus te vorder nie. Intussen het sy verslaafdheid aan sy rekenaar, sy konflikte met lidmate, sy drankmisbruik, en finansiële probleme as gevolg van onoordeelkundige spandering en motorongelukke waarin hy betrokke was, daartoe gelei dat hy gedurende Maart 1987 'n senuwee-ineenstorting gehad het (vgl Papp, W 1987:5). Psigiatriese behandeling het nie veel resultate opgelewer nie en Wilfried het steeds meer begin drink. Sy vrou het uiteindelik by hom daarop aangedring dat hy as predikant moet bedank. Indien hy dit nie sou doen nie, sou sy hom verlaat en 'n egskeiding aanvra (vgl Papp, W 1987:18 en 20). Pogings van Kálmán II en Mieke om Wilfried te laat opneem vir behandeling, het op niks uitgeloop nie. Hy het volstrek geweier en halsstarrig bly vashou aan sy amp, ten spyte van die feit dat hy intussen ook by die ringskommissie verkla is, omdat hy sy werk afgeskeep het (vgl Papp, W 1987:35-40).

Tydens die ses weke siekteverlof wat aan die einde van 1987 aan hom toegestaan is, het Wilfried verskeie mediese toetse ondergaan, maar die diagnose was telkens dat hy slegs aan geweldige spanning lei (vgl Papp, W 1987:38). Gedurende hierdie tyd het hy die dagvaarding om 'n egskeiding ontvang en besef dat hy sy amp sou moes neerlê (vgl Papp, W 1987:37). Dit was in daardie tyd 'n ongeskrewe reël in die kerk dat 'n predikant wat skei uit die amp moes bedank. Wilfried het gevolglik kort daarna as predikant bedank en op 24 Januarie 1988 van die gemeente Florida afskeid geneem (vgl Papp, W 1988:1-2). Vir almal wat daarby betrokke was, maar veral vir Kálmán II en Mieke, was dit 'n baie traumatiese gebeurtenis. Die egskeiding is op 16 Februarie 1988 voltrek en Wilfried het op 1 Maart 1988, deur die bemiddeling van meneer Wynand Harmse, die destydse direkteur-generaal van die SAUK en 'n lidmaat van die gemeente Florida, by die SAUK begin werk.

### 5.6.4.23 Pastorale hulp in die gemeente

Aan die begin van 1988 ontvang Kálmán II heelwat verligting van sy werkslas met die aanwysing van dominee Jan (J H) Breytenbach as pastorale hulp in die ring en gemeente Krugersdorp. Breytenbach, 'n vorige predikant van die gemeente Krugersdorp-Oos, was in daardie tyd kapelaan van die Suid-Afrikaanse Polisie aan die Wesrand en pastorale hulp in die gemeente Tarlton. Laasgenoemde gemeente het besluit om 'n eie predikant te beroep en Breytenbach is toe gevra om in die ring en gemeente Krugersdorp hulp te verleen. Volgens die notule van die kerkraadsvergadering van die gemeente Krugersdorp van 26 Januarie 1988, was Breytenbach verantwoordelik vir een erediens per maand en huisbesoek by vyf-en-sewentig besoekpunte per jaar in die gemeente Krugersdorp, en een erediens per maand in die ander gemeentes van die ring. Elke gemeente in die ring het R150.00 per maand vir hierdie dienswerk bygedra (vgl NHK Argief G18 1/2/5). Kálmán II het kort hierna met groot ywer begin werk aan die versameling van stof vir sy gedenk-album oor die geskiedenis van die gemeente Krugersdorp (vgl Papp, W 1988:16).

Op 8 Maart 1988 word Mieke deur Christel, die vrou van Wolfgang Hansske, in kennis gestel dat haar man in Duitsland oorlede is, en twee dae later nooi sy Mieke vir 'n besoek aan Duitsland. Mieke het die uitnodiging aanvaar en gedurende September van dieselfde jaar vir vier weke by Christel in Duitsland gaan kuier (vgl Papp, W 1988:5 en 22-24).

Die gemeente Krugersdorp het 1987 met 'n tekort van R409.56 en 'n bankoortrekking van R19 000.00 afgesluit. In die lig hiervan kon daar nie voldoen word aan 'n versoek van die gemeente Krugersdorp-Noord vir hulp met die oprigting van 'n kategesekompleks by die kerkgebou nie. Die kerk-raad se besluit lui soos volg: "Ons het begrip vir die noodsaaklikheid van die projek maar weens die swak finansiële posisie kan ons op die huidige tydstip nie die gemeente belas met so 'n groot uitgawe nie" (NHK Argief G18 1/2/5).

### 5.6.4.24 'n Besoek uit die Verenigde State van Amerika

'n Week nadat Kálmán II 'n uitstalling van sy Bybelse posseëlversameling by die Hongaarse Klub in Johannesburg gehou het, arriveer drie lidmate van die

Hongaarse Hervormde Kerk van Amerika op 14 Julie 1988 in Suid-Afrika met die doel om die Hongaarse gemeenskap in Suid-Afrika te kom besoek (vgl Papp, W 1988:17). Hulle was ‘n professor László Medyesy, dominee Sándor Havadtöy en ouderling Ernö Nyaradi, wat hulle besoek reeds vroeër vanuit Amerika aangekondig het en Kálmán II versoek het om hulle met verblyf en enkele ander reëlings by te staan. Havadtöy het in die tyd van die kommunistiese bewind in Hongarye die kortgolfuitsendings van eredienste na Hongarye waargeneem. Nyaradi het ‘n groot elektroniese onderneming in Amerika bedryf, waarvan daar ook ‘n tak naby Budapest was, en was ‘n welvarende sakeman. Hy het vir die koste van die hele reis ingestaan. Nadat Kálmán II hulle vertel het van die gebeure in die Bükkberge in 1946, het Havadtöy hom meegedeel dat hy jare gelede teenwoordig was by ‘n gesprek waartydens professor László Pap, die bekende Ou Testamentikus van Budapest, aan professor Karl Barth vertel het van ‘n Hongaarse teologiestudent wat Russe doodgeskiet het. Havadtöy het egter nie in daardie stadium geweet dat dit Kálmán II was van wie hulle gepraat het nie. Havadtöy het tydens hulle besoek aan Suid-Afrika ‘n erediens vir die Hongare gelei en Kálmán II het hom en Nyaradi op ‘n besoek aan die Nasionale Krugerwildtuin geneem terwyl Medyesy ‘n besoek aan die Victoria watervalle in Zimbabwe gebring het.

### 5.6.4.25 Die terugslae van 1988/9

Mieke het reeds in 1986 opgemerk dat daar iets in die verhouding tussen Kálmán III en Yolanda geskort het (vgl Papp, W 1986:30). Op haar navraag aan die einde van 1987, het Kálmán III erken dat hulle huweliksprobleme ervaar en dat dit waarskynlik op ‘n egskeiding gaan uitloop. Hy en Yolanda het in twee verskillende rigtings begin groei en hulle doelwitte vir die toekoms was nie meer dieselfde nie. Kálmán III het Mieke, in die lig van Wilfried se probleme, versoek om voorlopig nie met Kálmán II daaroor te praat nie. Hy was daarvan bewus dat Kálmán II dit reeds vir ‘n geruime tyd oorweeg het om te emeriteer en wou die saak uitstel totdat Kálmán II afgetree het. Toe Kálmán II egter laat blyk het dat hy eers aan die einde van 1991 gaan emeriteer, het Kálmán III Mieke in Mei 1988 versoek om Kálmán II oor hulle situa-

sie in te lig. Kálmán II was uit die aard van die saak erg ontsteld toe hy die nuus verneem (vgl Papp, W 1988:12-13). Aangesien niemand druk op hulle geplaas het nie, kon Kálmán III en Yolanda hulle persoonlike en gemeentelike sake rustig in plek kry voordat hulle tot die egskeiding oorgegaan het.

Nadat sy dit met Yolanda en Kálmán III bespreek het, het Mieke in Julie 1988 by die Amerikaanse Hongare navraag gedoen oor die moontlikheid van ‘n beurs vir Yolanda vir verdere studie in Amerika, in die hoop dat 'n tydelike skeiding tussen hulle dalk nuwe moontlikhede tot versoening sou bied (vgl Papp, W 1988:19). Yolanda was in daardie stadium reeds ver gevorderd met haar doktorale studie in Praktiese Teologie aan die Universiteit van Pretoria. Havadtöy het onderneem om iets vir Yolanda te bewerkstellig, en sy moeite het uiteindelik daartoe gelei dat sy in April 1989 ‘n beurs ontvang het om vanaf September 1989 vir ‘n jaar in Princeton te gaan studeer.

Tydens Mieke se besoek aan Christel Hansske in Duitsland vanaf 2 September tot 14 Oktober 1988, het Kálmán II haar in kennis gestel dat sy moeder, Mária Papp (née Bogdányi) op 12 September in die ouderdom van 85 jaar in Debrecen aan ‘n hartaanval oorlede is. ‘n Eksemplaar van die amptelike kennisgewing van haar dood kan in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3). Kálmán II wou nie die risiko loop om na Hongarye te gaan nie en kon sy moeder se begrafnis gevolglik nie bywoon nie. Terwyl sy nog in Duitsland was, het Kálmán II Mieke ook meegedeel dat hulle seun Wilfried, wat sedert sy vertrek uit Florida by Kálmán II en Mieke ingewoon het, in ‘n kliniek opgeneem is vir behandeling vir depressie en spanning. Volgens Mieke se dagboek het Wilfried sy nuwe werk te veeleisend gevind en geen bevrediging daaruit geput nie. Hy het steeds te veel gedrink en sy gewese vrou het gedreig dat sy hom toegang tot die kinders sal belet as hy nie ophou nie (vgl Papp, W 1988:4, 8, 20 en 23).

Op 31 Oktober 1988 woon Kálmán II, Mieke, Kálmán III en Yolanda in Potchefstroom die begrafnisdiens van doktor J G M Dreyer, die tweelingbroer van Yolanda se grootvader aan vaderskant by (vgl Papp, W 1988:24). Daar is reeds vroeër in hierdie studie verwys na die band wat Kálmán II en Mieke sedert 1951 met die Dreyers gehad het. Twee dae later verneem

Kálmán II en Mieke ook dat Antonie Willemse, die skoonvader van hulle dogter, Iemke, in sy slaap oorlede is. Hulle het sy begrafnisdiens op 4 November in Brits bygewoon (vgl Papp, W 1988:26-27). ‘n Maand later, op 4 Desember 1988, doop Kálmán II Iemke en Eric se eerstelingseun, Eric, wat op 6 Augustus 1988 in Brits gebore is, in die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Brits, waar Iemke en Eric toe lidmate was (vgl Papp, W 1988:30).

Op 17 Desember 1988 word Zoltán en Margarete se tweede kind, Zoltán, in Pretoria gebore (vgl Papp, W 1988:30). Ook hy, wat Kálmán II en Mieke se vyfde kleinkind was, is net soos sy suster, Gizela, nie deur sy ouers ten doop gehou nie.

Gedurende die laaste twee weke van Maart 1989 het Kálmán II, wat toe reeds byna vyf-en-sestig jaar oud was, saam met Kálmán III, dominee P M Smith jr van Witrivier, en een van Kálmán III se ouderlinge van die gemeente Nelspruit, George Breytenbach, vir tien dae in Hentiesbaai in die destydse Suidwes-Afrika gaan hengel. Hierdie uitstappie, waartydens hulle goed gehengel het, het Kálmán II en Kálmán III, wat beide in daardie stadium baie gespanne was, goed gedoen (vgl Papp, W 1989:5-7). By hulle terugkeer het Kálmán II van Mieke verneem dat Mieke se suster, Lily, op 16 Maart in Nederland aan ‘n beroerte-aanval beswyk het (vgl Papp, W 1989:6). Mieke kon in daardie stadium nie na Nederland reis vir die begrafnis nie.

Vanaf 25 tot 30 Junie 1989 het Kálmán II die 62ste Algemene Kerkvergadering in Pretoria bygewoon. Dit was die laaste Algemene Kerkvergadering wat hy voor sy aftrede bygewoon het. Vir Kálmán III en Yolanda sou dit ook hulle laaste vergadering saam wees, want skaars ‘n maand later, tydens die kerkraadsvergadering van die gemeente Nelspruit op 7 Augustus 1989, stel Kálmán III die kerkraad amptelik daarvan in kennis dat hy besluit het om met ingang 1 Oktober 1989 van lewenstaat te verander. Yolanda het die kerkraad daarna versoek om haar aan die einde van September 1989 van die gemeente los te maak met die oog op verdere voltydse studie in die buiteland. Kálmán III en Yolanda het ooreengekom dat hulle met die skeisaak sal wag totdat Yolanda uit Amerika teruggekeer het aangesien dit dalk haar beurs in gedrang sou kon bring. Sy het gevolglik nie toe reeds van lewenstaat verander nie en voorlopig haar status as predikant behou. Nadat al die voor-

geskrewe kerklike prosedures nagekom is, het Kálmán III en Yolanda op Sondag 10 September 1989 van die gemeente Nelspruit afskeid geneem. Kálmán II, Mieke en die res van die familie was op Kálmán III en Yolanda se versoek nie teenwoordig nie. Op 19 September 1989 het Kálmán III Yolanda na die Jan Smuts Lughawe geneem en sy het na Amerika vertrek. Kálmán III het reeds in Mei 1989 'n aanbod van die destydse skriba van die gemeente Nelspruit, ouderling C J J G Barnard, aanvaar om vanaf 1 Oktober 1989 by hom te kom werk. Barnard het 'n firma in Nelspruit bedryf wat korttermyn versekeringseise tussen versekeraars en hulle kliënte bemiddel het. Aangesien Kálmán III homself reeds tot hierdie werk verbind het, kon hy nie die aanbod van 'n pos as sekretaris van die skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering oorweeg nie. Hierdie aanbod is op 29 Augustus 1989 deur die Administrateur van die kerk, meneer L de Munnik, en die skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, dominee J C de Lange, aan Kálmán III gemaak.

Op Sondag 6 Augustus 1989 het nog 'n lidmaat van die gemeente, M A (Marius) Venter, wat sy teologiese opleiding aan die einde van die jaar aan die Universiteit van Pretoria sou voltooi, sy proefpreek in die gemeente Krugersdorp gelewer. Marius en sy vrou, Annali, het later goeie vriende van Kálmán III en Leoné geword en Marius was behulpsaam met die taalversorging van hierdie proefskrif.

'n Volgende terugslag vir Kálmán II in die tydperk 1988/9, was toe dominee J H Breytenbach tydens die kerkraadsvergadering van 17 Oktober 1989 bekend gemaak het dat hy tot Streekkapelaan van die SAP bevorder is en aan die begin van 1990 na Johannesburg verplaas word (vgl NHK Argief G18 1/2/5). Kálmán II sou dus vanaf 1 Januarie 1990 sonder 'n pastorale hulp in die gemeente moes klaarkom.

Gedurende November 1989 het Kálmán II voortgegaan met sy navorsing oor die geskiedenis van die gemeente Krugersdorp en onder andere 'n besoek aan Parys, in die destydse Oranje Vrystaat, afgelê by die dogter van dominee J J Kühn, die eerste predikant van die gemeente Krugersdorp. Kühn het vanaf 9 Mei 1909 tot 7 Julie 1913 in die gemeente Krugersdorp gedien (vgl Papp, K 1991:25-29). Kálmán II en Mieke het ook aan die einde

van November 1989 ‘n besoek aan mevrou Bessie Mulder, die weduwee van professor E S Mulder, gebring - op haar tagtigste verjaardag. Kálmán II het gedurende sy studentejare, kort nadat hy in Suid-Afrika aangekom het, by die Mulders gebly toe Voortrekkertehuis vir die universiteitsvakansie gesluit was. Volgens Kálmán II en Mieke was mevrou Mulder baie lief vir hulle en het hulle oor al die jare heen met haar kontak behou (vgl Papp, W 1989:21-22).

Op grond van onvolledige berigte in die media oor die haglike omstandighede in Roemenië gedurende 1989 onder die skrikbewind van die Roemeense dikator, Ceausescu, het Kálmán II aan die einde van 1989 die pen opgeneem en ‘n artikel vir *Die Hervormer* geskryf. Hierdie artikel, wat eers in Maart 1990 gepubliseer is, het die agtergrond van die gebeure volledig uiteengesit en die rol van die Hongaarse Hervormde Kerk in die situasie verduidelik (vgl *Die Hervormer* 1990:3). Meer besonderhede oor die onderdrukking van die Hongaarse Hervormde Kerk in Roemenië, verskyn in ‘n artikel van doktor Alexander Havadtöy, met die titel *The oppression of the Hungarian Reformed Church in Romania*, in die tydskrif *Studies on Eastern European Affairs* van die American Foreign Policy Institute (vgl Havadtöy 1986:46-53).

**5.6.4.26 Beplanning van die Eeufees in 1991**

Die kerkraad van die gemeente Krugersdorp besluit tydens sy vergadering van 20 Februarie 1990 om ‘n Eeufeesfonds in die lewe te roep vir die Eeufeesvieringe van die gemeente in 1991. Elke gesin in die gemeente sal versoek word om R100,00 tot die fonds by te dra. Daar word ook besluit om ‘n jagkompetisie en ‘n gholfdag te hou om fondse in te samel, en by die volgende vergadering, op 5 Junie 1990, word daar ook besluit op ‘n worsprojek en ‘n basaar op 27 Oktober of 1 Desember van dieselfde jaar (vgl NHK Argief G18 1/2/5). Intussen gaan Kálmán II voort met sy navorsing oor die geskiedenis van die gemeente. As gevolg van sy besige program wys hy in hierdie tyd ‘n versoek van die Strydenburg-tak van die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie van die hand om hulle Hongaarse aand by te woon (vgl Papp, W 1990:11).

Tydens die 40ste vergadering van die ring van Krugersdorp, wat op 3

en 8 tot 9 Junie in die kerkgebou van die gemeente Noordrand gehou is, word Kálmán II tot voorsitter van die Ringsraad vir Predikante verkies. Geen ander take, uitgesonderd die konsulentsverantwoordelikheid vir die gemeentes Krugersdorp-Wes en Magaliesburg, word aan hom opgedra nie (vgl NHK Argief R18 1/1/1D). Tydens die 41ste vergadering van die ring sou hy weer tot voorsitter van dieselfde ringsraad verkies word en verantwoordelik gestel word vir dieselfde konsulentsgemeentes (vgl NHK Argief R18 1/1/3).

### 5.6.4.27 Amnestie

Op 13 Junie 1990 ontvang Kálmán II 'n geregistreerde brief vanuit Hongarye van sy broer, Zoltán, waarby 'n amptelike verklaring van die Geregshof van die distrik Borsod-Abauj-Zemplén in Miskolc ingesluit was. Hierdie verklaring, waarvan die oorspronklike én 'n vertaling deur Kálmán II in sy persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind kan word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3), lui soos volg:

> Die B.A.Z. Geregshof verklaar op grond van wetsartikel 3,26.1990 op navraag van Dr. Papp Zoltán betreffende Papp Kálmán, aan wie hy verwant is, die volgende:
>
> Papp Kálmán, gebore 1924.05.02 te Mándok, naam van moeder, Bogdányi Mária, is deur die Volksgeregshof van Miskolc in sy afwesigheid op 1948.11.06 - saaknommer NB. 356/1947/14 - vanweë oorlogsmisdade ter dood veroordeel. Hierdie uitspraak moet as nietig beskou word op grond van wetsartikel 1,24.1990. Aangesien die uitspraak in sy afwesigheid geskied het, het die voltrekking van die vonnis nie plaasgevind nie.
>
> Miskolc, 1990/06/01
> Dr. Orbán Dezsö
> Voorsitter

(NHK Argief K2 5/4 Deel 3)

Hierdie verklaring was vir Kálmán II goeie nuus, alhoewel dit nie meer vir hom van lewensbelang was nie. Hy het dit immers nooit oorweeg om na Hongarye terug te keer nie.

Op 30 Junie 1990 verneem Kálmán II en Mieke dat dokter J A (Jan) Visser, wat sedert 1951 die gesin se huisarts was, aan kanker oorlede is. Visser het Kálmán II reeds in November 1989, toe Kálmán II hom in die hospitaal besoek het, gevra om hom te begrawe, en Kálmán II het op 2 Julie 1990 aan hierdie versoek voldoen (vgl Papp, W 1990:17-18). Op 15 Julie 1990 teken Mieke in haar dagboek aan dat Kálmán III en Yolanda op 13 Julie 1990 geskei is, nadat Yolanda aan die begin van Junie uit Amerika terug-gekeer het (vgl Papp, W 1990:19).

Dominee J P J Fourie van die gemeente Krugerdorp-Noord het Mieke reeds gedurende Januarie 1990, kort nadat hy in die gemeente bevestig is, gepols oor die moontlikheid dat sy vrou, mevrou M E Fourie, wat ook 'n opgeleide orrelis was, Mieke se pos in die gemeente Krugersdorp-Noord kon oorneem. Mieke het hom in kennis gestel dat sy graag daarmee sou wou aangaan totdat Kálmán II aan die einde van die daaropvolgende jaar aftree. Hulle het egter ooreengekom dat mevrou Fourie voortaan die sang tydens begrafnisdienste en huweliksbevestigings van die gemeente Krugersdorp-Noord sal begelei. Gedurende Julie 1990 het 'n afvaardiging van die kerkraad van die gemeente Krugersdorp-Noord Mieke egter kom sien oor die saak. Mieke het toe besef dat sy die pos sal moet afstaan en haar bedanking ingedien. Sy het aan die einde van Augustus 1990 uitgetree as orrelis van die gemeente Krugersdorp-Noord, en die tjek wat sy as afskeidsgeskenk van die gemeente ontvang het, aan die Eeufeesfonds van die gemeente Krugersdorp geskenk (vgl Papp, W 1990:4-25).

Volgens die notules van die kerkraadsvergaderings van 21 Augustus, 16 Oktober en 8 November 1990 van die gemeente Krugersdorp, het die jag-kompetisie, worsprojek en basaar ongeveer R37 000.00 ingebring. Daarmee kon die gemeente sy agterstallige heffings betaal en Kálmán II se traktement, wat sedert Mei nog nie aangepas was nie, regstel. Die ander werknemers van die gemeente se salarisse is ook met ingang 1 November 1990 met 15% aangepas (vgl NHK Argief G18 1/2/5).

Kálmán II en Mieke se jongste seun, Wilfried, het intussen steeds dieper in die ellende verval, ten spyte van die feit dat hy sy permanente aanstelling by die SAUK ontvang het en oorgeplaas is na ‘n afdeling wat vir hom meer aanvaarbaar was. Hy het onder andere steeds te veel gedrink, was opstandig teenoor alles en almal, het as ouderling van die gemeente Krugersdorp bedank en gedreig om oor te gaan na die Presbiteriaanse Kerk, was in verskeie motorbotsings betrokke, het finansieel op die randjie van bankrotskap beland en in 1990, toe hy van sy gewese vrou se verlowing verneem het, gedreig om selfmoord te pleeg. Mieke, wat grotendeels die verantwoordelikheid vir Wilfried gedra het, kon dit nie langer hanteer nie en het aan die einde van Augustus 1990 daarop aangedring dat hy vir terapie moet gaan en op sy eie moet gaan woon. Hy het toe vanaf September 1990 in ‘n woonstel van die SAUK in Johannesburg gaan bly, maar steeds geweier om vir behandeling te gaan (vgl Papp, W 1989: 6-22 en 1990:1-24). Om alles te kroon moes Kálmán II en Mieke ook nog aan die einde van dieselfde maand verneem dat hulle vriend, Hans Kloosterhuis, na wie daar vroeër in hierdie studie verwys is, aan kanker oorlede is, en dat Reinhold Hollstein, die skoonvader van hulle seun, Zoltán, twee weke later aan dieselfde siekte gesterf het (vgl Papp, W 1990:25-26). Intussen moes hulle met hulle daaglikse pligte voortgaan, voorbereidings tref vir die eeufees van die gemeente, en hulleself geestelik instel op Kálmán II se aftrede.

Die laaste jaar van Kálmán II se bedieningstyd in die gemeente Krugersdorp begin met die bywoning van die Hongaarse Vereniging van Suid-Afrika se verwelkomingsgeleentheid vir die eerste ambassadeur van die Republiek van Hongarye in Suid-Afrika, András Gergely, in Januarie 1991. Gergely, wat ‘n lidmaat van die Hervormde Kerk van Hongarye was, het reeds op 25 Desember 1990 die Kersdiens van die Hongare in Johannesburg bygewoon (vgl Papp, W 1991:3). Hongarye het gedurende die tydperk van kommunistiese bewind geen diplomatieke betrekkinge met Suid-Afrika gehad nie. Dit is eers opgeneem nadat die kommunistiese regime in Hongarye in 1989/90 tot ‘n val gekom het (vgl Romsics, I 1999:489-490). Hier dien gemeld te word dat Kálmán II elke jaar, van 1951 tot 2007, op 25 Desember ‘n erediens vir die Hongaarse gemeenskap in Johannesburg gehou het.

Tydens sy eerste vergadering van 1991, op 31 Januarie 1991, besluit die kerkraad van die gemeente Krugersdorp dat die honderdjarige bestaan van die gemeente gedurende die eerste naweek van November 1991 gevier sal word. Die Eeufeessaal van Krugersdorp was reeds vir die amptelike fees bespreek. Die kerkraad verneem ook dat die gemeente se inkomste met 45% gestyg het teenoor die vorige jaar, maar dat die gemeente nog nie sy heffingsverpligtinge van 1990 teenoor die Raad van Finansies van die kerk ten volle nagekom het nie (vgl NHK Argief G18 1/2/5). Die voorlopige Eeufeesprogram en gedenkalbum word tydens die vergadering van 16 April goedgekeur, en daar word besluit om 'n orrelkompetisie, jagkompetisie en Eeufeesbasaar te hou (vgl NHK Argief G18 1/2/5).

Op 11 Maart 1991 word Kálmán II en Mieke se derde kleindogter en sesde kleinkind, Iemé Willemse, in Brits gebore. Kálmán II het haar later, op 2 Junie 1991, in die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Brits gedoop, dieselfde dag waarop Kálmán II en Mieke hulle 40ste huweliksherdenking gevier het (vgl Papp, W 1991:17).

### 5.6.4.28 Laaste ringsvergadering

Die 41ste vergadering van die ring van Krugersdorp het op 2, 7 en 8 Junie 1991 in die kerkgebou van die gemeente Krugersdorp plaasgevind. Omdat dit Kálmán II se laaste ringsvergadering as dienende predikant in die ring was, is hy versoek om die prediking tydens die openingsgeleentheid op Sondagaand 2 Junie waar te neem. Tydens die verwelkoming is hy spesiaal gelukgewens met sy 40ste huweliksherdenking en die doop van sy kleinkind op dieselfde dag, asook met sy veertigste diensjaar in die gemeente Krugersdorp. Die gemeente Krugersdorp is ook by voorbaat gelukgewens met sy honderdste verjaardag (vgl NHK Argief R18 1/1/3).

Gedurende Junie 1991 het Kálmán II ook die teks van 'n Hongaarse kinderfilm, *Mikrobi*, vir die SAUK in Afrikaans vertaal (vgl Papp, W 1991:17). In dieselfde maand het hy saam met Mieke 'n paar dae in Badplaas deurgebring - 'n geskenk van Kálmán III vir hulle 40ste huweliksherdenking. Kálmán III het in dié tyd ook sy vriendin, Leoné van Zyl, 'n geskeide vrou van Nelspruit, en haar twee seuns, Henri (6 jaar) en Ricus (1 jaar) aan Kálmán II

en Mieke kom voorstel. Vanaf Julie 1991 het Kálmán II al sy aandag aan sy gedenkalbum bestee (vgl Papp, W 1991:18-19).

### 5.6.4.29 Die terugslae van 1991

Aan die einde van Julie 1991 word Kálmán II en Mieke deur hulle jongste dogter, Iemke, in kennis gestel dat sy en haar man die Nederduitse Gereformeerde Kerk verlaat het en aangesluit het by 'n charismatiese groep nadat hulle daar "met die Heilige Gees gesalf is" (vgl Papp, W 1991:25). Dit was veral vir Kálmán II 'n groot teleurstelling dat hulle hulle kerk verlaat het. Iemke se neiging tot 'n meer emosionele godsdiensbelewing het reeds in 1989 ontstaan nadat sy 'n byeenkoms van Campus Crusade bygewoon het. Mieke meld in haar dagboek dat sy sedertdien *sektariese* neigings begin toon het (vgl Papp, W 1990:13).

Wilfried, Kálmán II en Mieke se jongste seun, het, sedert hy in September 1990 op sy eie gaan woon het, weer agteruit begin gaan en aan die einde van 1990 teenoor Kálmán II en Mieke erken dat hy 'n drankprobleem het (vgl Papp, W 1990:30). Nadat hy in Januarie 1991 twee keer in die hospitaal beland het en onder andere slaapterapie en psigiatriese behandeling ontvang het, het hy ingewillig om vir behandeling te gaan. Hy is gedurende Maart in 'n inrigting vir alkohol- en dwelmverslaafdes opgeneem en na vier weke ontslaan (vgl Papp, W 1991:9). Aan die einde van Julie is hy egter weer vir 'n week in dieselfde inrigting opgeneem nadat hy in 'n motorkaping betrokke was en weer begin drink het. Dominees C J Badenhorst van die gemeente Krugersdorp-Oos en M J J Redelinghuys van die gemeente Witpoortjie het Kálmán II en Mieke gedurende hierdie tydperk getrou ondersteun en bygestaan. Aan die begin van Augustus van dieselfde jaar het Wilfried weer by Kálmán II en Mieke in die pastorie ingetrek (vgl Papp, W 1991:2-28). Kálmán II en Mieke moes telkens vir die koste van sy behandeling instaan en het duisende Rand daaraan bestee. Hulle het egter altyd bly hoop dat hy sou herstel en dit steeds as 'n belegging in sy welstand en toekoms gesien.

Op 17 Augustus 1991 ontvang Kálmán II en Mieke 'n pastorale besoek van doktor D J C van Wyk, destydse voorsitter van die Kommissie

van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Van Wyk se besoek het dit ten doel gehad om Kálmán II en Mieke te kom ondersteun nadat hy waarskynlik van Wilfried se terugslae verneem het en waarskynlik ook bewus was van Kálmán II en Mieke se teleurstelling, omdat Kálmán III, wat intussen besluit het om na die bediening terug te keer, nie deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering hertoegelaat is nie (vgl Papp, W 1991:27). Op Kálmán III se navrae waarom die Kommissie sy aansoek geweier het, is hy mondelings meegedeel dat sommige lede van die Kommissie in beginsel teen die hertoelating van geskeide persone tot die predikantsamp was, en dat ander van mening was dat hy te gou aansoek om hertoelating gedoen het.

### 5.6.4.30 Aansoek om emeritaat

Op 2 September 1991, twee maande voordat hy sy veertigste jaar in die bediening sou bereik, dien Kálmán II sy aansoek om emeritaat te Pretoria in by die Sekretaris van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (vgl Papp, W 1991:29). 'n Afskrif hiervan kan in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3). Dit lui soos volg:

> Hoogeerwaarde Voorsitter en Broeders,
>
> Aangesien ek in November 1991 my veertigste diensjaar as predikant van Krugersdorp voltooi en ook reeds op 2 Mei 1989 65 jaar oud geword het, moet ek u versoek om my emeritaat te verleen op 30 November 1991.
>
> Ek wil graag die geleentheid gebruik om my dankbaarheid te betuig aan die Nederduitsch Hervormde Kerk dat u my veertig jaar gelede in u geledere opgeneem en my toegelaat het om 'n eeue ou predikantsgeslag van Hongarye voort te sit in Suid-Afrika, wat my vaderland geword het. Omdat ek in die Kerk van Christus gearbei het, het ek nooit as 'n vreemdeling gevoel nie en ek wil u dank dat u my nooit

as ‘n vreemdeling behandel het nie. Dit spreek vanself dat my kragte beskikbaar bly in die diens van die Kerk, solank as wat dit God behaag.

Mag God u seën en u wysheid skenk by die uitvoering van u verantwoordelike taak.

Agtend,
u broeder in Christus,
Kálmán Papp

(NHK Argief K2 5/4 Deel 3)

**5.6.4.31 Gedenkalbum**

Dit was aanvanklik Kálmán II se oogmerk om in 1966 ‘n gedenkalbum oor die geskiedenis van die gemeente Krugersdorp uit te gee met die viering van die gemeente se 75ste bestaansjaar. Alhoewel dit nie destyds gerealiseer het nie, het hy nooit opgehou om stof te versamel en navorsing te doen nie. Die eeufeesjaar van die gemeente Krugersdorp, en die feit dat hy in daardie jaar nog predikant van die gemeente was, het hom waarskynlik gedwing om die album klaar te maak. Alhoewel hy dit met groot moeite klaargekry het, het hy die navorsing, skryfwerk, voorbereiding van foto’s, en uitleg van die blad, baie bevredigend gevind. Verskeie persone het hom hiermee bygestaan. Mieke het die teks getik, dominee J J Coetzee het die tipografiese versorging gedoen, en meneer Peet van Staden, regisseur van die Afrikaanse Televisie-nuusdiens van die SAUK, die taalversorging. Van Staden was ‘n lidmaat van die gemeente Florida, waar Kálmán II en Mieke se seun, Wilfried, vroeër predikant was. In sy voorwoord in die gedenkalbum, skryf professor A D Pont dat Kálmán II “[M]et groot sorg, wat getuig van ‘n merkwaardige speursin en volhardende navorsing ... menige vergete feit en merkwaardigheid weer na vore gebring en so die geestelike erfenis en tradisie van die gemeente verryk [het]” (Papp, K 1991:1). In die hoofberig van Die Hervormer van 15 November 1991, waarin daar berig word oor die feesvieringe van die gemeente, skryf die redakteur onder andere die volgende:

> Hoe volledig dié Hongaarsgebore predikant hom met die bestaan en geskiedenis van die Afrikanervolk en die Ned Hervormde Kerk vereenselwig het en daarmee een geword het, blyk uit die pragtige feesalbum deur homself saamgestel, wat die geskiedenis van die gemeente en sy mense op aangrypende wyse vertel. Dit is ook pragtig geïllustreer met 'n ryke verskeidenheid foto's.
>
> (*Die Hervormer* 1991:11)

'n Positiewe resensie oor die boek, deur doktor S P Pretorius, Sekretaris van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, het ook later in *HTS* verskyn (vgl *HTS* 51:1). Kálmán II was met reg baie trots op sy gedenkalbum, waarmee hy 'n pragtige erflating vir die gemeente, kerk en nageslag nagelaat het.

**5.6.4.32 Eeufees van die gemeente Krugersdorp**

In *Die Hervormer* van 15 Oktober 1991 word die Eeufees van die gemeente Krugersdorp onder die aandag van belangstellendes gebring met 'n berig oor die program van die fees en 'n foto van die imposante kerkgebou van die gemeente (vgl *Die Hervormer* 1991:10). Volgens die amptelike feesprogram, waarvan 'n eksemplaar in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind kan word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3), het die feesvieringe, wat ook die afskeid van Kálmán II ingesluit het, oor die hele Novembermaand gestrek.

Die amptelike fees het op Saterdag 2 November 1991 in die Eeufeessaal van Krugersdorp plaasgevind en is deur talle lidmate van die gemeente en buurgemeentes, asook prominente persone vanuit die kerk en gemeenskap bygewoon. Ouderling W A van den Berg het die verwelkoming gedoen en die opening is deur Kálmán III waargeneem. Daarna is gelukwense aan die gemeente oorgedra deur doktor D J C van Wyk namens die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, doktor T F J Dreyer namens die ring van Krugersdorp en raadslid T I Steenkamp namens die stadsraad

van Krugersdorp. Die koor van die gemeente Randfontein, onder leiding van mevrou S Opperman, het die gaste hierna getrakteer op pragtige koorsang, waarna Kálmán II ‘n vertelling oor die geskiedenis van die gemeente gehou het aan die hand van ‘n aantal skyfies en klankbandopnames. Na ‘n kort pouse is die gedenkalbum bekendgestel en oorhandig aan meneer F S van Rensburg, argivaris van die kerk, meneer S Botha, stadsbibliotekaris van Krugersdorp, doktor P W Venter, voormalige predikant van die gemeente en meneer M W Vorster, ‘n afstammeling van ouderling M W Vorster, ‘n stigters-lid en waarskynlik die eerste ouderling van die gemeente Krugersdorp (vgl Papp, K 1991:8). Daarna het die koor weer opgetree, waarna Kálmán II die bedankings en afsluiting waargeneem het. Daar was ook ‘n pragtige en om-vangryke uitstalling van foto’s en historiese dokumente, wat deur Kálmán II vir die fees saamgestel is.

Die Eeufeesdiens is om 11:00 op Sondag 3 November 1991 in die kerkgebou van die gemeente Krugersdorp gelei deur professor S J Botha, en die gesamentlike Hervormingsdiens van die ring van Krugersdorp om 19:00 deur dominee C L Badenhorst van die gemeente Krugersdorp-Oos. Op Saterdag 9 November om 19:00 het dominee M J J Redelinghuys, ‘n seun van die gemeente, die voorbereidingsdiens gelei en geloofsbelydenis afge-neem. Die nagmaaldiens is op Sondag 10 November om 10:00 deur doktor P W Venter gelei, en die dankseggingsdiens om 19:00 deur doktor A A da Silva, ook ‘n seun van die gemeente. Op Saterdag 16 November was daar ‘n gemeentelike byeenkoms in die vorm van ‘n *bring-en-deel* ete in die ge-meentesaal, asook ‘n rolprent en skyfievertoning deur Kálmán II. Die afskeid van Kálmán II op Sondag 24 November word in die volgende afdeling van hierdie studie hanteer.

Die notule van die vergadering van die ringskommissie van die ring van Krugersdorp van 25 November 1991 beskryf die Eeufeesvieringe as “absoluut puik” (NHK Argief R18 1/1/3). Dit was ongetwyfeld die grootste hoogtepunt van Kálmán II se ganse bedieningstyd van veertig jaar in die gemeente, en daar kon nie ‘n meer gepaste wyse wees waarop hy sy werk in die gemeente afgesluit het nie.

### 5.6.4.33 Emeritaat

Volgens Kálmán II se Akte van Emeritaat, wat in sy persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind kan word, het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika aan hom eervolle emeritaat verleen op 13 November 1991 (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3).

Kálmán II het sy afskeidspreek op Sondag 24 November 1991 om 11:00 in die kerkgebou van die gemeente Krugersdorp gehou. Die volledige preek, waarvan ‘n afskrif in sy persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind kan word, lui soos volg:

> Skriflesing: Josua 24:l-2a en 13-15
>
> Broeders en susters, die teksvers van ons prediking vind u in vers 15, hoofstuk 24 van Josua waar ons gelees het, hierdie woorde: ‘Kies julle vandag wie julle wil dien ... maar ek en my huis, ons sal die Here dien.’
>
> Broeders en susters, die onvermydelike het gekom en ek moet vandag 'n afskeidspreek hou. So word dit altans genoem. Wat inderwaarheid nie waar is nie, want u het gesien in ons volgende maand se maandblad dat ek volgende Sondag weer op die preekstoel staan. Daarom noem ek dit liewers die aanvaarding van emeritaat wat dan vandag geskied. Nouja, met sulke geleenthede is ek nie baie vertroud nie. Sommige predikante wel, wat in hulle 40 diensjare baie kere 'n intreepreek en ook baie kere 'n afskeidspreek hou. Ek het dit nog nooit gedoen nie. En dit het my 'n bietjie benoud gemaak - hoe moet ek dit eintlik hanteer? Toe het ek maar die goeie gedoen, van my boekrak die *Handboek vir die Prediking* afgehaal en gekyk, wat word daar eintlik oor 'n predikant by hierdie geleentheid gesê en daar lees ek dat so 'n ding vol slagysters en gevare is. Want sien, dit is so 'n

spesiale geleentheid, dat 'n mens kan verval in allerhande misbruike. Die predikant kan dink: nou kan ek uiteindelik praat. Wat die mense daarvan dink raak my nie meer nie. Ek loop! en hy haal die groot basuin uit om dan werklik 'n straf-rede te hou en alles wat hy graag vroeër wou gesê het vir die hele gemeente of miskien sommige te sê. Of die teenoor-gestelde: dat die predikant verval in die ophemeling van die gemeente en elke oom en tannie bedank vir elke koeksister en elke lieflike woord en nouja, eindelose lofpreke sal hou om tog sy dankbaarheid teenoor die gemeente te betoon. Of hy kan sy eie geskiedenis vertel, wat sommige mense sal interesseer, maar wat eintlik nie ter sake is nie. Of miskien sy prestasies nou mooi op 'n ry sit, wat het hy al die jare gedoen, wat het hy tot stand gebring, dat die gemeente dit vir ewig sal onthou - dat hy darem ook ietsie verrig het. Toe ek al hierdie waarskuwings lees, het ek besluit, dit lyk vir my die veiligste om 'n doodgewone preek te hou. Want uiteindelik was dit tog my taak in 40 jaar om doodgewoon Gods Woord te verkondig. Sonder enige tierlantyntjies, sonder om mense te prys of myself te prys, eenvoudig vir die gemeente te ontvou dit wat Gods Woord sê. Daarvoor het ek dan gekies die teks wat ek u genoem het: 'Kies vandag .... '.

Keuse, broeders en susters, maak die lewe baie interessant. As iemand in 'n situasie beland dat hy sê: ek het nie 'n keuse nie, dan is dit gewoonlik 'n droewige geleentheid. Dan voel jy vasgedruk, al die paaie is afgesny, jy het nie meer bewegingsruimte nie. Keuse is interessant, maak die lewe interessant, daarom, wanneer jy in die supermark in-kom, is daar so 'n groot lot keuses vir jou, dat jy jou kan uitlewe, jou verbeelding kan laat loop en kyk waarvan hou jy, wat wil jy, wat kies jy. Keuse speel ook 'n rol in die godsdiens, kan daaruit bestaan.

Inderdaad, broeders en susters, die geskiedenis van

die mensdom vertel, dis presies wat gebeur het. Dit bewys die geweldige groot aantal van gode van die volkere, 'n ontsaglike menigte. Inderdaad, die mens kan sê, die Bybel sê, dat die mens gode gemaak het na sy eie beeld en gelykenis, na sy eie smaak, sy eie behoefte, sy eie verlange, baie baie gode. Ook Israel het kennis gemaak met daardie rykdom van gode van die ou wêreld en as u hierdie hoofstuk van Josua waaruit ons teks geneem is lees, word sommer aan die begin vertel: en hulle het ook daardie gode gedien daar anderkant die Eufraat waarvandaan hulle gekom het, die gode van die Assyriërs, die Babyloniërs, later ook van die Egiptenare, die Amoriete en ander. Totdat God aan Abraham verskyn het, die volk uit Egipte gered het en Homself geopenbaar het as 'n totaal ander God, as die God wat mense uitverkies. Waar die ander gode deur mense gekies is, het hierdie God - nie groot en magtig omdat 'n groot kieserskorps Hom daar geplaas het, tot God gemaak het, gekies het nie, - nee, Hy het gekies en geroep en sy goddelike mag, sy genade aan Israel bewys.

En nou sê hierdie Josua op 'n goeie oomblik vir die volk, toe hulle op die kruispad staan: ‘Kies dan wie julle wil dien’.

Nou moet ons, broeders en susters, baie mooi oplet wat hierdie vers volledig vir ons sê. Ek het nie die tekswoord volledig voorgelees nie. Want sien, 'n mens sou kon dink dat Josua die volk oproep om te kies tussen hierdie God wat hulle uitverkies het en die afgode. Maar dit is nie die geval nie. Kom, ek lees dit weer: ‘vertoon nou eerbied aan die Here en dien Hom met opregtheid en met trou. Sien af van die gode wat julle voorvaders anderkant die Eufraat en in Egipte gedien het en dien die Here. Of, as julle dit nie goedvind om die Here te dien nie, kies dan wie julle wil dien, die gode wat julle voorvaders gedien het anderkant die Eufraat of die gode

van die Amoriete in wie se land julle woon'.

Met ander woorde: as dit nie goed is in julle oë om die Here te dien nie, kies dan ... As jy daardie God wat julle geroep en gekies het wil dien, ja, dan kan jy kies. As jy kies tussen die afgode wat julle voorvaders voorheen anderkant die Eufraat gedien het of die gode van die Amoriete in wie se land julle woon, dan is die Here in daardie verkiesing geen kandidaat. Die Here word nie genoem nie. Die Here kan nie gekies word nie. Alleen afgode kan gekies word.

En dit doen die mens baie graag. Hy soek sy God uit soos hy wil, hoe jy dit ook al noem - watter soort God dit is, is dit van die geld of van die mag of die ekonomie of die politiek of wat ook al. Wat jy wil dien, dit kan jy uitsoek, dit kan jy kies. God nie. God is nie 'n kandidaat nie. God verlaag Hom ook nie om in die ry van die moontlikhede te staan nie, dat mense sal oorweeg: is Hy dalk meer werd as Baäl of is dalk die geldmag meer werd as God?

Nee, sê Josua, God is nie een wat op die vendusie gebring word nie. Hy is onvergelykbaar.

'Met wie sal julle My vergelyk?' vra die Skrif op 'n plek. God is nie een van die vele nie, God is die Enige en Hy het gekies. Hy het u en my gekies. Hy het ook Josua gekies. Daarom is dit merkwaardig dat hier staan: Josua sê: 'kyk, as julle nie die Here wil dien nie, kies dan vir wie julle wil, maar ek en my huis, ons sal ... ' en dan verwag jy dat hy sê 'sal die Here KIES', maar nee, 'ons sal die Here DIEN'. Wat beteken dit ?

As jy kies, dan is jy darem 'n belangrike persoon, nie waar nie? Want jy het 'n stem, jy het stemreg, jy het gekies en vir wie jy gestem het behoort vir jou dankbaar te wees ook nog, want jy maak van hom iets.

Nee, Josua aanvaar die heel nederige posisie van die geloof en dit is om dienskneg van die Allerhoogste te wees.

‘Ek en my huis, ons sal die Here DIEN’. Doodeenvoudig klink dit. Ek buig voor die Here, sê Josua. Julle moet maar julle pad uitsoek. Ek kan nie, die Here het my pad uitgesoek, die Here het my geroep, die Here het my opdragte gegee. Ek kan alleen Sy dienskneg wees en dit wat Hy vra gehoorsaam doen, dienskneg van die Allerhoogste wees. Geen kieser nie.

Broeders en susters, soos ek gesê het, dit is nie my laaste preek in die gemeente nie, wel die laaste een in die hoedanigheid as predikant van hierdie gemeente. Maar by hierdie laaste geleentheid wil ek u vra: probeer hierdie belydenis van Josua in u lewe te waag. ‘Ek en my huis, ons sal die Here dien’.

Daar sal baie mense wees wat vir u op allerhande maniere sal probeer om u deurmekaar te maak met hulle talle afwykende menings oor die godsdiens. Die godsdiens is nie so gekompliseerd soos wat baie mense dit maak nie. Dit is eintlik baie eenvoudig: jy aanvaar Gods keuse vir jou, ja, dit is miskien so dat jy dan daarby moet sê *ek het nie 'n keuse nie*. Jy het ook nie. God die Skepper, wat jou gekies het, wat jou in Christus Jesus verlos het, wat Sy vaderliefde oor jou uitgestort het. Het jy 'n ander keuse as om te sê *ek en my huis, ons sal Hom dien, in alle nederigheid, in alle gehoorsaamheid, in alle bereidheid, in alle eenvoud*. Nie met vertoon vir hierdie wêreld nie, maar soos 'n dienskneg wat alleen uitvoer wat sy Here sê. Mag die Here God ons die krag gee om dit te probeer doen in die toekoms.

Baie het van my gevra: *dominee, as jy nou aftree, wat gaan jy dan doen? Wat ek voorheen gedoen het - ek sal probeer ook doodeenvoudig die Here te dien*.

Kom ons doen dit saam. Ek dink, dit sal vir God die mees aangename offer wees.

Amen.

(NHK Argief K2 5/4 Deel 3)

Soos met al sy preke, kom Kálmán II se nederigheid en onopgesmuktheid, maar ook die treffende en besondere wyse waarop hy Skrif altyd uitgelê en toegepas het, ook duidelik in hierdie preek na vore. Wat ook baie sterk na vore kom in hierdie preek is die invloed van die Dialektiese Teologie. In die keuses wat die mens maak in die lewe, bly daar altyd 'n volgehoue dialektiese spanning heers, wat die lewe van die mens sonder sin laat, totdat dit duidelik word dat lewenssin en -koers en -vreugde eers kan volg wanneer dit aan die lig kom dat God Hom aan die mens openbaar. Baie treffend is die woorde "Die Here kan nie gekies word nie. Alleen menslike afgode kan gekies word", en "God is nie een van die vele nie". Dit herinner onmiddellik aan Karl Barth: God is die "Gans Andere"; God is 'n "Gegenständlichkeit" – Hy staan teenoor die mens – Hy is nie vasgevang in die menslike bewussyn nie. Inderdaad sê Kálmán II dan ook: God is "onvergelyklik". Keuse en godsdiens en geloof is nie regtig in die mens se hande nie; dit kom nie regtig in die mens se hande nie; dit kom alleen die soewereine God in Jesus Christus toe. Die tipiese Barthiaanse gedagte is dat ons altyd besig is om Christen te word en dat Christus altyd opnuut na ons toe kom in sy Woord. Net so treffend is Kálmán II se bede aan die einde van hierdie preek, naamlik dat God ook die krag gee tot die mens se gehoorsaamheid.

Ná die erediens het verskeie persone tydens die formele afskeidsgeleentheid in die kerkgebou aan die woord gekom en hulle dank en waardering teenoor Kálmán II en Mieke betuig: professor P S Dreyer namens die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, doktor T F J Dreyer namens die ring van Krugersdorp, die burgemeester, raadslid T I Steenkamp namens die gemeenskap van Krugersdorp, meneer G Orczy namens die Hongaarse gemeenskap, ouderling D Hayden namens die kerkraad en mevrou L van den Berg namens die sustersvereniging. Die ring van Krugersdorp het by hierdie geleentheid 'n tjek in die bedrag van R3 000.00 aan Kálmán II oorhandig, vir, soos dit in die begeleidende brief, wat in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind kan word, gestel is, "... jare se arbeid maar ook u voorbeeld vir menige" (NHK Argief K2 5/4 Deel 3). Kálmán II en Mieke het ook elkeen 'n tjek, onderskeidelik in die bedrae van R5 000.00 en R3 000.00 van die kerkraad ont-

vang (vgl NHK Argief G18 1/2/5). Die dankbetuiging teenoor Mieke spreek ook van die besondere waardering wat die gemeente vir haar dienswerk gehad het. Haar skoondogter, Yolanda, het dit in 'n kort lewensskets in die *Almanak* van 1995 soos volg beskryf:

> Sy het haar lewe gewy aan, soos sy sê, *die pastoraat*. Elke mens in die gemeente met 'n siekte, 'n skeet of 'n kwaal, kon op haar ondersteuning en versorging staatmaak ... Ander mense en hulle behoeftes neem vir haar altyd voorrang, terwyl sy self op die agtergrond bly. Maar, hoewel beskeie, is sy 'n sterk mens wat daadkragtig lewe. So hanteer sy die vreugdes en die hartseer van kinders, skoonkinders en klein-kinders. Haar liefde en lojaliteit spoel van haar gesin oor na 'n wye vriendekring van mense van alle ouderdomme en tale in verskeie lande.
>
> (*Almanak* 1995)

Nadat Kálmán II en Mieke op almal se bedankings en goeie wense gereageer het, is daar ‘n keurige vingerete in die Banketsaal van Krugersdorp geniet.

Hiermee het ‘n belangrike era vir die gemeente Krugersdorp aan ‘n einde gekom. Die gemeente sou binnekort, na veertig jaar, aan ‘n nuwe predikant gewoond moes raak. Ook deur Kálmán II en Mieke sou daar ‘n heel nuwe fase betree word - ‘n aftrede in hulle eie huis en die vooruitsig op ‘n rustiger en vreedsamer lewe. Daar dien egter gemeld te word dat Mieke nog tot aan die einde van Desember 1991 aangebly het as administratiewe beampte van die gemeente en eers veertien jaar later as orrelis van die gemeente sou uittree. Hierby word daar later teruggekom.

Dit is vermeldenswaardig dat Kálmán II tot op hede nog steeds die enigste predikant in die geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk is wat vir veertig onafgebroke jare in sy eerste en enigste gemeente gedien het. Ander interessante gegewens, wat op die omvang dui van die werk wat

Kálmán II gedurende sy bediening gedoen het, is die volgende: Volgens die huweliksregisters van die gemeente Krugersdorp het Kálmán II vanaf sy aanstelling as huweliksbevestiger in 1951 tot en met 29 Januarie 1972, toe die gemeentelike huweliksregisters met persoonlike huweliksregisters vervang is, vyfhonderd-drie-en-veertig huwelike bevestig (vgl NHK Argief G18 3/3/11-13). Gedurende dieselfde tydperk het hy minstens een-en-tagtig huwelike in ander gemeentes bevestig - twee-en-veertig daarvan in Krugersdorp-Wes, dertien in Magaliesburg en twaalf in Randpoort. Volgens sy persoonlike huweliksregisters het Kálmán II daarna nog vier-honderd-twee-en-negentig huwelike bevestig (vgl NHK Argief K2 5/4/1A-9A), tot op hede dus 'n totaal van minstens een-duisend-eenhonderd-en-sestien. Van talle van hierdie huwelike het hy ook die foto's geneem, afgedruk en foto-albums saamgestel. Volgens die doopregisters van die gemeente Krugersdorp het Kálmán II gedurende sy dienstermyn in die gemeente Krugersdorp een-duisend-agt-honderd-en-een persone in die gemeente gedoop, 'n gemiddeld van vyf-en-veertig per jaar. Die meeste was in 1953 toe hy die doop aan honderd-en-veertig persone bedien het. Vier jaar ná sy aftrede het hy nog een persoon in die gemeente gedoop (vgl NHK Argief G18 3/1/2 en 3/1/36K). Aangesien die doopregisters van die meeste buur- en konsulentsgemeentes nog nie in die Argiefbewaarplek opgeneem is nie en dit 'n onbegonne taak sou wees om die presiese getalle vas te stel, is die aantal dopelinge in hierdie gemeentes nie bygereken nie. Daar is egter vroeër in hierdie studie genoem dat Kálmán II twintig persone in die gemeente Witbank, sewe in die gemeente Heidelberg, een in die gemeente Johannesburg-Wes en twee in die gemeente Brits (NG Kerk) gedoop het. Volgens die doopregister van die gemeente Florida het hy ook twaalf persone in dié gemeente gedoop (vgl NHK Argief G137 3/1/1) en hy sou later ook die doop aan drie kinders in die gemeente Nelspruit bedien. Dit verhoog die aantal dopelinge na eenduisend-agthonderd-vyf-en-dertig en dit is bes moontlik dat Kálmán II tot op hede meer as tweeduisend persone gedoop het indien die getalle van die buur- en konsulentsgemeentes bygereken sou word.

Omdat die konsistorieboeke van die gemeente Krugersdorp nie volledig bewaar is nie en hy nie persoonlik daarvan rekord gehou het nie, kan

daar nie bereken word hoeveel begrafnisdienste deur Kálmán II gelei is nie. Dit is egter bekend dat hy talle lidmate begrawe het wat hy gedoop het, belydenis laat aflê het én in die huwelik bevestig het.

## 5.7 Aftreejare

### 5.7.1 Die Paardekraal Geloftefees van 1991

Binne die eerste maand van Kálmán II se aftrede, sou nog een van die groot hoogtepunte in sy lewe plaasvind. Hy word deur die Geloftefeeskomitee van Paardekraal gevra om as hoofspreker by die Geloftefees van 16 Desember 1991 op te tree. Dit was toevallig so dat die Paardekraal Monument in daardie jaar, net soos die gemeente Krugersdorp, ook honderd jaar oud was. Vir Kálmán II was dit ‘n betoning van die grootste eer wat hom kon toeval.

Kálmán II was egter nie die enigste Hervormer wat by die Geloftefees van 1991 opgetree het nie. Volgens die amptelike program, waarvan ‘n eksemplaar in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind kan word, is die Geloftediens gelei deur doktor D J C van Wyk, voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3). Ter wille van die historiese waarde daarvan, word Kálmán II se toespraak volledig aangehaal. Dit lui soos volg:

> Eerwaarde voorsitter, lede van die Paardekraal feeskommissie, broeders en susters! (hierdie *broeders en susters* moet u my maar vergewe, want na 40 jare diens as predikant sal dit vir my moeilik wees om 'n gehoor op 'n ander manier aan te spreek).
>
> Allereers wil ek my dank en waardering uitspreek vir die besondere eer wat my te beurt geval het om by hierdie besondere geleentheid as spreker te mag optree. Minder as 'n maand gelede het ek my gemeente se 100ste verjaarsdag gevier en nou mag ek saam met u - die getroues van ons volk wat nog eerbied het vir die geloftes van ons vadere -

weer 'n eeufees vier, die 100-ste verjaarsdag van hierdie monument, wat eers bekend gestaan het as die Vryheids-monument. Sy ou naam herinner ons aan ons ontstaans-geskiedenis, nl die Eerste Vryheidsoorlog. Daar was voor-heen 'n klipstapel op hierdie plek, wat op die 13de Desember 1880 opgerig is, toe tussen 6000 en 8000 burgers hier vergader het en besluit het om die verlore Republiek te herstel. Daardie klipstapel was die sigbare teken van die verbond van die volk op Paardekraal: ‘dat wy elkander de hand geven als mannen, broeders, plechtig belovende trouw te houden aan ons land en volk en met het oog op God zamen te werken, tot den dood toe, voor de herstelling van de vryheid onzer Republiek’. By hierdie klipstapel het ’n dank-bare volk van 13 tot 16 Desember 1881 na die herstel van die Republiek met 'n reuse skare fees gevier. Ook die eerste vyfjaarlikse staatsfees is daar gevier in 1886. In die volgende jare, tot die staatsfees in 1891, was daar geen fees nie. Oor die gebeurtenisse van hierdie tydperk het ons 'n verhaal van oud-senator P. J. Wannenburg, wat jare gelede as die laaste nog-lewende mede-oprigter van die monument die volgende vertel het:

In 1889 is hy as landdrosklerk en publieke aanklaer uit Barberton na Krugersdorp verplaas. Hy moes met 'n wa deur die bosveld oor Pretoria na Krugersdorp trek. Die aand voor sy aankoms op Krugersdorp het hulle net anderkant die rand tussen Muldersdrif en die dorp geslaap. Daar het myn-kommissaris N. J. Smith, wat ook saam met hom in die kantoor van die mynkommissaris op Barberton gewerk het, hom en sy gesin met sy rytuig kom haal. Die dag toe hulle met die pad afkom waar die monument nou staan, was dit daar alles kaal veld en daar was geen spoor van 'n steen-hoop, wat hy met die feesviering van 1886 daar gesien het, nie. Net die blote kliprif, waarop die stene opgehoop was.

In die tyd was die oue heer J. C. Human die spesiale landdros op Krugersdorp en hy moes by hom in die kantoor gaan werk. Die dag na sy aankoms het die ou landdros hom genooi om hom op 'n wandeling te vergesel na die opstal van die plaas Paardekraal, waar die oorspronklike ou eienaar, M. W. Pretorius, destyds gewoon het. Op die wandeling moes hulle by die plek verby waar Piet Wannenburg in l886 die steenhoop gesien het. Hy en die ou landdros het toe na die plek gaan kyk en vandag nog, na soveel jare, kan hy nie sy aandoening verberg as hy vertel wat in die hart van die ou stryder moes omgaan nie. ‘Dit het my so gegrief, neef’, sê hy, ‘dat ek daar op die plek met die ou landdros 'n ernstige gesprek oor daardie kliphoop gehad het en hom daarop gewys het dat dit sy plig as hoof van die dorp was om toe te sien dat die klippe weer daar opgestapel sou word’.

Die volgende dag sê die ou landdros Human hom toe dat sy woorde 'n diepe indruk op hom gemaak en gevoelens by hom laat ontwaak het, wat hom nou tot handeling dwing. ‘Wannenburg’, het hy gesê, ‘ons sal dadelik stappe moet doen om daardie klippe bymekaar te laat maak. Maar ek sal verder moet gaan, want anders sal die prospekteerders wat hier orals rondloop om na goudriwwe te soek, tog maar weer die stene omversmyt om te kyk of daar nie goeie goudkrats te vinde is nie. Ek het baie oor die saak nagedink en ek reken, ek sal die President moet gaan sien en kyk of ek hom nie kan beweeg om 'n monument oor die steenhoop te laat oprig nie en dit so te laat bou dat ons die steenhoop daarin kan laat toemaak, sodat rondlopers en ander kwaadgesinde mense dit nie weer uitmekaar kan gooi nie’.

Net so groot en sterk as wat ou landdros Human was, so vasberade was hy ook. Dit het dan ook nie lank geduur nie of hy het die ou hoofkonstabel Rautenbach en ou mnr. Wannenburg met 'n paar kruiwaens daarbo teen die randjie

gehad en binne 'n paar uur was die steenhoop weer mooi netjies in 'n langwerpige vorm opgestapel. Hierdie groot daad is somaar in die stilte uitgevoer sonder dat die publiek iets daarvan te hore gekry het. En hulle het hulle redes daarvoor gehad, want 'n groot deel van die publiek van Krugersdorp het in daardie dae nie te erg simpatiek teenoor die heiligdom van die volk gestaan nie.

Nie lang daarna nie, vertel oom Piet, is die ou landdros toe ook na Pretoria om President Kruger oor die saak te spreek. Die gevolg was, dat die ou heer Wierda, destyds goewermentsargitek, dadelik opdrag gekry het om 'n monument te ontwerp volgens 'n sketsplannetjie wat landdros Human aan hom oorhandig het. Die planne is toe opgetrek en aan die President voorgelê. Hy het op sy beurt dit aan landdros Human gestuur vir kennisname en verslag. Landdros Human en oom Piet het dit sorgvuldig nagegaan en met enkele opmerkings teruggestuur aan die President. Tenders is gevra en oom Piet vertel my dat 'n tender van 3000 pond glo aangeneem is.

So het dit dan gebeur dat twee Hollandse werklui op 'n goeie dag in die jaar 1890 in Krugersdorp aangekom het om die Paardekraalmonument te bou. Hulle het dit gedoen en so stadigaan het die monument al hoër en hoër hemelwaarts gestyg. Die twee ou here het met voorbeeldige getrouheid byna elke dag die bouery gaan besigtig. Toe die fondament amper klaar was en nog net die boonste laag klippe gelê moes word, was hulle weer eendag daar. Die werklui wou weet of daar dan nie 'n hooggeplaaste persoon sou kom om die hoeksteen te lê nie, want tereg het hulle gemeen dat dit immers 'n merkwaardige monument was. Hier het ou landdros Human weer gewys dat hy 'n man van die daad was. ‘Nee’, het hy gesê, ‘as ons hier 'n hoeksteen gaan lê met 'n openbare plegtigheid, wat gaan dan die rondlopers en

kwaaddoeners verhinder om in die stilte die graveersels daarvan hier te kom beskadig. Nee, ons sal geen hoeksteen in die openbaar lê nie, veral nie met die delwery hier om ons nie'. Hierdie ou forse persoonlikheid uit die verlede het toe self 'n troffel by een van die werklui geneem, neergekniel en toe self op daardie heuglike agtermiddag die hoeksteen van die Paardekraal Monument gelê.

Oom Piet neem my aan die arm om my die steen te gaan wys. Hy klop met sy stok op die steen. 'Sien jy, neef, hier lê hy, die noordoostelike hoeksteen van die fondament, nie van die struktuur wat daarop gebou is nie', en hy wys na die voetstuk wat op die fondament rus. Ja, dag ek, dis 'n hoeksteen sonder opskrif, gelê sonder die gewone formaliteite van 'n juigende toeskouerskaar. Maar vir die wat dit weet staan hy nogtans daar as 'n stille herinnering aan 'n man wat daadwerklik meegehelp het om 'n groot erfenis soos die gedenkteken van Paardekraal aan die nageslag na te laat.

Toe die werklui na baie maande van arbeid amper die toppunt van die naald bereik het, het landdros Human die bouers opdrag gegee om daar 'n opening te laat en te wag tot hy met 'n paar besoekers sou terugkeer. Die klein klompie het bestaan uit landdros Human, oom Piet Wannenburg, hoofkonstabel Rautenbach en glo ook oom Tommie Bedford, die toenmalige markmeester van Krugersdorp. Landdros Human het mynkommissaris Smith die dag vantevore gevra om 'n bottel bo-op sy plek te gaan plaas, maar het hom nie gesê presies waar dit moes kom nie. Hulle het 'n tydjie gewag, maar toe hy na ure nie opdaag nie het die groot eer om hierdie plegtigheid waar te neem oom Piet Wannenburg te beurt geval. Hy wys waar hy en die twee werklui opgeklim het en vertel hoe hy 'n vrugtebottel daarbo in die opening net aan die onderkant van die heel boonste steen geplaas het, die werklui het die laaste steen toe bo op die bottel gelê en

vasgeheg, hy het toe weer afgeklim en almal is na hulle kantore in die dorp terug om hul dagtaak te vervul. In die vrugtebottel was daar stukke van koerante van daardie tyd en 'n lys bevattende die name van die destydse regerings-personeel van Krugersdorp en ook enige muntstukke wat toe in omloop was.

Eerwaarde voorsitter, my opdrag was om iets van die geskiedenis te vertel en ek het dit goedgevind om u hierdie merkwaardige verhaal wat waarskynlik aan u almal onbekend is voor te hou op hierdie dag wanneer ons die honderjarige bestaan van hierdie monument herdenk. Dat ons hier van die ou geskiedenis vertel is heeltemaal in die goeie tradisie van Paardekraal. Die eerste feeste op Paardekraal het altyd breedvoerige aandag gegee aan die ou gekiedenis, die geskiedenis van die trek en wat alles tydens die trek gebeur het, die geskiedenis van Bloedrivier.

Vergun my eerwaarde voorsitter en feesgenote dat ek behalwe dat ek die direkte geskiedenis van hierdie monu-ment vertel nog 'n paar opmerkings maak oor die voor-geskiedenis. Hierdie monument getuig van die herstel van die ou Transvaalse Republiek. Maar het ons al van onsself afgevra waarom daardie eens vrye republiek verlore gegaan het? U kan sê, vanweë die hebsug van Engeland, dis gedeel-telik waar, maar tog bly dit 'n raaisel as ons bedenk dat sir Theophilus Shepstone die republiek geannekseer het met 25 polisiemanne. Was dit inderdaad so, soos die gelofte sê: soos deur 'n dief in die nag is ‘onze vrye republiek van ons gestolen’. Maar het niemand dan die nag sien aankom nie, het niemand gewaak nie, is dit regtig moontlik dat 'n man met 25 polisiemanne 'n republiek kan annekseer en daar gebeur niks nie, niemand keer hom nie. As ons lees wat die tyd-genote opgeteken het in daardie tyd, dan lees ons van die droewige toestande wat daar in Transvaal geheers het voor

1877. Veral tref ons die feit dat daar geen nasionaal gevoel was nie, geen nasietrots, geen samehorigheid nie, elke boer het geleef op sy eie plaas en daar was hy koning, wat buite sy plaas aangegaan het het hom maar weinig geraak. Hy het min kontak met sy omgewing gehad, min kontak ook met sy regering, hy het in 'n uiterste individualisme verval. Daar was wel mense wat die gevaar sien aankom het, wat ook gewaarsku het, maar daarvan het niemand notisie geneem nie. Daar was in die jare daarvoor 'n ontsettende verdeeldheid onder die Afrikaner. Verdeeldheid op alle gebiede, op politieke gebied, op kerklike gebied, en nie net verdeeldheid nie maar bepaaldelik ook soms vyandskap, haat en stryd. Boere het selfs die wapens teen mekaar opgeneem. Dit is waarom die republiek verlore gegaan het. Daar was nie 'n selfbewuste volk wat sy vaderland liefgehad het nie. Sommige skrywers beweer van daardie tyd, jy kan nie eers met Transvalers van 'n vaderland praat nie. Vir elkeen was sy plaas 'n belangrike plek, wat met die res gebeur het was vir hom nie belangrik nie. Wanneer ons dan terugdink aan die voorgeskiedenis van die jare voor 1880 dan is dit sekerlik so dat ons moet sê die verlies van die republiek was tog nie 'n regte verlies nie, inteendeel, dit was 'n seën vir die volk, dit het van die losstaande mense 'n volk gemaak. Dit het hulle gedwing om bymekaar te staan, hulle het besef dat hulle as enkelinge niks kan doen teen die magtige Engeland nie en toe het begin - 'n klein begin - die werk van die volkskomitees. Ek is nogal trots daarop dat die eerste ouderling van my ou gemeente Krugersdorp, Marthinus Wessel Vorster, die vader van die volkskomitee was. Hy het hier naby op 'n plaas Swartkop gewoon en hy was ‘n skoonseun van Andries Pretorius. Hy het die voorstel gemaak dat die volk 'n komitee sal kies en dat daardie komitee stemme sal opneem in die hele land om vir Engeland te wys dat hierdie boerevolk in die Transvaal

selfstandig wil bly en nie onder Engelse bestuur wil staan nie. Daardie volkskomitee het 'n geweldige taak verrig. Van plek tot plek het hulle onvermoeid vergaderings gehou, die mense gemotiveer, besiel met die groot doel: die herstel van die republiek. Uit die aktiwiteite van daardie komitee het dan voortgespruit die sendings na Engeland en Europa, om steun te werf vir die saak van die boere en so stadigaan het uit daardie losse gemeenskap 'n werklik hegte gemeenskap en uit die samewerking 'n samehorigheid gegroei. Hulle vergaderings in Wonderfontein en Kleinfontein is al meer bekend, maar minder bekend is dat daardie volkskomitee hier op Swartkop vergader en belangrike besluite geneem het. In Wonderfontein is ook die plegtige voorneme gemaak wat ons vandag as die Paardekraalgelofte ken. Dit is nie hier op Paardekraal gemaak nie. Dit is eers in die Volksstem gepubliseer in Februarie 1879, maar hier op Paardekraal het dit sy beslag en bekendheid gekry. Ja inderdaad, daardie drie jare van lydelike verset, daardie aangehoue werk van die volkskomitees, dit het die Afrikanervolk gebou, dit het die nasietrots aangewakker, dit het uit die los onsamehangende boeregemeenskap 'n volk gemaak. 'n Volk wat, toe die triumviraat op Paardekraal in 1880 namens die volk die republiek herstel het, bereid was om sy lewe te waag en sy bloed op te offer vir die vryheid van die republiek.

Wanneer ons aan hierdie dinge terugdink, dink 'n mens met vrees daaraan dat ons teenswoordig weer 'n tyd beleef van groot onenigheid onder die Afrikanervolk. Ons is blykbaar besig om die wapenspreuk op die voorblad van die Statebybel waarmee ons voorgeslagte hierdie land binnegekom het, te vergeet: ‘Eendrag maak mag’. Dat tweedrag daarenteen magteloos maak, het ons eie geskiedenis in 1877 ongetwyfeld bewys. Daarom kan ek nie anders nie as om u toe te roep: Eendrag maak mag! Soek mekaar en staan bymekaar.

> Staak die onsinnige gevegte en bou weer een sterk volk. Mag God verhoed dat ons weer die land moet verloor soos toendertyd, voordat ons wakker skrik, voordat ons besef dat ons mekaar nodig het en dat ons saam God nodig het.
>
> Eerwaarde voorsitter, feesvierende skare, dit is my hoop dat Paardekraal 'n getuienis sal bly van die vryheidsstrewe van die volk en die volk sal bly oproep om volk te wees, een volk te wees, eensgesind te wees, sterk en doelgerig te wees vir die toekoms wat ons wel nie ken nie, maar wat ons tog mag aandurf, soos die voorgeslagte dit aangedurf het, in die naam van die Here, met geloof en heldemoed. Ek dank u.
>
> (NHK Argief K2 5/4 Deel 3)

Kálmán II se oproep tot samehorigheid en eensgesindheid onder die volk was inderdaad 'n gepaste woord in die tyd toe hy hierdie toespraak gehou het, maar dit is duidelik dat hy nie verwag het dat die politieke omstandighede in Suid-Afrika binne enkele jare anders sou verloop nie. Tog het hy homself later, soos dikwels in die verlede, sonder groot moeite kon handhaaf in nuwe omstandighede. Dit was telkens nie bloot die pragmatiese saamgaan met die sterkste stroom met ’n gepaardgaande afstanddoening van die waardes en ideale van die verlede nie, maar realistiese aanpassings – ’n soort realisme vir die oomblik, soos wat dit byvoorbeeld vir hom realisties was om vir baie jare nie terug te keer na Hongarye nie. Kálmán II was immers nooit iemand wat deur emosie op sleeptou geneem is nie.

### 5.7.2 Verhuising en vestiging in aftreehuis

Kálmán II en Mieke het vanaf Desember 1991, met die hulp van hulle skoonseun, Eric Willemse, en ‘n aantal van sy plaaswerkers, stelselmatig met hulle besittings na hulle aftreehuis in Kenmare begin verhuis. Omdat Kálmán II 'n versamelaar van alles onder die son is, het dit uiteindelik nie dae of weke geneem voordat alles uit die pastorie, buitegeboue en kerksaal van die

gemeente Krugersdorp verwyder was nie, maar maande. Hulle aftreewoning was binne die grense van die gemeente Krugersdorp-Oos geleë, en hulle sou voortaan lidmate van dié gemeente wees, met eers dominee C L (Stoffel) Badenhorst, en later dominees H N (Hein) en A (Anna-Marie) Kloppers as hulle pastors. Aangesien Mieke nog orrelis van die gemeente Krugersdorp was, het hulle egter aanvanklik die meeste eredienste in die gemeente Krugersdorp bygewoon (vgl Papp, W 1992:6).

Kálmán III se tweede aansoek om hertoelating tot die bediening, in Februarie 1992, is ook deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die hand gewys. Kálmán III se navrae na afloop van die vergadering het aan die lig gebring dat daar groot verdeeldheid in die Kommissie was en dat sy aansoek net-net nie toegestaan is nie. Hy het toe besluit om eers weer aansoek te doen ná die verkiesing van 'n nuwe Kommissie tydens die 63ste Algemene Kerkvergadering, wat later in dieselfde jaar sou plaasvind.

Alhoewel Kálmán II nie meer die verantwoordelikheid vir 'n gemeente gehad het nie, het dit nie beteken dat hy sy aftreejare in ledigheid deurgebring het nie. Omdat hy vir veertig jaar predikant van die gemeente Krugersdorp was en nog in Krugersdorp gewoon het, is hy nog steeds deur baie lidmate as hulle predikant beskou en veral versoek om huwelike te bevestig en begrafnisdienste te lei. So het hy byvoorbeeld nog op sy agt-en-sestigste verjaardag, op 2 Mei 1992, vier huwelike bevestig (vgl Papp, W 1992:32), en op 28 September 1992 'n roudiens vir 'n Hongaar gelei, en drie huwelike bevestig (vgl Papp, W 1992:50).

Kálmán II het voortgegaan met die maandelikse eredienste vir die Hongaarse gemeenskap en gereeld op uitnodiging in gemeentes aan die Wesrand gepreek, veral in skoolvakansies wanneer die plaaslike predikante met verlof was. Hy en Mieke het ook dadelik by die Eendrachtkring vir afgetrede predikante en hulle gades aangesluit en sedertdien gereeld hierdie kring se byeenkomste in Pretoria bygewoon (vgl Papp, W 1992:11). Hierbenewens het Kálmán II ook getrou die jaarlikse ringsvergaderings van die Ring van Krugersdorp en die maandelikse byeenkomste van die predikante van die ring bly bywoon. Vir sy jonger kollegas was dit altyd 'n voorreg om raad en inligting uit sy omvangryke bron van ervaring en kennis te kon put.

'n Groot deel van Kálmán II se tyd is in 1992 in beslag geneem met verbeterings aan hulle aftreehuis. Hy het onder andere 'n fontein gebou, 'n afdak oor die stoep laat oprig, 'n braaiplek met ingeboude kaste gebou, die tuin van beligting voorsien en 'n aantal meubelstukke en boekrakke vervaardig. In dieselfde tyd het hy en Mieke ook weer die bande opgeneem met ou kennisse en vriende. Gedurende Junie 1992 het hulle ook die amptelike opening van die nuwe ambassade van die Republiek van Hongarye in Pretoria bygewoon. In dieselfde maand het Kálmán II ook saam met Kálmán III, wat as ouderling deur die gemeente Nelspruit afgevaardig is, die openingsaand van die 63ste Algemene Kerkvergadering in Pretoria bygewoon (vgl Papp, W 1992:38-39).

In 1992 het Kálmán II ook begin met intensiewe navorsing oor die Geloftedagvieringe te Paardekraal en die oorsprong van die Paardekraal Gelofte. Dit sou later uitloop op artikels in *Die Hervormer* (in 1993) en die *Hervormde Teologiese Studies* (in 1995) (vgl Papp, W 1992:40). By die bevinding van hierdie studie, wat besondere waarde vir die geskiedenis van die Afrikaner en sy kerk het, word daar later teruggekom.

### 5.7.3 Huweliksbevestiging en hertoelating van oudste seun

Tydens die oggenderediens van die gemeente Nelspruit op Sondag 5 Julie 1992, bevestig Kálmán II sy oudste seun, Kálmán III, in die huwelik met Leoné van Zyl, na wie daar vroeër in hierdie studie verwys is. Leoné is die enigste dogter van Neville en Martha Johanna (née Joubert) Coleman van Nelspruit en hulle was lidmate van die gemeente Nelspruit toe Kálmán III en Yolanda daar predikante was. Leoné se twee seuns uit haar eerste huwelik, Henri (7) en Ricus (2) het bygestaan toe die huwelik bevestig is. Kálmán II bedien in dieselfde erediens die doop aan drie kinders, onder andere aan 'n kleinkind van wyle meneer T N H (Punt) Janson, politikus en 'n voormalige predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (vgl Papp, W 1992:40).

Gedurende September 1992 woon Kálmán II vir die eerste keer die jaarlikse Predikantevergadering in Pretoria as emerituspredikant by, en aan die einde van dieselfde maand verneem hy en Mieke met groot vreugde dat

Kálmán III, na 'n derde aansoek, weer tot die bediening toegelaat is (vgl Papp, W 1992:46-55). Hulle was teenwoordig toe hy op 1 November sy proefpreek in die gemeente Nelspruit gehou het en Mieke het by dié geleentheid as orrelis opgetree. Kálmán III het sy proponentseksamen op 23 November afgelê en is op 26 November 1992 saam met agtien finalejaarstudente in die kerkgebou van die gemeente Pretoria gelegitimeer, onder andere die kinders van vier predikante naamlik D S Jacobs, W E Snyman, J F van der Merwe en D J C van Wyk (vgl *Die Hervormer* 1992:20). 'n Skrywe van gelukwense aan Kálmán II en Mieke namens die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, kan in Kálmán II se persoonlike lêer gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3). Kálmán III is op 3 Maart 1993, deur die gemeente Nigel beroep en op 1 Mei 1993 deur Kálmán II in dié gemeente georden en bevestig (vgl Papp, W 1993:8-16). Dit was vir Kálmán II en Mieke een van die hoogtepunte van hulle aftreejare.

### 5.7.4 Erkenning vir dienswerk

'n Verdere hoogtepunt in Kálmán II se aftreejare was toe die Stadsraad van Krugersdorp hom op 22 Januarie 1993 vereer het met die toekenning van 'n *Sertifikaat van Verdienste* vir sy "... omvangryke bydrae tot die uitbou en bevordering van Krugersdorp oor baie jare". 'n Afskrif van hierdie sertifikaat kan in sy persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3). Hierdie toekenning is waarskynlik nie net te danke aan sy getroue dienswerk van veertig jaar in die gemeente nie, maar ook aan sy betrokkenheid by die algemene godsdienstige, kulturele en opvoedkundige lewe in Krugersdorp, veral by die werksaamhede van die Geloftefeeskomitee van Paardekraal, Laerskool Burgershoop en die Sterkfontein Hospitaal. Kálmán II het as gevolg daarvan met verloop van jare groot bekendheid en geliefdheid in die gemeenskap van Krugersdorp verwerf en byna 'n instelling in die dorp geword. So is daar byvoorbeeld dikwels na die kerkgebou van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Krugersdorp verwys as *dominee Papp se kerk* sonder dat mense noodwendig altyd geweet het dat dit 'n kerkgebou van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika was.

Op 25 Januarie 1993 word Erna, weduwee van Hans Kloosterhuis, deur Kálmán II in die huwelik bevestig met professor Kees Wagenvoort, 'n afgetrede longpatoloog van Nederland en seun van professor doktor H Wagenvoort, een van die medewerkers aan die boek *Godsdiensten der Wereld* (vgl Papp, W 1993:10). Die Wagenvoorts het hulle na die huwelik in Nederland gaan vestig en Mieke se hegte vriendskap met Erna moes voortaan deur korresondensie voortgesit word.

Kálmán II en Mieke se derde seun, Wilfried, het gedurende Maart 1993 na sy eie huis in Midrand verhuis en hulle oudste dogter, Saskia, het vir 'n tyd by hom ingewoon (vgl Papp, W 1993:12).

In April ontvang Kálmán II berig dat sy voormalige leermeester in Godsdiens- en Sendingwetenskap aan die Universiteit van Debrecen, professor László Pákozdy, op 5 April oorlede is. Die amptelike kennisgewing kan in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3).

Gedurende September 1993 ontvang Kálmán II en Mieke berig dat Kálmán II se halfniggie, Juliska Gallasz, 'n ernstige beroerte-aanval gehad het. Nadat sy vir 'n tydlank in 'n breinkliniek in Johannesburg behandel is, is sy verder deur haar man tuis versorg op hulle aftreeplasie in die Magaliesburg-distrik (vgl Papp, W 1993:30-32).

### 5.7.5 Besoeke uit die Verenigde State van Amerika en Roemenië

Op 9 Oktober 1993 arriveer doktor János Bütösi, biskop van die Hongaarse Hervormde Kerk van Amerika en voorsitter van die Wêreldbond van Hongaarse Hervormde Kerke, vir 'n besoek van vyf dae aan Suid-Afrika. Bütösi, wat Kálmán II se senior aan die Universiteit van Debrecen was, was besig met 'n uitgebreide wêreldreis van twee-en-sestig dae om lidmate van Hongaarse gemeentes in die diaspora te besoek, en was in daardie stadium vanaf Brasilië na Australië onderweg. In Suid-Afrika het hy by Kálmán II en Mieke tuisgegaan en onder andere 'n erediens vir die Hongaarse gemeenskap gelei (vgl Papp, W 1993:32-35). Bütösi het aan die einde van sy wêreldreis sy wedervaringe gepubliseer, en Kálmán II se werk in Suid-Afrika het so onder die aandag van die Hervormde Kerk van Hongarye gekom.

Gedurende November 1993 het Kálmán II en Mieke 'n besoek gebring aan professor Benedictus Kok van Bloemfontein, 'n voormalige taal-adviseur van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie en latere rektor van die destydse Universiteit van die Oranje Vrystaat. Die aanleiding tot hierdie besoek was 'n skrywe van Kok waarin hy by Kálmán II navraag gedoen het oor die Oeral-Altaïese taal van die Fins-Oegriese gemeenskap waarvan die Hongare afstam. Kok het klaarblyklik tydens een van Kálmán II se radio-praatjies van hom verneem en toe besluit om met hom kontak te maak. Kok en Kálmán II het, ook as gevolg van die feit dat hy en sy vrou net soos Kálmán II en Mieke musiekliefhebbers was en saam viool en klavier gespeel het, dadelik aanklank by mekaar gevind en nog vir enkele jare na hierdie besoek met mekaar gekorrespondeer (vgl Papp, W 1993:43).

Soos reeds gemeld, het Kálmán II in 1992 intensiewe navorsing begin doen, onder andere oor die Geloftedagvieringe te Paardekraal in Krugersdorp. Sy eerste artikel met die titel *Hervormde Kerk se Geloftedag-vieringe, 15-16 Desember 1888 te Paardekraal*, verskyn in *Die Hervormer* van 1 Desember 1993. Die artikel is geïllustreer met 'n pragtige foto van die Paardekraal Monument wat deur Kálmán II geneem is (vgl *Die Hervormer* 1993:21). Talle sprekers, wat oor die jare heen tydens die Geloftefeeste te Paardekraal opgetree het, het 'n geraamde afdruk van hierdie foto ontvang as blyk van dank en waardering.

Gedurende Januarie 1994 ontvang Kálmán II 'n oproep van meneer G Orczy, wat by Kálmán II se emeritaatsaanvaarding namens die Hongaarse gemeenskap opgetree het, waarin hy meegedeel word dat biskop Kálmán Csiha van die Hongaarse Hervormde Kerk in Roemenië, in Suid-Afrika is vir 'n vergadering van 'n subkomitee van die Wêreldraad van Kerke. Csiha het Orczy, wat uit sy kinderdae aan hom bekend was, vroeër per brief van sy komende besoek aan Suid-Afrika in kennis gestel. Nadat Kálmán II vasgestel het waar die vergadering plaasgevind het en Csiha gaan opsoek het, het hy hom genooi om 'n dag by hulle in Krugersdorp oor te bly. Tydens hierdie besoek het Csiha hom meegedeel dat hy baie graag weer kontak sou wou maak met 'n Hongaarse vrou aan wie hy in sy kinderjare bekend was en wat na Suid-Afrika geëmigreer het tydens die Hongaarse Rewolusie van 1956.

Slegs op grond van haar voornaam (haar nooiensvan was nie aan Kálmán II bekend nie) en Csiha se beskrywing van die vrou, het Kálmán II die afleiding gemaak dat sy Lily Varga was, wat ook aan hóm bekend was. Gevolglik kon hy 'n herontmoeting tussen Csiha en Varga reël in 'n ouetehuis in Kroondal naby Rustenburg, waar Lily op daardie stadium ingewoon het (vgl Papp, W 1994:1).

In ongeveer dieselfde tyd ontvang Kálmán II 'n besoek van Hajdú Demeter Dénes, 'n verslaggewer van die Hongaarse weekblad *Magyar Fórum*, wat waarskynlik van Kálmán II verneem het in János Bütösi se reis-verslag waarna daar hier bo verwys is. Dénes het 'n breedvoerige onderhoud met Kálmán II gevoer oor sy koms na en werk in Suid-Afrika, die wel en wee van die Hongaarse gemeenskap in Suid-Afrika en die kerklike en politieke omstandighede van die dag. Tydens die onderhoud het Kálmán II Dénes ook daarop attent gemaak dat hy vasgestel het dat 'n aantal Hongare tydens die Anglo-Boere-oorlog saam met 'n aantal Italianers aan die kant van die Boere teen die Engelse geveg het. Kálmán II het ook 'n afskrif van 'n dokument aan Dénes oorhandig waarop hy heel toevallig in die Krugermuseum in Pretoria afgekom het tydens sy navorsing oor die Paardekraalgelofte. In hierdie kosbare dokument, wat in 'n netjiese leeromslag gebind is waarop die wapen-skilde van Hongarye en die Zuid-Afrikaanse Republiek in kleur afgedruk is, betoon die universiteitsjeug van Hongarye hulde aan President Paul Kruger en die Boerevolk vir hulle "verhewe vaderlandsliefde en onverskrokke heldhaftigheid" in hulle stryd teen Brittanje. Op die titelblad verskyn die Hongaarse en Nederlandse woorde "Tot Krüger, den President van der heldenmoetigen republiek van Transvaal" en dan volg die boodskap en handtekeninge van byna sewehonderd studente. Die teks van die hele dokument is in pragtige kalligrafiese skrif geskryf. Dénes se onderhoud en 'n foto van Kálmán II, asook 'n afdruk van die titelblad van die dokument, verskyn in die Hongaarse weekblad *Magyar Fórum* van 24 Maart 1994. 'n Eksemplaar daarvan, met 'n Afrikaanse vertaling deur Kálmán II, kan in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3). Kálmán II het later 'n artikel oor hierdie dokument en sy agtergrond opgestel, en dit is in

*Konteks* van Oktober 2000 geplaas. 'n Foto van die leeromslag van die dokument versier die buiteblad van dieselfde uitgawe. Kálmán II se Afrikaanse weergawe van die boodskap van die studente is volledig in hierdie artikel opgeneem, en lui soos volg:

> Meneer die President!
>
> Die Hongaarse universiteitsjeug stuur aan U en deur U aan die heldhaftige Boere-vryheidsvegters sy groet van gees-verwantskap. Met vreugde gryp ons die geleentheid aan om teenoor u uitdrukking te gee van ons bewondering van die onverskrokke heldhaftigheid en verhewe vaderlandsliefde van die Boere, wat ons Hongare die beste kan verstaan omdat ons ook daardie lyding, wat die Boere gedwing het tot gewapende verdediging, oorleef het. Ons is, ondanks alle vyandige beriggewing daarvan oortuig dat die stryd van die Boere regverdige selfverdediging, beskerming van die volks-vryheid is, wat heilig is omdat dit Godgegewe regte verdedig.
>
> Die Hongaarse universiteitsjeug, en saam met hulle die hele Hongaarse volk, het vanaf die begin met die grootste simpatie die titaniese stryd van die Boere gevolg. Elke glorie-ryke oorwinning was 'n vreugdefees in ons harte; elke verlore slag rou en droefheid. In ons gees het ons ons verlede van 'n halwe eeu gelede in herinnering geroep toe ons ewe eens moes stry vir ons kosbaarste skat, vir ons vryheid, soos tans die Boere; toe ons ook 'n rampspoedige vernietiging in die oë gestaar het: die knegskap; toe ons geliefde vader Lajos Kossuth met rou en droefheid in sy hart ook die weg moes betree om die erbarming van vreemdes te soek, soos tans u....
>
> Meneer die President! Die oneindige barmhartigheid van God, wat u roemryke nasie die krag verleen het tot 'n edele stryd, sal die regverdige saak nie laat vaar nie. Al lyk dit

asof die glansryke son van die vryheid van die Boerevolk ondergaan, verdwyn dit nie vir altyd nie. Die donker wolk van die weersinwekkende en despotiese dwinglandy kan slegs vir 'n kort tyd daardie glansryke son, wie se eindelose warmte elke skaduwee laat verdwyn, bedek. Ons moet dus vertrou en bid! Ook ons beroemde volksdigter Vörösmarty, wie se honderdste geboortedag ons so pas gevier het, het in sy diepe droefheid met goddelike inspirasie in een van sy glansryke gedigte uitgeroep: *Daar sal nog eenmaal fees in die wêreld wees! Daar sal!* En ons weet, ons voel, dat die dapper Boere 'n vreugdevolle aandeel in hierdie fees sal hê.

(*Konteks* 11(10):5 en 12)

Aan die einde van Maart 1994 neem Kálmán II 'n kosbare vuurwapen oor by sy seun Zoltán - 'n Sig Sauer pistool met omruilbare 9mm parabellum en .22 lope (vgl Papp, W 1994:11). Dit sou die vyftiende en laaste vuurwapen wees wat Kálmán II gedurende sy lewe aangeskaf het. Daar dien egter gemeld te word dat hy ook nog twee vuurwapens in Mieke se naam laat registreer het, omdat hy verwag het dat daar nie nog vuurwapenlisensies aan hom toegestaan sou word nie: 'n FN .22 skyfskietpistool en 'n FN .380 pistool. Hierbenewens het hy ook drie windbukse besit. Alhoewel Kálmán II ook met verloop van jare 'n aantal vuurwapens van die hand gesit of aan sy kinders geskenk het, het hy ten tye van die afhandeling van hierdie studie nog steeds oor agt vuurwapens beskik.

### 5.7.6 Sewentigste verjaardag

Op Saterdag 30 April 1994, twee dae voor sy sewentigste verjaardag op Maandag 2 Mei, vier die familie Kálmán II se verjaardag by Kálmán II en Mieke se aftreehuis in Krugersdorp. Die kinders het Kálmán II en Mieke die vorige aand, as 'n geskenk, by die luukse Mount Grace Country House Hotel buite Magaliesburg laat oorslaap sodat voorbereidings vir die verjaardagfees in hulle afwesigheid getref kon word. Toe Kálmán II en Mieke Saterdag-

middag tuis kom, het die Suid-Afrikaanse en Hongaarse vlae by die voordeur gewapper, was die huis getooi in blomme en was die skaap reeds op die spit. Kálmán II is in die voorportaal deur die kinders en kleinkinders ingewag onder die geklank van die Hongaarse volkslied, en 'n jong Spaanse patryshondjie is as 'n verjaardaggeskenk aan hom oorhandig. Nadat 'n rympie en 'n oorkonde, wat onderskeidelik deur Mieke en Wilfried opgestel is, aan hom voorgelees is, en Kálmán III 'n gedeelte uit die Bybel voorgelees en 'n gebed gedoen het, is daar heerlik geëet en vir die res van die dag saam gekuier en fees gevier (vgl Papp, W 1994:16-17). Die rympie en oorkonde, wat sy persoonlikheid raak en spitsvondig beskryf, kan in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3).

### 5.7.7 Hertoelating van skoondogter

Nadat Kálmán II en Mieke se skoondogter, Yolanda, in 1990 ook as predikant moes bedank as gevolg van haar egskeiding, het sy voltyds verder studeer. Sy is in Maart 1994 weer tot die amp toegelaat, gedurende Junie van dieselfde jaar gelegitimeer en kort daarna na die Nederlandssprekende Gemeente in Johannesburg beroep, waar sy op 7 Augustus georden en bevestig is. Kálmán II en Mieke het beide haar proefpreek én ordening en bevestiging bygewoon, en dit was vir hulle geleenthede van groot dankbaarheid en vreugde (vgl Papp, W 1994:11, 20, 24 en 28).

### 5.7.8 Rugoperasie

Gedurende September 1994 het Kálmán II se rug, wat hy vroeër in die destydse Suidwes-Afrika beseer het en verder beskadig het met te veel fisiese inspanning, toenemend probleme begin gee, in so 'n mate dat hy selfs by geleentheid 'n huwelik sittende moes bevestig. Dit het daartoe gelei dat hy op 27 September 'n rugoperasie moes ondergaan (vgl Papp, W 1994:35-36). Die operasie was suksesvol en het vir Kálmán II heelwat verligting gebring.

Aan die begin van Oktober 1994 het Kálmán II se vriend, Gyula Ujvári, wat aan die begin van 1994 permanent na Hongarye teruggekeer het, 'n besoek aan Suid-Afrika gebring om sekere sakebelange af te handel. Hy

het egter ongesteld in die land aangekom en kort daarna in 'n hospitaal in Randfontein beland met dubbele longontsteking. Ujvári is op 18 Oktober in die hospitaal oorlede en Kálmán II het gehelp met die reëlings om sy oorskot te laat balsem en na Hongarye te laat vervoer sodat hy in sy geboorteland ter ruste gelê kon word (vgl Papp, W 1994:36). Ujvári het reeds voordat hy in 1994 terug is na Hongarye, sy 1977-model Jaguar XJ6 motor aan Kálmán II toevertrou, en sy seun, Gyula junior, het dit later aan Kálmán II geskenk as 'n blyk van waardering vir sy jarelange hulp en bystand aan sy vader.

Gedurende Desember 1994 het Christel, die weduwee van Mieke se voormalige studentevriend Wolfgang Hansske, vanuit Duitsland 'n besoek van drie weke aan Kálmán II en Mieke gebring en die Wagenvoorts het hulle gedurende hierdie tyd ook vanuit Nederland besoek (vgl Papp, W 1994:44).

Soos reeds gemeld, het Kálmán II tydens sy intensiewe navorsing oor die Geloftefeeste te Paardekraal, ook die oorsprong van die Paardekraal-gelofte nagevors. Dit het gelei tot 'n insiggewende artikel wat in die *HTS* van Maart 1995 verskyn het. Daarin kom Kálmán II tot die gevolgtrekking dat daar nooit 'n oorspronklike gelofte by Paardekraal afgelê is, soos deur die meeste mense aanvaar is nie, maar dat dít wat met verloop van tyd as die Paardekraalgelofte bekend geword het, eintlik niks anders was as 'n ooreenkoms wat reeds in 1879 te Wonderfontein gesluit is en later by Paardekraal herbevestig is nie (vgl Papp, K 1995:205). Niemand het sy bevinding ooit bevraagteken nie. Sedertdien het Kálmán II elke jaar 'n afskrif van hierdie artikel aan die hoofspreker te Paardekraal oorhandig.

Kort nadat Kálmán II en Mieke gedurende Maart 1995 die gesins-naweek van Kálmán III se gemeente Nigel by die Weesgerus vakansie-oord naby Nylstroom bygewoon het, waartydens Kálmán II die erediens gelei en 'n praatjie gehou het, het hulle die afskeid van die ambassadeur van Hongarye, doktor András Gergely, met wie hulle 'n baie goeie verhouding gehad het, in Pretoria bygewoon (vgl Papp, W 1995:10-11). Aan die einde van April het hulle ook deur die bemiddeling van hulle skoondogter, Yolanda, die jaarlikse Koninginnedagvieringe by die Nederlandse ambassade bygewoon (vgl Papp, W 1995:10-19).

### 5.7.9 Geboorte van sewende kleinkind

Op 20 Mei 1995 word Zoltán en Margarete se derde kind, Kálmán II en Mieke se sewende kleinkind, in Pretoria gebore en as Ludwig Kálmán geregistreer. Hiermee het hy die eerste kleinkind geword wat Kálmán II se naam ontvang het (vgl Papp, W 1995:19). Net soos dit die geval was met sy ouer suster en broer, is Ludwig nie deur sy ouers ten doop gehou nie.

### 5.7.10 Die verliese van 1995/6

Gedurende die tweede helfte van 1995 en die grootste deel van 1996 sou Kálmán II en Mieke se lewens erg ontwrig word deur die afsterwe van verskeie kennisse en geliefdes. Aan die begin van Junie 1995 is hulle deur Schalk Geyser, die oudste seun van wyle professor Albert Geyser, in kennis gestel dat sy moeder ernstig siek is en besig is om vinnig agteruit te gaan. Sy is kort daarna oorlede en Kálmán II is versoek om die roudiens te lei. Dit het in die kerkgebou van die Nederlandssprekende gemeente in Johannesburg plaasgevind en Mieke het by hierdie geleentheid as orrelis opgetree. Verskeie predikante van die Nederduitsch Hevormde Kerk het die begrafnisdiens bygewoon (vgl Papp, W 1995:23-34). Gedurende November van dieselfde jaar ontvang Kálmán II en Mieke berig dat Mieke se vriendin, Greet Wetter, met wie sy sedert hulle terugkeer na Nederland baie gereeld gekorrespondeer het, oorlede is, en gedurende Desember sterf professor Kees Wagenvoort by Kálmán II en Mieke aan huis nadat hy met bosluiskoors vanaf 'n kort vakansie in die destydse Oos-Transvaal teruggekeer het. Kálmán II het die roudiens in Krugersdorp gelei (vgl Papp, W 1995:43-45).

Intussen het Kálmán II drie eredienste vir Kálmán III in Nigel waargeneem. Hiervan was die Geloftediens van die susterkerke van Nigel, op 16 Desember, een. 'n Eksemplaar van die program van hierdie diens kan in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3). Gedurende die laaste week van Desember het die Tréki-gesin, wat vroeër na Kanada geëmigreer het en op 'n besoek aan Suid-Afrika was, vir 'n week by Kálmán II en Mieke gekuier, en het Kálmán II ook in Magaliesburg 'n besoek gebring aan sy halfniggie Juliska, wat steeds ernstig siek was (vgl Papp, W 1995:46).

Kálmán II en Mieke se jongste seun, Wilfried, het weer aan die einde van 1995 en begin van 1996 'n groot emosionele insinking beleef. Hy kon sy mislukkings van die verlede nie verwerk nie en die druk by sy werk en sy eensaamheid het daartoe gelei dat hy sy toevlug toenemend tot drank en kalmeermiddels geneem het. Sy fisiese toestand het in dié tyd vinnig agteruit begin gaan en hy het nie meer werklik beheer oor homself en sy omstandighede gehad nie. Nadat hy vir enkele dae nie met Kálmán II en Mieke kontak gemaak het en hulle hom nie telefonies in die hande kon kry nie, het Kálmán II en Mieke onraad vermoed en besluit om op 20 Januarie 1996 na sy huis in Midrand te gaan om vas te stel wat makeer. Daar aangekom, moes Kálmán II by die huis inbreek om toegang te verkry en het hulle hom in 'n sittende posisie dood op die kombuisvloer aangetref. Aangesien sy liggaam reeds in 'n staat van ontbinding was, het hy waarskynlik reeds twee of drie dae vantevore gesterf. Die presiese oorsaak van sy dood kon nie vasgestel word nie, maar volgens die doodsertifikaat, waarvan 'n duplikaat in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind kan word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3), is hy aan onnatuurlike oorsake oorlede. Alhoewel daar tydens die nadoodse ondersoek spore van verskeie medisynes en kalmeermiddels in sy liggaam gevind is, was dit nie genoeg om sy dood te veroorsaak nie. Dit was dus duidelik dat Wilfried nie doelbewus sy eie lewe geneem het nie. Die afleiding word gemaak dat sy liggaam, as gevolg van die skade wat met die verloop van jare deur al die chemiese middels veroorsaak is, op die dag van sy dood eenvoudig ingegee het. Wilfried is op 24 Januarie tydens 'n private seremonie, waarby slegs familielede en intieme vriende teenwoordig was, in die Krugersdorpse begraafplaas ter ruste gelê. Sy gewese vrou, Elna, en hulle kinders, Emil en Inge, was ook teenwoordig. Ds C L Badenhorst het die voorafgaande begrafnisdiens in die kerkgebou van die gemeente Krugersdorp gelei, en Kálmán III het die bedankings gedoen. Talle vriende, kollegas en lidmate van die gemeentes van Krugersdorp het die diens bygewoon (vgl Papp, W 1996:4-9). 'n Skrywe van meegevoel van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering kan in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4

Deel 3). Alhoewel Kálmán II en Mieke reeds vir jare die ergste verwag het, het hulle altyd bly hoop dat Wilfried sy terugslae in die lewe sou kon verwerk en sy probleme te bowe sou kom. Daarom was sy skielike dood vir hulle 'n groot skok en het dit hulle etlike jare geneem om dit te verwerk. Wilfried se dood was ongetwyfeld die grootste verlies van hulle lewe.

Nadat Kálmán II en Mieke weer gedurende Maart 1996 die jaarlikse gesinsnaweek van Kálmán III se gemeente bygewoon het, het hulle in April vakansie gaan hou in Vishoek in die Wes-Kaap om 'n bietjie afstand te kry, en eers daarna werklik weer tot verhaal gekom. Tydens hierdie vakansie moes hulle egter ook verneem van die afsterwe van hulle skoonseun se moeder, Anna Catharina Willemse (vgl Papp, W 1996:10-15).

Tussen al die hartseer in, het Kálmán II en Mieke gedurende Junie 1996 die vreugdevolle nuus verneem dat Kálmán III besluit het om Leoné se twee seuns uit haar vorige huwelik, Henri en Ricus, aan te neem. Hulle biologiese vader, Henry Hanslow van Zyl, wat al voorheen aan diefstal en bedrog skuldig bevind is, het homself in 1995 aan dieselfde misdade skuldig gemaak en daarna op die vlug geslaan. Van Zyl kon sedert Januarie 1996 nie opgespoor word nie en die feit dat hy vermis was het aan Kálmán III die geleentheid gegee om die seuns, wat hom lankal as hulle vader aanvaar het en sedert 1992 deur hom grootgemaak is, wettig aan te neem (vgl Papp, W 1996:24). Tydens die verandering van hulle familienaam vanaf Van Zyl na Papp, het Kálmán III en Leoné terselfdertyd aan elke seun een van Kálmán III se voorname bygegee. Henri van Zyl sou sedertdien as Kalman Henri Papp bekend wees, en Ricus Neville van Zyl as Diederik Neville Papp. Afskrifte van die seuns se gewysigde geboortesertifikate kan in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3). Kálmán II en Mieke se kleinkinders het hiermee tot nege aangegroei, en Kálmán II het nou twee kleinseuns gehad wat na hom vernoem is. Geen verdere kleinkinders is sedertdien gebore nie.

Die hartseer van 1996 was egter nog nie vir Kálmán II en Mieke verby nie. Op 12 Oktober ontvang hulle die berig dat Kálmán II se halfniggie, Juliska Gallasz, wat sedert haar beroerte-aanval in September 1993 bed-

lêend was en deur haar man tuis versorg is, oorlede is. Kálmán II het haar roudiens op 16 Oktober in Hongaars gelei in die kapel van die begrafnis-ondernemers AVBOB in Krugersdorp, en Kálmán III, wat as laerskoolkind gereeld gedurende skoolvakansies by die Gallasze in Sandton gekuier het, het die bedankings in Engels gedoen. Juliska is daarna in die Krugersdorpse begraafplaas naby Wilfried ter ruste gelê (vgl Papp, W 1996:33-34).

Die godsdienstige wipplankryery van Kálmán II en Mieke se jongste dogter, Iemke, het intussen steeds voortgeduur. Nadat sy in 1995 vir 'n tyd-lank met die Toronto Blessing deurmekaar was, het sy aan die einde van 1996 met die Jodedom behep geraak (vgl Papp, W 1996:42). Later, in 1999 is sy ingeseën as 'n *Handmaiden of the Lord* (vgl Papp, W 1999:17) en in 2002 is sy en haar kinders deur haar man, Eric, wat deurgaans deur Iemke op sleeptou geneem is, oorgedoop (vgl Papp, W 2002:10 en 18). Kálmán II en Mieke, wat beide nugterdenkende, standvastige en ingetoë gelowiges was, kon hierdie geestelike wispelturigheid van hulle aangenome dogter nooit gewoond raak nie. Tog het hulle haar nooit as gevolg daarvan verwerp nie. Iemke het van haar kant af ook steeds baie getrou kontak met haar ouers behou en altyd 'n liefdevolle belangstelling in hulle wel en wee getoon.

### 5.7.11 Pelgrimstog na Hongarye

Sedert die ineenstorting van die kommunistiese regime in Hongarye en die nietigverklaring van sy doodsvonnis in 1990, het 'n besoek aan sy geboorte-land vir Kálmán II al hoe meer 'n moontlikheid begin word. Toe Gyula Ujvári junior aan die begin van April 1997 'n besoek aan Suid-Afrika gebring het om sekere sake rondom die boedel van sy vader af te handel en van Kálmán II en Mieke se voorneme om Hongarye te besoek verneem het, het hy aan-gebied om vir hulle reis te betaal (vgl Papp, W 1997:8-12). Kálmán II se broer, Zoltán, wat hom reeds vroeër genooi het om by hulle te kom kuier, is kort daarna van die moontlike besoek in kennis gestel en hy het dit dadelik opgevolg met 'n skriftelike uitnodiging wat hulle aan die einde van April ontvang het. In hierdie skrywe, wat saam met 'n Afrikaanse vertaling daarvan in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind kan word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3), bring

Zoltán sy broer kortliks op hoogte van die omstandighede waarin die familie hulleself in Hongarye bevind en doen hy 'n voorlopige reisplan aan die hand. Hy meld daarin ook dat die kinders nie kan wag om hulle legendariese oom van Suid-Afrika te ontmoet nie. Op grond hiervan het Kálmán II en Mieke besluit om die reis aan te pak en dadelik met die voorbereidings begin. Dominee M J J Redelinghuys en sy vrou, met wie Kálmán II en Mieke gereeld kontak gehad het, het aangebied om hulle huis op te pas en die diere te versorg (vgl Papp, W 1997:17).

Ongeveer twee maande later, net voor hulle vertrek na Hongarye, ontvang Kálmán II 'n poskaart van dominee Ede Horsai uit die dorp Kék in Hongarye, waarin hy Kálmán II uitnooi om die openingsgeleentheid van die 23ste konferensie van die World Alliance of Reformed Churches (WARC) in Augustus 1997 in Hongarye by te woon. Horsai sou dan in dieselfde tyd 'n reünie reël vir die teologiestudente wat vyftig jaar gelede saam met Kálmán II aan die Universiteit van Debrecen afstudeer het, onder andere Kálmán II se studentevriendin, Sarika Irlanda. Volgens die poskaart het Horsai in die reisverslag van Bütösi, waarop hy toevallig in 'n boekwinkel afgekom het, verneem van Kálmán II se werk in Suid-Afrika. Die poskaart en 'n Afrikaanse vertaling daarvan, kan in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3). Hierdie uitnodiging het daartoe gelei dat Kálmán II en Mieke hulle reis na Hongarye met 'n week verleng het.

Nadat daar vir weke vir die reis voorberei is, geskenke vir die hele familie aangekoop is en Kálmán II met groot moeite 'n rolprent vir die familie saamgestel het, is Kálmán II en Mieke op 15 Julie 1997 op die destydse Jan Smuts Lughawe deur hulle kinders en kleinkinders afgesien. Hulle het met Austrian Airlines via Wene na Budapest gevlieg en is daar ingewag deur Kálmán II se broer en suster en van hulle kinders.

Kálmán II en Mieke se belewenisse in Hongarye word volledig beskryf in 'n verslag van vier-en-dertig bladsye wat Mieke oor die reis saamgestel het. 'n Afskrif daarvan kan in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3). 'n Verkorte weergawe van hulle ervaringe kan ook in 'n

artikel in *Konteks* van November 1997 gevind word. Volgens hierdie stukke het Kálmán II en Mieke se besoek uit twee dele bestaan: 'n besoek aan die hoofstad, Budapest, waar Kálmán II se broer, Zoltán, sy drie seuns en die twee dogters van hulle suster gewoon het, en 'n besoek aan Debrecen, waar Kálmán II se suster, Katalin, en haar seun gewoon het. In Budapest het hulle by Zoltán en sy vrou tuisgegaan, en in Debrecen by sy suster en haar seun Mihály en sy gesin. Beide besoeke het grotendeels bestaan uit ontmoetings met die kinders en kleinkinders van Zoltán en Katalin, maar ook uit her-ontmoetings met ander familielede en kennisse uit die verlede. In beide stede het Kálmán II en Mieke talle plekke van godsdienstige, historiese en kulturele gedenkwaardigheid besoek en verskeie konserte bygewoon. Tydens hulle verblyf in Budapest het hulle ook 'n kort vakansie gehou in die pragtige dorpie Alsóörs, naby die Balatonmeer, waar Zoltán 'n klein vakansiehuisie besit het. Gyula Ujvári junior, wat op daardie stadium vir 'n soldatereünie in Hongarye was, het hulle ook in Budapest besoek.

Zoltán het Kálmán II en Mieke op hulle besoek aan Debrecen vergesel. Hulle het per sneltrein deur die pragtige Hongaarse platteland met sy sonneblom- en koringlande gereis - 'n reis van ongeveer twee ure. Op 27 Junie het hulle per motor na Mándok gereis - die dorpie waar Kálmán II gebore is en waar sy vader predikant was. Op dieselfde dag het Kálmán II, na vyftig jaar, die voorreg gehad om 'n erediens te lei op die kansel waarop sy vader vroeër gestaan het. 'n Foto van die kerkgebou en van Kálmán II op die kansel, verskyn langs die artikel in *Konteks* van November 1997, en 'n Afrikaanse vertaling van die preek kan in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3). Dit lui soos volg:

> Skriflesing: Eksodus 33:12-23
>
> Teks: Eks 33:23a: Dan sal Ek my hande wegvat sodat jy My van agter kan sien.
>
> Geliefde broeders en susters! Wat is ons toekoms? Wat wag

vir ons? Daaraan dink ons, en dit vra ons in Suid-Afrika, waarvandaan ek kom, netsoos in Hongarye. Maar die toekoms is onbekend. Nie net die toekoms nie, maar selfs die dag van môre. Niemand weet of hy môre nog lewe en watter lot vir hom wag. Maar ons sal graag wíl weet - elke mens sal wil weet. Baie wil dít voorspel wat die toekoms sal bring. 'n Groot skare van toekomsvoorspellers probeer nie net vandag nie, maar het ten alle tye geprobeer om die toekoms te voorspel. Wat wag vir ons? Wat word van ons wêreld, wat van ons volk, wat van ons kerk, en van ons persoonlik? Maar niemand weet nie. Die toekoms is 'n geslote geheim.

Ek het dit ook nie geweet toe ek in 1934 verhuis het van Mándok na Miskolc, na die gimnasium, en nog minder, daarvandaan na Debrecen vir teologiese studie. Ook het ek toe ek na Holland is om verder te studeer, gladnie geweet wat wag vir my nie. Ook nie toe ek daarvandaan in die suidelikste land van Afrika terreggekom het. Niemand weet. 'n Mens kan daaraan terugdink - 'n mens moet ook daaraan terugdink. Maar niemand weet vantevore nie.

Moses het ook nie geweet nie. Daaroor het ons gelees. Maar toe dink hy - as hy nie weet nie - dan sal hy dit vra van Iemand wat alles weet, van God die Vader self: "U het vir my gesê dat ek moet gaan, die land van Egipte moet verlaat, na 'n nuwe land. Maar ek het 'n paar vrae. Moet ek sommer die onbekende tegemoetgaan? U het nie eers gesê wie U saam met my stuur nie. As dit werklik waar is dat ek u goedgesindheid geniet, dan moet U my tog laat weet wat is U plan. Op watter weg wil U my lei?" God het hierop nie reguit geantwoord nie. Hy het gesê: "Sal dit jou gerusstel as Ek sê dat Ek saam met jou gaan?" Natuurlik, want as U nie saamgaan nie, bly ons liewer waar ons is. Dit gee vir my 'n sekere mate van gerustheid, maar tog nie heeltemal nie, want waarheen lei U my? Wat is U plan? Al gaan ons saam, sou ek tog baie

graag wou weet waarheen ons gaan. Voor watter probleme sal ons te staan kom? Wat sal ons lot wees? Waarteen sal ons moet stry? Ek wil tog graag weet waaroor gaan dit eintlik. U moet dit tog weet." En Moses rig 'n verdere vraag aan God: "Laat my tog u heerlikheid sien."

Dit is nie so maklik om hierdie teks te verklaar nie, sodat ons kan verstaan wat dit is wat Moses vra. Hy vra dat God die diepste wese van sy goddelikheid moet openbaar maak, sodat God vir die mens 'n ope boek sal wees - nie 'n geheimsinnige en onkenbare begrip nie. "Vertoon vir my u goddelikheid en glorie." Maar dan ontwyk God weer 'n direkte antwoord. "My heerlikheid, my goddelike glorie, kan niemand aanskou nie. My aangesig kan geen mens sien en dan in lewe bly nie." God sê: "Maar jy kan op hierdie rots gaan staan en wanneer Ek by jou verbygaan, sal Ek jou met my hande bedek. Dan gaan Ek by jou verby in my volle magtigheid en heerlike verskyning, en as Ek my hande dan wegneem, kan jy My van agter sien, omdat niemand my aangesig mag aanskou nie."

Om God van agter te mag sien, broeders en susters, kan slegs beteken dat jy God alleen kan sien nadat Hy verbygegaan het.

Dit is wat die Bybel doen - vertel hoe het God by sy volk verbygegaan. Wanneer Hy kom met storms, aardbewings en donderweer, raak die volk verbyster en beangs, maar wanneer hulle sien dat Hy verbygegaan het, dan kan hulle Hom aanskou - dan sien hulle waarom het Hy gekom, wat het Hy gedoen. Die Bybel sê: om dít te sien, gee hoop vir die toekoms. As jy God se spore sien in jou lewe, in die lewe van die geskiedenis van jou volk, dan sien jy dat Hy die genadige en liefdevolle God is, dan ontdek jy hoe dikwels Hy jou beskerm het, hoe dikwels het Hy jou gehelp, versterk, die onmoontlike ook vir jou moontlik gemaak.

> Liewe gemeente, in der waarheid is dit die sentrale boodskap van die Bybel. Al weet ons nie wat die volgende jaar bring nie, hoe die volgende generasie sal wees nie, watter politieke party die leiding sal neem nie, hoe sal die ekonomiese toestand wees nie, of wat ook al, tog - omdat ons teruggekyk het, met hart en siel, met erns, weet ons dat God ons nog altyd krag gegee, ons getroos het. Dan gaan ons vorentoe, volg die pad verder, ondanks dat ons die môre en oormôre en die toekoms nie kan voorspel nie. "Ons vertrou op God" - u ken die lied.
>
> Voorspel kan ons die toekoms nie. Ons kan ons nie vir môre voorberei of voorsorg tref vir die gevare daarvan nie. Maar ons kan een ding doen: omdat ons weet wat die mense van die Bybel en wat ook ons self uit ons eie lewe gesien het, kan ons elke dag enduit uit ons Godsvertroue leef.
>
> (NHK Argief K2 5/4 Deel 3)

Die Reformatoriese Teologie se besef van 'n persoonlike God wat Hom met die mens bemoei en in liefde en genade na die mens omsien op sy lewensweg, is duidelik uit hierdie preek van Kálmán II. Dit is tegelyk ook 'n voorbeeld van die Dialektiese Teologie se verstaan van die spanningsveld tussen God en mens, en van geloof as ontmoeting met die lewende God. Die preek staan duidelik teenoor 'n oorheersende filosofiese metodologie in die teologie, wat die teïstiese God laat vervaag in onbetrokkenheid en onpersoonlikheid, en die mens laat in die immanensie van eie-verantwoordelikheid en eie-beslissing in die voltrekking van sy menswees en lewe. Hiervoor het Kálmán II nooit gekies nie, en dít het hy nooit verkondig nie.

Op 1 Augustus het Kálmán II en Mieke die openingsgeleentheid van die 23ste konferensie van die WARC in die Groot Kerk van Debrecen bygewoon. Hier het hulle onder andere biskop Kálmán Csiha van die Hongaarse Hervormde Kerk in Roemenië, wat in 1994 in Suid-Afrika by hulle op besoek was, weer ontmoet. Dominee Ede Horsai, wat Kálmán II aanvanklik uitgenooi

het, kon die konferensie egter as gevolg van siekte nie bywoon nie, en daar het ook niks gekom van die beoogde reünie nie. Kálmán II het egter tog daarin geslaag om met Sarika Karasszon (née Irlanda), sy studentevriendin, kontak te maak en hy en Mieke het haar en haar man, professor emeritus Dezsö Karasszon, besoek. Sedertdien het Dezsö en Mieke gereeld gekorrespondeer.

Kálmán II en Mieke is op 10 Augustus terug na Budapest, waar hulle die volgende dag Mieke se nege-en-sestigste verjaardag gevier het. Die laaste dag van hulle verblyf in Hongarye is gebruik om die laaste geskenkies vir almal in Suid-Afrika te koop en op 13 Augustus is hulle weer via Wenen terug na Suid-Afrika, waar hulle die volgende oggend deur Kálmán III, Ricus, Saskia en Iemke ingewag is. Hiermee het hulle pelgrimstog aan 'n einde gekom - 'n ervaring wat vir beide Kálmán II en Mieke van onskatbare betekenis was. Mieke verwoord dit soos volg in die slotwoorde van haar reisverslag:

> En nu nemen we de draad weer op, zetten alles op 'n rij, doodmoe, maar onuitsprekelijk bly en dankbaar omdat dit ons geschonken is, omdat we't wat gezondheid betreft, zonder crisis, nog konden genieten en dit samen konden doen. Omdat we van begin tot einde in Gods handen veilig waren en nog verder mogen gaan met ons ryke bestaan, zolang Hy dit zo zal beschikken.
>
> (NHK Argief K2 5/4 Deel 3)

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat Mieke intens bewus is van 'n persoonlike verhouding met God. Dit is onder andere uit Kálmán II se preek in Mándok duidelik dat dit ook sy wete en oortuiging is. Hulle Godsverstaan dui dus nie op 'n afwesige en onpersoonlike wese, soos in die Deïsme nie. God is vir beide 'n werklikheid in die lewe. Hulle hele bestaan is in Hom veranker.

Die res van 1997 het geen noemenswaardige gebeure in Kálmán II se lewe opgelewer nie, behalwe dat hy vir Kálmán III, wat reeds vroeër die

voorneme uitgespreek het dat hy die familiegeskiedenis op skrif wou stel, stof begin versamel het vir hierdie projek.

In 1998 het Kálmán II, benewens die maandelikse eredienste vir die Hongare, nog in verskeie gemeentes aan die Wesrand eredienste gelei, onder andere in die Nederlandssprekende gemeente toe sy skoondogter, Yolanda, in Amerika met die afronding van haar doktorale proefskrif besig was. Hy het ook 'n aantal Hongaarse koorstukke in Afrikaans vertaal vir die Ad Libitum Koor, waarin sy skoondogter, Elna, gesing het. Hy het verder 'n lesing by die Departement Musiek, aan die Universiteit van Pretoria, gehou oor *Musiek in Hongarye*. Dan het hy en Mieke Yolanda se verdediging van haar doktorale proefskrif in Pretoria bygewoon en die katkisantefoto's van die gemeente Krugersdorp-Oos geneem en afgedruk (vgl Papp, W 1998:4-27).

### 5.7.12 Gesondheidsterugslae

Nadat Kálmán II reeds aan die einde van 1998 onraad begin vermoed het en aan die begin van 1999 vir mediese toetse gegaan het, is daar vasgestel dat hy prostaatkanker onder lede gehad het. Op grond van sy ouderdom het die dokters besluit om hom nie te opereer nie maar met bestraling te behandel. Hy het tussen 20 Februarie en 29 Maart ses-en-dertig bestralings ontvang en moes daarvoor daagliks na die Rand Kliniek in Johannesburg gaan. Alhoewel die bestralings hom sy eetlus ontneem, moeg gemaak, en geringe skade aan sy ingewande aangerig het, was dit suksesvol. Opvolgtoetse in April 1999 het bevestig dat die kanker in remissie was (vgl Papp, W 1998:30-1999:18).

Die res van 1999 het ook 'n aantal ander vreugdes en hoogtepunte opgelewer. Op Sondag 2 Mei 1999 is Kálmán II se vyf-en-sewentigste verjaardag met groot dankbaarheid op die plaas van Kálmán II en Mieke se kinders, Eric en Iemke Willemse, net buite Brits gevier. Gedurende die naweek van 15 tot 16 Mei het Kálmán II en Mieke die halfeeufees van Kálmán III se gemeente Nigel bygewoon. Kort daarna het hulle ook met vreugde verneem dat Kálmán III se vrou, Leoné, swanger was. Aan die einde van dieselfde maand het Kálmán II veertig emeriti predikante en hulle gades in Pretoria met 'n verskeidenheid Hongaarse soppe onthaal tydens ’n byeenkoms van die Eendrachtkring (vgl Papp, W 1999:18-20).

Kálmán III het intussen begin met sy navorsing oor die Hongaarse voorgeslagte, en Kálmán II en Mieke het hom bygestaan met die vertaling van 'n aantal Hongaarse dokumente in Afrikaans, onder andere twee geskrifte wat deur Kálmán II se broer opgestel is en waarna daar aan die begin van hierdie studie verwys word. Kálmán II het sy kinders nooit Hongaars geleer nie. Terwyl hulle daarmee besig was, het Kálmán III tot die gevolgtrekking gekom dat hy 'n besoek aan Hongarye sal moet bring indien hy hom deeglik sou wou oriënteer vir sy studie en sodat hy verdere navorsing kon doen. Kálmán II het dadelik aangebied om Kálmán III op so 'n reis te vergesel en hulle het dadelik met die beplanning begin. Hulle opgewondenheid oor die komende reis is egter erg gedemp toe Kálmán III se vrou, Leoné, gedurende Augustus op twaalf weke 'n miskraam gehad het (vgl Papp, W 1999:22-32). Kálmán III het nooit enige kinders van sy eie gehad nie, en alhoewel sy oudste aangenome seun die naam Kalman bygekry het, is daar dus in hierdie geslagslyn nie 'n Kálmán as oudste seun gebore nie, en ook nie 'n Kálmán wat tot dusver predikant geword het nie.

'n Tweede terugslag was toe Kálmán II en Mieke se dogter, Saskia, wat in bevel was van die intensiewe sorgeenheid vir kinders by die Harmelia Kliniek in Kempton Park, in Januarie 2000 'n senuwee-ineenstorting gehad het nadat 'n kind na bewering as gevolg van die agtelosigheid van 'n verpleegster, in die eenheid oorlede is. Nadat Saskia vir bykans drie maande vir erge depressie behandel is, is sy op 17 Maart uit die Helen Joseph Hospitaal ontslaan. Kálmán II en Mieke het intussen haar woonstel in Kempton Park ontruim en sy het by hulle ingetrek. Op die dag nadat Saskia ontslaan is, het Kálmán II en Mieke die millenniumfees ter herdenking van die duisendjarige bestaan van Hongarye in Pretoria bygewoon (vgl Papp, W 2000:1-15).

Op Sondag 2 April 2000 herdenk die gemeente Krugersdorp en Mieke haar veertigste jaar as orrelis van die gemeente. Hiermee het sy dus Kálmán II se diensjare in die gemeente geëwenaar. In dieselfde maand besluit sy om haar suster, Nel, na Suid-Afrika te nooi terwyl Kálmán II en Kálmán III in Hongarye sal wees. Intussen verneem Kálmán II en Mieke dat Gustav, die man van Kálmán II se oorlede halfniggie, Juliska, met 'n jong Afrikaanse meisie in die huwelik getree het (vgl Papp, W 2000:14-20).

### 5.7.13 'n Tweede reis na Hongarye

Kálmán III se versoek aan Kálmán II en die familie in Hongarye was dat hy sy vader se spore in Hongarye wou navolg - van waar hy gebore is, totdat hy die land verlaat het. Aangesien dit egter Kálmán III eerste besoek aan Hongarye en die eerste ontmoeting met sy Hongaarse familie was (sy oom Zoltán en tante Katalin, waarmee hy vroeër in Suid-Afrika kennis gemaak het, uitgesluit), is hulle reisprogram so uitgewerk dat hy ook al sy neefs en niggies en hulle kinders, asook ander familielede, kon ontmoet. Verder is daar gereël dat hy die meeste dorpies waar sy voorouers gewoon het, én hulle grafte kon besoek. Dit spreek vanself dat die familie, wat almal trotse Hongare is, hom ook die belangrikste besienswaardighede in Hongarye wou laat sien, veral dié van godsdienshistoriese belang. Omdat hulle slegs drie weke vir hulle reis beskikbaar gehad het, was hulle program baie vol. Elke uur van elke dag moes optimaal benut word. Die gegewens wat volg is gebaseer op aantekeninge wat Kálmán III daagliks tydens die reis afgeneem het.

Kálmán II en III het op 23 Junie 2000 met die Alitalia lugredery na Milaan gevlieg en die volgende dag daarvandaan met die Hongaarse Malev lugredery na Budapest, waar hulle deur Kálmán II se broer en suster en van hulle kinders op die lughawe verwelkom is. Hulle het gedurende hulle verblyf in Budapest tuisgegaan by Károly Szekeres, na wie daar vroeër in hierdie studie verwys is, aangesien die woonstelle van Zoltán en sy kinders elk oor slegs een slaapkamer beskik het. Szekeres, wat vanuit Suid-Afrika na Amerika geëmigreer het en ná die val van die kommunistiese regime in Hongarye na sy geboorteland teruggekeer het, het oor 'n tweeslaapkamer woonstel beskik en in daardie stadium geen afhanklikes gehad nie.

Op die dag ná hulle aankoms het Kálmán II en III die oggenddiens van die gemeente Budapest van die Hervormde Kerk van Hongarye bygewoon. Die liturgie het opvallende ooreenkomste getoon met dié waaraan hulle in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika gewoond was. Enkele uitsonderings was dat die samesang voor die erediens sonder begeleiding plaasgevind het; dat die wet en geloofsbelydenis nie voorgelees is nie; dat lidmate tydens die Skriflesing, wanneer God aan die woord kom, gestaan het; dat daar meestal tydens die sang en gebede gesit is; dat die Ons Vader

gebed hardop deur die hele gemeente gebid is en dat die Hongaarse volkslied sonder aankondiging direk ná die uitspreek van die seën aan die einde van die erediens gesing is. Ná die erediens het Kálmán II en III die biskop, wat ook op dié dag die prediker was, ontmoet, en hy het hulle uitgenooi na die inhuldiging van 'n standbeeld van Calvyn en die openings-geleentheid van die 4de Wêreldkonferensie van Hongaarse Hervormde Kerke op 30 Junie.

Tussen 26 en 28 Junie 2000 is Kálmán III deur verskillende lede van die familie na verskeie besienswaardighede in Budapest geneem, onder andere die Parlementsgeboue, die Kasteel in Buda, die St István Katedraal, die Nasionale Museum, die Millenniumplein en die Nasionale Operahuis, wat naas dié van New York die grootste verhoog in die wêreld het. Op 28 Junie het die familie van Budapest per boot op die Donaurivier na Esztergom gevaar, waar hulle die katedraal en koninklike paleis besigtig het, en op 29 Junie het Kálmán III se neefs Zoltán en Sándor, die seuns van Zoltán, Kálmán III vir 'n reis om die Balatonmeer geneem. Gábor, die studenteseun van Kálmán II se niggie Ági, een van Katalin se dogters, het oral saam-gegaan en as tolk opgetree. Hy en Amica, die vrou van Zoltán se jongste seun, Gábor, en in 'n mindere mate Kálmán II se neefs Sándor en Mihály, die seun van Katalin, was die enigste familielede wat Engels magtig was en met wie Kálmán III kon kommunikeer. Met sy oom Zoltán is daar 'n bietjie in Duits gekommunikeer.

Op 30 Junie het Kálmán II en III die onthulling van die standbeeld van Calvyn op die sypaadjie voor die kerkgebou van die gemeente Budapest bygewoon, en in die middag die openingsgeleentheid van die 4de Wêreld-konferensie van Hongaarse Hervormde Kerke in een van Budapest se sport-stadions. Dit is bygewoon is deur ongeveer twintigduisend Hervormers, waar-van talle in tipiese Hongaarse volksdrag geklee was. Tydens die erediens is daar deur ongeveer driehonderd predikante in eenvormige togas, waaronder 'n hele aantal vroue, by veertig tafels aan die skare nagmaal bedien op die wandelende wyse. 'n Massakoor van meer as driehonderd lede en doktor Viktor Orbán, destydse Eerste Minister van die Republiek van Hongarye en lidmaat van die Hervormde Kerk van Hongarye, het ook aan die verrigtinge

deelgeneem. Die biskoppe van die verskillende distrikte van die Hervormde Kerk van Hongarye oor die wêreld heen, het elk 'n groeteboodskap oorgedra. Hierdie geleentheid was vir Kálmán II en III 'n besondere belewenis.

Die tweede deel van Kálmán II en III se besoek aan Hongarye het bestaan uit 'n besoek aan Debrecen in die ooste van die land, waarvandaan hulle 'n aantal dorpe en stede van historiese belang besoek het. Hulle het op 1 Julie met die sneltrein daarheen gereis en by Kálmán II se suster, Katalin, en haar seun, Mihály, en sy gesin tuisgegaan. Die huis waarin hulle gewoon het was dieselfde huis as dié waarin Kálmán II as student gewoon het en later deur die Szent-Királyi's aan Katalin se kinders nagelaat is. Op dieselfde dag het Kálmán II en III die kampus van die Universiteit van Debrecen besoek.

Op Sondag 2 Julie het Mihály, Gábor en Kálmán II en III per motor na Kálmán II se geboortedorp, Mándok, in die noord-ooste van Hongarye vertrek. Daar het hulle die oggenderediens van die gemeente Mándok bygewoon in die kerkgebou waar Kálmán II gedoop is en Kálmán I predikant was. Kálmán II én III het op versoek ná die erediens elk 'n kort boodskap aan die gemeente oorgedra - Kálmán II in Hongaars en Kálmán III in Engels. Gábor het Kálmán III se boodskap vir die gemeente in Hongaars vertaal. Ná die erediens het hulle saam met die plaaslike predikant en sy vrou middagete geniet in die nuwe gedeelte van die pastorie wat oorkant die kerkgebou geleë is. Die ou gedeelte, waarin Kálmán II gebore is, staan steeds daar - so ook die buitegeboue, die waterpomp en die groot okkerneutboom waaronder Kálmán II in sy kinderdae vleis gebraai het. Nadat hulle ook 'n besoek aan die kerkskool, waarin Kálmán II sy laerskoolopleiding ontvang het, gebring het, is hulle weer terug na Debrecen.

Op 3 en 4 Julie het Kálmán II en III verskeie besienswaardighede in Debrecen besoek, onder andere die Groot Kerk en die Collegium waar Kálmán II gestudeer het. Hulle het ook die begraafplaas, waar Kálmán II se moeder en ander familielede begrawe is, besoek. Middagete is by professor en mevrou Karasszon geniet.

Op 5 Julie het Kálmán II en III saam met Mihály en Gábor via die bekende Tokai wynstreek in die noorde van Hongarye na Sárospatak gereis,

waar hulle 'n besoek gebring het aan die Collegium van Sárospatak waar die meeste van die predikante in Kálmán II se voorgeslag gestudeer het. Nadat hulle ook die bekende kasteel van die Rákoci's besoek het, is hulle via die Zemplen woude en Vizsolyi, waar die volledige Bybel vir die eerste keer in Hongaars gedruk is, na die stad Miskolc, waar Kálmán II sy hoërskooljare deurgebring het. Nadat hulle die aand by 'n familielid oornag het, het hulle die volgende dag in die omgewing verskeie dorpies en grafte van bekendes onder die voorgeslagte besoek, onder andere die graf van Kálmán II se grootvader, Dániel Papp, in Rádostyán. Aandete is by Kálmán II se niggie, Sárika, in Miskolc geniet. Die volgende dag is daar vroegoggend besoek afgelê by die Hervormde Kerk van Miskolc, waar Kálmán II belydenis van geloof afgelê het, asook by die Lévai Jószef Hervormde Gimnasium waar hy gematrikuleer het en by die graf van sy vader, Kálmán I. Daarna is daar via Lillafüred en die Bükkberge teruggekeer na Debrecen. 'n Poging is aangewend om die jagtershut in die Bükkberge op te spoor waar Kálmán II gedurende die oorlog geskuil het. Aangesien dit nie gevind kon word nie, word daar aanvaar dat dit iewers in die verlede gesloop is. Die huis van die boswagter was egter steeds daar en Kálmán II het dit dadelik herken.

Die laaste dag in Debrecen is gebruik om geskenkies vir die familie in Suid-Afrika te soek en aandete is in 'n luukse hotel geniet terwyl 'n tipiese sigeuner-orkes vir die agtergrondmusiek gesorg het. Op 9 Julie is Kálmán II en III weer met die sneltrein terug na Budapest, waar die oorblywende vier dae deurgebring is deur inkopies te doen, by vriende en familie te kuier en nog enkele besienswaardighede te besoek. In hierdie tyd het Kálmán II ook met Erzébet, die suster van sy vriend Gyula Kolláth, saam met wie hy tydens die oorlog in die Bükkberge geskuil het, kontak gemaak. Hulle het Gyula se graf besoek en sy het Kálmán II en III een aand by 'n uitsoek restaurant in die buitewyke van Budapest met 'n Hongaarse buffet-ete getrakteer. Kálmán II het ook daarin geslaag om kontak te maak met sy Nederlandse studentenooi, Janny (née Lems), wat toevallig in dieselfde tyd in Budapest was, en hy en Kálmán III het een oggend saam met haar koffie gedrink by die bekende Café New York in Budapest.

Kálmán II en III se laaste aand in Hongarye is in die woonstel van

Károly Szekeres deurgebring. Daar het die familie en kennisse hulle een na die ander kom groet, met geskenke oorlaai en vir oulaas afskeid geneem. Hulle is die volgende oggend, op 14 Julie 2000, deur Zoltán en sy seun, Sándor, na die lughawe geneem. Hulle en Kálmán II se suster, Katalin en haar twee dogters Ági en Gyöngyi en kleinseun, Gábor, het daar van hulle afskeid geneem. Daar is in daardie stadium gemeen dat dit die laaste keer sou wees dat Kálmán II sy broer en suster sou gesien het.

Nadat Kálmán II en III die aansluitingsvlug na Suid-Afrika in Milaan verpas het, is hulle dieselfde aand deur Alitalia op 'n vlug na Londen geplaas om 'n vlug van British Airways na Suid-Afrika te haal. Hulle het hierdie vlug egter ook verpas en kon eers die volgende aand na Suid-Afrika vertrek nadat hulle 'n nag en 'n dag in Londen moes oorbly. Hulle het gevolglik eers op 16 Julie in plaas van 14 Julie in 'n koue Suid-Afrika aangekom, waar hulle deur Mieke en haar suster, Nel, en Leoné en die seuns terugverwelkom is. Hulle bagasie, met al die geskenke daarin, het eers twee dae later gearriveer.

Die reis na Hongarye het vir beide Kálmán II én III geweldig baie beteken. Benewens die kosbare ontmoetings met die familie, kon Kálmán III 'n baie beter prentjie kry van Kálmán II se agtergrond en verlede, en kon hy waardevolle inligting vir hierdie studie versamel.

Gedurende November 2000 het Kálmán II 'n oogoperasie ondergaan waarin daar 'n katarak verwyder en 'n lens ingeplant is. In dieselfde maand het Gustav Gallasz die geboorte van sy eerste kind aangekondig en in Desember het Kálmán II, soos gebruiklik, die Geloftefees te Paardekraal bygewoon en op Kersdag 'n erediens vir die Hongaarse gemeenskap in Johannesburg gehou. Mieke meld in haar dagboek dat dit deur ongeveer veertig persone bygewoon is (vgl Papp, W 2000:35-43).

### 5.7.14 Die verliese van 2001

Gedurende die eerste maande van 2001 het Kálmán II en Mieke verskeie verliese ervaar. Mieke se oudste suster, Ina, met wie sy die innigste verhouding van al haar susters gehad het, is in Februarie in Nederland aan 'n beroerte-aanval oorlede. In Maart is Freek Nagel, wat nog as diaken in 1951 Kálmán II se beroepsbrief na die gemeente Krugersdorp onderteken het en

tot Kálmán II se aftrede in die kerkraad van dié gemeente gedien het, ook aan 'n beroerte-aanval oorlede. Gedurende Mei word Kálmán II en Mieke geskok deur die dood van Gustav Gallasz, wat op sy plaas buite Magaliesburg aangeval en wreedaardig vermoor is. Gelukkig het sy jong vrou, Ronel, en hulle baba die aanval oorleef. Kálmán II het Gustav op 15 Mei uit die kerkgebou van die Gereformeerde Kerk Magaliesburg, waar Ronel lidmaat was, begrawe. Mieke en Kálmán III was ook teenwoordig (vgl Papp, W 2001:3-16).

### 5.7.15 Goue bruilof

Die jaar 2001 het egter ook groot vreugdes opgelewer. Op Saterdag 2 Junie is Kálmán II en Mieke se 50ste huweliksherdenking feestelik deur die familie gevier te Darrenwood Village, 'n luukse oord vir afgetredenes in Linden in Johannesburg, waar Ica Pap, een van Kálmán II se Hongaarse lidmate, die restaurantbestuurder was. Kálmán III het met die instemming van die ander kinders die leiding geneem met al die reëlings. Hy het self die uitnodigingskaartjie, program en spyskaart ontwerp en gedruk, waarop onder andere 'n troufoto en 'n resente foto van Kálmán II en Mieke, asook die Hongaarse, Nederlandse en Suid-Afrikaanse vlae en 'n stamboom van Kálmán II en Mieke se nageslag afgedruk was. Mieke het ingestaan vir die reiskoste van Elna en haar kinders, wat op daardie stadium in Kaapstad gewoon het, en hulle het vir 'n paar dae by Kálmán II en Mieke oorgebly. Die hele nageslag, wyle Wilfried uitgesluit, was teenwoordig by hierdie feestelike geleentheid. Nadat Kálmán III Psalm 23 in Hongaars (wat hy nie kan praat nie, maar wel kan uitspreek), Nederlands en Afrikaans voorgelees en 'n gebed gedoen het, is daar heerlik geëet en gekuier. Kálmán II en Mieke het daarna elk 'n kort boodskap aan die kinders en kleinkinders oorgedra en almal bedank vir hulle aandeel in die fees. Die volgende dag het almal die oggenderediens van die gemeente Krugersdorp bygewoon, waarna gelukwense namens die gemeente aan Kálmán II en Mieke oorgedra is en 'n ruiker aan hulle oorhandig is. Middagete is by Kálmán II en Mieke aan huis geniet en nadat almal vertrek het, het Kálmán II en Mieke op dieselfde aand die opening van die ringsvergadering van die ring van Krugersdorp in die kerkgebou van die gemeente Krugersdorp-Oos bygewoon (vgl Papp, W 2001:18-20).

Skaars 'n week daarna, op Vrydag 8 Junie 2001, het Kálmán II en Mieke na Nigel gereis vir 'n Hongaarse aand wat Kálmán III vir die volgende dag in die gemeente gereël het. Kálmán II en Mieke het 'n reuse aandeel in hierdie aand gehad. Hulle het vooraf veertig liter Hongaarse tongsop gemaak en al hulle Hongaarse ornamente beskikbaar gestel vir 'n uitstalling en die versiering van die kerksaal. Dit is verder aangevul met verskeie items wat by die Hongaarse ambassade geleen is. Kálmán II en 'n aantal helpers uit die gemeente het die volgende oggend tweehonderd-en-sestig eg-Hongaarse gevulde koolrolle gemaak, terwyl Kálmán III, Leoné en hulle helpers die saal versier en ander voorbereidings vir die aand getref het. Die teenwoordigheid van die ambassadeur van Hongarye, doktor László Pordány, en Mieke en Leoné in tradisionele Hongaarse drag geklee, het besondere luister aan die geleentheid verleen. Kálmán II het elke gereg op die spyskaart op sy bekende humoristiese wyse aan die gaste verduidelik en die ambassadeur het 'n kort toespraak gelewer. Hongaarse sigeunermusiek het deurgaans as agtergrondmusiek gedien. Mieke sê onder andere die volgende van hierdie geleentheid in haar dagboek: "De zaal was vol bezet, 110 gasten, kaarslicht, Hongaarse muziek, alles in Hongaarse kleuren, 'n feest. En lekker gegeten en gedronken. Spyskaarten in Hongaars. Aan't einde zong Kálmán en de Ambassadeur samen uit volle borst't Hongaarse volkslied, met 'n CD, koren en orkest op achtergrond" (Papp, W 2001:20). Kálmán II het die prediking tydens die volgende oggend se erediens in die gemeente Nigel waargeneem en Mieke het die gemeentesang begelei (vgl Papp, W 2001:20).

Gedurende die week daarna, op Donderdag 14 Junie 2001, was Kálmán II en professor J P Oberholzer en hulle gades die gaste van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering tydens 'n middagete. Lofskrifte is by hierdie geleentheid aan Kálmán II en Oberholzer, wat beide vyftig jaar gelede as predikante georden is, oorhandig (vgl *Die Hervormer* 2001:7). Kálmán II het by hierdie geleentheid tot groot vermaak van die teenwoordiges sy grootste “sonde” van die afgelope vyftig jaar bely, naamlik dat hy in 1975 tydens die *requiem*mis van Kardinaal Mindszenty in die Rooms-katolieke kerk van Johannesburg gepreek het (iets wat predikante van die Nederduitsch Hervormde Kerk natuurlik nooit belet was nie). Hy het ook onderneem "... om

homself verder te gedra en geen wilde dinge aan te vang nie" (Papp, W 2001:21). Kálmán II het altyd oor die vermoë beskik om met sy besondere humorsin heelwat kleur te verleen aan stywe of vervelige geleenthede.

### 5.7.16 50ste Ampsjubileum

Nadat Kálmán II die openingsaand van die 66ste Algemene Kerkvergadering op 30 September 2001 in die Aula van die Universiteit van Pretoria bygewoon het, het hy met alle erns begin voorberei aan die preek ter viering van sy 50ste ampsjubileum. Hierdie geleentheid het op Sondag 4 November 2001 in die kerkgebou van die gemeente Krugersdorp plaasgevind en is deur talle lidmate van die gemeentes van die ring, kollegas, familielede en ander gaste bygewoon. Kálmán II se preek, waarvan 'n afskrif in sy persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind kan word, lui soos volg (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3):

> Skriflesing: Mt. 25:31-46
> Teks: Mt. 25:35c
>
> Die voorgelese skrifgedeelte is die laaste gelykenis van Jesus, of (as ons daarin nie 'n egte gelykenis wil sien nie), die laaste onderwys. Want in die volgende hoofstuk volg dan die beskrywing van die verraad, gevangeneming en verhoor van Jesus, wanneer Hy nie meer met woorde leer nie maar met daad, met levensvoorbeeld.
>
> Maar hierdie laaste onderwys handel nie oor hierdie laaste fase van die lewe van Jesus nie, maar oor die laaste oordeel. Wanneer Jesus weer sal kom, nie soos eers in Bethlehem, nederig en magteloos soos 'n pasgebore kind nie, maar soos ons gelees het: 'in majesteit en al die engele saam met Hom' en op sy koninklike troon gaan sit om te oordeel. Nie die ongelowige Jode wat Hom nie ontvang het nie, ook nie die gelowige Jode, die dissipels of die Romeine in Jerusalem nie, maar al die volke. Voor Hom, die wêreld-

regter, moet almal verskyn, want aan Hom is alle mag gegee in hemel en op die aarde.

Na die skildering van so 'n indrukwekkende tafereel sou ons verwag dat die engele nou daardie groot boeke, wat geen mens graag geopend wil sien nie, gaan aandra, daardie boeke wat elke menselewe met goddelike presisie en gesag vertoon en daarom onweerspreekbaar is. Maar dit gebeur nie. Selfs die wetboek, waarvolgens geoordeel word, word nie gehaal nie.

Die Seun van die Mens, wat nou die Koning genoem word, tree nou op, maar nie soos 'n regter in die regbank, eintlik ook nie soos 'n koning nie, maar soos 'n herder, vir wie dit 'n eenvoudige saak is om die skape van die bokke te skei. En die oordeel is ook meteen klaar, want so spreek hy tot hulle aan sy regterhand: 'Kom julle wat deur my Vader geseën is! Die koninkryk is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei. Neem dit as erfenis in besit, want ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My gehuisves; Ek was sonder klere, en julle het My klere gegee; siek, en julle het My verpleeg; in die tronk, en julle het My besoek'.

So 'n uitspraak was 'n verrassing en 'n raaisel vir beide groepe wat eenstemmig verklaar het dat niemand van hulle die koning in so 'n noodsituasie gesien het nie en daarom ook geen hulp aan Hom kon verleen nie. Dit kon ook nie, want die mense wat Jesus hier by die laaste oordeel aan-spreek is mense wat duisende jare voor Jesus en ander wat duisende jare na Jesus geleef het en die meeste daarvan kon Jesus inderdaad nooit in 'n noodsituasie sien nie. Want Hy het opgevaar na die hemel en was fisies nie meer op die aarde nie. Na die hemelvaart kan niemand meer vir Jesus 'n stukkie brood of 'n beker water aanbied nie en Hy het dit ook

nie nodig nie. Maar die miljoene hongeriges van die aarde het dit wel nodig, en die siekes verpleging, en die vreemdelinge huisvesting, en die wat koud kry klere. En nou sê Jesus dat hulle wat hierdie dinge aan die geringste mense uit liefde en barmhartigheid gee, gee dit aan Hom, want Hy vereenselwig hom met die mense in nood.

Hierdie uitspraak is verrassend, ook vir ons wat gewoond is om volgens wette te oordeel. Dit sou interessant wees om te probeer vasstel op grond van watter wette en voorskrifte ons die ewige lewe of die verdoemenis sal toeken. So iets sou 'n reuse taak wees omdat elke kerk en elke afgeskeide christelike en onchristelike groep 'n eie opinie daaroor het. En buite die Christendom, by die Moslems, Hindoes en Boeddhiste is die verskeidenheid ewe veel. Vir die Joodse luisteraars in Jesus se tyd was dit ook nie so eenvoudig nie, want hulle hele lewe was deur die voorskrifte van die wet gereël. Volgens die tradisionele opvatting van die Rabbyne is daar 613 wette in die Heilige Geskrifte te vinde, 365 (dus een vir elke dag van die jaar) wat jy nie mag doen nie en 248 wat jy moet doen. Maar by die laaste oordeel word deur Jesus nie een van hulle genoem of as voorwaarde gestel nie. Tog het Jesus nooit laat blyk dat Hy 'n radikale teëstander van die wet is nie (al het Hy die sabbatswet meermale bewus oortree) maar verklaar: 'Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete ongeldig te maak nie. Ek het nie gekom om hulle ongeldig te maak nie, maar om hulle hulle volle betekenis te laat kry'. Dit het Hy miskien op die duidelikste manier gedoen deur sy antwoord op die vraag: 'wat is die grootste gebod in die wet?' 'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: jy moet jou naaste liefhê soos jouself. In hierdie twee gebooie is die hele wet en die

profete saamgevat'. Dit word nog verder benadruk met die woorde wat volgens Markus Jesus daarby voeg: 'Geen ander gebod is groter as dié twee nie' en die instemmende woord van die skrifgeleerde wat die vraag gestel het: 'dit is van meer belang as al die brandoffers en ander diereoffers'. Hierdie verstandige woorde word deur Jesus so erken: 'Jy is nie ver van die koninkryk van God af nie'.

Die grootste gebod is dus die liefdesgebod, liefde teenoor God en jou naaste. Maar kan ons dit regtig 'n gebod en wet noem? Kan jy liefhê op bevel? En as jy God en die naaste liefhet, doen jy dit op bevel deur die dwang van die wet? Is dit nie die Heilige Gees wat deur die geloof die liefde vir God en vir die naaste skenk, sodat jy, wat van nature sowel God as jou naaste haat, nie meer dit doen wat jou sondige natuur dikteer nie? Dan gebeur die wonder dat nie meer jyself nie, maar dat deur jou Gods Gees die werke doen. Somaar vanself, amper outomaties, omdat jy nie anders kan nie. Dan sal dit waar word waarvan Jeremia profeteer (Jer.31:34): 'Ek sal my wet op hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê'. So kan dan hulle wat volgens die gelykenis in die godsryk mag ingaan verklaar dat hulle nie bewus daarvan is dat hulle ooit Jesus gedien het nie. Al wat hulle gedoen het was die gawe van 'n stukkie brood vir die hongerige, water vir die dorstige, huisvesting vir die vreemdeling en verpleging vir die sieke. Somaar spontaan, sonder 'n bygedagte. Maar Jesus sien dit as geloofsdade en reken dit toe as dade aan homself gedoen.

Die geseëndes word dus gered omdat hulle die nood van hul medemense raakgesien het en met liefde daarop gereageer het. Die ander is vervloek, nie vanweë growe misdade nie, maar omdat hulle die nood van ander nie raakgesien het nie. Hulle was dus mense wat net vir hulself geleef het, net met een doel vir oë nl. die eie plesier, roem of ryk-

dom. Daarop is hulle oë, ja hulle hele lewe so gefokus dat hulle ander mense se nood eenvoudig nie raakgesien het nie. Rykdom en luukse het hulle blind gemaak, die tragedie is ongelukkig dit, dat wanneer hierdie blindheid verdwyn die enigste wat jy kan sien is die geopende hel.

Dit is 'n uiters aktuele boodskap wat ons moet verkondig en nie net aan ons eie mense, ons eie volks-genote nie, maar aan almal, want al die volke sal voor die regterstoel van Christus moet verskyn en almal sal deur dieselfde wet geoordeel word, deur die groot gebod van die liefde. Om dit te doen is 'n moeilike taak in 'n tyd waar mense gehaat, beroof, verkrag en vermoor word, waar liefde en barmhartigheid amper nie meer bestaan nie en wat ook die geloof in God uitermate bevraagteken. Immers hy wat sê dat hy God liefhet maar sy medemens haat is 'n leuenaar. Dit geld christen, jood, boeddhis en mohammedaan. Die gebrek aan liefde vir God en die naaste is sekerlik een van die grootste probleme van ons tyd, ons kan sê, ten alle tye op die aarde. Daarom word dit hoog tyd dat ons in pleks van kruis-togte en djihads van onsself en van mekaar sal vra: wat doen ons met ons naaste?

Na hierdie basiese uitleg van ons skrifgedeelte is dit paslik dat ek kortliks nog 'n besondere woord sal spreek by hierdie besondere geleentheid. As ek nou terugdink aan die begin van hierdie vyftig jaar kan ek nie anders nie as om as tekswoord daarvoor te kies die volgende woorde uit ons voor-gelese skrifgedeelte: 'Ek was 'n vreemdeling en julle het my gehuisves'.

Die griekse woord vir vreemdeling is Xenos wat u dikwels hoor in die bekende woord Xenofobie, vreemdelinge-haat. Dat dit deur ons regering bestry word is verstaanbaar omdat ons weet dat dit om mense van ons buurstate gaan wat by die struggle betrokke was. Maar waarom het Jesus die

huisvesting van die vreemdeling so hoog geskat dat Hy dit by die laaste oordeel in aanmerking geneem het? Eenvoudig omdat dit deur die Heilige Skrif beveel word. Deut.10:18 'God het die vreemdeling lief en gee vir hom kos en klere. Jy moet ook die vreemdeling liefhê, want jy was self 'n vreemdeling in Egipte'. Ex.22:21 'Jy mag nie ’n vreemdeling verdruk of laat swaarkry nie, want jy was self 'n vreemdeling in Egipte'. Dikwels word na die vreemdelinge, saam met die wese en weduwees, as mense in nood verwys en barmhartigheid vir hulle gevra.

Vandag moet ek daarvan getuig dat ek dit van U ontvang het. Van ons hele kerk, van ons volk en van die Gemeente Krugersdorp in die besonder. Ek dink met groot dankbaarheid terug aan die besondere moeite van die voorsitter en skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering wat na Kaapstad toe gevlieg het om by die eerste minister vir my toestemming te vra om in die land te kan inkom. Want ek was 'n vreemdeling, 'n besondere vreemdeling van 'n land agter die ystergordyn, 'n kommunis-tiese land wat in daardie tyd totaal onbekend was in Suid-Afrika. Die volk waaraan ek behoort het, het geen verwante op die aarde en geen ander volk kan sy taal verstaan nie. So 'n totaal vreemde man het die Algemene Kerkvergadering in 1951 toegelaat om predikant in die Ned.Hervormde Kerk te word, in werklikheid die eerste regte vreemdeling, want die hollandse predikante voor my was almal van die stamland en van die moederkerk afkomstig.

'Ek was 'n vreemdeling en julle het my gehuisves' en nog baie meer as dit. Julle het my 'n vaderland gegee waar ek stamvader kon word en waar ek my gemeente kon aan-spreek as broeders en susters in die sekerheid en uit ervaring dat hulle waarlik my broeders en susters was.

Tog, broeders en susters, al is dit alles waar wat ek

> hierbo gesê het, beteken dit nie dat ek in dit alles net goedgesinde mense se weldade sien nie. Want dat u gehandel het volgens die groot gebod was die vrug van Gods Gees wat daardie gebod aan u laat verkondig het, wat dit geglo en in u hart geskryf het. En wat my ook nie tevergeefs van ondergang gered het nie, maar gebruik het in Sy diens. Dit was alles sowel vir my as vir u God se bestiering en God se genade. Amen.
>
> (NHK Argief K2 5/4 Deel 3)

Dit is betekenisvol dat Kálmán II in sy preek daarvan melding maak dat hy 'n totale vreemdeling was - hy was nie uit 'n stamland afkomstig, soos ander vreemdeling-predikante nie. Ten spyte hiervan is Kálmán II tog volledig opgeneem in die Afrikanervolk. Dit was nie net te danke aan die feit dat die volk hom goed ontvang het nie, maar ook en veral aan sy besondere persoonlikheid en sy geloof.

Na afloop van die erediens het verskeie persone boodskappe van gelukwense oorgedra: professor J P Oberholzer namens die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, dominee C L Badenhorst namens die ring van Krugersdorp, ouderling T Smith namens die gemeente Krugersdorp en doktor L Pordány namens die Hongaarse gemeenskap. Kálmán III het as seremoniemeester opgetree. Nadat Kálmán II op die gelukwense geantwoord het, is daar verversings geniet, waarna 'n middagete vir die familie en eregaste in die kerksaal aangebied is (vgl Papp, W 2001:25). 'n *Diploma*, wat deur doktor Pordány aan Kálmán II oorhandig is, asook skrywes van gelukwense van professor en mevrou A D Pont en die Hoofbestuur van die NHSV, kan in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3).

Aan die einde van November 2001 ontvang Kálmán II 'n besoek van ouderling Bennie Bierman, orrelis van die gemeente Brackenhurst van die Nederduitsch Hervormde Kerk en dirigent van die Albertonse Mannekoor, met die versoek dat Kálmán II hom moet help met die uitspraak van 'n aantal

Hongaarse kersliedere wat die koor binnekort tydens 'n besoek aan Hongarye moes sing. Kálmán II het, na afloop van die koor se optrede, van vriende in Hongarye, wat die uitvoering bygewoon het, verneem dat Bierman tydens die koor se optrede daarvan melding gemaak het dat Kálmán II hulle met die uitspraak bygestaan het (vgl Papp, W 2001:27).

Die laaste hoogtepunt van 2001 was toe Kálmán II en Mieke se oudste kleinkind, Gizela, die dogter van Zoltán en Margarete Papp, wat tuis-onderrig ontvang het, aan die einde van die jaar haar Cambridge vrystellings-eksamen met twee onderskeidings geslaag het. Sy het aan die begin van 2002 vir die B Mus graadkursus aan die Universiteit van Pretoria geregistreer en daarmee 'n ander tradisie voortgesit. Haar grootvader aan moederskant, Reinhold Hollstein, na wie daar vroeër in hierdie studie verwys is, was aanvanklik dosent van die Kerkmusiekskool in Krugersdorp en later dosent in musiek aan die Universiteit van Stellenbosch.

### 5.7.17 Derde familiebesoek uit Hongarye

Die derde en laaste familiebesoek wat Kálmán II en Mieke binne die tyds-bestek van hierdie studie uit Hongarye ontvang het, was dié van Kálmán II se susterskind, Mihály (=Miska) Gupscó en sy vrou Sziszi. Hulle het op 17 Maart 2002 in Suid-Afrika aangekom en is deur Kálmán III op die Jan Smuts Lughawe, wat in 2002 reeds die naam Johannesburgse Internasionale Lughawe gehad het, afgehaal en na Krugersdorp geneem. Nadat hulle 'n paar dae by Kálmán II en Mieke deurgebring het en besoeke aan Zoltán en Iemke en hulle gesinne in Pretoria en Brits afgelê het en 'n aantal besiens-waardighede in Krugersdorp, Johannesburg en Pretoria besoek het, is hulle per vliegtuig na Kaapstad, waar hulle 'n paar dae by Elna en haar kinders tuisgegaan het. Vandaar het hulle die Kaapse Skiereiland verken en al die bekendste toeristebestemmings besoek. Elna en die kinders het hulle vroeër in Debrecen in Hongarye besoek toe Elna daar op 'n koortoer was. Na hulle terugkeer het Miska en Sziszi weer drie dae in Krugersdorp deurgebring, waartydens hulle die Hongaarse erediens op Goeie Vrydag in Johannesburg bygewoon het. Op Saterdag 30 Maart is hulle saam met Kálmán II na Nigel, waar hulle die volgende oggend Kálmán III se erediens op Paassondag by-

gewoon het. Direk daarna het hulle saam met Kálmán II en Kálmán III en sy vrou Leoné na Nelspruit vertrek, waar hulle twee nagte by Kálmán III en Leoné se vriende, Antoon en Carin Redelinghuys, en Leoné se ouers, Neville en Marthie Coleman oornag het. Op 2 April het hulle oor Sabie, Blyderivier-poort en Tzaneen na die Nasionale Krugerwildtuin gereis waar hulle drie nagte in drie verskillende kampe oornag het, en op 5 April het hulle na Krugersdorp teruggekeer. Nadat Kálmán II hulle op 'n daguitstappie na die bekende Sun City naby Rustenburg geneem het, is hulle op 8 April saam met Kálmán III en Leoné via Golden Gate en 'n nag in die Drakensberge na Durban. Nadat hulle twee nagte daar oorgebly het, is hulle via Zululand terug na Krugersdorp, waar die familie op 13 April van hulle afskeid geneem het en hulle dieselfde aand weer na Hongarye vertrek het. 'n Afskrif van Miska en Sziszi se volledige reisprogram kan in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3). Hierdie reis was beide vir Miska en Sziszi én die familie in Suid-Afrika 'n besondere belewenis.

Skaars twee weke nadat die Hongare terug is na Hongarye, op 27 April 2002, het Kálmán II en Mieke die voorreg gehad om Kálmán III se vyf-tigste verjaardag saam met familie en vriende in Nigel te herdenk, nadat die gemeente dit die vorige aand met 'n braaivleis gevier het. Kálmán II se hulp is weer ingeroep met die voorbereiding van die kos - hierdie keer Hongaarse wors wat spesiaal vir die geleentheid laat maak is. Kálmán II het Kálmán III ook vooraf gehelp met die vervaardiging van 'n aantal skyfies wat dié aand vertoon is. Kálmán II het die volgende oggend se erediens in die gemeente Nigel gelei (vgl Papp, W 2002:15).

In Junie 2002 het Kálmán II en Mieke die jaarlikse ringskamp van die predikante van die ring van Krugersdorp en hulle gades op die wildsplaas van 'n lidmaat van die gemeente Krugersdorp naby Thabazimbi bygewoon. Kálmán II, wat 'n maand tevore 78 geword het, het sy kollegas nog deeglik op hulle neuse laat kyk tydens 'n skyfskietkompetisie, en hulle het hom ook beny vir sy vaardigheid met die pyl en boog (vgl Papp, W 2002:18).

Nadat die eredienste vir die Hongaarse gemeenskap vir baie jare in die kerkgebou van die Nederlandssprekende gemeente in Parktown gehou

is, word daar besluit om dit vanaf Augustus 2002 weer in die kerkgebou van die gemeente Johannesburg in Cottesloe te hou. Die rede hiervoor was dat 'n Nigeriese kerkgenootskap, wat ook van die kerkgebou van die Nederlands-sprekende gemeente gebruik gemaak het, nie by hulle tye kon hou nie en telkens veroorsaak het dat die Hongaarse eredienste laat begin het (vgl Papp, W 2002:23). Kálmán II se sesmaandelikse kankertoetse, wat ook in hierdie maand gedoen is, het getoon dat die kanker steeds in remissie was, ten spyte van die feit dat hy gewig begin verloor het en in sy bewegings beperk is as gevolg van die skade wat die bestraling aan sy ingewande aangerig het (vgl Papp, W 2002:28 en 33).

Op Vrydag 6 September 2002 woon Kálmán II en Mieke saam met Leoné en haar twee seuns die gradeplegtigheid van die Universiteit van Pretoria by waartydens die graad MA (Teologie) *cum laude* aan Kálmán III toegeken is na aanleiding van die verhandeling wat hy geskryf het met die titel *Die historiese agtergronde van die Hongaars-Afrikaanse predikante-familie Papp*. Dominee Christo Pretorius van die gemeente Hendrina van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, die skoonseun van Kálmán III se studieleier, professor S J Botha, het by dieselfde geleentheid die graad DD ontvang, en die Anglikaanse aartsbiskop, Desmond Tutu, wat die hoofspreker by die gradeplegtigheid was, die graad DD *honoris causa* (vgl Papp, W 2002:28).

Gedurende November 2002 het Kálmán II en Mieke swaar afskeid geneem van hulle predikantspaar, dominee en mevrou C L Badenhorst, wat na die Weskaap verhuis het, nadat Badenhorst 'n beroep na die gemeente Kaapstad aangeneem het. Badenhorst was sedert Kálmán II se aftrede in 1991 hulle pastor en het altyd met groot deernis na Kálmán II en Mieke omgesien (vgl Papp, W 2002:36). Kort daarna ontvang Mieke 'n sertifikaat van die Suid-Afrikaanse Kerkorrelistevereniging vir haar onafgebroke diens as kerkmusikus vir die afgelope twee-en-veertig jaar (vgl Papp, W 2002:37). Kálmán II en Mieke se tweede kleinkind, Emil, seun van Wilfried en Elna Papp, het ook aan die einde van hierdie jaar gematrikuleer en aan die begin van 2003 by die Universiteit van Kaapstad geregistreer vir die graadkursus BA Beeldende Kunste.

### 5.7.18 Herdenking van die Hongaarse Vryheidsoorlog van 1848

Kort nadat doktor L Pordány, die ambassadeur van Hongarye, en sy vrou gedurende Februarie 2003 'n dag by Kálmán II en Mieke in Krugersdorp deurgebring het, is Kálmán II deur die ambassade versoek om as spreker op te tree tydens die 155ste herdenking van die Hongaarse Vryheidsoorlog van 1848, sowel as die feit dat Kardinaal Mindszenty dertig jaar gelede in Suid-Afrika was (vgl Papp, W 2003:5-6). Hierdie fees het op Sondag 16 Maart 2003 by die Hongaarse Klub in Johannesburg plaasgevind en is deur meer as tweehonderd Hongare bygewoon, onder andere 'n verteenwoordiger van die Hongaarse regering in die persoon van 'n adjunkminister, asook 'n bekende Hongaarse digter en 'n bekende sanger, wat beide spesiaal vir die fees na Suid-Afrika gekom het. Kálmán III en sy vrou, Leoné, was ook teenwoordig. 'n Medalje is by hierdie geleentheid namens die Republiek van Hongarye deur die adjunkminister aan Kálmán II oorhandig om erkenning te verleen vir sy jarelange bemoeienis met en bediening van die Hongaarse gemeenskap in Suid-Afrika. 'n Afskrif van die program van die fees kan in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3).

Kort hierna het Kálmán II verneem dat doktor Pordány deur 'n nuwe ambassadeur vervang gaan word nadat die regerende party die Algemene Verkiesing van 2003 in Hongarye verloor het (vgl Papp, W 2003:12). Dit was vir hom 'n teleurstelling aangesien hy baie goed met Pordány oor die weg gekom het. Pordány het hom onder andere gehelp met die verkryging van 'n Hongaarse paspoort en die bevestiging van sy Hongaarse burgerskap, waarvoor hy op aandrang van sy seun, Zoltán, aansoek gedoen het. Zoltán se vrou, Margarete, en hulle kinders het in hierdie tyd reeds oor Duitse paspoorte beskik op grond van Margarete se Duitse afkoms, en Zoltán, wat nie daarvoor kon kwalifiseer nie, wou minstens burgerskap van die Europese Unie bekom met die oog op moontlike emigrasie na Europa. Die enigste weg waarlangs hy dit kon regkry, was om Hongaarse burgerskap te bekom.

Kálmán II en Mieke het gedurende April 2003 'n kort vakansie saam met Kálmán III en sy gesin in die Drakensberge deurgebring, en Kálmán II het Kálmán III, wat intussen vir sy doktorsgraad aan die Universiteit van

Pretoria ingeskryf het, tydens sy langverlof gedurende Junie/Julie 2003 bygestaan met sy navorsing. Op Saterdag 9 Augustus het die familie Mieke se 75ste verjaardag op die plaas van die Willemses net buite Brits gevier (vgl Papp, W 2003:7-17).

### 5.7.19 Tweede keeloperasie

Kálmán II se keel het hom intussen weer probleme begin gee. 'n Ondersoek het aan die lig gebring dat die letsels van die vorige operasie 'n vernouing in sy slukderm veroorsaak het. Hy is gevolglik op 5 November 2003 in die Linksfield Kliniek in Johannesburg, waar sy dogter Saskia werksaam was, opgeneem. As gevolg van sy hoë ouderdom is die slukderm hierdie keer slegs gerek. Alhoewel hierdie prosedure vir Kálmán II verligting gebring het, het hy daarna aansienlik agteruit begin gaan. Hy kon ook nie meer, soos vantevore, goed en sterk sing nie, en dit was vir hom 'n groot frustrasie aangesien hy sy lewe lank daarvoor baie lief was. Sedertdien het hy sy preekwerk heeltemal afgeskaal, behalwe vir die maandelikse Hongaarse eredienste op die eerste Sondag van elke maand. Hy het hom al hoe meer begin toespits op leeswerk en navorsing in sy goed toegeruste biblioteek met die oog op 'n aantal artikels wat hy vir *Die Hervormer* en *Konteks* beoog het. Sy verminderde fisiese vermoëns het hom egter nie daarvan weerhou om nog twee boekrakke vir die huis te maak en steeds intensief in die tuin te werk nie (vgl Papp, W 2003:25-27 en 2004:4).

Nog twee kleinkinders van Kálmán II en Mieke het intussen hulle skoolloopbaan voltooi. Henri, die oudste seun van Kálmán III en Leoné Papp, het die matrikulasie-eksamen geslaag met vier onderskeidings, en Inge, die dogter van Wilfried en Elna Papp, met drie onderskeidings. Henri het aan die begin van 2004 aan die Universiteit van Pretoria geregistreer vir die graadkursus B Com Rekenkundige Wetenskappe en Inge aan die Universiteit van Kaapstad vir die graadkursus BA Film- en Mediaproduksie.

### 5.7.20 Tagtigste verjaardag

Nadat Kálmán III sy vader daarop attent gemaak het dat hy in 2004 op 'n Sondag sy tagtigste verjaardag sal herdenk en eintlik onder 'n verpligting is

om op dié dag te preek, het hy daartoe ingewillig, sy gesondheidstoestand ten spyt. Kálmán III het toe met die predikant en kerkraad van die gemeente Krugersdorp ooreengekom dat Kálmán II die oggenderediens op 2 Mei sou lei. Al die kinders, aangetroudes en kleinkinders (behalwe Yolanda en Elna en haar kinders), asook 'n aantal kollegas en vriende, het die erediens bygewoon. Kálmán II het stadig, maar duidelik en kalm gepreek, en die erediens het goed afgeloop. Na afloop daarvan is die gemeente met koffie en tee onthaal, en daarna is die familie huis toe om Kálmán II se verjaardag tuis te gaan vier. Soos dit sy gewoonte was, het Kálmán II gesorg dat daar twee heerlike Hongaarse soppe op tafel was. Vir die res het Mieke en die kinders gesorg. Mieke het ook 'n gedig oor Kálmán II, wat sy spesiaal vir die okkasie geskryf het, voorgelees, waarna Kálmán III namens die kinders 'n woord van gelukwense gespreek en 'n gebed gedoen het. 'n Afskrif van Mieke se gedig kan in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3). Ná die feesmaal is die familie deur Zoltán junior en Ludwig, die seuns van Kálmán II se tweede seun, Zoltán, met pragtige musiek op Kálmán II en Mieke se vleuelklavier getrakteer. Die predikante van die ring van Krugersdorp het Kálmán II se verjaardag die volgende dag by Kálmán II en Mieke aan huis gevier, en Yolanda het hom in dieselfde week kom gelukwens (vgl Papp, W 2004:8-9).

Met die vreugde van hierdie heuglike gebeure nog vars in hulle geheue, verneem Kálmán II en Mieke aan die einde van Mei dat Gizela, die oudste dogter van hulle seun Zoltán, buite-egtelik swanger was, en aan die begin van Julie verneem hulle met nog groter skok dat Kálmán III reeds op 7 Junie 'n orgidektomie moes ondergaan nadat hy met kanker gediagnoseer is, en dat hy twintig bestralings moet ontvang sodra sy wonde genees het (vgl Papp, W 2004:12-13).

Die voorafgenoemde terugslae het egter nie 'n reeds beplande jag-ekspedisie in die wiele gery nie. Kálmán II en Kálmán III en sy gesin is deur laasgenoemde se vriende, die Hamiltongesin van Nigel, wat die gemeente Nigel se jaarlikse jagkompetisie gewen het, genooi om vir drie dae saam met hulle op die jagplaas van een van die diakens van die gemeente Nigel, Gawie

Jacobs, in die distrik Ellisras in die Limpopo Provinsie te gaan jag. Charles en Theresa Hamilton se twee kinders, Charl en Retha, Kálmán III en Leoné se jongste seun, Ricus, en 'n vriendin van beide gesinne, Drieka van Vollenhoven, het saamgegaan. Tydens hierdie uitstappie het Kálmán II die ander jagters in 'n skyfskietkompetisie deeglik die loef afgesteek - sy tagtig lewensjare ten spyt - en ook 'n reuse vlakvarksog platgetrek. 'n Berig hieroor, met 'n bygaande foto van Kálmán II en sy trofee, verskyn in 2004 se Desember-uitgawe van die Nederduitsch Hervormde Kerk se gesinstydskrif *Konteks* (vgl *Konteks* 2004:12). Kálmán II, wat 'n meesterverteller was, het almal saans om die kampvuur geboei met aangrypende verhale uit sy kinder- en studentejare.

Gedurende die eerste naweek van November 2004 het Kálmán II die halfeeufeesvieringe van die gemeente Krugersdorp-Oos, wat die tweede gemeente was wat gedurende Kálmán II se bedieningstyd van die gemeente Krugersdorp afgestig is, bygewoon. Kálmán II het by die geleentheid baie erkenning ontvang vir sy werk van die afgelope drie-en-vyftig jaar in die ring. Kort daarna verneem Kálmán II en Mieke met vreugde dat Kálmán III se eerste toetse ná sy bestraling, geen tekens van kanker getoon het nie, en op 21 Desember word hulle eerste agterkleinkind, Mikhail Thomas Papp, seun van Gizela Papp en Frans Markus Labuschagne, in Pretoria gebore (vgl Papp, W 2004:24-29).

Die aantal Hongare wat Kálmán II se maandelikse Hongaarse eredienste in Johannesburg bygewoon het, het intussen, as gevolg van sterftes en sommiges se terugkeer na hulle geboorteland, skerp begin afneem. Slegs twintig persone het die Kersdiens op 25 Desember 2004 bygewoon (vgl Papp, W 2005:1).

Nadat Kálmán II en Mieke gedurende Januarie 2005 'n paar dae saam met hulle dogter, Saskia, in Blydepoort in Mpumalanga vakansie gehou het, en gedurende Maart 'n paar dae by die Aventura warmwaterbron te Badplaas, in dieselfde provinsie, deurgebring het, het daar ’n noemenswaardige gebeurtenis plaasgevind. Kálmán II is deur Frik en Chrissie van Niekerk, wat in 1955 deur hom in die huwelik bevestig is, uitgenooi na hulle goue bruilof op Saterdag 19 Maart in Pretoria. Wat die geleentheid uniek

gemaak het, was die feit dat die egpaar se strooijonker en strooimeisie, Pierre en Bokkie Eksteen, wat 'n jaar vantevore ook deur Kálmán II in die huwelik bevestig is, ook teenwoordig was. 'n Berig oor hierdie reünie, asook 'n foto van Kálmán II en die twee egpare, het in die Gauteng bylaag van die Sondagkoerant *Rapport* van 27 Maart 2005 verskyn. 'n Eksemplaar daarvan kan in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3). Kálmán II is meermale genooi om sulke geleenthede, waarin hy vroeër 'n aandeel gehad het, by te woon, en hy het telkens baie moeite gedoen om teenwoordig te kan wees. Dit was altyd vir hom belangrik om nog erkenning te ontvang vir die aandeel wat hy vroeër as predikant in mense se lewens gehad het.

Gedurende dieselfde maand het Kálmán II weer roetinetoetse vir kanker ondergaan en die uitslag was dat daar geringe tekens van kankerselle teenwoordig was, maar nie soveel dat hy weer vir behandeling sou moes gaan nie. Daar is egter terselfdertyd bevind dat die cholesterolvlak in sy bloed te hoog was en dat hy aan 'n ystertekort gely het, wat waarskynlik daartoe aanleiding gegee het dat hy so gou moeg geword het, by tye duiseligheid ervaar het en 'n afname in eetlus ondervind het (vgl Papp, W 2005:1-6).

### 5.7.21 'n Tweede afskeid van die gemeente Krugersdorp

Mieke het reeds in 2004 begin besef het dat sy van haar orrelpos, wat vir haar te veeleisend en vermoeiend begin word het, afstand sal moet doen. Aan die begin van 2005 het sy besluit om in April van dieselfde jaar, wanneer sy presies vyf-en-veertig diensjare as orrelis agter die rug sou hê, die tuig neer te lê. Sy was immers ook reeds byna sewe-en-sewentig jaar oud. Na oorlegpleging met die kerkraad is haar afskeid gereël vir Sondag 3 April. 'n Voorbeeld van die uitnodingskaartjie na hierdie geleentheid kan in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3). Aangesien die betrokke Sondag in die skoolvakansie geval het, was dit 'n gesamentlike erediens van die gemeentes Krugersdorp en Krugersdorp-Noord, en dominee J P J Fourie van die gemeente Krugersdorp-Noord was op dié dag verantwoordelik vir die

prediking. Dominee W A Botha, predikant van die gemeente Krugersdorp, het ná die erediens 'n spesiale oorkonde en 'n tjek namens die kerkraad as geskenk aan Mieke oorhandig, en die NHSV van die gemeente Krugersdorp het daarna 'n vingerete vir die gemeente en gaste in die kerksaal aangebied. Mieke en haar gesin het ná die onthaal 'n feestelike middagete tuis geniet en vir die res van die dag gesellig saam gekuier (vgl Papp, W 2005:7-8). 'n Berig oor Mieke se afskeid, met 'n gepaardgaande foto, het in die Julie-uitgawe van *Konteks* verskyn (vgl *Konteks* 2005:7).

Die nuwe ambassadeur van die Republiek van Hongarye, meneer András Dallos, en sy vrou, het aan die begin van Mei 2005 van naderby met Kálmán II en Mieke in Krugersdorp kom kennis maak en by hulle middagete geniet. Dallos het 'n bottel Tokai-wyn en egte Hongaarse ganslewer, seker die bekendste delikatesse van Hongarye, saamgebring. Alhoewel Dallos nie, soos Pordány, Kálmán II se Hongaarse eredienste bygewoon het nie, het hulle ook 'n baie goeie verhouding met mekaar gehad (vgl Papp, W 2005:10). 'n Week later verneem Mieke dat haar vriendin, Coja Rümke, na wie daar vroeër in hierdie studie verwys is, aan die begin van September vanuit Nederland vir 'n besoek na Suid-Afrika kom en 'n paar dae by hulle sal deurbring. Hulle het kort daarna met opgewondenheid begin om voorbereidings vir haar besoek te tref. Ten spyte van sy fisiese toestand wat steeds agteruitgegaan het en sy hoë ouderdom, het Kálmán II eiehandig die tweede badkamer van die huis uitgeverf en baie aandag aan die tuin bestee sodat alles netjies kon wees vir hulle gas. Intussen het Kálmán II en Mieke 'n byeenkoms van die Eendrachtkring bygewoon en Kálmán III bygestaan met die vertaling van 'n aantal Hongaarse dokumente en artikels wat hy vir sy studies benodig het. Rümke se besoek, waartydens sy ook weer met al Kálmán II en Mieke se kinders kontak gemaak het, was baie geslaagd (vgl Papp, W 2005:11-17).

### 5.7.22 Rustiger jare

Die laaste drie jare van Kálmán II se lewe, wat deur hierdie studie gedek word, was effens rustiger as die res van sy aftreejare. Tog was hy steeds intensief besig met navorsing, volhardend in sy bediening van die Hongaarse gemeenskap, getrou teenwoordig by die Paardekraal Geloftefeeste en intens

betrokke by die wel en wee van sy kinders - sy stelselmatige agteruitgang ten spyt. Uit Mieke se dagboek blyk dit dat hy in hierdie tydperk, benewens gewigsverlies en 'n afname in lewenskrag, ook tekens van besluiteloosheid, vergeetagtigheid en onsekerheid begin toon het - normale verskynsels by 'n persoon van sy ouderdom (vgl Papp, W 2006:4). Die feit dat hy dit besef het, het hom egter die meeste gefrustreer, en hy het groot moeite ervaar om sy veroudering en die gepaardgaande afname in sy vermoëns te aanvaar. Hy was immers sy lewe lank 'n baie energieke, intellektueel aktiewe en uiters bedrywige mens. Desnieteenstaande het hy die beste van elke situasie gemaak en steeds 'n groot mate van lewensvervulling geniet.

Op 12 Februarie 2006 het Kálmán II en Mieke hulle skoondogter, Yolanda, se 25ste ampsjubileum in die kerkgebou van die Nederlandssprekende gemeente in Johannesburg bygewoon. Hulle het haar altyd as 'n volwaardige deel van hulle gesin bly beskou en moeite gedoen om haar dit te laat besef en te laat ervaar. Yolanda het ook dieselfde deernis en belangstelling in húlle lewens getoon. Kálmán II het Yolanda gedurende September van dieselfde jaar ook bygestaan met die voorbereiding van items vir 'n Bybeluitstalling in haar gemeente en sy kosbare Bybelse posseëlversameling daarvoor beskikbaar gestel (vgl Papp, W 2006:4 en 20).

Nadat hulle aan die begin van Maart 2006 'n paar dae in Badplaas ontspan het, het Kálmán II en Mieke op 15 Maart ’n herdenkingsgeleentheid van die 1848 Vryheidsoorlog teen die Habsburgers by die Hongaarse ambassade in Pretoria bygewoon. Kálmán II het Kálmán III, wat deur die koor van Hoërskool Evander om hulp genader is, in hierdie tyd ook gehelp met die uitspraak van 'n Hongaarse koorstuk wat die koor in Julie van dieselfde jaar tydens 'n kompetisie in Hongarye moes sing (vgl Papp, W 2006:4-7).

Toe Kálmán II verneem dat Kálmán III en sy gesin gedurende die laaste naweek van Junie 2006 weer in Ellisras gaan jag en hy as gevolg van sy ouderdom nie saamgenooi is nie, het hy homself genooi om saam te gaan. Alhoewel hy nie die voorneme gehad het om iets te skiet nie, wou hy hierdie avontuur nie misloop nie. Die wyse waarop hy dit geniet het, het Kálmán III later laat skuldig voel, omdat hy sy vader aanvanklik nie saamgenooi het nie. Mieke was egter nie baie vriendelik toe hulle met hulle buit by

die huis aangekom het nie. Kálmán II het naamlik voor hulle vertrek 'n kraan in die tuin oopgelos en die hele tuin het in sy afwesigheid oorstroom. Mieke was die hele naweek sonder water aangesien sy die watertoevoer na die huis laat afsluit het omdat daar gemeen is dat 'n waterpyp onder die grond gebars het en 'n loodgieter eers ná die naweek beskikbaar sou wees (vgl Papp, W 2006:14-15). Dit het meermale gebeur dat Kálmán II, in sy determinasie om sy tuin mooi te hou, 'n sproeier vir 'n hele nag aan vergeet het.

Gedurende die tweede helfte van 2006 het Kálmán II baie intensief navorsing gedoen oor die Nederlandse Vlootadmiraal Michiel Adriaanszoon de Ruyter se betrokkenheid by die bevryding van die Hongaarse galeislaaf-predikante in 1676, waarna daar vroeër in hierdie studie verwys is. Dit het hy gedoen met die oog op 'n artikel wat hy beplan het vir die Maart uitgawe van *Konteks* in 2007, sodat dit kon saamval met die 400ste herdenking van De Ruyter se geboortedag op 24 Maart. Kálmán II kon egter nie daarin slaag om die artikel betyds gereed te kry nie, en dit het toe in *Die Hervormer* van 1 Mei 2007 verskyn (*Die Hervormer* 2007:8). Op 28 Oktober 2006 het Kálmán II en Mieke ook die vyftigste herdenking van die Hongaarse Rewolusie van 1956 by die Hongaarse Klub in Johannesburg bygewoon (vgl Papp, W 2006:24).

Soos dit hulle gewoonte was, het Kálmán II en Mieke ook in 2006 die jaarlikse Geloftefees op 16 Desember te Paardekraal bygewoon. By hulle aankoms is Kálmán II vereer met 'n versoek om die Bloedriviergelofte tydens die Geloftediens voor te lees - iets wat in die reël die voorsitter se voorreg was. Hy het dadelik ingewillig en later met genoegdoening verneem dat die erediens regstreeks deur Radio Pretoria uitgesaai is (vgl Papp, W 2006:29). Op 25 Desember het Kálmán II soos gebruiklik 'n erediens vir die Hongare in Johannesburg gehou. Hierdie keer was daar maar agtien persone teen-woordig, waarvan slegs vyf nagmaal gebruik het (vgl Papp, W 2006:32).

Intussen het vier van Kálmán II en Mieke se kleinkinders aan die einde van 2006 universiteitsgrade verwerf: Gizela Papp (B Mus), Emil Papp (BA Hons Beeldende Kunste), Henri Papp (B Com Rekenkundige Weten-skappe *cum laude*), en Inge Papp (BA Film- en Mediaproduksie). Gizela het aan die einde van die volgende jaar ook haar Onderwyslisensiaat in Musiek ontvang en Henri sy B Com Hons in Rekenkundige Wetenskappe.

Kálmán II het aan die begin van 2007 baie moeite gedoen om sy tuin netjies te kry vir die huweliksbevestiging van sy kleindogter, Gizela, wat vir Maartmaand by hulle aan huis beplan is. Op 7 Maart 2007 het hy met Mieke se motor na 'n kwekery net buite Krugersdorp gery om vir hierdie doel 'n paar sakke kompos aan te koop. Met sy vertrek by die kwekery moes hy 'n besige snelweg kruis, en omdat die motor waarskynlik te swaar gelaai was en nie vinnig genoeg kon wegkom nie, het 'n vinnig aankomende motor in hom vasgery. Die aankomende motor het Mieke se motor aan die bestuurderskant getref en Kálmán II, wat nie sy veiligheidsgordel aangehad het nie, het uitgeval nadat die deur van die geweld van die botsing oopgespring het. Kálmán II het in die proses gelukkig slegs geringe harsingskudding en 'n aantal skraap- en kneuswonde opgedoen en binne enkele dae van sy beserings herstel. Mieke se motor is egter onherstelbaar beskadig en moes vervang word. Ten spyte van die feit dat Mieke en die kinders by Kálmán II daarop aangedring het om nie verder motor te bestuur nie, het hy hom nie daaraan gesteur nie. Hy wou nie toegee dat hy 'n gevaar op die pad was nie, en was nie bereid om sy onafhanklikheid prys te gee nie. Min het dit egter gewaag om verder saam met hom te ry.

Die beplande huweliksbevestiging van Gizela het voortgegaan. Op Sondag 18 Maart het Kálmán II haar in hulle huis in die huwelik bevestig met Frans Markus Labuschagne, die vader van haar tweejarige seuntjie, Mikhail Thomas. Die onthaal het daarna in Kálmán II se pragtige tuin plaasgevind. Hiermee het Kálmán II dus sy eerste kleinkind in die huwelik bevestig, en dit was die laaste huweliksbevestiging wat hy binne die tydsbestek van hierdie studie waargeneem het.

Toenemende verstikkings het Kálmán II genoop om in die middel van 2007 vir 'n derde keeloperasie te gaan. Die vergroeisels wat sedert die eerste operasie in 1977 in sy slukderm ontstaan het, moes verwyder word. Alhoewel dit op drie-en-tagtigjarige ouderdom 'n riskante operasie was, is Kálmán II op 6 Julie suksesvol by die Linksfield Kliniek in Johannesburg ge-opereer en dit het vir hom direkte verligting gebring. Hy het egter stadig van die operasie herstel en kon ook nie sy normale gewig herwin nie. Desnieteenstaande het hy met sy verpligtinge en liefhebberye voortgegaan: sy lojale en liefdevolle

betrokkenheid by sy kinders en kleinkinders, sy getroue bediening van die Hongare, sy passievolle tuinwerk, sy netjiese houtwerk en sy toegewyde navorsing. Op 23 September 2007 het hy ook nog saam met Kálmán III die amptelike opening van die 68ste Algemene Kerkvergadering in Pretoria bygewoon.

Op aanbeveling van Mieke en die kinders, het Kálmán II besluit om die maandelikse Hongaarse eredienste in die kerkgebou van die gemeente Johannesburg in Cottesloe, na Krugersdorp te verskuif. Die laaste erediens in Cottesloe het op 5 Augustus 2007 plaasgevind en sedert September is dit by Kálmán II en Mieke aan huis gehou. Die gesellige atmosfeer van hulle huis, en Kálmán II en Mieke se liefde om mense te onthaal, het daartoe gelei dat daar sedertdien ná die eredienste ook heerlik saamgekuier en soms ook saamgeëet is. Dit het ook op 25 Desember 2007 gebeur toe daar 'n Kersdiens gehou en nagmaal gevier is. Vyftien mense, Kálmán II en Mieke ingesluit, was teenwoordig, en vyf het nagmaal gebruik.

### 5.7.23 Toekenning van ereprofessoraat

Gedurende April 2008 ontvang Kálmán II en Mieke 'n besoek van professor József Börzsönyi, professor in Ou Testamentiese Wetenskap aan die Hervormde Akademie van Sárospatak in Hongarye. Sy vrou, dominee Marianna Börzsönyi, en ouderling Tibor Ábram, hoofkurator van die noordelike streeksinode van die Hervormde Kerk van Hongarye, het hom vergesel. Hulle was onderweg na Hongarye nadat hulle 'n besoek aan Malawi gebring het, waar die Hervormde Kerk van Hongarye 'n sendingprojek van die Presbiteriaanse Kerk ondersteun, en het in transito drie dae in Suid-Afrika oorgebly as gaste van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Doktor Kobus Gerber, Algemene Sekretaris van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, het op eie inisiatief gereël dat hulle 'n dag by Kálmán II in Krugersdorp kon deurbring.

Tydens hierdie besoek het die Hongare verneem van Kálmán II se aangrypende lewensgeskiedenis en omvangryke dienswerk in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die gemeenskap van Krugersdorp, asook van sy onbaatsugtige bediening van die Hongaarse gemeenskap aan

die Witwatersrand, vir wie hy sy lewe lank sedert 1951 nog elke maand 'n erediens in hulle moedertaal gehou het. Sy intense betrokkenheid by die vestiging van die Hongaarse vlugtelinge, wat tydens die Hongaarse Rewolusie van 1956 na Suid-Afrika gekom het, het ook onder hulle aandag gekom. Kálmán II het hierdie geleentheid ook benut om die Hongare in te lig oor die kerklike situasie in Suid-Afrika, veral met betrekking tot die bestaan van vier selfstandige Afrikaanse kerke met dieselfde belydenisskrifte - iets wat vir die Hongare 'n vreemde verskynsel was, aangesien die Hervormde Kerk van Hongarye sedert sy stigting, bykans 440 jaar gelede, nog nooit 'n skeuring of afskeiding beleef het nie. Kálmán II se besondere kennis van die kerkgeskiedenis en die godsdienste van die wêreld, asook sy navorsing en publikasies, het ook onder die aandag van sy Hongaarse gaste gekom. Dit was veral sy artikels oor die Hervormde Kerk van Hongarye en aanverwante sake wat in *Die Hervormer*, *Konteks* en *HTS Teologiese Studies* gepubliseer is, maar ook sy boekie oor die vreemde godsdienste in Suid-Afrika en sy gedenkalbum oor die geskiedenis van die gemeente Krugersdorp, wat hulle beïndruk het. Dit het tydens hierdie besoek ook aan die lig gekom dat ouderling Ábram die hoof was van die Lévai Jószef Hervormde Gimnasium te Miskolc, waar Kálmán II gematrikuleer het. Hierdie kerkskool, wat gedurende die kommunistiese periode deur die staat oorgeneem is, is na die val van die kommunisme in 1989/90 weer aan die Kerk terugbesorg.

Die Hongare se besoek het daartoe aanleiding gegee dat professor Börzsönyi, kort ná hulle terugkeer in Hongarye, by die Senaat van die Hervormde Kollegium van Sárospatak aanbeveel het dat Kálmán II op grond van al sy prestasies met 'n ereprofessoraat vereer behoort te word. Die Senaat het die aanbeveling eenparig aanvaar en dit is daarna deur die noordelike streeksinode van die Hervormde Kerk van Hongarye bekragtig. Kálmán II is aan die einde van Julie 2008 van hierdie besluit in kennis gestel en daar is aan die hand gedoen dat Kálmán III of een van die familielede in Hongarye die toekenning namens hom in September van dieselfde jaar in ontvangs kon kom neem. Dit is hieruit duidelik dat daar gemeen is dat Kálmán II as gevolg van sy hoë ouderdom nie meer in staat sou wees om self na Hongarye te reis nie.

Die toekenning van 'n ereprofessoraat was egter vir Kálmán II so 'n groot eer, dat hy, sy ouderdom en gesondheidstoestand ten spyt, besluit het om dit self in ontvangs te gaan neem, indien Kálmán III hom sou kon vergesel. Dit was 'n vraag aangesien Kálmán III en Leoné pas teruggekeer het van 'n uitgebreide vakansiereis deur Europa, waartydens hulle onder andere ook nege dae in Hongarye deurgebring het. Maar nadat die predikante van die ring van Krugersdorp - vir wie dit net so 'n besondere gebeurtenis was - met mekaar oorleg gepleeg het en dit bewerkstellig het dat die ring 'n substansiële bydrae tot Kálmán II en III se reiskoste gemaak het, het Kálmán II en III op 9 September met die Lufthansa lugredery via Frankfurt na Hongarye vertrek. Nadat hulle twee dae in Budapest by Kálmán II se broer, doktor Zoltán Papp, deurgebring het, waar hulle deur verskeie familielede besoek is, het hulle op 13 September per trein na Sárospatak gereis. Zoltán het hulle vergesel.

Die plegtigheid waartydens die ereprofessoraat aan Kálmán II toegeken is, het op Sondag 14 September in die kerkgebou van die Hervormde gemeente van Sárospatak plaasgevind. Dit het saamgeval met die amptelike opening van die Teologiese Akademie vir die nuwe akademiese jaar. Professor Börzsönyi het die prediking waargeneem en die *laudatio* gelewer, waarna die toekenning deur die rektor van die Kollegium, doktor Ferenc Kádar, aan Kálmán II oorhandig is. Die bewoording van die toekenning, waarvan ‘n afskrif in Kálmán II se persoonlike lêer in die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind kan word (vgl NHK Argief K2 5/4 Deel 3), kan saam met ‘n bypassende foto aan die begin van hierdie proefskrif gevind word.

Met hierdie besondere toekenning het Kálmán II die enigste predikant (hoogleraars uitgesluit) van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika geword wat tot dusver so 'n toekenning ontvang het. Ná 'n keurige onthaal wat deur die rektor vir die eregaste in die saal van die Kollegium aangebied is, is Kálmán II en sy geselskap deur ouderling Ábram na die stad Miskolc, ongeveer 70 kilometer daarvandaan, geneem.

Op Maandag 15 September 2008 het Kálmán II en sy broer - ook 'n oudleerling van die Hervormde Gimnasium van Miskolc - die leerlinge in die

kerkgebou langs die Gimnasium toegespreek na afloop van die weeklikse godsdiensoefening. Daarna het hulle in die aangrensende begraafplaas die graf van ds Kálmán Papp I, die vader van Kálmán II besoek, waar Kálmán III 'n krans gelê het. Na middagete in die koshuis, het hulle weer per trein na Budapest gereis en nog enkele dae by die familie deurgebring. Hier het Kálmán II ook weer sy suster ontmoet, nadat hy haar agt jaar tevore gesien het. Kálmán II en III het op 18 September na Suid-Afrika teruggekeer. Hiermee het 'n geslaagde en bevredigende besoek aan sy geboorteland - waarskynlik die laaste - vir Kálmán II aan 'n einde gekom. ’n Berig en gepaardgaande foto’s oor hierdie besoek kan in die laaste uitgawe van *Konteks* van 2008 gevind word (vgl *Konteks* 2008:10).

Aan die einde van September 2008 ontvang Kálmán II ‘n skrywe van gelukwense met die toekenning van sy ereprofessoraat van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Dit lui soos volg:

> Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en die Kerk het met groot dank en blydskap kennis geneem van die groot voorreg en prestasie in u lewe deurdat ’n ereprofessoraat deur die Hervormde Teologiese Akademie van Sárospatak in Hongarye aan u toegeken is. Die Kommissie is dankbaar dat u nog die liggaamskragte gehad het om saam met u seun die toekenning in Hongarye in ontvangs te kon gaan neem. Daar is verneem dat die besoek op kort kennisgewing geskied het en dat dit vermoeiend was, maar dat u dit tog kon doen.
>
> Dit is een van die grootste prestasies wat ’n predikant van die Kerk nog ooit te beurt geval het. Dit is die eerste ereprofessoraatstoekenning wat ’n predikant van die Kerk ontvang het. Daarmee wil ons u van harte gelukwens. Dat u dit verdien, is gewis aangesien u oor jare hard en onvermoeid in die Hervormde Kerk gewerk het, maar ook die bediening van die Hongare in die land tot nou toe behartig. Die Kommissie en die Kerk is inderdaad baie trots op u. In die gelukwense

kan ons nie u vrou vergeet nie. Sy is die een wat u geïnspireer en bygestaan het met u werk. Ons almal weet ons kan die werk nie sonder dié bystand van ons eggenotes doen nie. Ons dank en geluk gaan dus ook aan haar.

Die Kommissie vertrou dat dit met u goed en voorspoedig vorentoe sal gaan en dat u goeie gesondheid sal ontvang. Die dae van oud word bring egter sy leed en pyn en die Kommissie sal aan u dink en vir u voorbidding doen. Mag u altyd genade ontvang om met geduld en dankbaarheid te aanvaar wat die Heer op u pad bring.

(NHK Argief K2 5/4 Deel 3)

Ook Kálmán III het 'n skrywe ontvang waarin hy bedank is vir die feit dat hy sy vader na Hongarye vergesel het om die toekenning in ontvangs te neem.

Kálmán II se verering met 'n ereprofessoraat deur 'n akademiese instelling in Hongarye, was ongetwyfeld die grootste hoogtepunt van sy lewe. Kálmán II was 'n *ewige student*, en hierdie toekenning het op 'n besondere wyse aan hom erkenning gegee vir sy lewenslange liefde vir teologiese leeswerk, wat deur sy omvangryke persoonlike boekery bevestig word. Maar, dit het terselfdertyd ook aan hom erkenning gegee vir sy liefdevolle dienswerk onder die Hongare in Suid-Afrika en sy liefde vir die Hervormde Kerk waarin hy gegroei het vanaf Hongarye, via Nederland en tot in Suid-Afrika. Op hierdie hoogtepunt in Kálmán II se lewe word hierdie studie afgesluit.

### 5.7.24 Teologiese evaluasie

In die Hervormde Kerk van Hongarye het Kálmán II, net soos die lang lys van predikante in sy voorgeslag, in die teologiese opleiding grootgeword met die *Reformatoriese Teologie* en die *Hervormde teologiese tradisie*. Die Reformatoriese belydenisskrifte was daarom bekende agtergrond. Die teologie van Karl Barth het egter ook toenemend 'n sterk rol in die Hervormde Kerk van Hongarye gespeel, sodat die Hervormde teologiese opleiding in Hongarye tydens Kálmán II en Kálmán III se besoek aan Hongarye in September 2008

deur een van die professore aan die opleiding in Budapest met een woord opgesom is: "*Barthiaans*". Kálmán II het die invloed van Barth se teologie reeds as jongman in Hongarye ondergaan en dit ook weer in Nederland en Suid-Afrika verder leer ken.

Die teologie wat Kálmán II bestudeer het en uiteindelik ook sy eie gemaak het, moet uitdruklik na sy eie oortuiging en verlange as *Skrifgebonde* en *Skrifgetrou* beskou word, maar mag geensins as *Fundamentalisties*, soos in die *Post-Reformasie periode*, verstaan word nie. Vir hom was die waarheid van die Evangelie immers altyd te verstaan in relasie tot die Woord wat mens geword het, en ons deur die Gees van die Here Jesus Christus en van sy Vader ontmoet en transformerend aanspreek.

Soos by die Reformasie (van die 16de eeu), het Kálmán II nie die kerklike belydenis in gesag bo die Heilige Skrif verstaan nie. Die Skrif, in relasie tot Jesus Christus - die Woord wat mens geword het - was vir hom "*norma normans*" en "*regula fidei*", die finale gesag wat bepalend was vir leer en lewe, en reël van die geloof. Die kerklike belydenis was vir hom, soos by die Reformasie, "*norma normata*" (die norm wat bepaal word deur die finale norm naamlik die Skrif) en "*norma secondaria*" (die norm met afgeleide of sekondêre gesag) - (vgl Labuschagne 2009:4).

Kálmán II se hermeneutiese vertrekpunt kan goed verstaan word in aansluiting by Thiselton se hantering van hermeneutiese verstaanshorisonne, in die onderskeiding van 'n *van binne bepaaldheid* en 'n *van buite bepaaldheid.* Veral vanaf die 19de eeu ontwikkel 'n hermeneutiek, soos by die *Liberale Teologie* vanaf Schleiermacher tot by Tillich, wat sterk van *buite* bepaal word wanneer die verstaanshorison bepaal word vanuit die kontemporêre filosofiese metodologie. Kálmán II het hom nooit hierin tuis gevoel nie, maar hom eerder laat lei deur 'n verstaanshorison wat uitgaan van 'n *van binne bepaaldheid* - soos by die Reformasie. In die Reformasie se verstaanshorison word die Bybel interpreteer vanuit riglyne *binne* die Bybel self, en antwoorde op vrae word dan hoofsaaklik binne die Bybel se verstaan gesoek. Karl Barth se hermeneutiese vertrekpunt vanuit die self-openbaring van God in Jesus Christus word ook gesien as vanuit 'n *van binne bepaaldheid*. Daarin kon Kálmán II homself telkens vind (vgl Labuschagne 2008:1199-1204).

Kálmán II se preke het lynreg teenoor enige filosofiese metodologie gestaan wat die teïstiese God laat verdwyn en vervaag in ‘n onbetrokkenheid en onpersoonlikheid, en die mens volledig terugwerp op homself en sy eie subjektiewe belewing en verstaan van God en sy dade. Vir hom het dit deurgaans gegaan om die soewereine God wat in Christus in ontmoeting met die mens tree en die mens aanraak om vervolgens in geloof te kan reageer, en in ‘n geloofsverhouding en met geloofsverwagting, deur Gees en Woord, te kan volg in ‘n vernuwende lewe. Vir hom is die lewende God enersyds selfstandig en teenoorstaande ten opsigte van die mens - nooit ‘n refleksie van die menslike bewussyn nie - en andersyds elke dag tog baie naby aan ons, in ons deur sy Gees, en konkreet deel van ons daaglikse lewe in voorspoed en in teëspoed. Vir hom is dit nooit te betwyfel dat sy Heer die lewende opgestane Here is nie.

Dit was vir Kálmán II altyd ‘n groot voorreg en ‘n wonderlike roeping om die Evangelie van Jesus Christus te mag verkondig, in en saam met die kerk, soos sy predikante-voorvaders. Dat twee van sy seuns met hom kon deel in hierdie roeping, het vir hom onuitspreeklike vreugde besorg.